41

DIE BURGER EN DIE KLEURLING-STEM 1948-1961

M.J. MITTNER

Thesis submitted in fulfillment of the requirements for the degree of Master of Arts in Political Studies, University of Cape Town.

University of Cape Town

The University of Cape Town has been given the right to reproduce this thesis in whole or in part. Copyright is held by the author.

December 1986

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

DIE BURGER EN DIE KLEURLING-STEM 1948-1961

# INDEKS


Voorwoord i

Lys van afkortings iv

Hoofstuk 1

Die NP se Kleurlingbeleid 1

Hoofstuk 2

Die funksionele rol van Die Burger 26

Hoofstuk 3

Die Kleurlingstem 1948-1956 49

Hoofstuk 4

Die 1948 Volksraads- en 1949 Provinsiale verkiesings 73

Hoofstuk 5

Aanloop tot wetgewing 1949-1951 97

Hoofstuk 6

Konstitusionele krisis - 1952 126

Hoofstuk 7

Die 1953-Volksraadsverkiesing 151

Hoofstuk 8

Die 1954-Kommissie oor die Kleurlingstem 176

Hoofstuk 9

Die Provinsiale verkiesing van 1954 197

Hoofstuk 10

Konstitusionele oorwinning 221

Hoofstuk 11

Die nuwe bedeling 244

Hoofstuk 12

'Goeie buurskap' 262

Hoofstuk 13

Botsing met Verwoerd 283

Hoofstuk 14

Waardebepaling 310

Bibliografie 319

## VOORWOORD

Heelwat is al geskryf oor die kenmerke en gevolge van die Nasionale regering se apartheidsbeleid wat sedert 1948 sy beslag in Suid-Afrika gekry het, veral m.b.t. hoe dit Swartmense raak en steeds raak. In die laaste jare het ook meer publikasies verskyn oor hoe die beleid twee minderheidsgroepe in Suid-Afrika, die Kleurlinge en die Indiërs, raak. Min aandag is egter al gegee aan die dryfvere of beweegredes agter die toepassing van die beleid van apartheid en die argumente wat gevoer is om besluitnemers te beïnvloed in die besluite wat hulle geneem het.

Die Burger het deur die jare 'n reputasie ontwikkel as dié Afrikaanse koerant wat eerstens die meeste lewenskragtigheid toon en tweedens 'n vorm van deurdagte kommentaar oor politieke gebeure lewer wat dikwels dieselfde is as dié wat in regeringskringe gehuldig word. In 'n tyd wat min publikasies of instansies apartheid sou verdedig, het Die Burger hand aan hand met die Nasionale regering voortgegaan om dit te doen, maar terselfdertyd kriewelrigheid oor sekere aspekte van die beleid in meerdere of mindere mate openbaar. Desondanks sy verdediging van apartheid, het die koerant in die vyftiger- en sestigerjare die reputasie ontwikkel as 'n meer gematigde of 'verligte' ondersteuner van die Nasionale regering en ook daarin geslaag om wêreldwyd hoog aangeskrewe te word in joernalistieke kringe.

Die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys in die vyftigerjare word algemeen beoordeel as 'n negatiewe daad wat die Nasionale saak skade aangedoen het – 'n mening wat ook al in hoë Nasionale kringe geopper is. Om 'n goeie insig in die problematiek van dié tyd te kry, is dit belangrik om ook die menings te bepaal van die koerant wat waarskynlik 'n reuserol gespeel het om die besluitnemers te beïnvloed in die besluite wat hulle oor die Kleurlingstem en die konstitusionele stryd van die vyftigerjare geneem het. Die dryfvere of logika (indien enige) agter die Nasionale optrede kan 'n groot rol speel vir 'n beter verstandhouding van die era.

Apartheid word vandag feitlik universieel veroordeel weens 'n ver-

skeidenheid van redes wat reeds goed gedokumenteer is. Min aandag is egter al gegee aan wat mense beweeg het om dié beleid toe te pas en dit steeds op 'n afgewaterde wyse toe te pas. Die kommentaar en optrede van <u>Die Burger</u> gee 'n goeie insig in wat die dryfvere was agter die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys. Dit blyk bv. dat dié optrede nie net gemotiveer is deur naakte rassisme nie, maar dat faktore soos Nasionalisme en 'n bedreigingspersepsie 'n ewe groot rol gespeel het.

Met hierdie werkstuk is dan hoofsaaklik gepoog om 'n lyn te probeer trek en die logika (indien enige) te probeer vasstel tussen <u>Die Burger</u> se propagering van die verwydering van die Kleurlinge van die gemeenskaplike lys in 1956 (in effek 'n vermindering van regte) tot die beroep vier jaar later op die Nasionale regering vir die oorweging van 'n beleid van regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement (in effek 'n vergroting van politieke regte). Dit is gedoen teen die agtergrond van N.P. Van Wyk Louw se denke, wat veral die destydse redakteur van <u>Die Burger</u>, mnr. P.J. Cillié, grootliks beïnvloed het, dat kritiek deur lede van 'n klein en bedreigde volk op optrede van die leiers van dié klein volk vanuit die lojale binnekring gedoen moet word.

Daar bestaan geen primêre bron oor <u>Die Burger</u> se optrede teenoor die Kleurling-stem in die vyftigerjare nie, buiten die redaksionele kommentaar in die koerant self. Daar het nog geen direkte studie of publikasie oor die onderwerp verskyn nie. Min aandag is ook al gegee aan die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys. Die twee vernaamste werke oor dié onderwerp is albei nog ongepubliseerde werke. Die eerste is die uitgebreide werk van 3 volumes van prof. Richard van der Ross, <u>The social and political history of the Coloured people</u>, wat by die Universiteit van Kaapstad beskikbaar is. Die ander is die werk van David Scher, getiteld <u>The disenfranchisement of the Coloured voters 1948-1956</u>, wat hy in 1983 vir die graad D.Litt et Phil aan Unisa verwerf het. Hierdie twee werke is tans die volledigste oor die onderwerp. Ander

twee gepubliseerde werke wat 'n goeie oorsig oor die tyd gee is Leonard Thompson se The Cape Coloured Franchise wat in 1949 verskyn het en The Cape Coloured Vote: A common roll or political Apartheid?, wat in 1954 verskyn het en die minderheidsverslag is van lede van die Kleurlingstemkommissie van 1954. Veral lg. gee 'n feitlik volledige oorsig van die vernaamste strydpunte oor die Kleurlingstemreg in die vyftigerjare en vroeër.

Langs hierdie weg wil ek almal bedank wat 'n aandeel het in hierdie werk; my promoter, prof. David Welsh, vir sy hulp en belangstelling, my ouers en suster vir hul morele ondersteuning, die vriendelike personeel by die Suid-Afrikaanse Biblioteek in die Tuine wat altyd bereid was om te help, mnr. Gertjie van Rensburg van Die Burger-biblioteek, die personeel van die Jaggerbiblioteek en die Manuskrip-afdeling aan die Universiteit van Kaapstad, die persone met wie ek onderhoude gevoer het vir die tyd wat hulle aan my kon afstaan en laaste maar nie die minste nie, mev. Roleen van Zyl, wat die reuse-taak van die tikwerk behartig het.

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| AP | Afrikanerparty |
| APO | African Political Organisation |
| AKR | Adviserende Kleurlingraad |
| CPNU | Coloured Peoples' National Union |
| HNP | Herenigde Nasionale Party |
| NP | Nasionale Party |
| NEUM | Non-European Unity Movement |
| OB | Ossewa-Brandwag |
| SABRA | Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede |
| SACPO | South African Coloured Peoples' Organisation |
| SAKP | Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party |
| SAP | Suid-Afrikaanse Party |
| VP | Verenigde Party |
| VV | verenigde vergadering |

# HOOFSTUK I

## DIE NP SE KLEURLINGBELEID 1914-1948

Genl. J.B.M. Hertzog het hom as hoofleier van die Nasionale Party (NP) vir die eerste keer in 1917 oor die Kleurlinge uitgelaat (1). Sy standpunt was dat hulle politiek en ekonomies dieselfde regte as blankes moes geniet (2). Op 16 Oktober 1919 het genl. Hertzog op die kongres van die Vrystaatse NP oor die Kleurlinge gesê: "Ze zijn geboren en opgevoed in het midden van de beschaving van blankes en voornamelijk tussen Hollandssprekende Afrikaners en ze voelen dat de belangen van die Hollandssprekende Afrikaners hul belangen zijn." (3). Genl. Hertzog het dus van vroeg af die noue bande tussen Kleurlinge en Afrikaners beklemtoon. Op 13 Oktober 1921 het hy op die Vrystaatse kongres van die NP herhaal dat die Kleurlinge en swartes twee afsonderlike groepe is wat verskillend behandel moet word. Die Kleurlinge hoort by die blankes en sy stemreg kan nie van hom ontneem word nie (4). Ná die NP se bewindsoorname in 1924 het genl. Hertzog in 'n toespraak op Smithfield weer breedvoerig na die Kleurlinge se politieke regte en status in die samelewing verwys. Hy het o.m. gesê:

> "Nou moet nie uit die oog verloor word nie, dat in die geval van die Kaapse Kleurling ons te doen het met 'n klas van bevolking wat in baie opsigte na aan die Europeaan staan; en in byna elke opsig, behalwe kleur, grondig van die naturel verskil. Hy is ontstaan en bestaan in ons midde; ken geen ander beskawing as dié van die blanke nie, hoeseer hy ook dikwels daarin te kort skiet; is 'n lewensbeskouing toegedaan, wat in grond van die saak die van die blanke is, en nie die van die naturel nie; en spreek die taal van die blanke as moedertaal. Van segregasie kan daar in sy geval geen sprake wees nie. Om al die genoemde redes het dan ook reeds in die afgelope sewe en meer jare die Nasionaliste in die Parlement die politiek aangeneem en voorgestaan, dat wat betref die Kaapse Kleurling, segregasie nie in sy geval kan toegepas word nie, en dat, ingeval van segregasie van die naturel, die Kaapse Kleurling ekonomies, industrieel

en politiek dien opgeneem te word langs die blankes ... Wat betref die stemreg staan hy in die Kaap op dieselfde voet as die blanke, en is hy reeds daar opgeneem naas die blanke man. Dit is nog nie die geval in die ander drie provinsies nie, hoewel sy status, as afsonderlik van die naturel oral in die ou Vrystaatse wette erken is, en dikwels met besondere begunstiging. Die tyd het aangebreek dat ook die Noordelike provinsies sy reg om deur sy stem in die Parlement verteenwoordig te wees, sal erken. Om hom dit te weier waar die naturel die reg besit, sou in die hoogste mate onreg en onverstandig wees." (5)

Genl. Hertzog se kleurbeleid kan as volg opgesom word:

(a) Segregasie op alle vlakke tussen blankes en Swartes;

(b) Volkome gelykheid tussen Afrikaans- en Engelssprekende blankes; en

(c) Politieke en ekonomiese gelykheid tussen blankes en Kleurlinge, maar maatskaplike skeiding en die uitbreiding van die Kleurlinge se bestaande politieke regte na die Noordelike provinsies, die Vrystaat en Transvaal. (6)

Die NP se Kleurlingbeleid was 'n uitvloeisel van die historiese kompromis-besluit oor die Nie-blanke-stemreg wat in 1909 voor Uniewording by die Nasionale Konvensie aanvaar is. Die kompromisbesluit is op sy beurt 'n voortvloeisel van die sg. twee strome in Kleurbeleid wat in die 19de eeu en vroeër in Suider-Afrika ontstaan het t.w. die "Suidelike of Kaapse tradisie" en die "Noordelike tradisie". (7)

Die Kaapse tradisie was 'n beleid van toleransie teenoor die Kleurlinge en Swartes van die Kaap waarvolgens hulle stemreg in die hoogste wetgewende liggame kon uitoefen. Die 1853-grondwet het 'n mate van selfbestuur of verteenwoordigende regering in die Kaapkolonie daargestel. Enige manlike inwoner, ongeag ras, kon as kieser vir die Wetgewende Raad of Laerhuis geregistreer word mits hy 'n inkomste van £25 per jaar ontvang het en/of 'n huis en eiendom ter waarde van £50 besit het.

Vir die Wetgewende Vergadering of Hoërhuis was die kwalifikasies hoër. Politieke regte is dus op 'n gelyke grondslag kragtens 'n sg. beskawingspeil aan blankes, Kleurlinge en swartes toegeken. Die gemeenskaplike kieslys was dus 'n gevestigde reg van die Kaapse Kleurlingbevolking wat van 1853 dateer (8).

Toe verantwoordelike bestuur in 1872 aan die Kaapkolonie toegeken is, is die stemregkwalifikasies onveranderd gelaat. Van 1880 het politieke partye hul beslag gekry en is die stemregreëlings deur al die vernaamste partye, insluitende die Afrikanerbond van Jan Hendrik (Onze Jan) Hofmeyr, aanvaar. Hoewel die kwalifikasies in 1892 verhoog is, was dit nie soseer gemik teen Kleurlinge nie as teen die groot aantal swartes wat by die Kaapkolonie gevoeg is deur die anneksasie van gebiede in Oos-Kaapland en Transkei (9).

Die Afrikanerbond het die kleurblind kiesreëlings aanvaar, hoewel die party nie ten gunste daarvan was dat die Nie-blanke-stemreg teen die Afrikaner aangewend word of dat dit 'n buitensporige invloed op die politiek uitoefen nie. Verskeie Bondsleiers was voorstanders van die behoud en uitbouing van die kiesreëlings, hoewel heelwat van die massa-lede (rank-and-file) van die Bond aangedring het op 'n verhoging van die kieskwalifikasies. Dit was hoofsaaklik vanweë druk deur konserwatiewe Bondslede, en die samewerking van Rhodes, dat die kieskwalifikasies in 1892 verhoog is. Hofmeyr het hom in die middel van die twee menings bevind. Hy was t.g.v. die bestaande reëlings en het 'n versigtige en wyse benadering voorgestaan ten opsigte van die vraagstuk wat die Nie-blankes aan die blankes se politieke instellings sou verbind (10). Daarenteen was hy ook gekant teen die gebruik van die Nie-blanke stem teen die Afrikaner. In De Zuid-Afrikaan van 5 Januarie 1882 waarsku hy; "Onze jingovrienden gaan voort met het gevaarlijk spel te spelen van te trachten eene combinatie tusschen kleurlingen en Engelschen tegen de Hollandsch-Afrikaansche kolonisten tot stand te bregen." (11)

Hofmeyr het in die praktyk te doen gehad met 'n situasie soortgelyk aan dié van Hertzog in die twintiger- en dertigerjare, nl. dat albei leiers die bestaande situasie van beperkte regte vir Kleurlinge aanvaar het, maar met teenstand binne hul eie partye teen die status quo rekening moes hou. Só het sommige Bondslede tydens die Nasionale Konvensie ontevredenheid met die Kaapse stemreg vir Nie-blankes uitgespreek (12). Die Bond het ná sy stigting in die

1880's en 1890's gevind dat swart kiesers verenigd was in hul teenstand teen dié Afrikanerparty en dat die Bond se steun onder Kleurlingkiesers ook nie vanselfsprekend was nie. Hofmeyr het egter besef dat enige optrede wat die vyandigheid van Swart- en Kleurlingkiesers teen die Afrikanerbond sou aanwakker, kontraproduktief sou wees. In 1883 het hy hom uitgespreek teen voorstelle van Bondslede om lidmaatskap van dié party net tot blankes te beperk (13). Hofmeyr het geroem dat heelwat Kleurlingkiesers in sy kiesafdeling vir hom stem (14), maar in die praktyk het nie veel Kleurlinge vir Afrikanerbond-kandidate gestem nie (15). In die verkiesings van 1898 en 1904 het die Bond bv. sonder sukses groot pogings aangewend om steun onder Kleurlingkiesers te verkry (16). Hofmeyr was ten gunste daarvan dat Bondskandidate die steun van Kleurlingkiesers verkry, maar het gevind dat die meeste Kleurlingkiesers eerder die Imperiaalgesinde Engelse partye steun. Die verskynsel dat Engelse partye geld aan Kleurlingkiesers beskikbaar stel om teen Bondskandidate te stem, het ook voorgekom (17) en verder bygedra dat baie Kapenaars in die Kaapkolonie nie te geesdriftig oor die kiesstelsel met Nie-blankes was nie. Al hierdie faktore het bygedra dat Hofmeyr kort voor die Nasionale Konvensie 'n meer konserwatiewe houding oor die Kaapse kleurreëlings ingeneem het, wat in wese was die behoud van die Kaapse stemreg sonder 'n uitbreiding of inkorting daarvan (18). Vir Hofmeyr was dit egter van kardinale belang dat die Kaapse kiesreg in enige toekomstige Uniale staatsbestel ten volle verskans en beskerm moes word. Vir hom was die bepalings wat tydens die Nasionale Konvensie vir die beskerming van die Kaapse kiesreg uitgewerk is, onvoldoende en was hy taamlik ongelukkig oor die kompromis wat bereik is (19).

In teenstelling met die liberale beleid wat in die Kaapkolonie gevolg is, is stemreg vir Nie-blankes in die Vrystaatse en Suid-Afrikaanse Republieke verbied. Dit is egter interessant dat die Voortrekkergrondwet van 1843 in Natal gegrond was op die "kleurblind-reëlings" wat in die Kaapkolonie gegeld het en kon alle inwoners van Natal teoreties teen dieselfde kwalifikasies hul stemreg uitoefen (20). Onder Britse bewind het Natal in naam 'n liberale stemreg-beleid gevolg, hoewel praktiese reëlings veroorsaak het dat baie min Nie-blankes se name op die gemeenskaplike kieserslys verskyn het. Teen Uniewording was daar slegs 186 Nie-blanke stemgeregtigdes in Natal (21). Die stryde van die Voortrekkers teen die swartes in die binneland en die uitbouing en handhawing van 'n kleurvooroordeel,

het veroorsaak dat die Republieke enige vorm van stemreg aan Nie-blankes verbied het. Ná die Anglo-Boere-oorlog van 1899-1902 is die bestaande stelsels behou en was stemreg oop vir alle blanke mans, ongeag ekonomiese of opvoedkundige kwalifikasies, en geslote vir alle Nie-blankes, insluitende Kleurlinge.

By die Nasionale Konvensie van 1908/'09 is 'n historiese kompromis tussen die Noordelike en Suidelike tradisies getref. Liberale Kaapse leiers het geëis dat die Kaapse stemreg oor die hele Unie toegepas moet word (22). Verskeie Afrikanerleiers het hierdie gedagte ondersteun. Sauer het hom soos volg uitgelaat; "There must be a just native policy or the White man would go under in South Africa" (23). Hofmeyr het gesê dat die ondervinding geleer het dat dit nie nodig is om kleurbeperkinge daar te stel vir lidmaatskap van die Kaapse Parlement nie. Hy was ten gunste daarvan dat die maatreëls ter beskerming van die Kaapse stemreg, versterk en uitgebou moes word (24).

Die Noordelike afgevaardigdes het hulle lynreg teen hierdie siening verset. Smuts was nie net teen die uitbreiding van die Kaapse stelsel na die Noorde gekant nie, maar wou hê dat die stelsel in die Kaap afgeskaf moes word (25). Smuts was ook gekant teen die invoering van enige verskanste bepalings ter beskerming van die Kaapse kiesreg (26). Die Kaapse afgevaardigdes wou egter nie so 'n situasie aanvaar nie en hoofsaaklik onder leiding van Smuts is 'n kompromis getref wat die volgende behels het:

(a) Die bestaande Kaapse stemreg is behou, maar geen Nie-blanke lid kon lid word van die Unie-Parlement nie, en
(b) Die Kaapse stemreg is as 'n verskanste klousule kragtens arts. 35 en 152 in die Unie-Grondwet opgeneem. Dit kon slegs met 'n tweederdemeerderheid in die derde lesing in 'n verenigde vergadering van albei Huise, die Parlement en Senaat, gewysig word.

Volgens Thompson het die Noordelikes een toegewing gemaak; hulle het die bestaande stemregreëlings in die Kaap aanvaar. Die Suidelikes het twee toegewings gemaak; hulle het die reg verloor om Nie-blankes tot die Parlement te verkies en hulle het die nie-uitbreiding van die Nie-blanke stemreg na die Noordelike provinsies aanvaar. Die bestaande stemreg van die Nie-blankes is egter verskans wat Thompson laat opmerk; "without clauses 35 or 152 there would have been no Union." (27)

In die praktyk is die Noordelikes se posisie egter versterk deurdat bepaal is dat slegs blanke kiesers in aanmerking geneem sou word by die toekenning van die aantal setels aan die vier provinsies. Die basis vir die toekenning van setels was dus die getal blanke, manlike kiesers van die Unie en nie die totale aantal kiesers, Kleurlinge ingesluit, nie (28). In terme van die totale aantal kiesers in Suid-Afrika was die Kaap dus onderverteenwoordig (29) en is die effektiewe Kleurlingstemkrag verder verswak (30). Die Noordelikes het egter ook ingestem dat Kleurlinge tot die Kaapse Provinsiale Raad verkies kon word en twee bekende Kleurlingleiers, dr. A. Abdurahman en mnr. S. Reagon, is later tot dié raad verkies (31). Mnr. W.B. Rubusana was die enigste Swartman wat ooit tot die raad verkies is.

Hoewel algemeen aanvaar word dat die stemreg-besluite op die Nasionale Konvensie 'n volwaardige kompromis was, meen sommige dat dit eerder 'n geval was waar die Kaap hulle in 'n groter mate by die Noordelike siening moes neerlê as andersom. In die praktyk het dit gelyk of die Suide meer as die Noorde toegegee het. Waar voorheen in die Kaapkolonie slegs 'n algemene beskawingstoets gegeld het en die beginsel van ras teoreties ondergeskik gestel is, is die beginsel van rasse-differensiasie vir die eerste keer statutêr verskans d.m.v. die Suid-Afrika-wet (32). Volgens Rhoodie en Venter het die Kaapse liberale tradisie 'n terugslag ondervind waarvan hy nooit herstel het nie (33). Friedman meen ook dat dit vir die liberale "disastrous" was toe die Nasionale Konvensie tot 'n uniale staatsbestel eerder as 'n federale staatsbestel, waar die Kaapse stem beter beskerm sou kon word, besluit het (34). Smuts was ten gunste van 'n uniale staatsbestel en volgens Friedman moet hy 'n deel van die blaam dra vir die latere erodering van die Kaapse stemreg aangesien hy 'n almagtige Parlement in die hande van reaksionêre magte geplaas het wat in die Parlement 'n perfekte instrument vir hulle doelstellinge gevind het (35).

Dit moet egter nie uit die oog verloor word nie dat die Noorde ook die kompromis-besluit teensinnig aanvaar het. In die praktyk was die Suide se posisie nie so sleg nie. Kaapse liberale se propagering van die uitbreiding van die Nie-blanke stemreg na die Noorde het teoreties nie 'n blywende terugslag ondervind nie, aangesien die Kaapse kieserreëlings na die Noorde uitgebrei sou kon word sonder die tweederdemeerderheid-bepaling (37). Vir die Noorde sou dit

vanweë die tweederdemeerderheid-bepaling moeilik wees om die Kaapse stelsel af te skaf soos geblyk het met Hertzog se mislukte swart-wetgewing tussen 1924 en 1933. Die onus het ná 1910 op die liberale Suide berus om, indien hulle dit sou verkies, die uitbreiding van die Kaapse stelsel na die Noorde te propageer en praktiese maniere te vind om dit te realiseer. Grondwetlik was daar geen beperkinge in hul pad nie. Hulle het egter verkies om dit nie te doen nie en deur slegs te berus in die status quo die Noordelikes die geleentheid gebied om die kompromis verder te erodeer. Wat die liberale gevrees het nl. dat die Noorde sou probeer om die beperkte stemreg in die Kaap te verwyder, het inderdaad in 1936 en 1956 gerealiseer. Dit is egter moeilik om aan enige alternatiewe optrede te dink as die tweederdemeerderheid-bepaling wat dié soort optrede sou kon voorkom het. In al twee gevalle is die tweederdemeerderheid-bepaling nagekom (hoewel in 1956 op 'n ietwat bedenklike wyse).

Die ongelukkige feit van die saak was dat die meerderheid blanke Suid-Afrikaners nie veel meriete in die Kaapse stelsel gesien het nie en dat die Kaapse liberale, met inagneming van dié teenstand, in 'n toestand van immobilisasie verval het en moes toesien hoe dié stelsel verder geërodeer word. Was die Kaapse liberale ernstig met hul propagering van die Kaapse stemreg? Van der Ross meen nee, en sê dat die blankes in Suid-Afrika as 'n geheel nie 'n positiewe en nooit 'n beslissende rol vir Kleurlinge in die regeringsproses voorsien het nie (38). Ongelukkig het die Kaapse liberale ná Uniewording deur hul nie-propagering van die uitbreiding van die Kaapse stelsel na die Noorde hulle blootgelê aan kritiek dat hulle wel 'n rol vir Kleurlinge in die landspolitiek voorsien het, maar dan slegs 'n ondergeskikte een waar hulle in naam regte het, maar nie in die praktyk nie. Die jare ná Uniewording het getoon dat die beleid van beperkte regte vir Nie-blankes geen blywende oplossing vir die land se probleme gebied het nie.

Hertzog en later die NP het die kompromis-besluit m.b.t. Kleurlinge aanvaar, maar hulle beywer vir die verwydering van die swart-stem op die gemeenskaplike kieserslys. Die gemeenskaplike kiesreg van die 11 000 Swart-kiesers in die Kaap is dan ook in 1936 verwyder en vervang deur drie blanke verteenwoordigers in die Parlement en vier in die Senaat wat hulle belange moes behartig. Dit is egter belangrik om daarop te let dat Hertzog die voorgeskrewe voorskrifte van die

verskanste klousules nagekom het deurdat die Swart-stem op 'n gesamentlike vergadering van al twee Huise met 'n tweederdemeerderheid verwyder is (39).

In die historiese Ndlwana vs. Hofmeyr-uitspraak deur die Appélhof in 1937, is bevind dat Hertzog se optrede konstitusioneel was en dat die voorgeskrewe tweederdemeerderheid nagekom is. Daar is ook bevind dat met die aanname van die Statuut van Westminster in 1931 die Unie-Parlement soewerein geword het, en geregtig was om sy eie wetgewing na eie goeddunke aan te neem deurdat artikel 152 (die tweederdemeerderheid-bepaling) nie meer van krag was nie. Aangesien die Parlement kragtens die Statuut van Westminster wetgewing kon aanneem soos hy wou, het dit nie meer saak gemaak of die twee Huise gesamentlik sit al dan nie. Dit was 'n proseduriële aangeleentheid waaroor geen hof 'n uitspraak kan lewer nie, het die Appélhof bevind (40).

Getrou aan Hertzog se siening van segregasie t.o.v. die swartes, maar die opneem van die Kleurling politiek en ekonomies by die blanke, het hy in die tydperk 1926 tot 1929 twee pogings deur middel van wetgewing aangewend om die Kleurling-stemreg uit te brei. Hertzog het reeds op 13 Julie 1925 (voor sy toespraak op Smithfield) in die Volksraad in 'n verklaring gesê dat dit nou tyd geword het dat die Kleurlingstemreg na die Noordelike provinsies uitgebrei moes word (41). Ondanks teenstand deur Nasionale leiers in die Noorde het Hertzog besluit om deur te druk met sy wetgewing (42). Van die vier verskillende wetsontwerpe m.b.t. die kleurvraagstuk het een, die Kleurling-Burgerregtewet, voorsiening gemaak vir die uitbreiding van die Kleurling-stemreg na die Noordelike provinsies. Die ander drie het te doen gehad met die afskaffing van die Kaapse Swart-stem, die instelling van 'n verteenwoordigende raad vir swartes en die vraagstuk van Swart grond-voorsiening.

Hertzog se plan om aan die Kleurlinge in die Noordelike provinsies verteenwoordiging in die Parlement te gee, het aanvanklik nie behels die toepassing van die bestaande kieskwalifikasie-stelsel van Kaapland nie, maar die gesamentlike verkiesing van een blanke Volksraadslid. Indien dit deur die Parlement aanvaar sou word, sou dié stelsel ná tien jaar verander kon word waarvolgens die Kleurlinge in die Noordelike provinsies saam met blankes sou kon stem, onderhewig aan die Kaapse kieskwalifikasies (43).

Vir die deurvoer van hierdie wetgewing (die verwydering van die Kaapse Swart-stem was gekoppel aan die ander drie wetsontwerpe) het Hertzog die voorgeskrewe tweederdemeerderheid nodig gehad. Smuts en die Suid-Afrikaanse Party (SAP) wou egter nie in dié verband sy samewerking gee nie. Hertzog het egter volhard en by die 1927-sitting is die wetgewing weer ingedien en na 'n gekose komitee verwys. Die partypolitieke verskille is egter ook daar weerspieël, en hoewel Hertzog sy voorstelle gewysig het, kon hy nie 'n tweederdemeerderheid behaal nie (44).

Die dooie punt in sy kleurwetgewing het Hertzog genoop om daarvan 'n strydpunt in die 1929-verkiesing te maak. Hoewel die NP 'n volstrekte meerderheid oor die ander partye behaal het, het Hertzog nog te kort geskied aan 'n tweederdemeerderheid. By die byeenkoms van die Volksraad in 1929 het Hertzog sy Kleurlingwetgewing teruggetrek (45) en die ander weer na 'n gekose komitee verwys. Smuts en die SAP was egter nog steeds nie bereid om sy samewerking te gee nie. In 1930 het Hertzog weer die Swart-wetgewing, gekoppel aan die Kleurlingwetgewing, by die Volksraad ingedien. Die gesamentlike wetgewing is weer na 'n gekose komitee verwys om weer eens gemeenskaplike grond tussen die SAP en die NP te probeer vind. In 1932 het Hertzog self finaal die wetsontwerp oor die uitbreiding van die Kleurlingstemreg teruggetrek weens interne opposisie binne die NP daarteen (46). Binne die gekose komitee het die swart-wetgewing weer in 'n dooie punt verval wat voortgeduur het tot in 1934 met Samesmelting en die stigting van die Verenigde Party (VP). In 1934 het Hertzog sy volgende stap m.b.t. die Kleurlinge aangekondig. Dit het behels die aanstelling van 'n Kommissie van Ondersoek. Die Kommissie het in 1937 sy verslag voltooi en onder meer aanbeveel dat die Kaapse Kleurlingstemreg na die Noordelike provinsies uitgebrei moet word (47).

Die Nasionale regering het ná 1929 ook die posisie van die blanke kieserskorps versterk. Met die aanvaarding van die Vrouestemregwet in 1930 wat stemreg aan alle blanke vroue toegeken het en die Wet tot die Wysiging van die Kiesreg in 1931 wat die ouderdom van alle blanke kiesers tot 21 verlaag en kieskwalifikasies vir blanke kiesers afgeskaf het, is die Nie-blanke-kiesers se getalleverhouding tot die blankes met meer as die helfte verminder (48).

Hertzog is in sy hantering van die Kleurlingwetgewing tot voor Samesmelting die sterkste ondersteun deur die Minister van Binnelandse Sake, dr. D.F. Malan. Malan het veral sterk gereageer teenoor Noordelike politici se houding oor die Nie-blanke-politiek van die Kaaplandse Nasionale Party en gesê dat die toekoms van die blanke beskawing 'n eis stel dat die naturellevraagstuk bokant politieke partyskap en provinsiale naywer geplaas moes word (49). In die 1928-sitting het Malan gesê dat dit sy persoonlike begeerte is om aan Kleurling- en Maleier-vroue die stemreg te gee (50). Dit was ook die standpunt van dr. A.J. Stals, NP-volksraadslid vir Hopetown en latere Nasionale Minister, dat die lot van die Kleurlinge onafskeidelik verbind was aan dié van die blanke (51). In 1929 het Malan ook nog uitdruklik verklaar dat die Kleurlinge se belange met dié van die blankes saamval en dat hulle nie volgens hul eie rassebelange moes stem nie (52).

Malan se siening oor die Kleurlinge was 'n gedurige wisselloop tussen die twee verskillende pole wat in beleidsrigtings teenoor die Kleurlinge bestaan het. Aan die een kant was reeds vroeg 'n gevoel onder Kaapse Nasionaliste dat die Kleurlingstem deur die SAP en Unionisteparty uitgebuit word en dat dit 'n bedreiging vir die Afrikaner se politieke veiligheid skep en derhalwe op 'n aparte lys geplaas moet word. Die ander pool was Hertzog se siening dat die Kleurling by die blanke hoort en dat sy regte uitgebrei moet word. Steun vir Hertzog se siening oor die Kleurlinge was egter nooit baie diepgaande in die Nasionale Party nie. Noordelike politici was taamlik uitgesproke in hul teenkanting daarteen, terwyl heelwat Kaapse Nasionaliste ook ongelukkig daarmee was. Malan het gewik en weeg tussen die twee pole, maar in die vroeë twintigerjare sy volle gewig agter Hertzog gesit en hom aktief met sy Kleurlingbeleid ondersteun. Malan se siening oor die Kleurlingstemreg kan egter ook soos die meeste ander Nasionale politici s'n nie as diepliggend of 'n beginselsaak bestempel word nie. Daarteenoor kan egter ook gestel word dat sy latere voorstanding van aparte verteenwoordiging ook nie 'n beginselsaak was nie, maar eerder beïnvloed is deur die praktyk waar die Kleurlingstem 'n bedreiging vir die NP ingehou het. Volgens Cillié was die rede vir Malan se kentering in beleid oor die Kleurlinge se gemeenskaplike kiesreg geleë in die harde magsfaktore in die vorm van 'n vyandige Kleurlingstem wat teen die NP gerig was eerder as 'n onveranderbare beginselsaak wat nooit die moontlikheid van verandering ingehou het nie (53).

Malan het reeds in 1919 op 'n vergadering op Loeriesfontein verklaar dat hy ten gunste daarvan was dat "al die Kleurling-kiesers op 'n afsonderlike lys geplaas en in afsonderlike kies-afdelings verdeel moet word, sodat hulle hul eie verteenwoordigers kan kies". (54) In 1922 is 'n mosie, ingedien deur die Oudtshoorn-tak onder leiding van mnre. S.P. le Roux en J.J.S. Naudé, by die Kaaplandse NP-kongres ingedien dat die Kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys geplaas moet word. Die mosie is net by die bespreking gelaat, maar in die notule is melding gemaak van die verbeterde gesindheid teenoor die NP wat deur gekleurde kiesers geopenbaar is in die pas afgelope Provinsiale Raadsverkiesing in Suid-Skiereiland (55). Die gedagte van afsonderlike verteenwoordiging was in dié stadium net in beperkte kringe.

In Die Groot Vlug, 'n pamflet wat in 1923 verskyn het en hoofsaaklik handel oor die arm-blanke-probleem, het Malan hom ten gunste van segregasie teenoor die naturel uitgespreek, maar nie die Kleurling nie:

> "Vir die Kleurling is segregasie nie alleen nie moontlik nie, maar dis ook onnodig. Die Kleurling met die mate van beskawing wat hy reeds aangeneem het, is vir die blanke geen gevaar nie. As hy sy eie posisie reg kom in te sien, nl. dat sy belang en dié van die blanke dieselfde is, sal hy van sy stemreg ook die regte gebruik maak om sowel die blanke as homself te beskerm... Die blanke in die drie Noordelike provinsies het die gewoonte om met meewarigheid op die Kaapprovinsie met sy groot getal stemgeregtigde Kleurlinge neer te sien. Ons erken dat die Kleurling helaas nog al te dikwels 'n prooi is van die grofste wanvoorstellinge en 'n gemaklike werktuig word van wie hom vir sy eie doeleindes wil eksploiteer. Maar kragtens die feit alleen dat hy die blanke se taal spreek, en teenoor die naturel dieselfde belange het om te beskerm, kan hy ook, en sal hy ook, met behoorlike voorligting en simpatieke behandeling, die bolwerk en die verdediging van die blanke en sy beskawing word." (56)

Op 23 Desember 1923 het dr. Malan aan die APO-leier dr. Abdullah Abdurahman geskryf:

"For years past the Coloured people have concentrated their energies on the removal of their economic and political disabilities. If I am reading the mind of White South Africa correctly, that removal cannot long be delayed. The full possession of all the rights and privileges of citizenship based on character, enlightment and love of our country, can only be a blessing to the white population as well as to the Coloured population themselves." (57)

In die tydperk 1924-1933 het Malan as Minister Hertzog ondersteun met sy genoemde Kleurlingwetgewing. In 1925 het Malan op 'n Maleierkongres gesê dat "die teenswoordige regering sal sorg dat daar vir die Kleurling en vir die Slamse geen kleurslagboom sal wees nie" (58). In 1929 het Malan op Stellenbosch gesê: "Vandag is dit die Nasionale Party wat die Kleurlinge dwarsdeur die land stemreg wil gee... In die SAP-program word van die Kleurlinge geen melding gemaak nie, maar die Nasionaliste wil hul stemreg uitbrei." (59)

In die tydperk 1924-1930 het die NP in Kaapland aktief steun onder Kleurlingkiesers gewerf. Trouens, nie net Kleurlinge se steun is gesoek nie - ook by swartes is stemme gebie (60). In 1921 het Malan die swart kiesers van Oshoek by Queenstown in 'n telegram versoek om vir die NP-kandidaat in Queenstown, mnr. Eric Louw, te stem. Die telegram het gelui; "Geen ras het nog 'n groter liefde vir Suid-Afrika betoon as die Naturel nie. Hierin is hy 'n voorbeeld van ware patriotisme en behoort hy sy plek langs die Nasionaliste in dieselfde politieke arena in te neem." (61) In <u>Die Burger</u> van 12 Junie 1929 word gemeld van 'n vergadering wat deur die NP-kandidaat in Hottentots-Holland, adv. J.J. Fagan, in Bellville gehou is. Die berig lui; "In die floue kerslig in 'n klein sinkgeboutjie het adv. Fagan om kwart oor ses die naturelle-kiesers van Bellville toegespreek. Drie hoera's vir genl. Hertzog en uitbundige dankbetuiging aan adv. Fagan het getoon dat die naturelle-kiesers in Bellville die NP vertrou". NP-kandidate in die Paarl en Stellenbosch is tussen 1915 en 1933 met die hulp van Kleurlingkiesers tot die Parlement verkies. Ook in Ladismith het mnr. J.J.M. van Zyl, Nasionale LV tussen 1924 en 1929, en in Riversdal mnr. A.L. Badenhorst, Nasionale LV tussen 1921 en 1933, grootskaalse steun onder Kleurlingkiesers geniet (62). Dit is ook bekend dat gekleurde kiesers in die

Provinsiale Raadsverkiesing in 1922 in die kiesafdeling Suid-Skiereiland steun aan die NP-kandidaat verleen het (63).

In die Wes-Kaap was Bruckner de Villiers, een van die stigters van Die Burger, een van die NP-kandidate wat aktief die Kleurlingstem bearbei het. Hoewel hy persoonlik ten gunste van aparte kieserslyste was (64), het hy besef dat dit nodig was om die Kleurlingstem aan die kant van die NP te kry indien dié party meer setels in die Wes-Kaap wou wen. In 1924 het De Villiers Hertzog genooi om 'n Kleurlinggehoor op Stellenbosch toe te spreek. Hertzog het 'n geesdriftige Kleurlingskare toegespreek en gesê; "Daar is nie een man (in die NP) wat dit sal waag om die Kleurling van sy stemreg te ontneem nie." (65)

De Villiers was instrumenteel in die stigting van 'n Kleurling-organisasie, die Afrikaanse Nasionale Bond. Hoewel dié organisasie nie amptelik by die NP geaffilieer was nie, het die Bond in verkiesings Kleurlingsteun vir die NP gewerf. Die Bond het in wese bestaan uit Kleurlinge wat in stede van noue bande met Engelssprekendes geglo het in 'n gemeenskaplike betrokkenheid by Afrikaners en in die praktyk Nasionaliste (66). De Villiers sê verder;

> "Met die hulp van hierdie organisasie word ek in 1929 en 1930 vir Stellenbosch verkies. Ook is mnr. P.P. du Toit in 1929 vir die eerste keer tot lid vir Paarl met behulp van die Kleurlingstem verkies. Dit was altyd my standpunt dat die Afrikaners, in besonder die party, met die Kleurlinge moet inlig en hul stem is te vinde vir die Boerenasie. Ná die verkiesing van 1929 het party jong parlementslede nie geglo dat die Kleurling-kiesers te wen was om vir die NP te stem nie, aangesien ons party net 'n paar Kleurlingstemme gekry het, en derhalwe is op die Afrikaanse Nasionale Bond geen verdere ag geslaan nie. Party kiesafdelings het tydens die tussenregistrasies van 1930 en die algemene registrasie van 1931 beswaar gemaak teen Kleurlinge op die kieserslyste en party se name is geskrap. Die beleid van steun soek by Kleurlinge, wat op ons kongresse in Kaapland neergelê is, is op hierdie wyse verydel deur slim jong parlementslede wat een stommiteit na die ander begaan het. Tydens die verkiesing van 1938 was dit die

beleid dat ons party die Kleurlinge links moes laat lê in Kaapland anders sou die NP verskeie setels in Transvaal verloor. Ten gevolge van hierdie beleid het ek tydens daardie verkiesing net een vergadering van Kleurlinge toegespreek. En na al hierdie slimmigheid het ons een setel in Transvaal gewen en verskeie in Kaapland verloor, o.a. Stellenbosch." (67)

Die Kleurlinge in die Wes-Kaap het voor 1934 tradisioneel Unionis of SAP gestem, maar Kleurlingleiers het hulle die reg voorbehou om Kleurlinge aan te raai om vir dié party te stem wat hulle belange die beste sou behartig. Dit was nie 'n blindelingse ondersteuning van die Unioniste of SAP nie, en Kleurlingleiers was bereid om vir die NP te stem indien dié party sy belange sou behartig. Só het die APO-leier dr. Abdullah Abdurahman in die 1915-verkiesing in die Paarl aanvanklik die NP-kandidaat mnr. Bruckner de Villiers ondersteun. De Villiers was daardeur verseker van die steun van ongeveer 600 van die 900 Kleurlingkiesers in die kiesafdeling. Op die laaste nippertjie het Abdurahman egter sy steun onttrek en het De Villiers die setel verloor (68).

Beide Scher (69) en Van der Ross (70) bevraagteken of Abdurahman ooit werklik sy steun aan De Villiers toegesê het. Volgens Scher bestaan daar geen dokumentêre getuienis om dit te staaf nie terwyl Van der Ross sê dat De Villiers se getuienis "rather far fetched" is. Gesien in die lig daarvan dat Abdurahman in 1910 verklaar het dat dit vir enige APO-tak vry staan om self te besluit aan watter kandidaat hy sy steun wil toesê (71), die feit dat Hertzog die enigste Afrikanerleier was wat nie onsimpatiek gestaan het teen die uitbreiding van die Kleurlinge se bestaande regte nie en De Villiers die inligting aan sy biograaf (Pretorius) oorgedra het, is dit nie so onwaarskynlik dat Abdurahman in 1915 aanvanklik sy steun aan De Villiers toegesê het nie. Dit kan egter nie as 'n feit gestel word nie.

Kleurlinge het vir NP-kandidate gestem indien dit geblyk het dat dié kandidaat hul belange sou bevorder en steun onder hulle gewerf het. Só het Paul Sauer, 'n latere Nasionale Minister, ten regte of ten onregte in 1923 in die Provinsiale verkiesing in Stellenbosch verloor en in die algemene verkiesing van 1924 met 470 stemme (72).

Sauer was sterk gekant teen die Kleurlingstem en het die sg. misbruike wat daarmee gepaard gegaan het, gehaat (73). Ondanks Sauer se nederlae het Bruckner de Villiers Stellenbosch in 1929 vir die NP met 'n meerderheid van 263 stemme verower waarskynlik omdat hy onder hulle steun gewerf het.

Dit is moeilik om presies te bepaal hoeveel steun Kleurlinge aan NP-kandidate in dié tyd verleen het. Dat dit beslis voorgekom het, word aanvaar (74). Volgens Van der Ross het die Kleurlingstem nie 'n groot rol in die verkiesings van 1929 en 1933 gespeel nie (75). Hy meen verder dat Nasionaliste wat steun onder Kleurlingkiesers gewerf het, die situasie onderskat het en nie besef het hoe sterk die gevoel onder Kleurlinge teen die NP was nie (76). Dit blyk volgens beskikbare gegewens dat in die Skiereiland, waar Abdurahman en die APO wye steun geniet het, min Kleurlinge vir die NP gestem het, maar die aanduidings is dat in ander Wes-Kaapse kiesafdelings Kleurlinge in groot getalle vir die NP gestem het.

Dit blyk egter dat die gevoel om die Kleurlingstem van die gemeenskaplike lys te verwyder, ná die 1929-verkiesing groot veld onder Nasionaliste gewen het. Die feit dat die NP 'n volstrekte meerderheid oor die ander partye in die 1929-verkiesing behaal het en derhalwe teoreties nie meer die Kleurlingstem nodig gehad het nie asook die feit dat stemreg in 1930 aan alle blanke vroue, maar nie Kleurlingvroue nie, toegeken is, het bygedra tot 'n verdere aansporing vir Nasionaliste om die Kleurlinge se gemeenskaplike kiesreg te beëindig (77). In 1929 en in 1930 is beskrywingspunte op provinsiale kongresse van die NP voorgelê waarin geëis is dat Kleurlinge afsonderlike stemreg moet ontvang (78). Die 1929-mosie is deur W.H. Lategan op die partykongres op Ceres ingedien, maar is later op aandrang van Malan teruggetrek (79).

Die veldtog het uitgeloop op die aanvaarding van 'n mosie in dié verband op 12 Oktober 1932 op die Kaaplandse NP-kongres op Stellenbosch en 'n soortgelyke mosie op 20 Oktober op die Vrystaatse NP-kongres. Die Kaapse mosie is deur die hoofbestuur self ingedien en het die Regering "dringend versoek om wetgewing in te dien waardeur aan blankes en Nie-blankes aparte kiesafdelingverteenwoordiging in die Volksraad gegee word" (80). Dit is belangrik om daarop te let dat dié mosie deur die Kaaplandse en 'n soortgelyke een deur die Vrystaatse kongresse aanvaar is en dat dit nie as beleid deur die

federale kongres van die party as geheel aanvaar is nie. Reeds vroeër in die jaar in April het die Kaaplandse hoofbestuur Hertzog genader om die afskaffing van die Kleurlingstem op die gemeenskaplike lys. Hertzog het die versoek egter verwerp en gesê dat dit te kort voor die verkiesing is vir die Regering om so 'n belangrike stap te doen. Hy het egter die versekering gegee dat die NP die vraag by die volgende verkiesing moet opper (81).

Hoewel Hertzog dus in 1932 bereid was om die versoeke uit Nasionale kringe vir aparte verteenwoordiging aan te hoor, het hy hom geensins daartoe bereid verklaar om dit uit te voer nie. In 1936 het hy in die Parlement erken dat mosies vir aparte verteenwoordiging by provinsiale NP-kongresse aanvaar is, maar gesê dat die NP destyds 'n federale party was wat die mosies nie bindend op die party as geheel gemaak het nie. Die NP se beleid was destyds steeds politieke segregasie vir swartes, maar nie vir Kleurlinge nie (82). Ernstige bedenkinge kan geplaas word op Nasionale menings in die vyftigerjare dat Hertzog hom in 1932 vir die aparte verteenwoordiging van Kleurlinge uitgespreek het (83). Daar bestaan geen bewyse daarvoor nie en was waarskynlik Nasionale propaganda om steun vir die deurvoering van die 1951-wetgewing t.o.v. Kleurlinge te verkry.

As Kaaplandse leier was Malan bewus van die groeiende aandrang binne sy eie party om aparte verteenwoordiging. Daar is trouens aanduidings dat Malan kort ná die 1929-verkiesing reeds sy standpunt teenoor die Kleurlinge se gemeenskaplike kiesreg verander het. Die groot rede vir Malan se veranderde houding was die hewige kritiek wat Kleurlingleiers soos Abdurahman gelewer het op Hertzog se pogings om die Kleurlinge se politieke regte na die Noorde uit te brei. Abdurahman was skerp krities op Hertzog aangesien Hertzog se wetgewing vir die uitbreiding van die Kleurlinge se politieke regte na die Noorde gekoppel was aan die wetgewing om die Kaapse Swart-stem op die gemeenskaplike lys te beëindig (84). Op 26 April 1951 het Malan in die Volksraad gesê; "Die Kleurlinge se leier, dr. Abdurahman, het verklaar dat die Kleurlinge die naturelle nooit in die steek sou laat nie. Hy het so ver gegaan om sterk anti-blanke verklarings te maak. Hy het bv. van die blankes gepraat as die skuim van Europa wat op die Suid-Afrikaanse kus aangespoel het. Daar was toe geen alternatief as om die hele kwessie op 'n ander manier te benader." (85)

Die feit dat die hoofbestuur van die NP in Kaapland in 1932 die mosie vir aparte verteenwoordiging by die kongres ingedien het, is 'n aanduiding dat Malan hom toe reeds met dié siening vereenselwig het. Aparte verteenwoordiging was egter nog nie amptelike Nasionale beleid nie. Malan sou hom eers ná Samesmelting in 1934 finaal aan dié siening verbind. In 1936 het die (Gesuiwerde) NP die beleid dat Kleurlinge op 'n afsonderlike lys geplaas moet word in die party se Program van Beginsels en Program van Aksie opgeneem en sou die party hom inderdaad sterk daarvoor beywer (86).

Hoewel die kritiese optrede deur Kleurlingleiers teenoor die NP waarskynlik deels verklaar hoekom Malan sy mening radikaal verander het, bly daar nog 'n ander verklaring vir sy verandering. Dit is duidelik dat Malan ná 1934 in die Kleurlingstem 'n bedreiging vir Afrikaner-Nasionalisme en die NP in die besonder gesien het. Nie langer was die Kleurling 'n vennoot of bondgenoot-in-wording van die NP nie. Hy het nou 'n vyand geword wat teen Afrikaner-Nasionalisme en sy belange aangewend kon word. Deur Malan se hele loopbaan loop die goue draad van die gedagte van Afrikaner-eenheid. Malan was seker die Nasionalis wat die meeste aan dié beginsel geglo het. Sonder die steun van die Noorde sou die Afrikaner nooit herenig word of die geleentheid kry om aan die bewind te kom nie. Malan het geweet dat die Noorde nie ten gunste van die bestaande Kleurlingstemreg was nie en gedagtig aan die feit dat heelwat Kaapse Nasionaliste ook ongelukkig met die situasie was, was Malan bereid om die Kleurlingstemreg op die altaar van Afrikaner-eenheid op te offer. Soos D.P. Botha dit stel: "Die prys wat betaal moes word vir daardie eenheid was in meer as een opsig baie hoog, maar dit is te betwyfel of enigiemand 'n hoër prys daarvoor betaal het as die Kaapse Kleurlinge." (87) Dit was ook vir Malan nodig om 'n nuwe emosionele strydpunt te kry waarvoor Afrikaners te vinde sou wees. 'n Republiek was een terwyl die Kleurlingstemreg ook handig te pas gekom het om groter steun te verwerf.

Met die verwydering van die swartes van die gemeenskaplike kieslys in 1936 het Malan ook voorgestel dat Kleurlinge aparte verteenwoordiging moet kry. Die vernaamste argumente wat Malan aangevoer het, was dat in talle opsigte die Kleurlinge reeds anders behandel word as die blankes; die kleurkwessie uit die politieke arena gelig moet word; die ervaring in ander lande bewys het dat veelrassige bevolkings die beste deur aparte politieke verteenwoordiging

gedien word en in gebiede waar blankes en Kleurlinge saamgevoeg was of is, daar altyd wrywing ontstaan (88). Malan se ommeswaai in Kleurlingbeleid is ook in die debat geopper en melding is gemaak van die korrupsie en misbruik van die Kleurlingstem.

Dat daar 'n duidelike verskil in benadering ten opsigte van die demokratiese stelsel tussen die NP en die VP was, het duidelik in die debat geblyk. Vir Malan was die Kleurlingstemreg 'n euwel vanweë die sg. misbruike wat daarmee gepaard gegaan het. Senator F.S. Malan het spesifiek op dié argument ingegaan en geantwoord op bewerings dat die Kleurlinge as 'n politieke voetbal gebruik word.

> "Is dit waar? Is die teenwoordigheid van die agb. lid vir Stellenbosch (mnr. Bruckner de Villiers) nie 'n oortuigende bewys dat dit nie die geval is nie; hoewel 'n Nasionalis, erken hy dat hy met die hulp van die Kleurlingstem ingekom het. Kleurlingkiesers verskil volgens my ondervinding nie van blanke kiesers nie. Hulle word deur dieselfde argumente as die blanke kiesers beïnvloed en as u my vertel dat die Kleurlingkiesers as 'n voetbal gebruik word, dan kan ek u ook sê dat daar blanke kiesers is wat, as 'n geheel geneem, ook as 'n voetbal gebruik word. Maar ek het nog nie gehoor dat kiesers om daardie rede moet gesegregeer word nie of apart moet stem nie. Nee, hierdie argument dat hulle as 'n politieke voetbal gebruik word, is in die eerste plaas nie juis nie omdat hulle deur sake van beleid, belang en beginsel verdeel is, net soos blanke kiesers, en as hulle nie is nie, word hulle daartoe opgevoed." (89).

Die "Gesuiwerde" NP se beleid van aparte verteenwoordiging in die dertigerjare het in die praktyk egter nie meegebring dat die NP heeltemal daarvan afgesien het om steun onder Kleurlingkiesers te werf nie. In Februarie 1937 is onthul dat mnr. Bruckner de Villiers Kleurlingkiesers in die Soutrivier-kiesafdeling toegespreek het (90). Dit was by dié geleentheid dat mnr. Harry Lawrence homself as 'n Maleier vermom het en die vergadering bygewoon het (91). Hoewel De Villiers later ontken het dat hy Kleurlingkiesers bearbei het, maar slegs op uitnodiging van die APO opgetree het, was dit algemene kennis dat De Villiers steeds in 1937/'38

geglo het in die werwing van steun onder Kleurlingkiesers, maar deur die NP-partybestuur gekortwiek is in sy pogings (92). De Villiers wou 'n groot veldtog in Soutrivier voer om Harry Lawrence met behulp van die Kleurlingstem te verslaan. Ook het De Villiers gemeen dat die NP met die bearbeiding van die Kleurlingstem 'n addisionele drie of vier setels in die 1938-verkiesing sou kon wen (93).

Tydens die 1938-verkiesing het Malan en die NP voortgegaan om die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys te propageer (94). Dié propaganda is ook dwarsdeur die oorlogsjare voortgesit. In 1946 is mnr. Paul Sauer as voorsitter van 'n spesiale kommissie aangestel om vir die NP 'n algemene beleid t.o.v. die Kleurlinge op te stel (95). Die Sauer-verslag se aanbevelings is aanvaar as die NP se beleidsverklaring vir die 1948-verkiesing.

Hiervolgens is erken dat die Kleurlinge 'n middelposisie tussen die blankes en swartes inneem en dat 'n beleid van apartheid tussen blankes en Kleurlinge en tussen swartes en Kleurlinge toegepas sal word op maatskaplike, residensiële, industriële en politieke gebied.

> "In die Senaat sal die Kleurlinge verteenwoordig word deur 'n blanke verteenwoordiger.... Die huidige ongesonde stelsel wat toelaat dat Kleurlinge in Kaapland saam met blankes vir dieselfde kandidate stem, sal afgeskaf word. Hulle sal gekies word deur die verteenwoordigende Kleurlingraad ... In die Provinsiale Raad van Kaapland sal hulle deur die blankes verteenwoordig word en vir Kaapland sal 'n verteenwoordigende Kleurlingraad in die lewe geroep word. In hul eie gebiede sal die Kleurlinge hul eie rade met eie publieke dienste hê". (96)

In breë het die NP met die bewindsoorname in 1948 drie oogmerke m.b.t. die Kleurlinge gehad, nl. (i) 'biologiese' skeiding tussen blankes en Kleurlinge deur 'n verbod te plaas op huwelike en seksuele omgang tussen die twee bevolkingsgroepe, (ii) residensiële skeiding tussen blankes en Kleurlinge deur die instelling van die Groepsgebiedewet, en (iii) politieke skeiding tussen blankes

en Kleurlinge deur die instelling van aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge op 'n aparte kieserslys (97).

Die NP het dus teen 1948 'n volle politieke draai gegooi; van aanvaarding van die beperkte politieke regte vir Kleurlinge (maar nooit swartes nie) tot die volle verwerping daarvan binne die sentrale besluitnemingsliggaam van die land. Daar is wel voorsien dat Kleurlinge hulle politieke regte moet uitoefen, maar dan net op 'n aparte basis. Dit blyk dat die kentering ná die 1929-verkiesing betekenisvol in omvang toegeneem het weens volgehoue kritiek deur Kleurlingleiers op Hertzog se beleid om aan Kleurlinge uitgebreide regte te verleen, maar dan ten koste van die Swart-stem op die gemeenskaplike lys. Hierdie optrede wou erkende Kleurlingleiers nie aanvaar nie. Bewus van dié praktiese realiteite het Nasionaliste tussen 1929 en 1934 al meer begin besef dat 'n politieke dooie punt tussen Kleurlinge en Afrikaners ontstaan het en dat die oplossing van die dooie punt sou wees om ook Kleurlinge op 'n aparte kieslys te plaas. Die siening het ná Samesmelting by "Gesuiwerde" Nasionaliste toegeneem aangesien Kleurlinge toe 'n ekstra-dimensionele magsbedreiging vir hulle ingehou het. Die noue bande tussen Kleurlingleiers en oorwegend Engelssprekende partye en groepe het die gevoel onder Nasionaliste versterk dat 'n alliansie tussen Kleurlinge en gematigde Engels- en Afrikaanssprekendes teen Afrikaner-Nasionalisme gesmee word en dat die Kleurlinge derhalwe uit die stryd in die blanke politieke arena verwyder moes word.

(1) G.D. Scholtz, Die Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, deel 6, (Johannesburg, 1979), p. 189.

(2) Scholtz, deel 6, p. 464.

(3) Scholtz, deel 6, p. 464.

(4) Scholtz, deel 6, p. 464.

(5) Die Burger, 14 November, 1925. Ook aangehaal in D.P. Botha, Die opkoms van ons derde stand. (Kaapstad, 1960), p. 101 en L.M. Thompson, The Cape Coloured Franchise, (Johannesburg, 1949), p. 21.

(6) O. Pirow, James Barry Munnik Hertzog, (Kaapstad, s.j.), p. 197 en Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 24.

(7) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 7-11.

(8) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 6.

(9) The Cape Coloured Vote: A common roll or political apartheid?, (Kaapstad, 1954), p. 27 en Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 6.

(10) Brief aan die Waaksaamheidskomitee van Kleurlinge in Kaapstad, 22 Maart 1909, soos in aangehaal in Die Suid-Afrikaan, Lente 1984, p. 23-24.

(11) Hoofartikel in De Zuid-Afrikaan, 28 Januarie, 1980, soos aangehaal in Die Suid-Afrikaan, Lente 1984, p. 23.

(12) T.R.H. Davenport, The Afrikaner Bond: the history of a South African political party, (Kaapstad, 1966), p. 278.

(13) D.M. Scher, The disenfranchisement of the Coloured voters 1948-1956, ongepubliseerde tesis vir die graad D. Litt et Phil. (Unisa, 1983), p. 16.

(14) Davenport, p. 120.

(15) Davenport, p. 120 en 308.

(16) Scher, p. 16.

(17) Davenport, p. 184.

(18) Davenport, p. 278 en 279.

(19) L.M. Thompson, The Unification of South Africa 1902-1910, (Oxford, 1960), p. 386.

(20) P. Hugo, Quislings or realists? a Documentary study of 'Coloured' politics in South Africa, (Johannesburg, 1978), p.42.

(21) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 11.

(22) A.J.H. van der Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer en D.W. Krüger (reds), Geskiedenis van Suid-Afrika, (Kaapstad, s.j.), p. 473.

(23) Thompson, Unification of South Africa, p. 216.

(24) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 13.

(25) D.W. Krüger, The making of a nation: a history of the Union of South Africa 1910-1961, (Johannesburg, 1971), p. 36.

(26) Thompson, Unification of South Africa, p. 212.

(27) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 19. Mening ook gehuldig deur E.H. Walton, Inner history of the National Convention, (Kaapstad, 1912), p. 150 en T. Trollip, 'The Cape Coloured Franchise', Common Sense, II (12), (Desember 1950), p. 506.

(28) K.A. Heard, General Elections in South Africa 1943-1970, (Londen, 1974), p. 5 en The Cape Coloured Vote, p. 82.

(29) Heard, p. 5.

(30) The Cape Coloured Vote, p. 83.

(31) Krüger, Making of a Nation, p. 42 en M.P.A. Malan, Die Nasionale Party van Suid-Afrika 1914-1964, sy stryd en sy prestasies, (Kaapstad, 1964), p. 268.

(32) N.J. Rhoodie en H.J. Venter, Apartheid; a socio-historical exposition of the origin and development of the apartheid idea, (Kaapstad, 1959), p. 116.

(33) Rhoodie en Venter, p. 116.

(34) B. Friedman, Smuts - a reappraisal, (Johannesburg, 1975), p.77.

(35) Friedman, p. 78.

(36) Rhoodie en Venter, p. 117.

(37) Krüger, Making of an Nation, p. 42.

(38) R.E. van der Ross, A Political and social history of the Coloured people, deel I, (Ongepubliseerde manuskrip, Universiteit van Kaapstad, s.j.) , p.356.

(39) Van der Walt, Wiid, Geyer en Krüger (reds), Geskiedenis van Suid-Afrika, p.535 en C.F.J. Müller, 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, (Kaapstad, hersiene uitgawe 1975), p.420.

(40) Scher, p. 94.

(41) J.H. le Roux en P.W. Coetzer, Die Nasionale Party, deel 2, (Bloemfontein, 1980), p. 335.

(42) Le Roux en Coetzer (deel 2), p. 335-340.

(43) M.P.A. Malan, p. 111; S.L. Barnard en A.H. Marais, Die Verenigde Party - die groot eksperiment, (Durban en Pretoria, 1982), p. 29 en J. Lewin, 'The Cape Coloured Franchise', Common Sense, II (2), (Februarie 1950), p. 50.

(44) Van der Walt, Wiid, Geyer en Krüger, (reds), Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 517.

(45) L.E. Neame, The history of apartheid; the story of the colour bar in South Africa, (Londen, 1962) p. 55.

(46) Barnard en Marais, p. 30.

(47) Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking, U.G. no. 54, 1937, (Staatsdrukker, Pretoria), p. 246. Ook genoem in G. Duvenage, Imperialisme en Nasionalisme - kerngeskiedenis van Suid-Afrika, (Johannesburg, 1978), p. 127 en J. Levin, 'The Cape Coloured Franchise', Common Sense, II (2), (Februarie 1950), p. 51.

(48) P. Hugo en H. Kotzé, 'Die Kleurlinge; van beperkte stemreg tot magsdeling?', in Suid-Afrika: Oorlewing in politieke perspektief, (Johannesburg, 1983), p. 79.

(49) Die Burger, 9 November, 1925.

(50) Le Roux en Coetzer (deel 2), p. 372.

(51) Le Roux en Coetzer (deel 2), p. 372.

(52) Le Roux en Coetzer (deel 2), p. 396.

(53) P.J. Cillié, Tydgenote, (Kaapstad, 1980), p. 44-45.

(54) Die Burger, 5 Januarie, 1919. Ook aangehaal in Scholtz, deel 6, p. 464 en J.C. Steyn, Tuiste in eie taal: die inhoud en bestaan van Afrikaans, (Kaapstad, 1980), p. 272 en 473.

(55) J.J. van Rooyen, Die Nasionale Party; sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, (Kaapstad, 1956), p. 266-267. Ook aangehaal in D. Welsh, 'The politics of White supremacy' in L. Thompson en J. Butler (reds.), Change in contemporary South Africa, (Los Angeles, 1975), p. 54. Sien ook 'Eerste besluit al in 1922 geneem' in Die Burger, 5 Februarie, 1951 en 'NP veg lank vir Aparte Kleurlinglys', Die Burger, 6 Desember, 1955.

(56) D.F. Malan, Die Groot Vlug: 'n Nabetragting van die Arm-Blanke-kongres, 1923, en van die Offisiële Sensusopgawe, (Kaapstad, 1923), p. 20.

(57) Scholtz, deel 6, p. 465.

(58) Die Burger, 18 Junie, 1925.

(59) Die Burger, 3 Mei, 1929.

(60) Scher, p. 49 en E. Roux, Time longer than rope; a history of the black man's struggle for freedom in South Africa, (Madison, 1972), p. 355-356.

(61) Die Burger, 14 Desember, 1921.

(62) The Cape Coloured Vote, p. 53.

(63) Van Rooyen, die NP - Kaapland se aandeel, p. 267.

(64) G.D. Pretorius, Man van die daad: 'n biografie van Bruckner de Villiers, (Kaapstad en Pretoria, 1959), p. 114.
(65) Die Burger, 9 April, 1924.
(66) Van der Ross, A political and social history of the Coloured people, p. 132.
(67) Pretorius, p. 116-117. Ook aangehaal in Die Suid-Afrikaan, Lente, 1984, p. 24.
(68) Pretorius, p. 91.
(69) Scher, p. 44.
(70) Van der Ross, A political and social history of the Coloured people, p. 124.
(71) Scher, p. 41.
(72) D. en J. de Villiers, Paul Sauer, (Kaapstad, 1977), p. 30-31.
(73) D. en J. de Villiers, Sauer, p. 31.
(74) Onderhoud met prof. R.E. van der Ross op 17 April 1986 en Scher, p. 53.
(75) Van der Ross, A political and social history of the Coloured people, p. 143.
(76) Van der Ross, A political and social history of the Coloured people, p. 130-131.
(77) Scher, p. 57.
(78) Van Rooyen, die NP - Kaapland se aandeel, p. 267.
(79) The Cape Times, 5 September, 1929.
(80) Van Rooyen, die NP - Kaapland se aandeel, p. 268.
(81) Die Burger, 6 Desember, 1955.
(82) D. Joubert, Die Kaapse stemreg; verteenwoordiging vir Swart en Bruin in 1936, (Kaapstad, 1974), p. 47-48.
(83) 'General Hertzog's memory misused on Coloured issue', The Forum, 13 (40), (16 Februarie, 1951).
(84) Van der Ross, A political and social history of the Coloured people, p. 142.
(85) Die Burger, 27 April, 1951.
(86) Die Burger, 6 Desember, 1955.
(87) D.P. Botha, p. 108.
(88) Joubert, p. 8.
(89) Joubert, p. 42.
(90) Die Burger, 10 Februarie, 1937.
(91) Sien in dié verband J. Lawrence, Harry Lawrence, (Kaapstad, 1978), p. 88-89 en 'Fez Joke was on the Nats', The Forum, 14 (1), (18 Mei, 1951).

(92) Pretorius, p. 116-117.

(93) Scher, p. 63.

(94) Sien bv. Die Burger, 5 April, 1938.

(95) D. en J. de Villiers, Sauer, p. 85.

(96) F.A. van Jaarsveld, 100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961, (Goodwood, 1980), p. 245.

(97) L. Thompson en A. Prior, South African Politics, (Kaapstad, 1982), p. 94.

# HOOFSTUK 2

## DIE FUNKSIONELE ROL VAN DIE BURGER

Die eerste uitgawe van De (later Die) Burger het op 26 Julie 1915 verskyn. Van die begin af het die koerant 'n ondersteuningsfunksie jeens die Afrikanervolk aanvaar: hy sou die volk se belange op alle lewensterreine bevorder. Sy vernaamste taak was op die politieke terrein as ondersteuner en kampvegter van die ontwakende Afrikaner-Nasionalisme.

Die eerste hoofredakteur was die latere eerste minister, dr. D.F. Malan. Die noue verbintenis tussen Die Burger en die saak van Afrikaner-Nasionalisme spreek duidelik uit die feit dat dr. Malan later in die jaar (in September) tot Kaaplandse leier van die pas gestigte Nasionale Party verkies is (1).

Dit is belangrik om daarop te let dat Die Burger vóór die stigtingskongres van die Nasionale Party in Kaapland reeds bestaan het en dus nie formeel as partyblad gebore is nie (2). Die koerant het hom nie onderdanig teenoor die party geag nie, maar homself gesien as 'n gelyke bondgenoot en kampvegter naas die NP vir gemeenskaplike beginsels. Hy het homself bekend gestel as "een Hollands Dagblad, met een demokraties, kristelik-nasionale strekking, onafhankelijk van Regerings- of Partybeheer".

Die katalisator vir die totstandkoming van Die Burger was die breuk tussen Hertzog en Botha in 1912. Landwyd, maar veral in die Wes-Kaap, is gevoel dat Hertzog 'n spreekbuis vir die opkomende Nasionale beweging moes hê. Die primêre dryfkrag agter steun vir Hertzog in die Kaap was 'n Kaapstadse regsgeleerde, W.A. (Willie) Hofmeyr, wat kort ná die breuk tussen Hertzog en Botha 'n Hertzog-gesinde Waaksaamheidskomitee in die lewe geroep het (3).

Die groepie Nasionale ondersteuners in Kaapstad was klein in getal en het by 'n omvangryker Stellenbosse groep om samewerking aangeklop. Op 18 Desember 1914 is aan die huis van mnr. H.J. Bergh, bestuurder van die Stellenbosse Distriksbank, besluit tot die stigting van die Nasionale Pers. 'n Komitee van oprigters is benoem bestaande uit mnr. Hofmeyr as voorsitter en adv. J.H.H. de Waal, prof. W.A. Joubert,

mnr. Bruckner de Villiers en adv. H.A. Fagan (4). Een van hul grootste probleme was om genoeg kapitaal in die hande te kry. 'n Bekende Stellenbosse wynboer, sakeman en politikus, mnr. J.H. (Jannie) Marais, L.V., het 5 000 pond en sy broer Christiaan 1 000 pond in die onderneming gesteek. Mnr. Jannie Marais het later nog 8 000 pond geskenk vir die aankoop van 'n rolpers vir Die Burger (5). Die deurslaggewende rol wat mnr. Marais by die stigting van Die Burger gespeel het, was volgens O'Meara die begin van 'n "long-standing economic and political alliance" tussen Stellenbosse Nasionaliste en dié in die Kaap (6).

Nog 'n groot probleem was die aanstelling van 'n redakteur vir die nuwe koerant. Mnr. Hofmeyr wou self nie redakteur wees nie en het aan die hand gedoen dat 'n goeie vriend van hom, dr. D.F. Malan (destyds predikant op Graaff-Reinet), vir die pos oorweeg word. Dr. Malan was eers teensinnig, maar het twee weke later, ná oorreding deur bekende Afrikanerleiers (o.a. 'n petisie van genl. C.R. de Wet en mede-rebelle in die Bloemfonteinse gevangenis), besluit om die uitnodiging te aanvaar (7).

Hy was nie 'n geroetineerde koerantman nie, en in sy termyn as redakteur was die koerant hoofsaaklik 'n baanbrekende partyblad waarin die redakteur die politiek gehanteer het en hom nie veel ingemeng het in die nuusaspekte nie (8). Volgens Munger is in Malan se redakteurstermyn die meeste van die redaksionele kommentaar in die hande gelaat van adv. H.A. Fagan, terwyl mnr. J. Steinmeyer as besturende redakteur opgetree het (9).

Die bevordering van die Afrikaner-Nasionalisme was die belangrikste oogmerk van die koerant en ander joernalistieke dienste het in die proses 'n ondergeskikte plek gekry. Dr. Malan se opvolger in 1924, dr. A.L. Geyer, het min of meer sy rol voortgesit, maar nie die oë gesluit vir die professionele verbetering van die koerant as nuusblad nie. Veral die aanstelling van mnr. Phil Weber in die redaksie van Die Burger in 1926 het mettertyd gelei tot 'n meer professionele benadering. Dit was Weber wat onder die redakteurskap van dr. Geyer Die Burger omgeskep het tot 'n volwaardige nuusblad sonder om weg te breek van die oorspronklike ideologiese konsep en doel van die koerant (10).

Toe Weber in 1945 redakteur van die koerant geword het, was <u>Die Burger</u> twee dinge:

(a) 'n ideologiese kampvegter en medestryder van die Nasionale Party vir die belange van die Afrikanerdom; en

(b) 'n koerant met 'n professionele nuusinslag wat die funksie van algemene inligting vervul het.

Dr. Geyer het nog 'n oorkoepelende hoofredakteurskap beklee voordat hy in 1950 as Hoë Kommissaris in Londen aangestel is. (11)

Dr. Geyer het die koerant deur moeilike jare gestuur. Dit was grootliks aan hom te danke dat die Nasionale Party die krisis van Samesmelting in 1934 oorleef het en die moeilike dertigerjare onder volgehoue aanvalle van genl. Hertzog en die VP te bowe kon kom, en dat die verdeeldheid in Afrikanergeledere in die Tweede Wêreldoorlog uiteindelik in die guns van die Nasionale Party as die vaandeldraer van die Afrikanerdom se politieke aspirasies sou draai. (12)

Dr. Geyer en <u>Die Burger</u> het in die tydperk van koalisie en Samesmelting in 1933/'34 'n sleutelrol gespeel om te verhoed dat Malan hom by die politieke versoening tussen Hertzog en Smuts geskaar het. Geyer het Malan se plan in Februarie 1933 om koalisie onder protes te aanvaar ter wille van party-eenheid, teësinnig ondersteun (13), en <u>Die Burger</u> was die enigste Afrikaanse koerant wat hom sterk teen Hertzog se planne van koalisie en uiteindelik samesmelting met Smuts uitgespreek het. In dié opsig het Malan en Geyer eenders gedink. Maar van Januarie tot Mei 1934 het Malan onverwags toenadering tot Hertzog gesoek - aanvanklik sonder Geyer se wete. Dit was hoofsaaklik Geyer wat Malan van toenadering tot Hertzog laat afsien en die Nasionale Party uit die samesmelting tussen Hertzog en Smuts gehou het. (14)

Deur nougesette en deeglike ondersteuning en bevordering van die belange van die Afrikanerdom het <u>Die Burger</u> 'n groot (sommige sê: deurslaggewende) rol gespeel by die uiteindelike bewindsaanvaarding van die Nasionale Party in 1948. Sy inspanning was nie beperk tot die politiek nie; op haas elke lewensterrein van die Afrikaner het <u>Die Burger</u> hom ingespan. Volgens Weber

> "sou die NP nie in 1924, moontlik ook nie in 1929, en seker nie in 1948 sonder Die Burger aan die bewind gekom het nie. Sonder Die Burger sou ons nie in dié mate die groot ekonomiese opbloei in die Suide aan die begin van die Tweede Wêreldoorlog beleef het nie. Sonder Die Burger en die ander publikasies van die Nasionale Pers sou ons taal nie gestaan het waar dit vandag staan nie. Sonder Die Burger sou ons nie ons republiek reeds in 1961 gekry het nie" (15).

Vanweë sy noue verbintenis met die wel en wee van die Afrikanervolk op alle lewensterreine was Die Burger met betrekking tot die politiek des te invloedryker - ná die oorname van 1948 waarskynlik die invloedrykste koerant in Suid-Afrika.

Die redakteur van Die Burger het sedert sy stigting die reg gehad om parlementêre koukusvergaderings van die Nasionale Party by te woon (16). Ná die bewindsoorname van mnr. J.G. Strijdom in 1954 is dié gebruik laat vaar. Volgens prof. P.J. Cillié, redakteur van die koerant van 1954 tot 1977, het Die Burger self versoek dat dit beëindig word. Ná koukusvergaderings het die koerant gesit met vertroulike inligting wat hy nie mog publiseer nie. Hy wou alle suspisie verwyder dat hy sodanige inligting misbruik (17). Verskeie Nasionale L.V.'s het klaarblyklik die redakteur verdink dat hy vertroulike koukusinligting in die koerant publiseer (18). Mnr. Strijdom het bv. ná sy oorname as premier die Senaatwetgewing van 1955 nie aan die koukus bekend gemaak nie uit vrees dat dit na buite sou uitlek (19). Dié sitting in koukusvergaderings het Die Burger 'n fenomenale insig in die parlementêre politiek gegee wat vroeër uiteraard ook in sy nuushantering weerspieël is. Ander Afrikaanse koerante het dié voorreg nie gehad nie, wat Die Burger se invloedryke rol aansienlik verstewig het.

In 1965 is Die Burger deur die Londense Times gereken onder die twaalf "groot koerante van die wêreld", in die geselskap van Le Monde van Frankryk, Izwestia van Rusland en die New York Times in Amerika (20). In 1968 is Die Burger aangegee as een van die 40 "elite-koerante" van die wêreld in 'n studie wat deur die departement van joernalistiek van die Universiteit van Missouri uitgevoer is (21).

Die styl en kenmerke van Die Burger kan kortliks onder die volgende hoofde saamgevat word.

(1) BESKEIDENHEID

In die rubriek Van Alle Kante in Die Burger van 24 Julie 1965 skryf D.C. de Villiers, oud-nuusredakteur van Die Burger en toe redakteur van Die Huisgenoot, tong in die kies dat Die Burger waarskynlik die mees beskeie koerant in die wêreld is. Oor baie jare is 'n tradisie gevolg dat Die Burger se redaksielede anoniem bly en dat verslaggewers se name nie by berigte genoem word nie. Rubrieke is ook onder skuilname geskryf. Dié tradisie is eers by sportberiggewing laat vaar en in die laat vyftigerjare verder verbreek toe Schalk Pienaar die rubriek In die Parlement behartig het. In die vroeë sestigerjare het Rykie van Reenen vir die eerste keer die rubriek Van Alle Kante onder haar naam begin skryf.

Beskeidenheid lewer 'n belangrike bydrae tot 'n goeie spangees onder werkers en kan daarom lei tot 'n verbetering in die gehalte van die koerant. Gesien in die lig van die invloedryke rol van Die Burger het die meeste mense nogtans deur dié beskeidenheidsindroom begin sien. Beskeidenheid kan oordryf word: Deur voortdurend te beklemtoon hoe beskeie 'n mens is, kan ander laat wonder of dit nog beskeie is om só beskeie te wees!

(2) SPANGEES

'n Kenmerk van Die Burger in die veertiger- en vyftigerjare was sy spangees. In 'n artikel in News Check in 1964 word gesê: "The Burger has achieved something rare in newspapering: a corporate intelligence. Where most newspapers depend on individual personalities for their verve and flavour, Die Burger has long had a top team of well-nigh like-minded men running it with much common purpose. Personalities in their own right, these men nevertheless intermesh to a remarkable degree in their outlooks, assumptions and ideas."(22)

Rykie van Reenen skryf in Van Alle Kante op 14 Maart 1964 na aanleiding van bg. artikel: "Bowenal het hy (Otto Krause - destydse redakteur van News Check) raakgesien wat miskien die vernaamste kenmerk van Die Burger is: dat dit, op die hoogste vlak van redaksie en bestuur, die produk is, nie van dié of daardie geniale enkeling nie, maar van spanwerk tussen 'n klompie manne wat wel elkeen sy besliste eie persoonlikheid het, maar, jare lank saam in die tuig,

'n tot groot hoogte eenderse benadering van sake het en feitlik as een gesamentlike verstand dink".

Gewag is al gemaak van die hoë eise wat aan Die Burger se redaksielede gestel is. By Die Burger was dit 'n ongeskrewe reël dat 'n mens se werkdag 24 uur lank is, en dat personeellede bereid moes wees om te werk ongeag die ure van die dag of nag (23).

Die Burger se besonderse spangees in die veertiger- en vyftigerjare was die uitvloeisel van 'n gedagte of kenmerk wat almal doelgerig verenig het, nl. 'n saak waarvoor gestry is. Die strewe na die verwesenliking van politieke mag vir die Afrikaner was die oorheersende doel wat persoonlike verskille en ambisies ondergeskik gelaat het. Sodra geen sterk saak 'n redaksie verenig nie, verval die spangees en tree dienstigheid en die bevordering van die individu na vore. Dit kan dan gebeur dat die individu voorgee om 'n saak te ondersteun, maar dit eintlik doen vir persoonlike bevordering en beveiliging in 'n kompeterende materialistiese stelsel.

### (3) WOORD- EN TAALGEBRUIK

Die Burger het veral in sy hoofartikels baie selde kortaf, kategoriese taal gebruik. Die saak is eers uit elke moontlike hoek bekyk, en soms is nie 'n eenvoudige gevolgtrekking gemaak nie, veral waar dit die Nasionale Party kon benadeel. Schalk Pienaar het in sy tyd as redakteur van Die Beeld (1965-1970) Die Burger bestempel as "daardie stoere ou vennoot van die Nasionale Party wat sy woorde twee maal tel en dan soms besluit om hulle tog maar liewer nie te gebruik nie".(24) Dié taalgebruik is 'n jarelange tradisie wat deels ontstaan het uit huiwerigheid om nie 'n bevriende regering of die Nasionale Party direk te weerspreek of skerp te kritiseer nie.

Die Burger se besonderse aanwending van die Afrikaanse taal is in belangrike mate gevorm deur L.W. Hiemstra, redaksielid van Die Burger van 1921 tot 1927 en later taalkundige redakteur van die Nasionale Pers. Hiemstra het reusewerk gedoen met die uitbouing van Afrikaans tot 'n maklike omgangstaal. Soms was sy taalreëls vreemd vir die gewone man omdat dit verskil het van die algemene spreektaal. Só was bv. die woord 'opblaas' (met plofstof) vir Hiemstra lank taboe. Treine en brûe moes in die lug spring of geskiet word. Mettertyd is opblaas tog aanvaar (25).

(4) NOUE BANDE MET LESERS

Nog 'n kenmerk van Die Burger is noue bande met sy lesers. Dit word veral weerspieël in die briewekolomme, Menings van Ons Lesers. Nie net is lug gegee aan wat leiers en invloedrykes dink nie; die menings van die gewone lesers moes gehoor word. Volgens D.C. de Villiers is Die Burger een van die beste koerante in die wêreld omdat hy aan drie vereistes voldoen: betroubaarheid van inhoud, die invloed wat hy uitoefen, en die band wat hy met sy lesers smee (26). Laasgenoemde was en is nog altyd een van die sterk punte van Die Burger.

(5) BONDGENOOT VAN DIE NASIONALE PARTY

Die verhouding tussen die NP en Die Burger is al bestempel "as of a curious nature" (27). Die "curious nature" lê daarin dat Die Burger 'n fundamentele lojaliteit teenoor die Nasionale Party handhaaf en sy geesdriftigste joernalistieke ondersteuner en beskermer is, maar ook 'n kritiese houding openbaar wat vir buitestaanders soms onversoenbaar lyk met lojaliteit. Tereg beskryf News Check Die Burger as "that baffling amalgam of political shrewdness, quality and quotability" (28). Prof. Cillié het die band al bestempel as "iets besonders wat maar moeilik onder woorde te bring is" (29).

Prof. Cillié sê daaroor:

> "Die Burger is gestig as 'een Hollands dagblad, met een demokraties, kristelik-nationale strekking, onafhankelijk van Regerings- of Partij-beheer". En in dr. Malan se eerste hoofartikel staan te lees: 'In die ontwaking van ons nationaal eenheidsgevoel ligt onze redding. Dit gevoel wil De Burger sterken en leiden. En hoewel onder de heersende omstandigheden hij dat niet kan doen anders dan in strijd en storm, toch wil hij dat nooit doen ten behoeve van een persoon of een partij maar alleen om des volks wil'. Stel nou daarteenoor die feit dat Die Burger ook deur die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party aangewys is as sy amptelike orgaan; en die verdere feit dat dr. Malan, die eerste redakteur van 1915 tot 1924, terselfdertyd Kaaplandse leier van die Nasionale Party was, dan lyk dit nogal ingewikkeld;

> 'n dagblad 'vrij van partijbeheer' wat eenheid soek, maar 'nooit ten behoeve van een partij' - maar tog party-orgaan en in die begin onder redaksie van 'n provinsiale partyleier! Om hierdie misterie van twee-eenheid te beskrywe, het dr. Malan in sy tyd van die party en pers gepraat as man en vrou - twee selfstandige persoonlikhede, elk met 'n eie wil en lewe, maar saamgebind in 'n mistieke en onverbreekbare eenheid" (30).

Dr. Weber was verantwoordelik vir 'n metafoor wat die verhouding tussen Die Burger en die Nasionale Party aanskoulik wil voorstel: 'n hegte egpaar wat besig was om hul goue bruilof te vier. 'n Koerantman vra die tante of hulle in die vyftig jaar ooit aan egskeiding gedink het. Die antwoord: aan egskeiding nooit, maar aan moord dikwels! (31)

Twee begrippe bied 'n sleutel tot die verhouding tussen die Nasionale Party en Die Burger: vennootskap en lojaliteit. Die Burger is totaal lojaal aan die Nasionale saak en een van sy grootste kampvegters, maar hy is ook 'n gelykwaardige vennoot met die reg om te kritiseer, om nuwe paaie te verken en te propageer - "a role of mild rebelliousness conjoined with loyalty". (32)

## (6) BLANKE EENHEID

'n Belangrike oogmerk waarvoor Die Burger hom in die vyftigerjare beywer het, was die verwesenliking van blanke politieke eenheid onder die vaandel van die NP. In dié opsig was die VP vir hom 'n struikelblok en is doelgerigte pogings aangewend om veral Afrikaanssprekende VP-lede na die NP te lok. Die VP moes as 'n magtige faktor in die S.A. politiek verdwyn.

Die Burger het geglo dat 'n voorvereiste vir die sukses van die beleid van afsonderlike ontwikkeling groter politieke eensgesindheid by blankes nodig was. Hoe meer blankes die beleid ondersteun, des te groter sou die kanse wees dat dit sou slaag.

Op 6 Maart 1951 het Die Burger gesê: "Dit is gemene saak dat Suid-Afrika se kleurvraagstukke nie bevredigend gereël kan word sonder 'n aansienlike mate van eenstemmigheid onder die blankes oor die doel wat nagestreef moet word nie".

Die volgehoue en buitensporige aanvalle op en bespotting van VP-leiers het 'n doel gehad. Dit was nie geroetineerde politiek nie, maar vasberade pogings om die VP as party van die politieke toneel te verdryf en sy lede vir die NP te win. In hierdie doel is uiteindelik geslaag.

Dit is belangrik om daarop te let dat die Kleurlinge buite hierdie eenheidspoging geag is. Hoewel Die Burger gevoel het dat die Kleurling nader as enige ander bevolkingsgroep aan die blanke staan, is in die vyftigerjare nie voorsien dat hy sy politieke regte saam met die blanke moes uitoefen nie. Die uitskakeling van die Kleurling as sg. "derde mag" binne die blanke politiek is sterk gepropageer. Daar is gevrees dat die Kleurlingstem saam met die hoofsaaklik Engelssprekende anti-Nasionale stem die Nasionale Party as beliggaming van die Afrikaner se strewes en ambisies sou oorweldig (33). Daarom moes die Kleurlingstem as magsfaktor van die gesamentlike kieserslys in Kaapland verwyder word. Tog het Die Burger gevoel dat, sodra dié faktor uit die weg geruim is, hernieude pogings aangewend moes word om die Kleurling nader aan die Afrikaner en die blanke te trek. In dié opsig is in die vroeë sestigerjare aan beperkte, direkte verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement gedink.

(7) ONAFHANKLIKHEID EN VERKENNING

'n Groot probleemarea is die korrekte omskrywing van Die Burger se politieke optrede en kommentaar. Dit hou noue verband met die gesindhede van die Afrikanerleiding, en hierin lê die waarskynlike verklaring opgesluit. Ondanks alles wat geskryf is oor die Afrikaner se "monolitiese" eenheid in denke en optrede, bestaan binne die groep heelwat verskillende gedagte-strominge wat nie onmiddellik deur die buitestaander raakgesien word nie. Die denke en optrede van die Afrikanervolk is hierin nie uniek nie. Soortgelyke verskynsels kom voor by nasionalistiese volke van beperkte omvang met 'n geskiedenis van langdurige verdrukking deur sterkere magte en groepe. Vergelyk maar die Sioniste, die Maronitiese Christendom en die strominge onder die Baske, Armeniërs en Iere. Kenmerke wat deur sulke volke geopenbaar word, is onder meer 'n agterdog en vooroordeel teen vreemde denke, 'n sterk eie-geregtigheidsin (m.a.w. die volk se eie denke is beter as ander s'n), 'n baie sterk handhawingsin (of drang na voortbestaan), die onder-

geskikstelling van die individu se belange teenoor dié van die groep, en die verlamming van gematigde denke binne die groep.

Die Burger se rol was en is dié van spreekbuis van die Afrikanervolk. Omdat hy so na aan die Afrikanervolk is en uit hom spruit, kan verwag word dat die koerant heelwat eienskappe van dié klein en vroeër verdrukte volk geopenbaar en uitgeleef het. Die openbaring van 'n sterk agterdog teen vreemde denke binne so 'n volk impliseer nie 'n totale geslotenheid van sy intellektuele vir eie nuwe denke en strominge wat elders ontstaan nie. Hulle is dikwels bewus van nuwe denke, maar weet ook dat die oorgrote meerderheid van hul volk nie ontvanklik daarvoor is nie vanweë die genoemde eiegeregtigheid. Die intellektuele besef dat die totale uitweer van nuwe denke en gedagtes by 'n volk en die kweek van 'n blindelingse aanvaarding en lojaliteit, dikwels tot rampspoedige nadeel van só 'n volk kan strek.

In dié opsig lê Die Burger se groot belangrikheid binne die raamwerk van die Afrikanervolk: dat hy dikwels 'n intellektuele rol gespeel het om te verhinder dat die Afrikaner se denke verstar of ouderwets raak. Dié rol het hy gespeel naas dié van kampvegter vir die bereiking van politieke mag deur die Afrikaner. Die intellektuele taak van die koerant was nog altyd binne die raamwerk van 'n volk wat die eienskappe van 'n klein en verdrukte volk het, en kan nie vergelyk word met die moderniseringsrol binne 'n groter en veiliger volk waar kritiek nie noodwendig vanuit 'n beperkte raamwerk gevoer word nie.

Die Burger onder die redakteurskap van mnr. P.J. Cillié (van 1954 tot 1977) het homself nie as "intellektueel" gesien nie. 'n Afrikaanse joernalis is gesien as iemand wat die skakel vorm tussen die intellektuele en die 'gewone mense'. Die Burger het die ewewig tussen die twee pole probeer behou en gepleit vir beter begrip tussen Nasionale politici en Nasionaalgesinde intellektuele (34).

Tog het Cillié 'n sterk intellektuele inslag aan die koerant gegee. Hy is sterk beïnvloed deur die dinksfeer van die groot Afrikaanse skrywer en digter, N.P. van Wyk Louw. Twee van Van Wyk Louw se begrippe, lojale verset en oop gesprek, kan beskou word as rigsnoere van sy optrede tydens sy redakteurskap. Oop gesprek behels menings-

wisseling en kennisname van die denke en menings van ander waarop jy jou kan verantwoord en waardeur jy moontlik beïnvloed kan word. Dit behels 'n wegbeweeg van die eiegeregtigheidsgevoel van 'n bedreigde klein volk. Dit behels nogtans geen verloëning van jou eie volk nie, maar is juis bedoel om hom te versterk, aangesien geen toetsing van sy optrede en denke tot sy nadeel kan strek nie. Só het Cillié in die vyftigerjare artikels geskryf vir die liberale maandblad The Forum (35). In 1959 was hy die enigste redakteur van 'n Afrikaanse koerant wat gelukwensinge aan The Forum gestuur het by die 21-jarige viering van sy bestaan (36).

Van Wyk Louw het lojale verset só beskryf:

> "Binne 'n magtige en onbedreigde volk is die nasionalisme altyd krities teenoor die sondes van sy groep; of andersom: die man wat binne so 'n groep spottend en krities optree teenoor volkseuwels, is 'n ware nasionalis - al noem hy hom ook iets anders. Maar binne 'n klein, bedreigde volk moet die ware nasionalis kritiek en aansporing in fyn ewewig hou - só fyn dat hy seker maar selde voel dat hy sy taak behoorlik kan verrig." (37)

Van Wyk Louw sê in wese dat 'n klein en bedreigde volk wat baie vyande het, dit nie kan bekostig dat kritici vanuit sy eie kring heftig op hom losbrand nie, want dan beland hy saam met diegene wat die volk kritiseer, nie omdat hulle dit goed bedoel nie, maar sy ondergang wil bewerk. Aan die ander kant kan nie verwag word dat geen kritiek gelewer sal word nie, want elke volk het sy kleinlikhede, vooroordele en geestelike agterstand. Die alternatief is "lojale" kritiek van binne die groep.

Dié denke het in wese Die Burger se beleid en optrede onder Cillié as redakteur bepaal (38). Schalk Pienaar, assistent-redakteur van die koerant van 1947 tot 1965, het dié siening onderskryf, maar 'n ander term daarvoor gebruik, naamlik "onafhanklikheid-in-gebondenheid". (39). By die beoordeling van die terme lojale verset en onafhanklikheid-in-gebondenheid blyk laasgenoemde meer gepas te wees. Verset impliseer 'n meer ekstreme houding. Dit impliseer 'n meer radikale openbaring van teenkanting wat in sekere opsigte nie te vergelyk is met Die Burger se optrede nie. Die verskil is dat Van Wyk Louw met intellektuele konsepte gewerk het,

terwyl Cillié dieper in die praktyk gestaan het. 'n Mens kan vermoed dat Van Wyk Louw met sy konsep van verset dalk verder kon gegaan het as Die Burger onder Cillié, deur bv. die hele apartheidsideologie binne eie kring te bevraagteken. Dit sou hom dalk nader kon gebring het aan 'n Beyers Naudé as 'n Piet Cillié.

Cillié en Die Burger se gedagtes van lojale verset of onafhanklikheid-in-gebondenheid was 'n sindroom wat binne die "Gesuiwerde" Afrikaner-Nasionalisme sy beslag gekry het. Dit verskil van lojale kritiek wat van tyd tot tyd deur Noordelike Afrikaanse koerante uitgespreek is.

Die Burger was nie die enigste koerant wat uit die binnekring die Nasionale regering by tye gekritiseer het nie. Kritiek en verkenning op die Nasionale weg het waarskynlik sy hoogtepunt bereik by Dagbreek onder die redakteurskap van Willem van Heerden van 1947 tot 1962. Van Heerden was vroeër van 1936 tot 1946 redakteur van Die Vaderland, dus 'n ondersteuner van die VP en later die Afrikanerparty (AP) onder N.C. Havenga.

Onder Van Heerden het politieke kommentaar en verkenning in Dagbreek 'n hoogtepunt bereik. Hy het nie geskroom om die Regering op die vingers te tik wanneer hy dit nodig geag het nie. Hy het dr. Malan in 1949 gekritiseer oor die standpunt wat die Premier op die Vrystaatse NP-kongres van 1949 oor die Britse protektorate ingeneem het (40). Hy was die verkenner vir baie algemene beleidsrigtings wat later deur die Regering aanvaar is of regeringsdenke beïnvloed het. Hy was een van die eerste Afrikaanse redakteurs wat voorspel het dat die Midde-Afrikaanse Federasie nie sou standhou nie, en ook dat swart gebiede in Suid-Afrika mettertyd onafhanklikheid sal moet kry (41).

Van Heerden se politieke denke is grootliks deur genl. Hertzog beïnvloed. In dié opsig het Dagbreek se "onafhanklikheid-in-gebondenheid" verskil van dié van Die Burger. Vroeër in Van Heerden se redakteurstermyn by Die Vaderland was die historiese rol van dié koerant 'n wegbeweeg van enge Afrikaner-eksklusiwiteit en van 'n anti-Engelse rigting. Op die grondslag van die tweestroombeleid was die mikpunt 'n Suid-Afrikaanse nasie met gelyke blanke komponente - met Die Vaderland as vaandeldraer van die Afrikaanse

saak (42). Die Burger het nie dié siening gehuldig nie en het die "Gesuiwerde" Nasionale standpunt van Malan gepropageer wat eventueel elemente van Die Vaderland se siening sou bevat. Die Burger het ook 'n Suid-Afrikaanse nasie van Afrikaans- en Engelssprekendes gesien, maar dan in terme van 'n republiek waarin die Engelssprekendes saam met Afrikaners 'n verenigde nasie sou vorm (43).

In die konstitusionele stryd van die vyftigerjare en die nuwe denke oor die Kleurlinge in 1960 het Van Heerden 'n meer kritiese houding as Die Burger geopenbaar. As redakteur van Dagbreek en Sondagnuus het Van Heerden skerp kritiek daaroor uitgespreek dat die Regering die howe by die stryd oor die Kleurlingstem betrek het. Meriete is in sekere VP-argumente gesien (44). Met dr. Verwoerd se optrede teen die gedagte van direkte (aparte) verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement in Desember 1960 het Van Heerden prontuit gesê dat hy Verwoerd se mening nie kan onderskryf nie (45). Die Vaderland het in 1956 skerp kritiek uitgespreek op Kleurlingwetgewing wat bepaal het dat Kleurlinge voortaan deur blankes in die Kaaplandse provinsiale raad verteenwoordig moes word. Die koerant het gesê dit is 'n vermindering van die Kleurlinge se bestaande regte en derhalwe strydig met die ooreenkoms in 1951 met Havenga waarvolgens daar geen vermindering in die Kleurlinge se bestaande regte sou wees nie (46).

In 'n ontleding van Die Burger wat die Londense Times in 1965 gedoen het, het hy die volgende bevind:

> "Hoewel Die Burger altyd die nouste bande met die NP gehad het, volg hy nie altyd die partykoers so gehoorsaam soos die meeste Afrikaanse koerante in Transvaal nie. Dit is deels toe te skryf aan redaksionele onafhanklikheid; maar dit is ook 'n erfenis uit die dae toe dr. Malan as redakteur in staat was om maklik met dr. Malan as partyleier oorleg te pleeg en hom te oorreed. Wanneer hy egter te doen kry met besliste besluite van die Regering, sal Die Burger nie voortgaan om te protesteer teen beleidsrigtings waarvan hy duidelik nie hou nie. 'n Goeie voorbeeld is die onlangse bohaai wat opgeskop is nadat die Britse sangers Dusty Springfield en Adam Faith hul kontrakte met 'n plaaslike teater verbreek en liewer na Brittanje teruggekeer het as om

> voor gesegregeerde gehore op te tree, soos deur amptenare voorgeskryf. Die Burger het betoog dat hierdie verhoogartieste nie te ernstig opgeneem moet word nie, maar het dit baie versigtig gedoen, soos volg: 'Wat ons van ons eie owerheid kan vra, is dat hy beter as tot dusver daarteen moet waak dat die ingewikkeldhede van die Suid-Afrikaanse kleurvraagstuk geldelik uitgebuit word deur òf buitelanders òf deur Suid-Afrikaners, tot politieke nadeel van Suid-Afrika.' Maar toe die Regering deur die behendige gebruik van sy magte om okkupasie ingevolge die Groepsgebiedewet te reguleer, verklaar het dat die okkupasie van bioskoop- en teaterstiplekke ook okkupasie ingevolge die wet beteken, het Die Burger die beslissing sonder protes aanvaar. Dit is onvermydelik by 'n partykoerant. Tot eer van sy redaksie moet verklaar word dat hy onafhankliker is as enige van sy tydgenote, en dat hy 'n sekere versagtende uitwerking op die Nasionale beleid moet hê" (47).

'n Voorbeeld van Die Burger se versigtige, indirekte kritiek het voorgekom met die publikasie in Januarie 1942 van 'n ontwerp-grondwet vir 'n republiek. Die opstel van die republikeinse grondwet was die vrug van 'n onderneming wat dr. H.F. Verwoerd, destydse redakteur van Die Transvaler, in November 1939 saam met 'n aantal prominente Afrikaanse akademici begin het. Hulle het daardeur geesdriftige steun getoon vir die totstandkoming van 'n republiek sodra die NP aan die bewind sou kom. Dr. Malan het in dié stadium nog versigtig op so 'n vooruitsig gereageer. Die (Gesuiwerde) NP was nie amptelik betrokke by die opstel van die grondwet nie, hoewel dr. Malan aanvanklik sy steun daaraan toegesê het (48).

Hoewel Die Transvaler geesdriftig op die ontwerp gereageer het, het Die Burger bedenkinge uitgespreek oor sekere van die meer radikale bepalings. Dit was 'n weerspieëling van die verskille in denke tussen die Noorde en die "gematigde Suide". Hoofsaaklik vanweë die kritiek deur Die Burger is die grondwet nooit deur enige kongres van die Nasionale Party as beleid aanvaar nie (49).

Die Burger het hom beslis uitgelaat teen twee bepalings: een wat eerste- en tweedeklas burgers wou skep en 'n ander wat Afrikaans die "eerste amptelike taal" wou maak en Engels 'n "tweede of aanvullende amptelike taal". Die koerant het op 23 Januarie 1942 gesê: "Dat daar ontsaglik baie daaraan (die ontwerp-grondwet) geskaaf en daarby aangevul sou moet word voordat dit as 'n werkbare grondwet vir 'n staat sou kan diens doen, sal al dadelik by die eerste oppervlakkige lees daarvan 'n ieder opval." (50)

'n Ander vorm van "onafhanklikheid-in-gebondenheid" wat deur Die Burger gebruik is, was om in sake van aktuele belang eenvoudig te swyg en nie kant te kies nie (51). 'n Voorbeeld is toe dr. Malan hom met sy uittrede in 1954 aktief daarvoor beywer het dat mnr. N.C. Havenga as sy opvolger aangewys word. Die Burger het Malan se optrede nie gesteun nie. Die Burger was ook nie te vinde vir steun aan die toekenning van die stemreg aan 18-jariges in 1959 nie, en het dié saak nie gepropageer nie.

Dr. Weber het in sy termyn as redakteur van 1945 tot 1954 ook Die Burger se selfstandigheid bevestig. "'n Koerant wat die politici van sy party klakkeloos napraat, en mooi musiek van al hul politieke geluide probeer maak, kan nie hoop om aan invloed te win nie," was sy mening (52).

In hierdie taak wat Die Burger homself gestel het, die uitbou van gesonde kritiese denke by Afrikaners, het die koerant hom beslis nie gesien as 'n naprater van Party of Regering nie (53). Dit was die mening van dr. Weber dat Die Burger nie 'n Nasionale koerant is nie, maar wel 'n volkskoerant (54). Maar hoewel Die Burger vir hom 'n rol gesien het as dienaar van die Afrikanervolk en nie van een spesifieke party nie, het hy in die praktyk die NP gesien as dié party wat die aspirasies van die Afrikanervolk verteenwoordig en uitleef. Daar sou nogtans van tyd tot tyd spanning tussen koerant en die party ontstaan omdat albei se rolle nie duidelik omskryf of afgebaken is nie.

Die Burger se optrede binne die raamwerk van lojale verset was intellektueel sowel as nie-dogmaties. "Intellektueel" behels dat hy op 'n intelligente en deurdagte wyse gereageer het op gebeurtenisse, terwyl "nie-dogmaties" behels dat die Regering se apartheidsbeleid nie "verideologiseer" is nie (55).

Met Die Burger se "onafhanklikheid" en "vennootskap" vis-à-vis die Nasionale Party dus 'n gegewe feit, het die koerant in die praktyk sy onafhanklikheid getoon vanuit die 'regse' sowel as die 'linkse' hoek van die politieke toneel. Aan die een kant het hy gepleit om die spoediger en meer doelgerigte uitvoering van die reeds bestaande beleid van die Nasionale regering, terwyl hy aan die ander kant aangedring het op aanvaarding van beleidsrigtings wat op daardie tydstip nie verklaarde beleid was nie.

In die tydperk 1948 tot 1956 het Die Burger die Regering aangemoedig om spoedige wetgewing deur te voer om die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys te verwyder. M.a.w., aandrang op die uitvoering van verklaarde beleid. Die koerant het geen moontlike bedenkinge oor dié optrede getoon nie en ook geen meriete in mnr. N.C. Havenga se meer gematigde benadering van die probleem gesien nie. In 1954 was die koerant in die provinsiale verkiesing aan die voorpunt in die stryd teen die Kleurlinge se gemeenskaplike kiesreg en is 'n reuse-veldtog daarteen gevoer. (Sien hoofstuk 9). In dié opsig het die koerant nader gestaan aan die meer "kragdadige" Nasionale leiers soos mnr. J.G. Strijdom en dr. H.F. Verwoerd. Dié steun is getemper deur die koerant se ongeesdriftige steun aan die Regering se meer ekstreme konstitusionele voorstelle, soos die Hoë Hof van die Parlement en Strijdom se Senaatwetgewing. In dié opsig was die koerant weer nader aan Malan se siening dat die dooie punt oor die Kleurlingstemreg op konstitusionele wyse opgelos moes word. Ná 1956 het die prentjie verander en het die koerant meer vanuit die 'linkse' hoek, m.a.w. aandrang op die uitvoering van nie-verklaarde beleid, druk op die Regering uitgeoefen. Dit het gelei tot die voorstel in 1960 van direkte verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement. Die Burger het dus sy 'onafhanklikheid' vanuit die 'regse' en 'linkse' hoek getoon en die bal gespeel soos hy dit goed gedink het. Vir die buitestaander was dit soms moeilik om die kloutjie by die oor te bring, en was die koerant se optrede dikwels verwarrend. Die vraag is gestel: hoe kan 'n koerant wat jare lank teen die Kleurlinge se beperkte regte geagiteer het, kort daarná voorstel dat vergrote politieke regte vir Kleurlinge oorweeg word? Met sy optrede het die koerant egter, ongeag die meriete daarvan, duidelik sy "onafhanklikheid" binne die Nasionale raamwerk getoon.

In sy voordrag "Pers en Politiek" op Stellenbosch op 22 Maart 1968 het prof. Piet Cillié verskeie sg. "verkenningstogte" genoem wat Die Burger vir die Nasionale beweging uitgevoer het.

(a) Die koerant was in die jare vyftig 'n volhardende baanbreker vir die latere beleid van vrywordende Bantoetuistes; (b) die koerant het in 1958 al 'n weg na republiekwording bepleit wat in 1961 uitgeloop het op die koms van 'n republiek; (c) die koerant het aan die voorpunt beweeg van die denke waaruit die "uitwaartse beweging" ontwikkel het; (d) die koerant het by wyse van 'n prikkelende artikel en drukke korrespondensie die hele kwessie van swart diplomate uitgepluis; en (e) in Verwoerd se tyd heeltemal reguit volkome isolasie vir Suid-Afrika in internasionale sport in die vooruitsig gestel tensy sekere aanpassings gemaak word.

Dit is opmerklik en dalk profeties dat prof. Cillié in al hierdie gevalle niks van die moontlike suksesse van Die Burger se siening van politieke regte vir Kleurlinge genoem het nie.

(8) PROVINSIALISME

Die Burger is nie as 'n Kaaplandse dagblad gestig nie, maar as 'n Nasionaalgesinde dagblad wat op die hele land ingestel was. Tog was die mense wat die koerant uitgegee het, hoofsaaklik Kaaplandse Afrikaners - d.w.s. Afrikaners wat saam met hul voorouers onderworpe was aan 'n geleidelike politieke ontwikkeling sedert 1806 en blootgestel was aan die proses van gesprekvoering en kompromie (56). Hulle is te onderskei van Noordelike Afrikaners wat 'n stormagtige politieke geskiedenis en in Transvaal die outoritêre leierskap van Paul Kruger ervaar het.

Die Burger is van tyd tot tyd daarvan beskuldig dat hy provinsialisties optree en Kaapse sentiment voor stel en te veel beklemtoon. Dit was prof. Cillié se mening dat die probleem van die Kleurlingstem 'n "Kaaplandse pre-okkupasie" was (57). In 'n hoofartikel op 18 Augustus 1954 het Die Burger met die oog op die provinsiale verkiesing gesê dat alle oë landwyd op Bolanders gerig was omdat dit juis hulle was wat teen die "ontsaglike nadele" van 'n "verrotte stemregstelsel" moet veg, en dat weens die Kleurlingstem "die skaal teen die Bolandse Nasionaliste byna hartverskeurend gelaai is". In 'n hoofartikel op 9 September 1955 het Die Burger gesê dat die geskil rondom die Kleurlingstem eintlik 'n Kaaplandse probleem is

wat Kaaplanders regstreeks raak en nie die res van die land nie. Op 17 Julie 1971 het Dawie in 'n terugblik op die stryd om aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge gesê dat dit juis Kaaplandse Nasionaliste is wat die beste weet wat 'n deurslaggewende "bruin mag" in die politiek beteken, en daarop gesinspeel dat die Nasionale beleid teenoor die Kleurlinge steeds 'n Kaaplandse probleem is wat deur Kaaplanders opgelos moet word. In 1958 het 'n Engelse skrywer die verhouding tussen Die Burger en "Kaaplandse Nasionalisme" soos volg beskryf:

> "The term 'Cape Nationalists' is a nice compact way of saying 'those people within the Nationalist Party who have progressed farthest in their political thought processes'. It so happens that the Burger is the mouthpiece of this school of thought, both because its editorial direction is composed of intelligent men and it is no longer tied so strongly to the party line since the southern element of the Government Party has ceased to be the guiding factor". (58)

Die Burger se beklemtoning van provinsiale sentimente het veral onder prof. Cillié se termyn as redakteur toegeneem. Cillié het gevoel dat die Bolandse Afrikaner binne die Nasionale beweging aanspraak kan maak op die intellektuele leierskap daarvan (59). Die Burger se provinsiale uitkyk moet egter nie oorbeklemtoon word nie, en daar moet onthou word dat die koerant die draer van Malan se erfenis was ten opsigte van Afrikaner-eenheid. Daar is geen bewustelike beleid gevolg dat bv. net Bolanders in die redaksie aangestel word nie en baie nie-Bolanders was dikwels beleidsbepalers by die koerant. Al voorvereiste wat gestel is, was dat die breë beginsels en beleid van die NP ondersteun moet word. Cillié en Malan was die enigste gebore en getoë Bolandse redakteurs van die koerant. Dr. Geyer het in Oos-Kaapland grootgeword en dr. Weber is van Duits-Switserse herkoms en van Oos-Londen afkomstig. (Prof. Cillié se opvolger as redakteur is 'n gebore en getoë Vrystater).

Die Universiteit van Stellenbosch was in die veertiger- en vyftigerjare die vernaamste voedingsbron vir die aanstelling van redaksionele personeel by die koerant. Die leidende Afrikaanse koerante (insluitend Die Burger) stel oor die algemeen personeel aan met hoër akademiese kwalifikasies as dié by Engelstalige koerante (60).

(9) BEPALING VAN BELEID

Beleidsbepaling by Die Burger kan nie afgepen word tot 'n vaste raamwerk van optrede wat by elke gebeurlikheid toepaslik was nie. Optrede het van situasie tot situasie verskil. Die Burger het noue bande met Afrikaner-sakelui, -predikante, -opvoedkundiges en -boere in die Wes-Kaap en hulle is as't ware 'n klankbord by die beleidsbepaling van die koerant (61). Daarby is Die Burger sterk beïnvloed deur intellektuele aan die Universiteit van Stellenbosch en Afrikaanse sake-ondernemings soos die K.W.V. en Sanlam.

Die invloed van die Broederbond op Die Burger is moeilik bepaalbaar, maar klaarblyklik nie van deurslaggewende belang nie en buiten as 'n vertroulike organisasie waar menings gewissel en verskillende denke en optrede bespreek word. Die organisasie se invloed is nie so sterk soos in Transvaal nie en die invloed van die koerant en Stellenbosse akademici is klaarblyklik groter op die organisasie as omgekeerd (62).

Die direksie van die Nasionale Pers is in die praktyk 'n verlenging van Die Burger se beleidsbepalers in dié opsig dat dieselfde breë politieke sieninge deur albei gehuldig word en as't ware in bondgenootskap verkeer. Die redakteur van Die Burger word deur die direksie aangestel, maar die direksie meng hom nouliks in met die beleid wat deur die redakteur van die koerant gevolg word (63). In bepaalde gevalle neem die redakteur wel besluite in oorleg met die direksie, maar die redakteur gaan nie na die direksie met 'n bepaalde voorstel nie (64). Daar was nooit beduidende spanning tussen die direksie en die redakteur nie, wel tussen die redakteur en seksies van die party.

Die noue verbintenis tussen die Regering en Die Burger is op 'n tyd weerspieël in die feit dat kabinetslede in die direksie van die Nasionale Pers gedien het. Dr. Malan was lank lid van die direksie, maar nie net Kaaplanders was direksielede nie. Noordelike politici soos adv. C.R. Swart en Kmdt. C.A. van Niekerk was ook 'n tyd lank lid. 'n Transvaalse Minister, mnr. Peet Pelser, het ook later in die direksie van die Nasionale Pers gedien (65).

Hoofsaaklik om weg te beweeg van die beskuldiging dat die Nasionale koerante napraters van die Regering is en wedersydse verleentheid te voorkom, is in 1978 besluit om dié stelsel te beëindig. (66)

Hoewel die redakteur van Die Burger sy sittingsreg in parlementêre koukusvergaderings van die Nasionale Party in 1954 prys gegee het, het hy steeds ex officio sitting in die hoofraad van die Kaaplandse Nasionale Party as waarnemer. Dié reëling werk blykbaar bevredigend en daar is geen beweging om dit af te skaf nie.

(1) Cillié, Tydgenote, p. 38.

(2) P.A. Weber, 'Die Burger - sy stryd, invloed en tradisies' in J.P. Scannell (samesteller), Keeromstraat 30, (Kaapstad, 1965) p. 26.

(3) D. O'Meara, Volkskapitalisme - Class, Capital and Ideology in the development of Afrikaner Nationalism 1934 - 1948, (Johannesburg, 1983), p. 96.

(4) N.J. le Roux, W.A. Hofmeyr - Sy werk en waarde, (Kaapstad, 1953) p. 54.

(5) Le Roux, p. 69.

(6) O'Meara, p. 97.

(7) Le Roux, p. 66-68.

(8) A. van Wyk, Die Keeromstraatkliek - Die Burger en die politiek van Koalisie en Samesmelting 1932 - 1934, (Kaapstad, 1983), p. 14.

(9) E. Munger, Afrikaner and African Nationalism, (Londen, 1967) p.45.

(10) 'Die Burger - Puzzling Paradox of rebellious loyalty', in News Check, 2 (18), (13 Maart 1964), p. 25-26.

(11) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(12) 'Die Burger - Puzzling Paradox', News Check, p. 25.

(13) Van Wyk, p. 103.

(14) Van Wyk, p. 135 - 168.

(15) Weber, 'Die Burger - sy stryd', Keeromstraat 30, p. 38.

(16) G.M. Carter, The Politics of Inequality; South Africa since 1948, (Londen, 1962), p. 39 en 'Die Burger - puzzling paradox', News Check, p. 26.

(17) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985 en 25 Maart 1986.

(18) B.M. Schoeman, Van Malan tot Verwoerd, (Kaapstad, 1973), p. 53.

(19) Schoeman, Van Malan tot Verwoerd, p. 122.

(20) Die Burger, 18 Maart, 1965.

(21) Die Beeld, 10 November, 1968.

(22) 'Die Burger - puzzling paradox', News Check, p. 27.

(23) D.C. de Villiers, 'Die ou Burger is glad nie so 'n slegte koerant nie', Die Burger, 24 Julie, 1965.

(24) S. Pienaar, 'Die Smeerbrief', Die Beeld, 23 Mei, 1968, in T. Vosloo (samesteller), Schalk Pienaar: 10 jaar politieke kommentaar, (Kaapstad, 1975), p. 25.

(25) P.J. Cillié, 'Vertaling in die Joernalistiek', in A.S. de Beer (samesteller), Joernalistiek Vandag, (Kaapstad, 1982), p. 105 - 106. Sien ook Coenie Slabber, 'Moedswillige prof diep 'n mej. O op', Rapport, 27 April, 1986.

(26) De Villiers, 'Die ou Burger', Die Burger, 24 Julie, 1965.
(27) 'Die Burger - puzzling paradox', News Check, p. 26.
(28) 'Die Burger - puzzling paradox', News Check, p. 24.
(29) P.J. Cillié, 'Pers en Politiek', ongepubliseerde referaat gelewer by die Universiteit van Stellenbosch op 22 Maart 1968.
(30) Cillié, 'Pers en Politiek'.
(31) Weber, 'Die Burger - sy stryd', Keeromstraat 30, p. 27.
(32) 'Die Burger - puzzling paradox', News Check, p. 24.
(33) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985 en 25 Maart 1986.
(34) 'Dom Geleerdes', Die Burger, 11 Mei, 1959.
(35) Sien bv. P.J. Cillié, 'Colour in South Africa is incidental to nationality', The Forum, 1 (10), (Januarie 1953), p. 15-18.
(36) 'Our Twenty-First anniversary; congratulations to The Forum', The Forum, 8 (6), (September 1959), p. 2-3. In sy geluk-wensinge sê mnr. Cillié onder meer hy hoop dat The Forum altyd in gedagte sal hou dat nóg waarheid nóg intelligensie 'n monopolie is van een denkrigting in Suid-Afrika en dat die blad getrouer sal word aan die vrugbare naam wat hy dra.
(37) N.P. van Wyk Louw, Liberale Nasionalisme, (Kaapstad, 1958), p.22.
(38) P.J. Cillié, 'Van Wyk Louw se rol in die vrymaking van die Afrikaner', N.P. van Wyk Louw, gedenklesing gelewer by Randse Afrikaanse Universiteit, 5 Oktober 1981, Publikasiereeks van RAU A135, (Johannesburg, 1981), p. 15-18.
(39) E. Dommisse, 'The changing role of the Afrikaans press, in E. Munger (red), The Afrikaners, (Kaapstad, 1979), p. 97.
(40) D. Richard, Moedswillig die Uwe - Perspersoonlikhede van die Noorde, (Johannesburg, 1985), p. 108.
(41) Richard, p. 109.
(42) Richard, p. 106.
(43) Hoofartikel in Die Burger, 23 Januarie, 1942.
(44) Carter, Politics of Inequality, p. 39.
(45) Dagbreek en Sondagnuus, 4 Desember, 1960.
(46) Die Vaderland, 26 April, 1956.
(47) 'Die Burger vergelyk met wêreld se bestes - The Times, Die Burger, 18 Maart, 1965.
(48) H. Kenney, Architect of Apartheid : H.F. Verwoerd - an appraisal, (Johannesburg, 1980), p. 57.
(49) Kenney, p. 59.
(50) Weber, 'Die Burger - sy stryd', Keeromstraat 30, p. 29.

(51) Weber, 'Die Burger - sy stryd', Keeromstraat 30, p. 32.

(52) Weber, 'Die Burger - sy stryd', Keeromstraat 30, p. 34.

(53) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(54) Schoeman, Van Malan tot Verwoerd, p. 107.

(55) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(56) Thompson en Prior, p. 173.

(57) P.J. Cillié, 'Konstitusionele verandering in Suid-Afrika: Regeringstandpunt(e),' referaat gelewer op seminaarbyeenkoms van die Instituut vir Suid-Afrikaanse politiek van PU vir CHO op 1 Junie 1977, ISAP Aktualiteitsreeks nr. 13, September 1977, p. 5.

(58) A. Sussens, 'UP and Nationalist have much in common', The Forum, 7 (5), (Augustus 1958), p. 21.

(59) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(60) E. Dommisse, 'Changing role of Afrikaans press', in Munger (red), The Afrikaners, p. 104.

(61) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(62) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(63) Richard, p. 117.

(64) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(65) J.H.P. Serfontein, Die Verkrampte Aanslag, (Kaapstad en Pretoria 1970), p. 225.

(66) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

## HOOFSTUK 3

## DIE KLEURLINGSTEM 1948-1956

Aan die vooraand van die algemene verkiesing op 26 Mei 1948 was daar altesame 46,051 Kleurlingkiesers in Kaapland - sowat 8,3 persent uit die totaal van 555,576 kiesers in die Unie (1). Die kieskwalifikasies waarvolgens Kleurlinge in 1948 hul stem op die gemeenskaplike lys kon uitbring, was die besit van 'n huis van minstens 75 pond en 'n inkomste van minstens 50 pond per jaar asook 'n geletterdheidsvereiste m.a.w. dat die kieser sy naam en adres moes kan skryf. Kort ná die Nasionale oorwinning in 1948 het die Nasionale regering deur die wysiging van die Kieswet (Wet nr. 50 van 1948) strenger stappe teen Kleurlingkiesers aangekondig, onder meer die strenger toepassing van die kieskwalifikasies om ongerymdhede te voorkom en 'n bepaling dat Kleurlingkiesers voor 'n landdros, polisiebeampte of kiesbeampte moet registreer (2). Die Kleurlinge se relatiewe mag as kiesers is ook ná die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog deur die Smuts-regering ingekort. In 1940 is 'n wetsontwerp ingedien waarvolgens dit verpligtend sou wees vir blankes om as kiesers te registreer, maar nie vir Kleurlinge wat aan die kieskwalifikasies voldoen nie (3). Dié bepaling is uiteindelik kragtens Wet nr. 40 van 1945 in die wetboek geplaas. Kragtens die Konsolidasie van die Kieswet van 1946 was dit moontlik om Kleurlingkiesers in 'n landdroshof te daag waarvolgens hulle bewys moes lewer dat hulle oor die nodige kwalifikasies beskik om te stem. Indien nie, kon hulle van die lys geskrap word (4). Seksie 40 van Wet 46 van 1946 het ook voorsiening gemaak vir die instelling van aparte stembusse vir Kleurlingkiesers indien die Minister van Binnelandse Sake dit sou gelas (5). Die Kleurlingstem het in 1945 sy hoogste vlak ooit bereik, nl. 54,134. Weens Wet 40 van 1945 en die algemene herregistrasie wat daarmee gepaard gegaan het, het dit teen 31 Desember 1947 gedaal tot 39,110. Kort voor die algemene verkiesing van 1948 het dit egter gestyg tot 46,051 (6). Dit bring egter nog steeds 'n effektiewe daling van sowat 8,000 mee vergeleke met die hoogtepunt in 1945.

Hoewel Kleurlingkiesers dus op sigself 'n klein persentasie van die totale aantal kiesers in die Unie gevorm het, kan aanvaar word dat Kleurlingkiesers 'n invloed, hoe klein ook al, op die twee groot

blanke partye, die VP en die NP, se kanse op oorwinnings in sekere kiesafdelings gehad het. Menings wissel egter oor die presiese invloed wat Kleurlingkiesers uitgeoefen het.

Duvenage meen dat Kleurlingkiesers in 1936 die magsewewig in minstens die helfte van die Kaapse setels uitgeoefen het (7). Marais het bereken dat Kleurlingkiesers in 1929 die skaal in minstens tien van die 58 Kaaplandse kiesafdelings na die kant van een van die vernaamste twee blanke partye kon swaai (8). Die Kaapse Kleurlingblad die Cape Standard het tydens die algemene verkiesing van 1938 gesê dat Kleurlingkiesers 'n invloed op die finale uitslag in ses Kaapse kiesafdelings het (9). In 1949 het die hoofsekretaris van die VP, mnr. Okkie Oosthuizen, gesê dat van die 28 setels wat deur die VP in die 1948-verkiesing in Kaapland verower is, slegs 4 deur die Kleurlingstem beïnvloed is (10). Van der Ross meen dat in die 1953-verkiesing Kleurlingkiesers 'n invloed in 8 Kaapse kiesafdelings gehad het (11). Die Kaapse Kleurlingblad The Sun het ook die mening gehuldig dat Kleurlingkiesers in die 1953-verkiesing 'n invloed in 8 kiesafdelings in Kaapland uitgeoefen het (12). In die liberale maandblad The Forum het 'n skrywer in 1954 die mening uitgespreek dat Kleurlingkiesers 'n beslissende stem in minder as ses van die Kaaplandse kiesafdelings gehad het (13). Stultz meen dat Nasionale leiers verwag het dat met die wegdoen van die Kleurlingstem op die gemeenskaplike lys die NP 'n addisionele agt of nege setels in die Kaap sou bykry (14).

Volgens Scher het die Nie-blanke-stem in 1915 altesame 26 persent van die totale aantal kiesers in die 9 Skiereilandse kiesafdelings gevorm. In Woodstock het hulle altesame 44 persent van die totaal gevorm (15). Volgens hom het Kleurlingkiesers voor en tydens die twintigerjare die magsbalans tussen die twee vernaamste blanke partye in 8 tot 12 Wes-Kaaplandse kiesafdeling gehou (16). Die mees algemeen aanvaarbare siening oor die invloed van die Kleurlingstem is dié van Leo Marquard wat bereken het dat Kleurlingkiesers se invloed aansienlik in sowat 25 Kaaplandse kiesafdelings was en beslissend in sowat sewe (17). Carter is taamlik ambivalent oor die onderwerp en meen eers dat Kleurlingkiesers 'n aansienlike invloed in sowat die helfte van die Kaaplandse kiesafdelings uitgeoefen het (18), maar skaar haar later by Marquard se siening dat hul stem beslissend in sewe kiesafdelings was (19). Oor die 1953-verkiesing sê sy later dat die Kleurlingstem nie beslissend was in

een kiesafdeling nie (20).

By die bepaling van die invloed van die Kleurlingstem is die totale aantal Kleurlingkiesers in 'n kiesafdeling nie van deurslaggewende belang nie, maar wel die relatiewe sterkte van die onderskeie twee groot blanke partye binne die kiesafdeling (21). Die herafbakening van 'n kiesafdeling voor 'n verkiesing het ook 'n rol gespeel (22). Hoe groter die interne verdeling tussen blanke kiesers in 'n setel met heelwat Kleurlingkiesers, hoe groter was die kans dat die Kleurlingstem teoreties die deurslag sou kon gee. Volgens Thompson se indeling van die invloed van die Kleurlingstem in 1948 was daar in die Kaapstadse kiesdistrik een kiesafdeling met meer as 25 persent Kleurlingkiesers (Kaapse Vlakte), drie waar Kleurlingkiesers tussen 20 en 25 persent van die totale aantal kiesers gevorm het (Paarl, Woodstock en Kaapstad-Kasteel), twee waar Kleurlingkiesers tussen 15 en 20 persent van die totaal gevorm het (Vasco en Parow) en 12 kiesafdelings (waaronder Worcester, Caledon, Bredasdorp, Stellenbosch, Hottentots-Holland en Malmesbury) waar die totaal tussen 10 en 15 persent was (23). Ná die provinsiale verkiesing van 1949 het Thompson verder gemeen dat met die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys daar verwag kan word dat Caledon, Hottentots-Holland en Vasco, wat deur die VP met klein meerderhede in 1948 en 1949 behou is, na die NP sou swaai; dat die NP weer die setels Paarl en Bredasdorp, wat die VP in 1949 met klein meerderhede van die NP herower het, weer sal herwin en dat setels soos Kimberley-Distrik, Malmesbury, Victoria-Wes, Uitenhage en Worcester veilige Nasionale setels sou word (24). Sommige van die setels wat Thompson egter noem sou Nasionaal swaai vanweë vergrote blanke steun vir die NP en kan daar nie in alle gevalle gesê word dat dit vanweë die Kleurlingstem was nie.

Om uit die totale aantal kiesafdelings volgens Thompson se persentasie-indeling te bepaal in watter kiesafdelings die Kleurlingstem teoreties beslissend was, kan die volgende kriteria gebruik word om 'n formule te bepaal. Waar 'n setel (a) deur beide die VP en NP betwis is, (b) die setel tussen 1,000 en 3,000 Kleurlingkiesers gehad het en/of hulle meer as 15 persent van die totaal gevorm het en (c) die wenparty se meerderheid minder as 1,000 was, was die Kleurlingstem teoreties beslissend in so 'n kiesafdeling. Dit is egter belangrik om te sê teoreties aangesien die beslissende waarde van Kleurlingkiesers binne 'n kiesafdeling baie afgehang het van die stempatrone van die blanke kiesers. Volgens dié formule was net

vyf van die setels hierbo genoem teoreties beslissend nl. Paarl, Vasco, Hottentots-Holland, Caledon en Bredasdorp en drie waarskynlik beslissend aangesien daar 'n groot aantal Kleurlingkiesers in elke kiesafdeling was, maar die blanke partye nie gelykop in steun verdeel was nie en een numeries heelwat sterker as die ander een was. Dié setels is Kaapse Vlakte, Woodstock en Kaapstad-Kasteel. (Die NP het nie in 1948 of 1949 'n kandidaat in een van dié kiesafdelings genomineer nie.) 'n Aanvaarbare berekening sou dus wees dat die Kleurlingstem teoreties of waarskynlik beslissend in agt kiesafdelings was en sy invloed teoreties aansienlik in 18.

Die kiesafdeling Paarl het in die 1948-verkiesing en die provinsiale verkiesing van 1949 sowat 2,800 Kleurlingkiesers gehad en met 'n rofweg gelyke verdeling by blanke kiesers in steun vir die twee vernaamste blanke partye, was Kleurlingkiesers in dié setel teoreties beslissend, maar het dit ook grootliks afgehang in watter mate blanke kiesers hulle steun vir 'n spesifieke blanke party vergroot (sien hoofstuk 4). Vasco het in 1948 oor die 2,000 Kleurlingkiesers gehad, maar aangesien daar meer blanke kiesers as in die Paarl was, was die Kleurling-invloed teoreties minder. Die VP-meerderheid van slegs 701 in 1948 plaas hom egter in 'n grensgeval waar Kleurlingkiesers teoreties beslissend sou kon wees. Hoewel Hottentots-Holland aansienlik minder Kleurlingkiesers as die twee bg. setels gehad het, kan hy ook in die teoreties-beslissende kategorie geplaas word aangesien die setel tussen 1943 en 1948 drie keer van party verwissel het. (In 1943 was die VP se meerderheid 1,288, in 1947 was die NP se meerderheid 637 en in 1948 was die VP se meerderheid 571.) Bredasdorp met sowat 1,000 Kleurlingkiesers het in 1943 'n VP-kandidaat met 'n meerderheid van 1,046 verkies, maar die NP het die setel in 1948 verower. In die provinsiale verkiesing van 1949 het die VP die setel herower. Caledon is in 1948 deur die VP met 'n skrale meerderheid van 111 behou.

In die kategorie van 10 tot 15 persent het Kleurlingkiesers wel 'n invloed op die uitslag uitgeoefen, maar was die Nasionale meerderheid so groot dat hulle invloed nie beslissend was nie. Dit was veral in hierdie kategorie waar Die Burger en Nasionale leiers vordering deur die VP deur die aansienlike registrasie van Kleurlingkiesers gevrees het, en waar hewige veldtogte teen die Kleurlingstem gevoer is. Die berekenings hierbo genoem geld net vir die algemene verkiesing van 1948 en die provinsiale verkiesing van 1949. In die

algemene verkiesing van 1953 (gevoer met die Kleurlingkiesers steeds op die gemeenskaplike lys) was daar algemene konsensus dat Kleurlingkiesers in geen kiesafdeling 'n beslissende invloed uitgeoefen het nie (25).

Uit bg. ontleding blyk duidelik dat die Kleurlingstem nooit in enige kiesafdeling 'n definitiewe beslissende invloed uitgeoefen het in die sin dat hulle meer as 50 persent van die totale aantal kiesers gevorm het nie. Die beslissende invloed van die Kleurlingstem was grootliks afhanklik van veranderings in steun vir die twee vernaamste blanke politieke partye. Hoe meer blankes vir die NP gestem het, hoe meer is wegbeweeg van die moontlike beslissende rol wat die Kleurlingstem teoreties gespeel het. En dan sou die onbevestigde aanname ook wees dat 99 persent van die Kleurlingkiesers vir die VP sou stem.

Thompson het verder met sy indelings gevind dat die Kleurlingstem in 1948 slegs in 17 Kaaplandse setels meer as 10 persent van die totale aantal kiesers gevorm het en dat hulle in altesame 36 setels minder as 10 persent gevorm het. (In 24 Kaaplandse setels was Kleurlingkiesers minder as 5 persent van die totaal.) (26) Die Kleurlingstem was dus baie klein in vergelyking met die totale aantal kiesers in die Unie en in die praktyk teoreties beslissend in slegs 5 setels. Waar 'n Regering 'n gerieflike meerderheid in die Volksraad het van tussen 10 en 20 setels, kan hy bekostig om die Kleurlingstem te ignoreer, maar indien hy slegs 'n meerderheid van 5 het (soos die geval was met die NP in 1948) en die regeringsparty boonop nie kan reken op hul stem nie, neem die Kleurlingstem 'n meer belangrike posisie in. Afsonderlike verteenwoordiging was hier die mees ekstreme optrede wat oorweeg kon word as optrede daarteen. Beperkende administratiewe maatreëls as teenwig teen die Kleurlingstem soos deur die Smuts-regering voor 1948 toegepas is, was 'n minder ekstreme benadering, maar dit is te betwyfel of dit op die lange duur tot 'n oplossing sou bydra aangesien daar nouliks van Kleurlingkiesers verwag kon word om dit op die lange duur as 'n blywende oplossing te aanvaar. Uiteindelik sou die VP, indien hy ná 1948 nog aan die bewind gebly het, ook voor die vraagstuk te staan gekom het waarvoor die NP reeds op 'n teoretiese wyse 'n antwoord geformuleer het nl. hoe en tot watter mate moes vergrote regte aan die Kleurlinge toegestaan word. Gemeet aan die VP se optrede voor 1948 teen die Kleurlinge kan gespekuleer word dat hy

waarskynlik uiteindelik meer regte sou toestaan, maar nooit op so 'n wyse dat dit van 'n beslissende aard sou wees nie.

'n Objektiewe beoordeling van die invloed van die Kleurlingstem is dus moeilik om presies te bepaal. Die saak is verder bemoeilik deurdat die NP 'n hewige propagandaveldtog daarteen gevoer het en nie objektief na die saak gekyk het nie. Waar Die Burger gou was om die VP daarvan te beskuldig dat hy net die status quo wil behou en nie bereid was om aan die Kleurlinge vergrote politieke regte te verleen nie, was Die Burger se idealistiese siening van aparte verteenwoordiging en die voordele wat dit vir die Kleurlinge sou inhou dikwels net 'n siening wat as 'n nabetragting genoem is nadat al die nadele van die teenswoordige "verrotte stelsel" genoem is. Die hoofsaak was dat Die Burger en die Nasionale regering gevrees het dat die VP Kleurlingkiesers in 'n toenemende mate gaan registreer om Nasionaliste uit te stem. Dit was die hoofdryfkrag agter die veldtog vir die verwydering van Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys. Die idealistiese sieninge is eers later genoem. Om die vrees vir die vergrote registrasie van Kleurlingkiesers as propagandamiddel vir vergrote steun onder blanke kiesers aan te wend, is die invloed van die Kleurlingstem dikwels oordryf en is dié propaganda voortgesit selfs nadat die VP nie in die praktyk Kleurlingkiesers op groot skaal geregistreer het nie en daar inderdaad 'n afname in die aantal Kleurlingkiesers was.

Die Burger het tussen 1948 en 1956 gereeld berig oor die invloed van die Kleurlingstem in individuele kiesafdelings. In die algemene verkiesing van 1948 is net in die algemeen gewaarsku teen die invloed van die Kleurlingstem op Nasionale oorwinnings. Eers in 1954 het Die Burger vir die eerste keer 'n ontleding van die invloed van die Kleurlingstem in die 1948-verkiesing gedoen en Vasco en Hottentots-Holland genoem as setels waar die Kleurlingstem beslissend was (27). Vir die provinsiale verkiesing van 1949 is egter spesifiek gewaarsku dat Kleurlingkiesers die uitslag in die Paarl, Parow, Worcester, Stellenbosch, Malmesbury en Bredasdorp kan beinvloed (28). Vir die 1953-verkiesing het die koerant Worcester, Caledon-Bredasdorp, Paarl en Stellenbosch genoem as setels waar die Kleurlingstem 'n invloed kan hê (29). Vir die provinsiale verkiesing van 1954, toe Die Burger 'n intensiewe veldtog teen die Kleurlingstem gevoer het, is die Paarl, Caledon-Bredasdorp (sedert 1953 een kiesafdeling), Prieska en Valsbaai genoem as setels waar

die NP 'n groot gevaar geloop het om deur die Kleurlingstem verswelg te word. Ander setels wat ook in dié verband genoem is, was Worcester, Vasco, Uitenhage, Stellenbosch, Kimberley-Distrik en Malmesbury (30).

Daar bestaan oorvloedige getuienis dat Kleurlinge nie as 'n groep gestem het nie, maar as individue vir die kandidaat van hul keuse (31). Die steun wat Kleurlingkiesers in die verkiesings van 1915, 1924 en 1929 aan Nasionale kandidate in onder meer die kiesafdelings Stellenbosch, Paarl, Ladismith en Riversdal en in 1922 in die provinsiale verkiesing in Suid-Skiereiland verleen het, is welbekend (sien hoofstuk 1). Daarby het Kleurlingkiesers ook net vir VP-kandidate gestem wat hulle gevoel het hul belange die beste in die Parlement sou behartig. Kleurlinge in Stellenbosch het bv. in 1938 grotendeels vir die VP-kandidaat adv. H.A. Fagan gestem omdat hy vir hulle 'n aanneemlike kandidaat was wat hul belange beter sou behartig as die sittende LV mnr. Bruckner de Villiers (32). Die feit dat mnr. De Villiers toe kragtens NP-partybeleid belet is om grootskaals steun onder Kleurlingkiesers te werf, het waarskynlik ook 'n rol gespeel dat Kleurlinge nie in groot getalle vir hom gestem het nie (sien hoofstuk 1).

D.P. Botha se mening dat Kleurlingkiesers altyd "pro-Brits" gestem het behalwe die een keer toe Afrikaners vir hul regte gestry het (33), is dus net die halwe waarheid. Die Kleurlinge se stempatrone het gewissel van streek tot streek. In Skiereilandse kiesafdelings kan aanvaar word dat die meeste vir die VP en in 'n mindere mate vir ander partye (soos die Arbeiders en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party) gestem het, maar dit blyk dat daar altyd 'n redelike aantal Kleurlingkiesers was wat in die platteland vir Nasionale kandidate gestem het, hetsy onder dwang van hul werkgewers of vrywillig (34). Daar was 'n groter identifikasie met Afrikaners in die platteland wat veroorsaak het dat heelwat Kleurlingkiesers teen VP-kandidate gestem het. Dit het ook dikwels behels die uitbring van stemme vir die NP selfs tydens die 1948-verkiesing. Maj. Piet van der Byl, Minister in die Smuts-kabinet van 1939 tot 1948, maak in sy outobiografie daarvan melding dat vooraanstaande Kleurlinge in sy Bredasdorp-kiesafdeling ná die 1948-verkiesing aan hom gesê het dat 75 persent van sy Kleurlingkiesers as 'n protesstem teen hom gestem het (35). Kleurlingkiesers het blykbaar soos 'n groot persentasie blanke kiesers 'n protesstem teen die Smuts-regering uitgebring,

hoewel hulle nie heeltemal begerig was om die NP aan die bewind te sien nie (36). Tydéns die aanhoor van getuienis deur die Kleurlingstemkommissie in 1953/'54 is verbasende steun vir die regering se beleid van aparte verteenwoordiging uitgespreek (37), wat die moontlikheid inhou dat van die Kleurling-getuies wat as kiesers geregistreer was, vir die NP gestem het.

Daar kan nie gesê word dat alle Kleurlinge konsekwent "pro-Brits" gestem het nie, hoewel diegene wat wel so gestem het waarskynlik in die meerderheid was. Voor 1910 het die meeste Kleurlinge 'n vae lojaliteit aan die Britse monargie as simbool van die Britse regering betoon met die hoop dat die Britte verdere politieke regte aan hulle sou verleen. Dié gevoel het ná 1910 vervaag toe dit geblyk het dat die Britte inderdaad nie gaan aandring op vergrote politieke regte vir Kleurlinge nie (38). Die meerderheid politiek-bewuste Kleurlinge het hulle ná 1910 geskaar by Imperiaalgesinde Engelssprekende partye of groepe. Die grootste politieke party onder Kleurlinge tot omstreeks 1940, die African Political Organisation (APO) wat in 1902 deur dr. Abdullah Abdurahman gestig is, het sterk bande met Engelssprekendes gehad en Kleurlinge is deur dié party aangeraai om vir die Unionisteparty te stem. Ná die samesmelting van die Unioniste met Smuts se SAP in 1920 het dié stem outomaties na die SAP oorgegaan. Met die samesmelting van die NP en die SAP in 1934 en Malan se veranderde beleid om Kleurlinge van die gemeenskaplike lys te verwyder, het Kleurlinge nie veel keuse gehad as om oorwegend vir die VP as die "lesser of two evils" te stem nie. Die Kleurlinge se oorgrote steun vir die VP was min of meer 'n voldonge feit tot met hul verwydering van die gemeenskaplike lys in 1956. Met die vermindering van die APO se politieke invloed ná 1940 en die afname in lojaliteit aan die Britse monargie as vae begrip, het Kleurlinge se politieke gevoelens al meer verdeeld geraak en is partye gestig wat hoofsaaklik gekonsentreer het op die rassekwessie en eise om die verkryging van vergrote politieke regte. Verskeie politieke partye is in die veertiger- en vyftigerjare gestig wat 'n verskeidenheid van menings geopenbaar het. Party groepe het radikale veranderings en volle politieke regte geëis (soos die Non-European Unity Movement - NEUM); ander het 'n geleidelike ontwikkeling van bestaande regte geëis (soos die Coloured Peoples' National Union - CPNU) terwyl partye soos die South African Coloured Peoples' Organisation

(SACPO) volle politieke regte ongeag die bestaande situasie geëis het, maar minder radikaal as bv. die NEUM was. Kleurlingkiesers het egter nooit in betekenisvolle getalle steun aan verlinkse partye soos die SAKP verleen nie (39).

Die VP se Kleurlingbeleid tussen die jare 1934 en 1956 kan in wese opgesom word as die behoud van Kleurlinge se bestaande regte. In die program van beginsels van die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party in 1934 word geen spesifieke melding van Kleurlinge se grondwetlike posisie gemaak nie en word nie genoem of daar 'n uitbreiding of inkorting van regte beoog word nie (40). Die VP was diep verdeeld tussen sy liberale en konserwatiewe elemente oor 'n eenvormige Nie-blanke-beleid en aangesien enige verdere toekenning van regte aan Kleurlinge konserwatiewe sou vervreem en enige inkorting van regte liberale sou wegstoot, is die goue middeweg van geen verandering gevolg. Inherent het die VP nie 'n diepe besorgdheid oor die Kleurlinge se posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing gehad nie en hulle nie veel geskeel oor hoe die Kleurlinge hulle stem uitgebring het nie (41). 'n Goeie voorbeeld hiervan was die kwessie van VP-lidmaatskap van Kleurlinge wat tot 'n hewige polemiek gelei het. Die kwessie van lidmaatskap is vir die eerste keer in 1934 op die party se uniale kongres in Bloemfontein bespreek. Daar is toe besluit dat die kwessie van lidmaatskap 'n provinsiale aangeleentheid is wat aan die Kaaplandse kongres oorgelaat moes word om oor te besluit (42). In 1935 is op die party se Kaaplandse kongres op konserwatiewe aandrang besluit dat Kleurlinglidmaatskap van die party nie meer toegelaat sal word nie. Liberale lede van die party was baie ongelukkig oor dié besluit en het aangedring op die verandering daarvan (43). Op die provinsiale kongres van 1936 is 'n kompromisbesluit aangegaan waarvolgens Kleurlinge wel weer lede van die party kon word, maar dan in aparte Kleurlingtakke.

Gesien teen die agtergrond van die besluit oor Kleurlinglidmaatskap van die VP in 1936 en die verslag van die Kleurlingkommissie in 1937, waarin onder meer die uitbreiding van die Kleurlingstemreg na die Noordelike provinsies aanbeveel is, het Hertzog op 23 Maart 1939 in die Parlement weer breedvoerig die VP se Kleurlingbeleid uiteengesit. Daarvolgens sou die Kleurlinge se bestaande politieke regte gehandhaaf word. Die party bly egter gekant teen sosiale, maatskaplike en residensiële vermenging hoewel Kleurlinge nie ontneem sal word van hul ekonomiese regte nie m.a.w. hul

ekonomiese status sal min of meer saamhang met die sosiale werklikheid van segregasie (44). Hertzog se beleidsverklaring was die gevolg van die noukeurige opstelling deur 'n Kabinetskomitee van 'n eenvormige Kleurlingbeleid om alle faksies in die party tevrede te stel en enige tweespalt oor Kleurlingbeleid te voorkom (45). In wese het Hertzog se beleid teenoor die Kleurlinge weens tweespalt in die VP konserwatiewer geraak. Waar hy nog in die laat twintigerjare politieke regte na die Kleurlinge in die Noordelike provinsies wou uitbrei, het hy in 1939 desondanks die aanbevelings van die Kleurlingkommissie net die handhawing van hul bestaande regte voorgestaan.

Hertzog is ná Samesmelting in 1934 sterk onder druk geplaas om nie die Kleurlingstem uit te brei nie. Dit was veral Nasionaliste wat die druk vergroot het deur te eis vir die verwydering van Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys. Daarby het hy ook druk vanuit sy eie party ervaar en die bewering is al gemaak dat feitlik die hele VP gevoel het dat die tyd nog nie ryp was om Kleurlinge van die Noordelike provinsies verteenwoordiging in die Parlement te gee nie (46). Die moontlikheid is ook al genoem dat Hertzog sy vroeë toegeneentheid om die Kleurlingstem uit te brei, in die dertigerjare laat vaar het omdat hy gevoel het dat die Kleurlinge reeds op groot skaal met swartes geassimileer geraak het, en derhalwe sy pogings in die wiele gery het om die Kleurling nader aan die blanke te betrek (47). Daar bestaan egter geen bewyse dat Hertzog sy vroeë beleid teenoor die Kleurlinge laat vaar het nie, maar wel weens druk uit sy eie party en van Nasionaliste gevoel het dat dit op daardie tydstip nie prakties haalbaar was nie. Dit moet in gedagte gehou word dat sy pogings om die Kleurlingstem uit te brei, telkens skipbreuk gelei het o.m. weens teenstand uit sy eie party en die feit dat hy nie 'n tweederdemeerderheid in die Parlement kon verkry nie. Teenstand in sy eie party was blykbaar sterker as wat algemeen aanvaar word en die moontlikheid is al genoem dat dit een van die hoofredes was waarom Tielman Roos in 1929 uit die Nasionale kabinet bedank het (48).

Soos verwag kon word was Kleurlinge nie baie geneë met die besluit oor hul lidmaatskap van die VP in aparte takke nie en was daar tydens die 1943-verkiesing geen Kleurling VP-tak in die Skiereiland nie, maar wel een in Port Elizabeth (49). Voor die algemene ver-

kiesing van 1948 was daar wel tussen 10 en 15 Kleurlingtakke van die VP (50), maar Kleurlinge is nooit in groot getalle aangemoedig om lede van die VP te word nie, maar wel om by eie Kleurlingorganisasies aan te sluit (51). So was daar met die algemene verkiesing van 1948 in die kiesafdeling Kaapse Vlakte meer as 3,000 Kleurlingkiesers, maar slegs 71 ingeskrewe VP-lede (52).

Die VP se Kleurlingbeleid onder die Smuts-regering was min of meer dieselfde as onder Hertzog nl. die behoud van die bestaande politieke regte. In die praktyk is hul relatiewe stemkrag egter deur wetgewing verminder. Smuts was nie begerig of bereid om die Kleurlingstemreg uit te brei of groter politieke regte aan Kleurlinge te verleen nie (53). Die instelling van die Adviserende Kleurlingraad (AKR) in 1943 was tekenend van die sg. pragmatiese VP-benadering tot rasseverhoudinge (54) m.a.w. om beide die liberale en konserwatiewe vleuels van die party tevrede te stel. Aan die konserwatiewe kant kon die AKR voorgehou word as 'n skeidingsmaatreël en aan die liberale as 'n hoër politieke forum vir Kleurlinge. Die raad is gestig om die Regering te adviseer oor spesifieke probleme rakende die Kleurlingbevolking soos deur die Kleurlingkommissie van 1937 bepaal is (55). Die raad het uit 20 lede bestaan wat deur die Regering aangestel is en is in die lewe geroep ná beraadslaging met Kleurlingleiers (56). Die instelling van die raad het gelei tot die skerpste politieke verdelings nog in die Kleurlinggemeenskap (57) aangesien heelwat Kleurlinge dit gesien het as 'n voorloper van verdere segregasiemaatreëls. Verskeie VP-leiers het dit egter ontken en Kleurlingleiers aangemoedig om daarin te dien as "'n eksperiment in samewerking" (58). Die raad het egter met verloop van tyd die kleur gekry van 'n liggaam wat net namens VP-Kleurlinge praat en is in 1950 deur die Nasionale regering ontbind nadat die meeste lede uit eie beweging uit die raad bedank het.

Die verdubbeling van Kleurlingkiesers tot 54,000 in 1945 vergeleke met die syfer voor die Tweede Wêreldoorlog kan gedeeltelik toegeskryf word aan veldtogte deur die VP om Kleurlinge te registreer (59). Dit blyk egter dat Kleurlinge ook in groot getalle hulleself as kiesers geregistreer het; veral terugkerende soldate wat in Noord-Afrika en Europa saam met die Unie-magte diens gedoen het (60).

Daar was ook 'n vooruitgang in geleerdheid onder Kleurlinge wat veroorsaak het dat meer mense aan die kieskwalifikasies voldoen het (61). Pogings om die Kleurlingkiestal te vergroot is egter self deur die VP in die wiele gery ná die aanname van Wet 40 van 1945 wat die verpligte registrasie van blanke kiesers, maar nie Kleurlinge nie behels het. Smuts was ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog dus steeds nie begerig om die Kleurlingstem uit te brei nie uit vrees dat hy daardeur blanke steun sou verloor (62). In 1947 het die VP se hoofsweep, mnr. J.W. Higgerty, bv. instruksies aan partyamptenare gegee om nie geldelike bydraes van Kleurlinge vir die Generaal Smuts-verkiesingsfonds te aanvaar nie (63).

In 1947 is op die VP se Kaaplandse kongres besluit om met die oog op die 1948-verkiesing 'n grootskaalse registrasieveldtog in Kaapland te begin. Die VP se beleid was destyds om alle VP-ondersteuners, ongeag ras, te registreer en hoewel in die praktyk op blanke kiesers gekonsentreer is, is heelwat Kleurlinge wat aan die kiesvereistes voldoen het en erkende VP-ondersteuners was, ook geregistreer (64). Die Burger het die saak egter nie so ingesien nie en berig dat op die kongres besluit is om 'n ekstra 30,000 Kleurlinge voor die verkiesing te registreer om Nasionaliste uit te stem (65). Volgens onbevestigde inligting is maj. Piet Wolmarans, die destydse LPR vir Wynberg, aangesê om 'n veldtog te lei om spesifiek Kleurlinge as kiesers te registreer (66). Volgens dié inligting is die veldtog later op las van dié VP-topstruktuur en waarskynlik Smuts homself beëindig (67). Sir De Villiers Graaff dra geen kennis van so 'n veldtog nie (68) en ook mnr. Bill Horak sê dat daar nooit enige massaplan was om spesifiek Kleurlinge in groot getalle te registreer nie (69). Tog het heelwat VP-leiers gevoel dat die Kleurlingstem nie na behore benut word nie, en dat met die ekstra registrasie van 'n paar duisend Kleurling-kiesers die NP verhinder kon word om die bewind in 1948 oor te neem (70). Dit is egter duidelik dat die VP-leierstruktuur nie vir so 'n veldtog te vinde was nie omdat die party dalk daardeur blanke steun in die platteland sou verloor.

Die gedagte dat die VP altyd met sekerheid op die Kleurlingstem kon reken, blyk ook 'n mite te wees. Soos voorheen gesê was duisende Kleurlinge bereid om vir die NP te stem indien kandidate van dié

party steun onder hulle sou werf en 'n aanneemlike beleid aan hulle voorgehou het. Daar is die getuienis van maj. Piet van der Byl dat meer as driekwart van die Kleurlingkiesers in sy kiesafdeling in die 1948-verkiesing teen hom gestem het (sien hoofstuk I). Dan is daar ook getuienis dat mnr. Lampie Fick as Nasionalis in 1945 tydens 'n provinsiale tussenverkiesing in Caledon met die hulp van die Kleurlingstem tot dié raad verkies is. Dr. Jack Loock, wat kort tevore as hoofsekretaris van die VP in Kaapland afgedank is, het destyds vir die NP verskeie Kleurlingvergaderings toegespreek en onder meer verseker dat heelwat Kleurlinge in Caledon en Genadendal vir die NP stem (71). Ook is daar die getuienis van sir De Villiers Graaff dat hy in die kiesafdeling Hottentots-Holland in 1947/'48 nie eens kon reken op die steun van 50 persent van die Kleurlingkiesers in die kiesafdeling nie (72). In Elsiesrivier en in die Strand was groot kolle Kleurlinge wat Nasionaal gestem het, hoewel hy as VP-kandidaat in ander gebiede kon reken op die Kleurlingstem slegs nadat hy stemme onder hulle probeer werf het (73). Ook het die NP in 1953 suksesvol Kleurlingstemme in Hopetown gewerf (74).

In die praktyk was daar 'n sterk apatie by Kleurlingkiesers oor hul beperkte politieke regte en was sommige Kleurlinge net bereid om hulself as kiesers te registreer indien daar een of ander vorm van geldelike vergoeding was (75). Die meeste VP-organiseerders in Kaapland het egter een of ander band of skakel met Kleurlingkiesers gehad. Dit was meerendeels met opgevoede Kleurling-onderwysers of -sakemanne wat dan teen geldelike vergoeding onderneem het om namens die VP steun onder Kleurlinge vir die VP-kandidaat te werf (76). Margaret Creswell maak ook melding van die apatie wat onder Kleurlingkiesers geheers het en die 'spesiale metodes' wat gebruik is om hul stemme te werf. Volgens dié stelsel het die VP-kandidaat in 'n setel met heelwat Kleurlingkiesers eers 'n geldelike donasie tot die partyfondse gemaak wat dan deur die sekretaris van die party aangewend sou word om Kleurlingleiers in die gemeenskap te 'oorreed' om namens die VP stemme onder Kleurlingkiesers te werf (77). Volgens mnr. Bill Horak het dié stelsel later in onbruik verval omdat daar nie meer gereken kon word dat alle Kleurlingkiesers vir die VP sou stem nie (78). Inherent het dié stelsel

niks sinisters ingehou nie aangesien alle blanke partye destyds betaalde agente in diens gehad het wat namens die party stemme gewerf het.

Dit het egter meerendeels van die VP-kandidaat self afgehang in hoeverre hy Kleurlingkiesers tot sy eie voordeel wou aanwend. Sommige VP-kandidate het min onder Kleurlinge gewerk terwyl ander, soos kapt. R.J. du Toit in Kaapse Vlakte, dit op groot skaal gedoen het. Dat daar blykbaar wanpraktyke en korrupsie onder dié stelsel voorgekom het, is seker, maar daar is geen bewyse dat dit op so 'n groot skaal voorgekom het soos deur Nasionaliste voorgehou is nie. Dieselfde metodes wat deur die VP m.b.t. die Kleurlingstem nagevolg is, is vroeër deur die NP gebruik. Dr. Dönges het ook nie in 1951 aantygings deur die VP ontken dat die NP in 1948 Kleurlinge in Kraaifontein omgekoop het om vir die NP te stem nie (79).

In 'n amptelike VP-pamflet wat in 1949/'50 verskyn het, het die party herhaal dat sy amptelike Kleurlingbeleid steeds gebaseer was op genl. Hertzog se beginsel dat die Kleurlinge nie van hul bestaande regte ontneem sal word nie (80). Die Kleurlinge se spesiale posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing word erken. Die party besef verder dat die behoud van sosiale skeiding die wens is van beide Kleurlinge en blankes en dat die party graag op 'n vrywillige basis die ontwikkeling van aparte Kleurlingwoongebiede wil bevorder.

Hoewel die VP in 1951 by monde van sy nuwe leier, adv. J.G.N. Strauss, sterk standpunt ingeneem het teen die Nasionale regering se wetgewing vir die afsonderlike verteenwoordiging van Kleurlingkiesers was dit duidelik dat sy party nie eensgesind agter hom gestaan het nie. Die VP se standpunt nl. die behoud van die status quo met geen vermindering of vermeerdering van regte nie, was vir baie min mense aanneemlik. Daar was gedurig twis en tweespalt oor dié beleid. In 1951 het 'n VP-LV, mnr. R.S. Brooke, bv. gepleit vir hoër kieskwalifikasies vir Kleurlingkiesers (81). In September 1950 het 'n polemiek losgebars of Kleurlinge lede van die VP kan word al dan nie nadat VP-leiers in Suidwes-Afrika ontken het dat dit die geval was (82). In Mei 1952 is berig dat Kleurlinge nie welkom is op VP-vergaderings in die platteland nie (83). Tydens die 1953-verkiesingsveldtog het die VP-kandidaat in Valsbaai, adv. A.H. Broeksma, bv. lynreg teen partybeleid gepleit dat die stemreg

aan Kleurlingvroue toegestaan moet word (84). Ook in 1953 het die VP-kandidaat in Stellenbosch, mnr. J.S. Stuttaford, saamgestem met die siening dat Kleurlinge van die gemeenskaplike lys verwyder moet word en op 'n afsonderlike lys geplaas moet word (85). Die kleinskaalse registrasie van Kleurlingkiesers deur die VP voor die 1953-verkiesing het tot 'n verdere twis in die VP gelei waarin VP-leiers erken het dat daar min nuwe Kleurlinge geregistreer is om nie aan die NP die propagandakreet te verleen dat die VP op die rug van Kleurlingkiesers die bewind wil oorneem nie (86). Die Cape Argus het in 'n hoofartikel die feit betreur dat min nuwe Kleurlingkiesers geregistreer is en gesê dat die party 'n morele verpligting het om Kleurlingkiesers te registreer (87). Voor die 1953-verkiesing was dit VP-beleid, net soos met die 1948-verkiesing, dat Kleurlinge nie op groot skaal geregistreer moet word nie, buiten die normale registrasies wat in die kies-afdelings self gedoen is (88).

Aan die begin van 1954 was dit duidelik dat Strauss aan 'n definitiewe en oorkoepelende Nie-blanke-beleid vir die VP begin dink het (89). By die VP se uniale kongres in November 1954 is 'n sterk en ondubbelsinnige kleurbeleid aangekondig waarin onder meer ekonomiese integrasie van blank en nie-blank aanvaar is en die voorneme aangekondig is om meer politieke regte aan swartes te gee (90). Dié beleid het deels die liberale in die party bevredig, maar beslis nie die konserwatiewe nie. In 'n poging om konserwatiewe steun te behou, wou Strauss in 1955 nie die ondubbelsinnige versekering gee nie dat Kleurlinge weer op die gemeenskaplike lys teruggeplaas sal word as die VP aan die bewind sou kom. Dit het gelei tot die bedanking van die LV vir Hillbrow, dr. Bernard Friedman, uit die VP. Hy was 'n erkende lid van die liberale vleuel van die party. Met Strauss se vervanging as leier in 1956 deur sir De Villiers Graaff was daar nog geen uitsluitsel oor dié aangeleentheid nie. Eers met die aanvaarding van die VP se Senaatplan in 1957 (die Kleurlinge was toe reeds verwyder van die gemeenskaplike lys) is besluit dat al die Kleurlinge wat voor 1956 op die gemeenskaplike lys was, weer teruggeplaas sal word (92). Dit sou egter gekoppel word aan hoër kieskwalifikasies (93).

By die bepaling van Kleurlingkiesers se stemgedrag moet in gedagte gehou word dat dit 'n beperkte stemreg was sonder die inhoud van ware, effektiewe mag. Kleurlinge wat aan die kiesvereistes voldoen

het, kon stem, maar 'n Kleurling kon nooit as kandidaat vir die Volksraad genomineer word nie of hoop om sy invloed werklik te laat geld in bv. die opstel en deurvoer van wetgewing in die Parlement waaraan hy self 'n aandeel het nie. Dit is altyd namens hom gedoen. Kleurlinge se stemgedrag kan soos volg opgesom word:

"A minority group of inferior status, such as the Coloured people, having the vote but not the right to election to parliament, tends to base its choice of parties and candidates upon their policies towards the group rather than upon their attitudes on wider and national issues. Among the Coloured the adoption of this sectional approach in politics has been further encouraged by the colour barriers of the leading parties, whose constitutions either exclude Non-Europeans from membership or allow them only limited rights of membership. The Coloured voters have therefore attempted to secure their interests by supporting that party of the dominant class which shows them most goodwill and promises them the greatest measure of protection.... During elections in constituencies where the number of Coloured voters may be sufficiently large to decide the issue as between two evenly-balanced candidates, both are likely to seek their support regardless, if necessary, of their party's policy towards the Coloured people. The successful candidate, however, subject as he is to the pressure of his European constituents as well as of his party, may experience considerable difficulty in espousing the cause of the Coloured on an issue involving a conflict of interest between racial groups. Limited in most constituencies to a choice between candidates whose parties are all in varying degrees committed to a policy of colour discrimination and segregation, and numerically too weak to secure the election of an independent candidate, the Coloured voters have hardly been in a position to make effective use of their franchise rights. Theirs has been more often than not a choice betwen evils. In these circumstances, it is not surprising that individual voters and some leaders have attempted to use their franchise in order

> to derive temporary and personal benefit, and not to advance the interests of the community ... It is certain that, given the opportunity, many voters would give their allegiance to candidates who pledge themselves to strive for the abolition of colour discrimination. This would outweigh all other considerations. In the dilemma confronting voters who have no such opportunities - and as has been pointed out they form the bulk of the Coloured electorate - there is a growing tendency to refrain from participation in elections, on the grounds that the Coloured can expect no advantage from either side." (94)

Die sterk apatie by die meeste Kleurlinge om hul stemreg uit te oefen, is dus in wese toe te skryf aan die feit dat hul stemreg slegs 'n beperkte mag was waarin die meeste nie veel geloof in gehad het nie. Daarby het verdere beperkende maatreëls, soos dat Kleurlingkiesers gedurende werkure (feitlik onmoontlik vir die werkende man) by 'n verkiesingskantoor moes gaan registreer en dit boonop in die teenwoordigheid van 'n polisie-offisier moes doen, in die praktyk verder inhiberend op Kleurlinge ingewerk om hulleself as kiesers te registreer (95). Sommige staatsamptenare het ook voornemende Kleurlingkiesers geïntimideer deur te weier om hulle te registreer. Volgens sommige Kleurlingkiesers is hulle doelbewus by polisiekantore geïgnoreer of aangesê om die volgende dag te kom registreer (96). 'n Ander faktor wat Kleurlingkiesers verder geïnhibeer het om as kiesers te registreer of politiek te bedryf, was dat die Nasionale regering die regulasies van die Kaaplandse Onderwysdepartement waarvolgens enige Kleurlingonderwyser wat aan die politiek deelneem afgedank kon word, strenger begin toepas het. Onderwysers was die tradisionele bron van Kleurling-leierskap en dié stappe het verder bygedra as afskrikmiddel vir Kleurlinge om nie by die politiek betrokke te raak nie. (97)

Sommige Kleurlinge het wel beperkte voordele in hul stemreg gesien (98), maar nie veel hoop gehad dat hulle daardeur 'n effektiewe inspraak in landsake sou verkry nie. Dié siening het bygedra tot 'n konstante daling in die Kleurlingstem op die gemeenskaplike kieserslys wat ná 1956 voortgeduur het toe hulle op 'n afsonderlike lys geplaas is. Daar was hoofsaaklik drie redes vir die daling in registrasiesyfers vir Kleurlingkiesers: (i) Die feit dat die

registrasie van Kleurlingkiesers opsioneel was (vir Blankes verpligtend) en volgens 'n relatief ingewikkelde prosedure geskied het, (ii) die vernaamste politieke partye (die NP en die VP) 'n passiewe rol gespeel het, en (iii) die algemene apatie by die Kleurlingbevolking ten opsigte van die idee van afsonderlike verteenwoordiging (99). Die Nasionale siening dat die Kleurlingstem gedaal het aangesien die VP hulle nie meer in noemenswaardige getalle geregistreer het nie verloor uit die oog dat Kleurlinge slim genoeg was om self te weet wat hul beperkte stemreg vir hulle ingehou het. Hulle het nie die VP nodig gehad om dit vir hulle te sê nie. Die geloof in die VP was inderdaad self nooit hoog nie en die party is meestal net as die "lesser of two evils" beskou.

Net een ding sou die Kleurlinge tevrede stel; volle en effektiewe insae en relatiewe mag in die land se sentrale besluitnemingsliggaam. Die beperkte stemreg vir Kleurlinge kragtens die SA-wet van 1909 was vir Kleurlinge die sine qua non vir die verdere uitbouing van hul regte, nie 'n onveranderbare voorreg waarvoor hulle dankbaar was en op groot skaal van gebruik gemaak het nie. Die feit dat die VP nooit in enige stadium bereid was om hul beperkte stemreg uit te brei nie en nie in staat was om die verwydering daarvan deur die Nasionale regering te keer nie, het Kleurlinge ontnugter in die karige geloof wat hulle nog gehad het op die verdere verlening van regte. In dié opsig tree beide die VP, wat die Kleurlingstem net tot sy eie voordeel aangewend het, en die NP, wat nie besef het dat die wegneem van regte, hoe beperk ook al, nooit tot 'n blywende oplossing kan bydra nie, nie met goeie eer uit die stryd nie.

Paradoksaal is in invloedryke Nasionale kringe (hoewel nooit by die beleidsbepalers nie) in die vyftigerjare gevoel dat die verwydering van die Kleurlinge van die gemeenskaplike lys 'n positiewe beleid is wat voortgespruit het uit die siening dat Kleurlinge binne die gemeenskaplike stelsel politiek ondergeskik en magteloos was en dat 'n afsonderlike lys groter voordele vir hulle inhou. Dit is die mening wat dwarsdeur die vyftigerjare deur Die Burger gehuldig is. In dié opsig is gevoel dat Kleurlinge se politieke stemkrag op 'n afsonderlike groepsbasis bv. na die Noordelike provinsies uitgebrei sou word, later Kleurlingvroue as stemgeregtigdes kon insluit en

dan uiteindelik direkte verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement sou behels (100). Die gedagte het in die laat vyftigerjare sterk steun in Nasionale kringe gehad, maar het nie gerealiseer nie weens dr. Verwoerd se teenkanting daarteen. Op papier het dié stelsel egter groter voordele vir Kleurlinge ingehou as die stelsel van beperkte stemreg waarin nooit voorsien is dat dit uigebrei sou word nie. Die gebrek aan Nasionale kant was die doeltreffende uitbouing daarvan sodat die verwydering van die Kleurlinge van die gemeenskaplike lys nie die negatiewe kleur sou kry wat die stap ooglopend was nie.

(1) Thompson, *Cape Coloured Franchise*, p. 55.

(2) W.B. Vosloo en R.A. Schrire, 'Subordinate Political Institutions,' in A. de Crespigny en R. Schrire (reds), *The Government and Politics of South Africa*, (Kaapstad, 1978), p. 87.

(3) Van der Ross, *Political and social history of the Coloured people*, p. 236.

(4) W.B. Vosloo, 'The Coloured policy of the National Party,' in N.J. Rhoodie (red), *South African dialogue: contrasts in South African thinking on basic race issues*, (Johannesburg, 1972), p. 364.

(5) *The Cape Coloured Vote*, p. 49.

(6) Thompson, *Cape Coloured Franchise*, p. 55.

(7) Duvenage, p. 127.

(8) J.S. Marais, *The Cape Coloured People 1652-1937*, (Johannesburg, 1957), p. 279.

(9) Van der Ross, *Political and social history of the Coloured people*, p. 181.

(10) *The Sun*, 25 Februarie, 1949.

(11) Van der Ross, *Political and social history of the Coloured people*, p. 392.

(12) *The Sun*, 10 April, 1953.

(13) J. Lewin, 'Political logic and Coloured voters,' *The Forum*, 3 (5), (Augustus, 1954), p. 50.

(14) N.M. Stultz, *Afrikaner politics in South Africa 1934-1948*, (Los Angeles, 1974), p. 161.

(15) Scher, p. 40.

(16) Scher, p. 40.

(17) L. Marquard, *The peoples and policies of South Africa*, (Londen, vierde uitgawe 1969), p. 73. Ook aangehaal in D. Worrall (red), *South Africa: government and politics*, (Pretoria, tweede uitgawe 1975), p. 222: A. Venter, *Coloured: a profile of two million South Africans*, (Kaapstad, 1974), p. 492 en W.B. Vosloo, 'The Coloured policy of the National Party,' in N.J. Rhoodie (red), *South African dialogue: contrasts in South African thinking on basic race issues*, (Johannesburg, 1972), p. 368.

(18) Carter, Politics of Inequality, p. 122.

(19) Carter, Politics of Inequality, p. 134.

(20) Carter, Politics of Inequality, p. 126.

(21) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 44.

(22) Scher, p. 40.

(23) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 43.

(24) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 45-46.

(25) Carter, Politics of Inequality, p. 134: Scher, p. 377; en 'Die Verenigde Kleurlingparty?', Die Burger, 6 Mei, 1953.

(26) The Cape Coloured Vote, p. 15 en 82.

(27) Die Burger, 16 Augustus, 1954.

(28) Die Burger, 8 Maart, 1949.

(29) Die Burger, 4 en 10 April, 1953.

(30) Die Burger, 4 Augustus, 1954.

(31) Onderhoud met prof. R.E. van der Ross op 17 April 1986 en mnr. Japie Basson op 17 April 1986: Scher, p. 645: The Cape Coloured Vote, p. 49-50 en 'Kleurlinge stel min belang; bekommer hulle nie veel oor stemreg nie,', Die Burger, 21 April, 1954.

(32) Onderhoud met mnr. Japie Basson.

(33) D.P. Botha, Die opkoms van ons derde stand, (Kaapstad, 1960) p. 110.

(34) Carter, Politics of Inequality, p. 134 en Scher, p. 372.

(35) P. van der Byl, The Shadows Lengthen, (Kaapstad, 1973), p. 61.

(36) Van der Byl, p. 61.

(37) Die Burger, 15 en 22 April, 1954.

(38) R. van der Ross, 'Republic and Non-Whites,' die Cape Times, 30 Junie, 1960.

(39) Onderhoud met prof. Van der Ross.

(40) D.W. Krüger, South African parties and policies 1910-1960: a select source book, (Kaapstad, 1960), p. 85-88.

(41) Carter, Politics of Inequality, p. 126.

(42) 'Posisie van Kleurlinge binne die VP: uiteensetting ná 'n lang stilswye,' Die Burger, 24 Oktober, 1950.

(43) Lawrence, p. 77.

(44) Neame, p. 65-66.

(45) Lawrence, p. 100.

(46) Pirow, p. 201.

(47) Pirow, p. 195 en Van der Ross, Political and social history of the Coloured people, p. 144-145. Volgens Van der Ross bestaan daar geen bewyse dat Kleurlinge op groot skaal verswart het nie.

(48) Neame, p. 58. Volgens Tielman Roos se biograaf, J.P. Brits, het Roos Hertzog se siening gedeel dat die Kleurlinge politiek anders behandel moet word as swartes. Hy was egter nie ten gunste van die uitbreiding van die Kleurlingstem na die Noordelike provinsies op die basis van gemeenskaplike stemreg in dieselfde kiesafdelings nie. Daar was dus duidelike verskille in Kleurlingbeleid tussen Hertzog en Roos, hoewel hulle dit eens was oor die verwydering van die Swart-stem van die gemeenskaplike lys. Amptelik was Roos se rede vir sy uittrede uit die kabinet in 1929 sy swak gesondheid, hoewel dit bekend was dat hy nie met van sy kollegas in die kabinet, veral dr. Malan, oor die weg gekom het nie. Sien J.P. Brits, Tielman Roos - sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek 1907-1935, (Pretoria, 1979), p. 241-251 en 347-353.

(49) Die Burger, 24 Oktober, 1950.

(50) Onderhoud met mnr. Bill Horak.

(51) Die Burger, 24 Oktober, 1950.

(52) Die Burger, 24 Oktober, 1950.

(53) Van der Ross, Political and social history of the Coloured people, p. 235.

(54) Lawrence, p. 151.

(55) Carter, Politics of Inequality, p. 360.

(56) Barnard en Marais, p. 56.

(57) Carter, Politics of Inequality, p. 360.

(58) Lawrence, p. 152.

(59) W.K. Hancock, Smuts: The fields of force 1919-1950, (Cambridge, 1968), p. 562 en Van der Ross, Political and social history of the Coloured people, p. 257.

(60) Onderhoud met prof. Van der Ross op 17 April 1986 en mnr. Bill Horak op 10 April 1986.

(61) Onderhoud met prof. Van der Ross.

(62) Onderhoud met mnr. Japie Basson en prof. Van der Ross.

(63) Scher, p. 642.

(64) Onderhoud met sir De Villiers Graaff op 30 April 1986.

(65) 'Kaaplandse Sappe op soek na Kleurlingkiesers,' Die Burger, 27 November, 1947.

(66) Onderhoud met prof. Van der Ross. Volgens prof. Van der Ross het mnr. Harry Lawrence die inligting aan hom oorgedra.

(67) Onderhoud met prof. Van der Ross en mnr. Japie Basson.

(68) Onderhoud met sir De Villiers Graaff.

(69) Onderhoud met mnr. Bill Horak.

(70) Sien bv. J. Loock, Van die Preekstoel na die Parlement (en Terug), (Robertson, s.j.) Voorwoord.

(71) Loock, p. 37-38.

(72) Onderhoud met sir De Villiers Graaff.

(73) Onderhoud met sir De Villiers Graaff.

(74) Scher, p. 559.

(75) Onderhoud met mnr. Bill Horak.

(76) Onderhoud met mnr. Japie Basson.

(77) M. Creswell, An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell, (Kaapstad, s.j.) p. 145.

(78) Onderhoud met mnr. Bill Horak.

(79) Krüger, South African parties and policies, p. 324.

(80) Krüger, South African parties and policies, p. 337.

(81) Die Burger, 28 Februarie, 1951.

(82) Die Burger, 24 Oktober, 1950.

(83) Die Burger, 5 Mei, 1952.

(84) Die Burger, 11 Maart, 1953.

(85) Die Burger, 10 April, 1953.

(86) 'Only 1002 more Coloureds: Electoral Act blamed by UP,' die Cape Argus, 6 Oktober, 1952.

(87) Die Cape Argus, 7 Oktober, 1952.

(88) Onderhoud met mnr. Bill Horak.

(89) Carter, Politics of Inequality, p. 139 en Scher, p. 480.

(90) Barnard en Marais, p. 93.

(91) Barnard en Marais, p. 94.

(92) Barnard en Marais, p. 94.

(93) Heard, p. 77.

(94) R.M. de Villiers, 'Politics,' in E. Hellmann (red), Handbook on Race Relations in South Africa, (Kaapstad, 1949), p. 523-524.

(95) The Cape Coloured Vote, p. 75.

(96) Scher, p. 140.

(97) Scher, p. 349 en J. Lewin, 'In these days - personal notes,' The Forum, 9 (5), (Augustus, 1960), p. 16.

(98) Sien bv. 'Nats are wooing the Coloured vote,' The Sun, 20 Maart, 1953: 'Vote on Wednesday or ...?; 48,000 Coloured voters hold the whiphand,' The Sun, 10 April, 1953 en Dawie, Die Burger, 13 April, 1953.

(99) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep, RP 38/1976, (Staatsdrukker, Pretoria), p. 344.

(100) Onderhoud met mnr. Japie Basson.

## HOOFSTUK 4

## DIE 1948 VOLKSRAADS- EN 1949 PROVINSIALE VERKIESINGS

Die datum van 26 Mei 1948 staan bekend as die groot waterskeiding in die moderne politieke geskiedenis van Suid-Afrika. Die onverwagte vervanging van die VP-bewind met dié van die Nasionale Party het die land voorberei op die toepassing van die beleid van apartheid.

Die Herenigde Nasionale Party het 70 setels verower en die Afrikanerparty 9, terwyl die Verenigde Party 65 en die Arbeidersparty 6 verower het. Dit het aan die Malan/Havenga-koalisie 'n effektiewe meerderheid van 5 setels bo die VP, Arbeidersparty en die 3 swart verteenwoordigers gegee (1). Dit is dus duidelik dat die meerderheid van die regeringspartye klein was.

Die Burger het 'n sleutelrol in die Nasionale oorwinning gespeel. Aanvalle op die VP-regering het groot afmetings aangeneem. Kritiek en spot was veral gerig op sekere sleutelfigure binne die VP-regering. Die redakteur in 1948 was mnr. Phil Weber met Piet Cillié en Schalk Pienaar onderskeidelik eerste en tweede assistent-redakteurs. Hulle was dan die vernaamste politieke skrywers en beleidmakers wat aan die koerant sy politieke beslag gegee het (2). Buiten die hoofartikels het die rubriek deur Dawie, Uit my Politieke Pen, wye invloed uitgeoefen.

Smuts is voorgestel as 'n wêreldwyse staatsman wat glorie en lof in die buiteland verwerf het, maar eintlik 'n swak en weifelende politikus was wat voeling met die politieke gebeure in Suid-Afrika verloor het. Sy adjunk-premier, mnr. J.H. Hofmeyr, is as die grootste gevaar in die VP-regering gesien aangesien hy met sy liberalistiese politiek gesien is as 'n gevaar en ondergrawer van die blanke beskawing in Suid-Afrika. Ook die Minister van Landbou, mnr. J.G.N. Strauss, en die minister van arbeid, dr. Colin Steyn, is as swak politici voorgehou en dr. Steyn is op 'n tyd as "'n patetiese politikus" bestempel (3). Groot kritiek is ook uitgesonder op die Kaaplandse VP-leier, sen. A.M. Conroy, en ná sy ver-

kiesing as Kaaplandse leier in November 1947 het Die Burger soos volg in 'n hoofartikel daarop gereageer: "Die Kaaplandse Sappe behou dus hul leier en die NP een van die doeltreffendste werwers van die Nasionale saak in die land." (4) Conroy se wilde uitsprake en aanvalle op Afrikaanse kerke en die Broederbond het veroorsaak dat Die Burger se spotprenttekenaar, T.O. Honiball, hom in 'n karikatuur voorgestel het met 'n wawydoopmond dubbeld so groot soos sy gesig. Dit het ingang by blanke kiesers gehad. Honiball se spotprente en karikature van die VP-leiers wat hulle as onnoseles en verwardes uitgebeeld het, het wye ingang gevind om 'n negatiewe beeld van die Smuts-regering by die publiek gaande te maak.

In die hoofartikels van 1 Januarie 1948 tot op stemdag op 26 Mei is dan hoofsaaklik gekonsentreer op aanvalle op afsonderlike VP-leiers en hoe hulle hul regeringsportefeuljes gehanteer het. Altesame 48 hoofartikels het oor dié onderwerp gehandel. Die onderwerp daarnaas waarop die meeste kritiek gelewer is, was die swak ekonomiese beleid van die Smuts-regering. Altesame 33 hoofartikels het oor dié onderwerp gehandel. Onderwerpe wat verder behandel is, was soos volg: die Kommunistiese gevaar in SA en Europa, 24; vooruitbeskouinge op die naderende verkiesing, 22; die verkondiging van die beleid van apartheid, 12; die Indiërs se regte en aansprake, 6; die Kleurlingstem en politieke toekoms van die Kleurlinge, 6 en spesifieke kritiek op die VP-beleid ná die verskyning van dié party se verkiesingsmanifes, 5.

Hieruit blyk dat die Kleurlingstem en die politieke toekoms van die Kleurlinge nie so 'n belangrike rol by Die Burger in 1948 gespeel het nie. Die onderwerp was ondergeskik aan ander belangrike politieke vraagstukke. Nietemin was Die Burger skerp in sy kritiek op die VP se hantering van die Kleurlingvraagstuk. Kritiek het hoofsaaklik gehandel oor:

(a) die registrasie van Kleurlingkiesers deur die VP in setels waar die NP 'n moontlike kans op 'n oorwinning het of waar sy meerderheid klein was;

(b) die gebruik van Kleurlinge as politieke stemvee deur die VP deurdat in verkiesings aan hulle beloftes gemaak word wat dan nooit in parlementsittings realiseer nie;

(c) dat Kleurlinge teoreties sekere regte gehad het, maar in die praktyk sosio-ekonomies swak daaraan toe was;

(d) dat opgevoede en gegoede Kleurlinge toegelaat word om in die blanke gemeenskap in te beweeg en nie hul voorregte aanwend vir die verbetering van hul eie gemeenskap nie. Hierdeur het die blankes gevaar geloop om 'n sg. basternasie te word;

(e) beweerde korrupsie en wanpraktyke wanneer Kleurlinge hulle beperkte stemreg uitoefen, en

(f) die sg. inmenging van die AKR en sy leiers in die blanke politiek.

Die Burger het van 1948 tot en met die ontbinding van die AKR in 1950 gereeld kritiek gelewer op dié liggaam en veral teen sy voorsitter, mnr. George Golding. Op 11 Maart het die koerant in 'n voorbladberig sterk kapsie gemaak teen mnr. Golding se optrede deurdat hy saam met die VP-kandidaat in Gordonia, mnr. J. Butler, op 'n politieke vergadering opgetree het. In 'n berig onder die opskrif, "Sonderlinge verhouding met die VP: vergadering van Kleurlinge in Gordonia", is gesinspeel of mnr. Golding die reg gehad het om as onderwysamptenaar politieke oogpunte te verkondig. In 'n hoofartikel onder die opskrif, 'n Verduideliking Nodig, word gesê: "Dit raak al moeiliker om in die voorsitter van die Kleurlingraad - wat terloops ook onderwyser is - iets anders as 'n Sap-agent te sien ..., Hy beywer hom blykbaar baie sterk om die Kleurlinge as bolwerk vir die VP te organiseer."

Mnr. Golding se optrede saam met VP-kandidate in die 1948-verkiesing het op meer as een geleentheid voorgekom. Buiten sy optrede in Gordonia, het hy ook saam met sir De Villiers Graaff, die VP-kandidaat in Hottentots-Holland, stemme onder Kleurling-kiesers in Somerset-Wes vir die VP gewerf (5). Die noue bande tussen die AKR en die VP was 'n logiese uitvloeisel van die praktiese realiteite aangesien dié liggaam hom nouliks by die NP kon skaar weens dié party se volgehoue verwerping van die bona-fides van enige Kleurlingleier wat bande met die VP gehad het. Mnr. Golding was ook die leier van die Coloured Peoples' National Union (CPNU). Dié party is in 1944 gestig en het gepoog om die bestaande ekonomiese,

sosiale, opvoedkundige en politieke posisie van die Kleurlinge te verbeter deur middel van 'n goeie verstandhouding met die VP-regering (6). Die CPNU het uit Abdurahman se APO ontwikkel as reaksie teen die oorname van die APO in die vroeë veertiger-jare deur ver-linkse en Trotskyistiese Kleurlingleiers (7). In die praktyk was daar baie sterk bande tussen die VP en Golding se CPNU. Die VP het aan dié party geldelike ondersteuning verleen onder meer vir die finansiering van sy partyblad, The Sun, en in ruil daarvoor verwag dat die CPNU soveel moontlik Kleurling-kiesers moes oorhaal om vir die VP te stem (8). Die Burger het mnr. Golding se invloed onder Kleurlingkiesers gevrees aangesien hy menige Kleurlinge kon oorreed om vir die VP teen NP-kandidate te stem.

Op 30 Maart het Die Burger die HNP se beleid vir die verkiesing gepubliseer. (Die verkiesingsmanifes is op 21 April gepubliseer, maar was in wese dieselfde as die beleid wat op 30 Maart gepubliseer is.) In die beleidstuk word breedvoerig na die politieke regte van die Kleurlinge verwys. Onder die opskrif, Plek van die Kleur-linge, word gesê: "Die Kleurlinge neem 'n middelposisie tussen die blankes en die naturelle in. 'n Beleid van Apartheid tussen blankes en Kleurlinge en tussen naturelle en Kleurlinge sal toe-gepas word op maatskaplike, residensiële, industriële en politieke gebied. Geen huwelike tussen blankes en Kleurlinge sal toegelaat word nie. Die Kleurlinge sal op terreine waar hulle reeds geves-tig is teen onbillike konkurrensie van die naturel beskerm word."

Onder die opskrif, Politieke Verteenwoordiging, word onder meer gesê: "Die Kleurlinge sal in die Senaat verteenwoordig word deur 'n blanke verteenwoordiger wat op grond van sy kennis van Kleurling-aangeleenthede deur die Regering benoem sal word. Die huidige ongesonde stelsel wat toelaat dat Kleurlinge in Kaapland saam met die blankes as kiesers geregistreer word en saam met die blankes vir dieselfde kandidate stem, sal afgeskaf word en die Kleurlinge sal deur drie blanke lede in die Volksraad verteenwoordig word. Hulle sal gekies word deur die Verteenwoordigende Kleurlingraad ... 'n Staatsdepartement van Kleurlingsake sal in die lewe geroep word. In die Provinsiale Raad van Kaapland sal hulle deur drie blankes, gekies deur die Verteenwoordigende Kleurlingraad, verteenwoordig word. Vir Kaapland sal 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad in die

lewe geroep word wat sal bestaan uit verteenwoordigers gekies deur die Kleurlinge op 'n kiesafdelingsbasis met die huidige kwalifikasies vir stemreg, die hoof van die Departement van Kleurlingsake en verteenwoordigers deur die regering benoem. In hul eie gebiede sal die Kleurlinge hulle eie rade met eie publieke dienste hê wat deur hulleself behartig sal word binne die raamwerk van die bestaande rade van hoër gesag."

Onder die opskrif, Maatskaplike en Welsynsdienste, word gesê: "Spesiale aandag sal gegee word aan die verskaffing van maatskaplike, mediese en welsynsdienste waarin die kragte van die Kleurlinge self ingespan kan word en waar hulle geleeer sal word om sover moontlik selfversorgend te wees." Verder word genoem dat 'n volksregistrasie gehou moet word om te bepaal wie aan die Kleurlinggemeenskap behoort sodat apartheid behoorlik toegepas kan word. Volgens die beleidsverklaring is die NP bereid om die Kleurling se ontwikkeling te bevorder op die grondslag van die beginsel van apartheid. 'n Staatsdepartement van Kleurlingsake moet in die lewe geroep word terwyl duidelike voorsiening gemaak moet word vir aparte woongebiede en die streng toepassing van apartheid in die verkeerswese onder meer in busse en op treine.

Uit dié beleidsverklaring blyk dit dat die NP beoog het om die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys te verwyder en dat drie blanke verteenwoordigers hulle belange in die Parlement sou behartig. Dié drie verteenwoordigers sou egter nie deur Kleurlingkiesers op 'n grondslag van algemene stemreg verkies word nie, maar wel deur 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad (9).

Die Burger het op 30 Maart in 'n hoofartikel onder die opskrif, Apartheid en die Kleurlinge, breedvoerig gereageer op die politieke posisie van die Kleurlinge. Die Burger het die NP-beleid gesien as 'n poging en bydrae om die suiwerheid van die blanke ras te bewaar en "dit spreek vanself dat die uitvoering van die voorstelle in die blankedom se belang is". Hoewel die Kleurlinge teoreties sekere regte het, realiseer dit nie in die praktyk nie.

> "Die stemreg was vir die Kleurling al hierdie jare eerder 'n vloek as 'n seën, omdat dit van hom 'n politieke speelbal gemaak het. By verkiesingstye stap die Sap-agent met hom hand om die nek en is hy 'n lekker kêrel, maar ná die verkiesing en al die boetie-boetie-spelery keer hy na sy krot en sy ellende terug."

In die hoofartikel word erken dat "'n klein klompie Kleurlinge dit wel gelukkig getref het" deur by die blankes ingeskakel te word.

> "Die meeste van hierdie klompie het 'n baantjie uit die hand van die Regering gekry en die ander is in die staatsdiens of in 'n stadsdiens, en byna sonder uitsondering is hulle vurige voorstanders van die soort apartheid wat hulle van hulle minder bevoorregte mede-Kleurlinge apart sal hou en by die blankes sal laat kruip. Hierdie vervreemding van die ontwikkelde en goed besoldigde Kleurling van sy rasgenoot moet vir die groot massa Kleurlinge die bewys lewer dat daar vir sy groep as geheel geen heil op die huidige pad is nie ... Geskoolde en geleerde werkgeleentheid moet vir die Kleurling geskep word deur hulle in eie gemeenskappe te organiseer ... Daardeur sal 'n beter toekoms vir hulle kinders geskep word en sal selfrespek en ook 'n eie nasionale gevoel en trots tot stand kom. Dit is die oogmerk van die Nasionale Party se beleid. Die Nasionale Party wil die Kleurling help om sy heil in apartheid te soek."

Heelwat wat <u>Die Burger</u> in 1948 oor die Kleurlinge se minderwaardige en onderdrukte posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing gesê het, was waar (10). Die Kleurlinge was in 1948 as geheel 'n magtelose minderheid wat op politieke, sosio-ekonomiese en maatskaplike gebied nie baie goed daaraan toe was nie. In dié opsig het die Smuts-regering nie veel gedoen om hul lot te verbeter of 'n langtermynplan gehad waarvolgens doelgerigte beleidsrigtings nagevolg sou word om hulle posisie te verbeter nie. Waar die Smuts-regering wel opgetree het, was dit gewoonlik in die praktyk 'n verdere inkorting van Kleurlinge se regte, veral met betrekking

tot die uitvoering van hul stemreg (sien hoofstuk 3). Volgens Die Burger was die laissez-faire houding van die Smuts-regering in wese die oorsaak van die situasie. Hoewel Die Burger dus korrek ingesien het dat die Kleurling se posisie in die praktyk veel te wense oorgelaat het, was die implisiete kritiek teen die koerant en die NP of apartheid noodwendig die beste manier sou wees om die situasie te verbeter.

Met die aanloop tot die verkiesing op 26 Mei het Die Burger al meer in berigte gewys op die sogenaamde toenemende registrasie en werwing van Kleurlingkiesers wat volgens die koerant op groot skaal deur die VP toegepas is en die sogenaamde wanpraktyke wat hiermee gepaard gegaan het. Op 10 April het Dawie in sy rubriek gesê dat die Sappe Kleurlinge voor die voet registreer. Op 17 April is in 'n voorbladberig gesê dat etlike duisende Kleurlinge deur die VP in Skiereilandse kiesafdelings geregistreer is en dat die Sappe hulle hoop vestig op die Kleurlingstem. Die berig lui verder: "Dit is klaarblyklik gedoen omdat die Sappe op die Kleurlingstem reken om die NP te verslaan veral in kiesafdelings waar die VP se kanse op oorwinning nie so rooskleurig is nie." Op 23 April word in 'n voorbladberig gesê dat die VP-kandidaat in Parow, mnr. H. Boonzaaier, beloof het om Kleurlinge met motors na die stembus aan te ry. Hoewel daar in 1948 altesame 2,421 Kleurlingkiesers in die Parow-kiesafdeling was en die VP veldtogte gevoer het om Kleurlingkiesers te registreer en te oorreed om hul stem vir die VP uit te bring, het die NP in die algemene verkiesing 'n meerderheid van 1,232 stemme behaal. Die moontlikheid kan dus nie uitgesluit word dat heelwat Kleurlingkiesers vir die NP gestem het nie.

In 'n hoofartikel op 10 Mei onder die opskrif, Kleurling en Naturel, het Die Burger gewaarsku dat Kleurlinge ekonomies benadeel word deur die geweldige toestroming van swartes na die stede.

> "Fatsoenlike Kleurlinge betrag die nuwe ontwikkeling tereg met besorgdheid, want as die dinge so moet aangaan, dan loop die Kleurlingbevolking die gevaar van geleidelike verkaffering .... Die NP verklaar duidelik:

> Veral moet die Kleurling beskerm word teen onbillike mededinging met die naturel, en die Kleurling moet weens sy aanvaarding van die Europese lewenswyse beskou word as 'n bevoorregte posisie teenoor die naturel in te neem."

Op 24 Mei het Die Burger in 'n prominente voorbladberig skerp kritiek gelewer op die sogenaamde "sambok-pamflet" waarin 'n afbeelding verskyn het van 'n nie-blanke in kettings wat smekend op sy knieë lê en deur 'n blanke met 'n sambok afgeransel word. Daarnaas verskyn op die pamflet dat 'n oorwinning deur die Nasionaliste vir die Kleurlinge apartheid en onder meer slawe-arbeid sal beteken. Die pamflet was 'n opportunistiese stuk propaganda wat deur die Springbok Legion - 'n linkse organisasie van oud-soldate wat in die Tweede Wêreldoorlog saam met die Unie-magte geveg het - opgestel en is versprei saam met 'n pamflet waarin die VP se beleid uiteengesit is. In die pamflet word ook op die gevoelens van Kleurlinge teenoor swartes gespeel deurdat Kleurlinge weens apartheid in sogenaamde "kaffer-kampe" sal moet gaan woon.

Die Burger het ná die NP se verkiesingsoorwinning in 'n hoofartikel op 29 Mei 1948 'n duidelik versoenende houding ingeneem vergeleke met die veldtog wat die koerant voor die verkiesing gevoer het. "Hoef ons te herhaal dat daar geen sprake is van onderdrukking van die nie-blankes nie. Wie slegs 'n oomblik nadink, begryp mos dat op 'n pad van onreg en onderdrukking geen oplossing van die kleurvraagstuk te bereik is nie, maar wel die omskepping van SA in 'n hel."

Die invloed van die Kleurlingstem in die 1948-verkiesing is moeilik bepaalbaar. Bloot oppervlakkig beskou blyk dit of dit nie van beslissende invloed was nie, aangesien die Kleurlingstem nie kon verhoed dat die NP die verkiesing wen nie. Scher meen ook dat die invloed van die Kleurlingstem in die 1948-verkiesing ver van beslissend was (11). In sy studie het hy tot die gevolgtrekking gekom dat daar in die hele Kaapprovinsie net vyf setels was wat deur die VP verower is met 'n kleiner meerderheid as die totale

aantal Kleurlingkiesers in die kiesafdeling. By nadere ondersoek kan bepaal word of die VP afhanklik was van die Kleurlingstem in dié vyf setels. Die setels was Woodstock (Kleurlingkiesers 2,574: VP-meerderheid 2,132), Vasco (Kleurlingkiesers 2,186: VP-meerderheid 185), Hottentots-Holland (Kleurlingkiesers 1,387: VP-meerderheid 571), Caledon (Kleurlingkiesers 905: VP-meerderheid 111) en Port Elizabeth-distrik (Kleurlingkiesers 1,855: VP-meerderheid 944). Woodstock was volgens hom 'n VP-vesting terwyl in Vasco daar aansienlike blanke steun vir die VP moes wees. In Hottentots-Holland het die NP in 1947 in 'n tussenverkiesing die setel verower omdat die nie-Nasionale blanke- en Kleurlingkiesers ekonomiese griewe teen die VP-regering gekoester het. In 1948 het die griewe blykbaar afgeneem. In Caledon is dit duidelik dat die VP aansienlike blanke steun geniet het sonder om totaal afhanklik van die Kleurlingstem te wees terwyl in Port Elizabeth-distrik die meerderheid Kleurlingkiesers waarskynlik vir die VP gestem het. (12) Volgens hom was Kleurlingsteun vir die NP waarskynlik min, hoewel aanvaar kan word dat 'n redelike getal Kleurlingkiesers in plattelandse kiesafdelings soos Malmesbury, Stellenbosch, Paarl, Caledon, Worcester en Bredasdorp vir die NP gestem het. (13)

Die tydperk vanaf die NP se verkiesingsoorwinning tot aan die einde van 1948 is gekenmerk deur die toenemende toepassing van apartheidsmaatreëls in onder meer die Kaapse Skiereiland en die heftige reaksie van Kleurlingleiers daarteen. Dit is ook gekenmerk deur skerp kritiek deur Die Burger op die houding van die AKR en veral teen sy voorsitter, mnr. George Golding. Die Burger het ook in dié tydperk gereeld kritiek gelewer op die toenemende registrasie van Kleurlingkiesers wat volgens die koerant deur die VP gedoen is met die oog op die provinsiale verkiesing van 1949. Die koerant het ook aandag gegee aan die "positiewe stappe" wat deur die toepassing van die apartheidsbeleid bereik is. Op 21 Junie is berig dat Kleurlinge op Graaff-Reinet hulle eie dorp gekry het "waar inwoners self sake sal bestuur".

Mnr. George Golding was in wese 'n konserwatiewe Kleurlingleier en buiten sy voorsitterskap van die AKR ook leier van die CPNU. Hy het 'n verbetering van die Kleurlinge se algemene posisie binne die

bestaande blanke orde nagestreef. In die praktyk het hy egter net so skerp soos meer radikale Kleurlingleiers gereageer teen die stappe wat die Nasionale regering met betrekking tot die Kleurlinge beoog het. In Julie het hy gesê dat die Nasionale oorwinning in die 1948-verkiesing wydverspreide vrees en onsekerheid onder Kleurlinge veroorsaak het. Die Burger het in 'n hoofartikel op 7 Julie skerp op sy menings gereageer en gesê dat dit aanmatigend van hom is as hy meen dat die Regering sy mandaat sal verwerp ten einde hom as voorsitter van die AKR te behou. "Mense moet besef dat die voorstanders van apartheid dit goed bedoel en ook die Kleurlinge wil help .... Kleurlingleiers stel hulle bloot aan aanklag dat hulle belange van 'ambisieuse' Kleurlinge bevorder wat hulle daarop toelê om onder die blankes in te kruip .... Apartheid tussen hulle en hulle rasgenote bied geen uitkoms nie. Die beleid van die NP wil dan ook hierdie verskynsel en rigting nie aanmoedig nie."

In Augustus het Die Burger gereageer op die openbaarmaking van 'n beleid wat deur die Kaapse stadsraad nagevolg is waarvolgens onder andere verkeerskonstabels ongeag ras teen dieselfde betaling in diens geneem is mits hulle oor die nodige kwalifikasies beskik het. Die Burger het op 2 Augustus 'n berig hieroor geplaas na aanleiding van klagtes dat Kleurling-verkeerskonstabels blanke verkeersoortreders gearresteer het. In 'n hoofartikel sê die koerant dat "ons ons moet klaarmaak vir 'n deurmekaar stadsdiens" en dat "hierdie weg lei na die uitwissing van die blankedom en na 'n swart republiek". "As ons reg moet laat geskied aan billike eise en aspirasies van die gekleurde rasse - en die plig rus swaar op ons - dan moet dit langs 'n ander weg geskied." (14)

Oor die toenemende toepassing van apartheid op busse en treine en die daarmee gepaardgaande reaksie deur Kleurlingleiers daarteen, sê Die Burger in 'n hoofartikel op 7 September dat sommige Kleurlinge hulle nou as werktuig laat gebruik waaruit net die Kommuniste voordeel sal kan trek.

> "Waarom sal die Kleurling dan saai net vir die Kommuniste om te maai? Hoegenaamd niks is van hom weggeneem nie, daar sal ook niks weggeneem word en niemand word 'verdruk' nie. Al wat die nuwe

reëlings op die treine behels, is dat blankes wat graag onder mekaar wil wees, dit so mag hê. Misgun die Kleurlinge hulle dit? Dan het hy 'n ander soort mens geword - en nie 'n betere nie! ... Geen ordentlike mens dring hom op aan 'n ander nie, en die meeste Kleurlinge was nog altyd ordentlik. Wil hulle nou hul goeie aansien en die goeie gesindheid wat die blankes hulle toedra, op las van Kommunistiese agente met geweld vernietig deur die georganiseerde uittarting van landswette?" (15)

Op 8 September het Die Burger berig van 'n voorval op Calvinia waarin 'n sendeling deur 'n hof beboet is nadat dié 'n Kleurling-onderwyser aangerand het. Die Burger het die voorval in 'n hoofartikel afgekeur. "Daar is vir almal 'n taak om nie-blankes te oortuig dat apartheid nie net die belange van blankes beskerm nie, maar in werklikheid ook die enigste beleid is wat aan die nie-blanke kan gee wat hom toekom .... Die Regering sal nie nalaat om met positiewe dade sy goeie wil teenoor die Kleurling-bevolking te toon nie." (16)

Die Nasionale regering se aanname van Wet 50 van 1948 waarvolgens daar 'n strenger toepassing van die wetlike kieskwalifikasies vir Kleurlingkiesers sou wees asook onder meer 'n bepaling dat Kleurling-kiesers voor 'n polisie-offisier moes registreer, het skerp kritiek van mnr. Golding in sy hoedanigheid as voorsitter van die AKR uitgelok. In dié opsig het Die Burger mnr. Golding se kritiek ewe sterk betreur. Op 29 September het Die Burger in 'n hoofartikel onder die opskrif, 'n Histeriese Uitbarsting, sy sogenaamde "ongebreidelde, buitensporige en beledigende taal" veroordeel en gesê die Regering moet dit oorweeg om sy voorsitterskap van die raad te beëindig.

"Die wysiging van die Kieswet wil geen gekwalifiseerde Kleurlingkieser van sy kiesreg beroof nie; dit wil slegs misbruike uitskakel. Maar met volslae veronagsaming van die waarheid sê die voorsitter van die Kleurlingraad dat dr. Dönges goed weet dat sy nuwe amendement die Kleurlingstem sal uitskakel. As bewerings van hierdie aard rondgeslinger word om 'intense haat' by die Kleurling

aan te wakker, en die beskuldiging van die Regering se 'boosaardigheid' te regverdig, dan is dit die hoogste tyd dat die Regering die verkondiger daarvan in die pad steek. Die Kleurlinge is inderdaad te bejammer dat hulle leiers van dié kaliber het."

Hoewel Die Burger ontken het dat die Regering met die wysiging van die Kieswet (Wet 50 van 1948) gepoog het om Kleurlingkiesers te 'ontkieser' was die duidelike doelwit agter die wetgewing die vermindering van die relatiewe stemkrag van Kleurlingkiesers. Volgens Die Burger het 'n groot aantal Kleurlingkiesers wat nie oor die nodige kwalifikasies beskik het nie in verkiesings gestem. Hiervoor was daar egter geen bewyse nie, behalwe in enkele hofsake, en kan aanvaar word dat Die Burger die saak oordryf het (17). In die praktyk het dié wetgewing bygedra tot die konstante daling van die getal Kleurlingkiesers en dit ook vir die VP moeiliker gemaak om Kleurlingkiesers te registreer wat wel aan die kiesvereistes voldoen het (18).

Die Burger het hierna nog groter pogings aangewend om bewerings te weerlê dat beplan word om regte van Kleurlinge weg te neem en dat 'n veldtog gevoer word om Kleurlinge te 'ontkieser'. Op 2 Oktober sê Dawie:

> "Dit is alles natuurlik net stof opskop om die werklikheid te probeer bedek. Geen reg van die Kleurling word aangetas nie. Al wat gebeur is dat die Nasionale regering vir Kleurlinge behoorlike bewyse verlang dat hulle aan die kwalifikasies vir stemreg voldoen. Dit het met die kwalifikasies self niks te doen nie .... Die blote keel wat hulle opsit, openbaar hoeveel ongekwalifiseerdes daar op die lys geplaas moes word."

Op 8 Oktober sê Die Burger in 'n hoofartikel dat die bewerings oor 'ontkiesering' misleidend en onjuis is.

> "Niemand kan kragtens die Kieswet of kragtens die wysigings wat onlangs in die Volksraad aangebring is 'n bevoegde kieser sy stemreg ontneem nie. As

daar besware teen name op die kieserslys ingebring word, beteken dit tog nie ontkiesering nie. Die oorsaak moet eintlik by die VP gesoek word. Dis tog bekend hoe die vertolking van artikel 18 van die Kieswet die VP in staat gestel het om vlak voor die algemene verkiesing honderde Kleurlinge te laat registreer sonder dat voor die stemdag doeltreffend teen onbevoegdes beswaar gemaak kan word." (19)

Die Burger se bewerings dat Kleurlingkiesers vlak voor 'n verkiesing vinnig toeneem en latere bewerings dat hulle getalle ná 'n verkiesing weer vinnig afneem (20), strook nie met die feitelike posisie ná 1948 nie. Op 16 Augustus 1954 het Die Burger berig dat Kleurlingkiesers kort voor die algemene verkiesing van 1948 van net minder as 40,000 met sowat 6,000 tot 7,000 vermeerder is tot sowat 46,000 voor stemdag op 26 Mei. Volgens amptelike syfers het Kleurlingkiesers van 39,110 op 31 Desember 1947 tot 46,051 op 26 Mei 1948 toegeneem (21), maar dit moet in gedagte gehou word dat Kleurlingkiesers van 1945 tot 1947 met sowat 15,000 gedaal het van 54,134 tot 39,110 (22). Die rede vir die daling was wetgewing wat deur die Smuts-regering self ingedien is om Kleurlinge se relatiewe stemkrag in te kort (sien hoofstuk 3). Daar was dus voor die 1948-verkiesing 'n netto-daling van sowat 8,000 Kleurlingkiesers vergeleke met die syfer in 1945. Die bewering dat Kleurlinge weer daarna op groot skaal geregistreer is vir die provinsiale verkiesing van 1949 strook ook nie met die werklikheid nie en het die Kleurlingstemtotaal slegs met sowat 500 gestyg van 47,329 op 31 Desember 1948 tot 47,822 op 30 Junie 1949 (23). Dié syfer het ook nie, soos deur Die Burger beweer is, ná die provinsiale verkiesing van 1949 dramaties gedaal nie. In 1950 het die syfer op 47,098 gestaan - 'n daling van slegs sowat 800 (24). Ook met betrekking tot die 1953-verkiesing geld Die Burger se bewerings nie. Op 2 Mei 1953 was die Kleurlingstemtotaal 47,849 en teen 31 Desember 1953 het dit net effens gedaal tot 47,677 (25). Die Kleurlingstem was in die veertigerjare onderhewig aan hewige stygings. Die Burger se bewerings moet egter in breër perspektief gesien word soos 'n dramatiese styging in geleerdheid onder Kleurlinge, ens. (sien hoofstuk 3) wat tot die styging in die getal Kleurlingkiesers gelei het. In 1941

was daar 28,658 geregistreerde Kleurlingkiesers in die Kaapprovinsie. Die volgende jaar, 'n jaar voor die algemene verkiesing in 1943, het hulle getalle aangegroei tot 44,055 (26) - 'n syfer min of meer gelykstaande aan dié vir die 1948-verkiesing.

Die Burger het reeds van vroeg af geprobeer om die sogenaamde "positiewe sy" van apartheid te beklemtoon. Op 27 Oktober 1948 sê die koerant in 'n hoofartikel:

> "In sy kragtige rede gisteraand het die Eerste Minister korte mette gemaak van die bewering dat die Regering se beleid van apartheid 'n beleid van onderdrukking van die nie-blanke is. Want die plan is nie net om weg te neem nie. Soos ons herhaalde male beklemtoon het, is die plan om ook te gee. Die Regering se beleid het wel 'n negatiewe kant, maar soos dr. Malan beklemtoon het, staan daarteenoor die positiewe kant. As ons iets wegneem, het dr. Malan met die meeste nadruk gesê, gee ons iets in die plek daarvan wat ons as beter beskou. Ons wil herhaal dat die opstel in besonderhede van die Regering se apartheidsplan, en veral die positiewe deel daarvan, tyd in beslag sal neem. Daar word vandag gebou vir die toekoms en daarom mag nie oorhaastig gewerk word nie." (27)

Die idealisme het ook dieselfde maand geblyk met die opening van 'n Kleurling-poskantoor met Kleurlingpersoneel in die woonbuurt Schauderville naby Port Elizabeth. In 'n hoofartikel het Die Burger gesê: "Vir die eerste maal kan dus 'n Kleurling opklim tot posmeester; sy klerke is Kleurlinge sowel as die bodes. Dit is apartheid. So maak apartheid deure oop wat tot nou toe vir ons nie-blanke bevolking gesluit was." (28)

Op 18 November is 'n tussenverkiesing in Stellenbosch gehou ná die skielike dood van mnr. Paul Roos. Stellenbosch het in 1948 oor die 1,000 Kleurlingkiesers gehad uit 'n totaal van sowat 11,000. Die Burger het benadruk dat die VP intensief stemme onder Kleurlingkiesers gewerf het en dat die party op hulle staatgemaak het om die Nasionale meerderheid te verminder. Die uitslag was egter 'n

klinkende oorwinning vir die Nasionale Party en het die party sy meerderheid van 2,014 by die algemene verkiesing tot 2,150 vergroot ondanks die feit dat Kleurlingkiesers met 130 tot altesame 1,400 gestyg het (29). In 'n berig op 20 November is gesê dat die VP in die verknorsing is ná die uitslag in Stellenbosch. Geen melding is egter gemaak van die feit dat 'n vergrote registrasie van Kleurlingkiesers geen nadelige uitwerking op die Nasionale meerderheid gehad het nie. Op dieselfde dag het Dawie in sy rubriek die klein aantal Kleurlingkiesers bedank wat hul stemme op die Nasionale kandidaat uitgebring het.

Op 22 November het 'n Kleurling-afvaardiging uit Transvaal met drr. Malan en Dönges in Pretoria samesprekings gevoer waartydens hulle meegedeel is van die stappe wat die Regering beoog om die ekonomiese en maatskaplike toestande van die Kleurlinge te verbeter. Die Burger het die nuus op 23 November as 'n hoofberig op die voorblad onder die opskrif, Kleurlinge begeer Apartheid, aangebied en in 'n hoofartikel breedvoerig oor die Kleurling en Apartheid geskryf.

> "Die Kleurling word vandag tussen twee meulstene fyn gemaal. Op die terrein van die geskoolde arbeid verloor hy veld in mededinging met die blanke; van die gebied van die ongeskoolde arbeid word Kleurlinge stadig verdryf. Daarby vind verbastering met die naturel op steeds groter skaal plaas.... Die wyse waarop die Kleurlinge in Stellenbosch vir byna honderd persent vir die VP gestem het, toon dat die NP-beleid van apartheid nog nie ingang by hulle gevind het nie.... Maar daar kan geen twyfel wees oor wat in die hoogste belang van die Kleurlingbevolking as geheel is nie. As die Kleurling 'n liggaamlik en sedelik gesonde deel van ons bevolking wil vorm, sal hulle die kans op rehabilitasie en vooruitgang moet gryp wat 'n beleid van apartheid aan hulle bied."

Aan die einde van 1948 het sekere hofsake plaasgevind waartydens Kleurlinge en blankes aangekla is van oortredinge van die Kieswet.

In November is 'n verhoor op Beaufort-Wes gehou. Die aanklagte teen die vyf beskuldigdes (vier Kleurlinge en 'n blanke) was dat hulle aansoekvorms om registrasie as kiesers vir Kleurlinge ingevul het of as getuies geteken het terwyl die vorms nie behoorlik in hul teenwoordigheid ingevul was nie (30). Die Burger het op 8 November prominent in 'n voorbladberig berig van die bevindinge deur die landdros dat daar "getuienis is van stelselmatige pogings om die kieserslys van Beaufort-Wes valselik te laat opstel en enige verkiesing in verkeerde rigtings te swaai". In 'n hoofartikel het Die Burger daarop gewys dat die getuienis 'n regverdiging is vir die stappe wat gedoen is om die Kieswet so te wysig dat dit die onwettige registrasie van Kleurlinge sal bemoeilik. "Die nuwe wetgewing sal die laai van kieserslyste met Kleurlinge wat nie aan die vereistes voldoen nie, bemoeilik. Maar wat van die Kleurlinge wie se name reeds op die lyste is en nie daar behoort te wees nie?"

Op 22 Desember het die koerant berig van 14 persone wat in Bellville skuldig bevind is aan oortredinge van die Kieswet. Die aanklagte teen die 14 Kleurlingkiesers was dat hulle nie geletterd was nie en nie in staat was om hul name en adresse kragtens die bepalings van die Kieswet neer te skryf nie (31). In 'n hoofartikel onder die opskrif, 'Leemtes in die Kieswet', sê die koerant dat die probleem van gebreke in die bestaande kieserslys nog nie opgelos is nie. "Die posisie is dan vandag dat ons 'n kieserslys het waarop stellig talle Kleurlingname verskyn sonder dat hulle die vereiste bevoegdheid het."

Die tydperk van 1 Januarie 1949 tot 9 Maart 1949 is in die redaksionele kommentaar en kolomme van Die Burger prominente aandag gegee aan die naderende provinsiale verkiesing. In die VP-kamp is die verkiesing as belangrik geag as 'n geleentheid om te wys dat die NP-bewindsoorname in 1948 net 'n vloek was. Aan NP-kant is gepoog om die teenoorgestelde te bewys. In Die Burger se hoofartikels is weer eens die grootste aandag gegee aan aanvalle op die VP en leiers van dié party. Altesame 20 hoofartikels het oor dié onderwerp gehandel. Aan ekonomiese sake is 10 hoofartikels

gewy; aan vooruitbeskouinge en gebeure oor die naderende verkiesing 9; oor die Kommunistiese gevaar 8; oor die Parlementsitting 6; oor apartheid en die kleurvraagstuk in die algemeen 6 en oor die Indiër-vraagstuk en die Kleurlingstem 2 elk. Die Kleurlingstem het dus soos met die algemene verkiesing van 1948 'n ondergeskikte rol gespeel.

Die uitslag van die provinsiale verkiesing was in wese 'n bevestiging van die uitslae van Mei 1948, behalwe in twee Wes-Kaaplandse kiesafdelings, die Paarl en Bredasdorp. Waar die NP in 1948 in die Volksraadsverkiesing in Bredasdorp 'n meerderheid van 259 behaal het, het die VP in die Provinsiale verkiesing 'n meerderheid van 291 behaal. In die Paarl is die NP-meerderheid van 367 omgeskep in 'n VP-meerderheid van 34.

Op 11 Maart het Die Burger in 'n hoofartikel in kommentaar op die uitslae gesê:

> "Kom ons nader tuis, dan is dit heel menslik dat die gevoelige verliese in die Paarl en Bredasdorp die oorweldigende oorwinnings in kiesafdelings soos Beaufort-Wes, Ceres, Moorreesburg en George oorskadu. Dit is jammer dat die harde en opofferende werk in hierdie twee kiesafdelings nie weer bekroon is nie. Die Paarl lê die Afrikanervolk na aan die hart, nie net vanweë sy ryke kultuurgeskiedenis nie, maar ook omdat sy Nasionaliste so onversaagd teen 'n geweldige oormag van gekleurde Sappe stry." (32)

In kommentaar op die uitslae in die Paarl en Bredasdorp het dr. Malan gesê dat dit toon hoe toenemend afhanklik die VP van die Kleurlingstem geword het en dat dié party in die Wes-Kaap oorwegend 'n Kleurlingparty geword het (33). Die Kleurlingstem is dus duidelik as die oorsaak gesien vir die NP se nederlae in die twee setels.

Om te bepaal of dié beskuldigings histories korrek was en die toets van die tyd deurgestaan het, is dit belangrik om te kyk na die stempatrone in die twee kiesafdelings teen die agtergrond van die algehele stempatroon in die land. In die 1949-verkiesing was minder mense vanweë 'n verskeidenheid van redes geneë om vir

die NP te stem as in 1948. In die Volksraadsverkiesing van 1948 het 442,219 kiesers vir die NP/AP-koalisie gestem en in 1949 in die provinsiale verkiesing 413,148 vir die NP sonder die AP - bykans 30,000 minder as in 1948.

Hoewel verskeie Bolandse setels kort voor die 1949-verkiesing deur Die Burger genoem is as setels waarin aansienlike aanvullende registrasies van Kleurlingkiesers plaasgevind het (34), is Bredasdorp nie daaronder gereken nie. Bredasdorp was tradisioneel 'n VP-setel, hoewel die NP dit in 1948 (Volksraad) teen die verwagting in verower het. In 1943 (Volksraad) was die VP-meerderheid nog 1,046 terwyl die NP se meerderheid in 1948 (Volksraad) 259 was. In 1949 (Provinsiaal) was die VP-meerderheid 291. Dit is nie onwaarskynlik om aan te neem dat heelwat kiesers besluit het om in die Parlementêre verkiesing hul stem uit te bring, maar nie in die Provinsiale verkiesing nie - 'n tradisie wat tot in die sewentigerjare algemeen in Suid-Afrika voorgekom het. (35) Scher noem twee faktore wat waarskynlik bygedra het tot die VP-oorwinning in die setel. Eerstens het die party 'n gewilde kandidaat in die persoon van mnr. P.A. Myburgh gehad en tweedens was daar die groot hulp in sy kiesafdeling wat hy van die destydse redakteur van Die Suiderstem, mnr. Piet Beukes, ontvang het. (36) Al hierdie faktore kon 'n bydrae gelewer het tot die VP-oorwinning en dit kan nie net aan die Kleurlingstem toegeskryf word nie.

Hoewel Scher noem dat daar in die Paarl tussen 1948 en 1949 'n vergrote Kleurlingregistrasie van 26 was (37), toon die amptelike syfers dat daar 'n daling van 22 Kleurlingkiesers op die gemeenskaplike lys tussen 1948 en 1949 was (38). Die Kleurlingstem kon egter nog steeds teoreties die deurslag na een van die twee partye gegee het, maar dan was dit naelskraap en nie van 'n duidelike, deurslaggewende belang nie. Dit blyk dat ander faktore buiten die Kleurlingstem vir die NP se nederlaag verantwoordelik was.

Die Paarl met sy 2,873 Kleurlingkiesers uit 'n totaal van 12,064 kiesers in 1948 was een van die Bolandse kiesafdelings met die grootste aantal Kleurlingkiesers. Die Kleurlingkiesers het byna 'n kwart van die totale aantal kiesers gevorm en 'n mens kan aanneem dat hulle dus hier 'n beduidender rol gespeel het vergeleke met ander Bolandse kiesafdelings. Die Ossewa-

Brandwag-element (OB) was egter sterker in die Paarl as byvoorbeeld in die buur-kiesafdeling van Stellenbosch en verskeie prominente inwoners van die dorp en distrik het deel gehad aan OB-aktiwiteite (39). Stultz noem ook dat die Paarl bekend was as 'n OB-vesting (40). Daar was ook nominasiemoeilikhede in 1949 en 'n onaanneemlike NP-kandidaat vir baie Nasionaliste in die Paarl (41). Al hierdie faktore kon 'n rol gespeel het dat mense in die Paarl opsetlik van die stembus weggebly het. Die stempersentasie het inderdaad van 91% in 1948 tot 87,3% in 1949 gedaal - genoeg om 'n klein minderheid in 'n oorwinning vir die ander party om te sit.

Die OB-faktor in die Paarl in die 1949-verkiesing is ook al deur verskeie ander skrywers genoem as die rede vir die NP se nederlaag. Die AP, onder wie se vleuels die oorgrote meerderheid gewese OB-lede hulle in 1948/'49 bevind het, het nie aan die provinsiale verkiesing van 1949 deelgeneem nie. Daarby was daar in dié tyd 'n groeiende onenigheid tussen Malan en die AP-leier, mnr. N.C. Havenga, oor 'n gesamentlike strategie teenoor die Kleurlingstem. Havenga was nie in beginsel teen die verwydering van Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys nie, maar het die gedagte voorgestaan dat Kleurlinge se bestaande regte nie verminder moet word nie en dat Kleurlinge op 'n afsonderlike kieserslys gevolglik net soveel verteenwoordigers in die Volksraad moes kry as waarop dieselfde getal blanke kiesers geregtig sou wees. Vir Malan was so iets onaanvaarbaar (42).

Dié meningsverskil was 'n rede hoekom die AP nie aan die provinsiale verkiesing van 1949 deelgeneem het nie en "waarskynlik een van die grootste redes waarom die NP in 1949 die setel Paarl weer aan die VP moes afstaan". (43) D. en J. de Villiers noem dat bedenkinge bestaan het oor die inligting wat aan Malan oorgedra is dat die Kleurlingstem die rede was vir die NP se nederlae in die Paarl en Bredasdorp. "Daar is later gesê in Bredasdorp was daar ontevredenheid onder OB-kiesers en in die Paarl probleme met kandidate. In albei kiesafdelings het witmense opsetlik van die stembus weggebly". (44) Prof. Piet Cillié sê ook dat dit nog nooit bewys is dat ekstra Kleurlingregistrasies die oorsaak van die nederlae was nie (45).

Carter noem dat die Paarl een van die setels was waar die Afrikanerparty reeds 'n kandidaat vir die provinsiale verkiesing genomineer het, maar dat dit deur die NP van Kaapland geveto is. (46) Die feit dat AP-kandidate nie aanneemlik vir die NP tydens die provinsiale verkiesing van 1949 was nie, was een van die hoofredes waarom die AP nie saam met die NP aan die provinsiale verkiesing deelgeneem het nie. (47) In Maart 1949 is ondersteuners van die AP dan ook amptelik gevra om nie in die provinsiale verkiesing te stem nie. (48)

Arthur Barlow noem in sy outobiografie dat onder die bedorwe stembriewe in 1949 in die Paarl altesame 60 die volgende woorde daarop geskrywe gehad het: "I am an OB; The Nats did not want my vote ... they did not get is!" (49) Dit is interessant om daarop te let dat indien dié 60 persone wat blykbaar doelbewus bedorwe stembriewe uitgebring het, wel besluit het om vir die NP te stem, die NP die setel sou behou het.

Daar sal waarskynlik nooit met sekerheid vasgestel kan word of aanvullende Kleurlingregistrasies verantwoordleik was vir die NP se nederlae nie, aangesien net 'n kruisie by elke stembrief getrek is. Een ding is egter duidelik: Dit kan nie met beslistheid gesê word dat dit wel vanweë die ekstra registrasie van Kleurlingkiesers was nie. Enige assumpsie op hierdie gebied bevind hom op gevaarlike terrein. Die reëls en aanvaarde praktyke van die demokrasie nl. dat setels van party tot party kan verwissel soos die kiesers dit begeer, is nie in 1949 met betrekking tot die Paarl en Bredasdorp deur die Nasionale regering aanvaar nie, aangesien gevoel is dat 'n derde mag, wat nie in die gesamentlike demokratiese proses in Suid-Afrika behoort nie, die uitslag beinvloed het. Dié derde mag, Kleurlingkiesers, is nie as medeakteurs in die demokratiese proses gesien nie.

Volgens Scher het die Kleurlingstem in die 1949-verkiesing weer oor die algemeen 'n minimale rol gespeel. (50) Van die 48,150 geregistreerde Kleurlingkiesers kon altesame 14,062 nie stem nie omdat hulle in onbestrede kiesafdelings was. Indien 60% van die totale aantal Kleurlingkiesers in bestrede setels wel gestem het, het slegs sowat 20,453 hul stemme uitgebring. Van dié getal het 'n redelike aantal in plattelandse kiesafdelings vir die NP gestem. (51)

Dat Die Burger egter kort voor die '49-verkiesing bevrees geraak het dat Kleurlingkiesers wel moontlik 'n rol in die uitslae kan speel en dat Nasionaliste te oorgerus was, blyk duidelik uit 'n hoofartikel op 8 Maart (een dag voor stemdag) waarin gesê is dat daar duidelik 'n harde en bomenslike taak vir Nasionaliste in die Boland wag. Dié taak is om die prestasies wat in 1943 en in 1948 in Bolandse kiesafdelings deur die NP behaal is, te verstewig en selfs uit te bou teen die toenemende getal Kleurling-registrasies. Die hoofartikel vervolg met 'n argument wat die Nasionale saak later skade sou aandoen aangesien hiermee indirek gesê is dat die Kleurlingstem nie so 'n belangrike faktor was as wat voorgegee is nie.

> "Paarl en Parow is verower teen die teenstand in van meer as tweeduisend Kleurlingkiesers in elkeen van die twee kiesafdelings. (Ongelukkig laat die Kleurlinge op 'n baie klein minderheid na hulle nog deur die agente van die VP aan die neus lei.) Meer as duisend Kleurlingkiesers was ook nie genoeg om Worcester, Stellenbosch, Malmesbury en Bredasdorp voor die VP-wolwe te gooi nie. Stellenbosch het trouens sy meerderheid in die tussenverkiesing tot oor die tweeduisend opgeskuif!"

Toe besef is dat in geen setel positief bewys kon word dat Kleurlingkiesers die skaal teen die NP geswaai het nie, is die argumentsfokus verskuif na die potensiële; Hulle kan die skaal teen die NP swaai. Wat nie in die praktyk plaasgevind het nie, kon in die teorie plaasgevind het.

Die provinsiale verkiesing van 1949 met die verliese van die Paarl en Bredasdorp vir die NP kan egter as die waterskeiding gesien word wat meer doelgerigte en vasberade pogings sou laat ontstaan om Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys te verwyder. Voor Maart 1949 was dit nog 'n vae intensie; ná Maart 1949 was daar 'n dringendheid dat dit 'n werkbare beleid word.

(1) B.J. Liebenberg, 'Van die Statuut van Westminster tot die Republiek van Suid-Afrika 1931 - 1961', in C.F.J. Müller (red), 500 jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis, (Pretoria, tweede hersiene uitgawe 1975), p. 434.

(2) D.C. de Villiers, 'Die Wonderwerk van Agt-en-veertig', in J.P. Scanell (samesteller), Keeromstraat 30, (Kaapstad, 1965) p. 206.

(3) Die Burger, 6 April, 1948.

(4) Die Burger, 27 November, 1947.

(5) Onderhoud met sir De Villiers Graaff op 30 April 1986.

(6) Scher, p. 71.

(7) Scher, p. 346 - 347.

(8) Scher, p. 71.

(9) Dié beleid is later gewysig en sou die drie (later vier) blanke Kleurlingverteenwoordigers wel deur Kleurlingkiesers in afsonderlike kiesafdelings verkies word. Die stelsel is egter op die lange duur nie as blywend gesien nie aangesien in die beleidstuk voorsiening gemaak word vir 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad met Kleurlinge wat verkies word op 'n kiesafdelingsbasis - die embrio van die latere VKR. Reeds in 1948 is die stigting van die VKR, wat eers in 1968 gerealiseer het, voorsien. Die Nasionale regering was later bereid om te kompromitteer met betrekking tot die drie blanke verteenwoordigers en dit vier te maak, maar het nooit die oogmerk van 'n aparte VKR uit die oog verloor nie.

(10) Vir 'n goeie uiteensetting van die Kleurlinge se swak ekonomiese posisie in die veertiger- en vyftigerjare sien Scher, p. 344 - 345.

(11) Scher, p. 83.

(12) Scher, p. 83.

(13) Scher, p. 85.

(14) 'Kaapstad en gelykstelling', Die Burger, 2 Augustus, 1948.

(15) 'Wie slagoffer sal wees', Die Burger, 7 September, 1948.

(16) 'Aanranding op Calvinia', Die Burger, 8 September 1948.

(17) The Cape Coloured Vote, p. 52 en Scher, p. 453 en p. 643 - 644.

(18) Onderhoud met sir De Villiers Graaff op 30 April 1986.

(19) 'Ontkiesering van Kleurlinge', Die Burger, 8 Oktober, 1948.

(20) Die Burger, 17 April en 16 Augustus, 1954.

(21) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 55.

(22) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 55.

(23) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 55.

(24) Unie-Jaarboek no. 26, p. 107.

(25) Unie-Jaarboek no. 27, p. 113.

(26) Scher, p. 445.

(27) 'Nie-Blankes se toekoms', Die Burger, 27 Oktober, 1948.

(28) J.J.J. Scholtz, 'Apartheid - verhaal van verydelde idealisme', Die Burger, 18 November, 1985.

(29) Die Burger, 19 November, 1948.

(30) Die Burger, 8 November, 1948.

(31) Die Burger, 22 Desember, 1948.

(32) '26 Mei wesenlik bevestig', Die Burger, 11 Maart, 1949.

(33) Die Burger, 12 Maart, 1949.

(34) Die Burger, 12 Maart, 1949.

(35) M.P.A. Malan, p. 261 en 283.

(36) Scher, p. 134.

(37) Scher, p. 134.

(38) Unie-Jaarboek no. 25, p. 104.

(39) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(40) N.M. Stultz, Afrikaner Politics in South Africa 1934 - 1948, (Los Angeles, 1974), p. 108.

(41) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(42) B.M. Schoeman, Parlementêre Verkiesings in Suid-Afrika 1910 - 1976, (Pretoria 1977), p. 305.

(43) B.M. Schoeman, Malan tot Verwoerd, p. 27 - 28.

(44) D. en J. de Villiers, P.W., (Kaapstad, 1984), p. 64.

(45) P.J. Cillié, 'Wat is (was?) Apartheid?', Die Suid-Afrikaan nr.5, Lente-en-Vroeg-Somer 1985, p. 18.

(46) Carter, Politics of Inequality, p. 246.

(47) Carter, Politics of Inequality, p. 246 en J.D. Jerling, 'How will the Hertzogites vote?', in The Forum, I (II), (Februarie 1953), p. II.

(48) Carter, Politics of Inequality, p. 246 en Schoeman, Malan tot Verwoerd, p. 27.

(49) A. Barlow, Almost in Confidence, (Kaapstad 1952), p. 324.

(50) Scher, p. 132.

(51) Scher, p. 132 - 133.

# HOOFSTUK 5

## AANLOOP TOT WETGEWING 1949-1951

Die Wetsontwerp op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kleurlingkiesers is op 8 Maart 1951 deur die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, in die Volksraad ingedien - twee jaar nadat die NP-nederlae in Bredasdorp en die Paarl in die Provinsiale verkiesing van 1949 die aandrang binne Nasionale kringe vergroot het vir die verwydering van Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike kieserslys.

Die Burger het hom in dié twee jaar bevind binne die groep in die NP wat hom beywer het vir die spoedige deurvoering van dié wetgewing en het die koerant die rol van wegbereider en waghond van Afrikaner-eenheid gespeel. Die koerant het geen bedenkinge gehad oor die wetgewing om Kleurlinge op 'n aparte kieserslys te plaas nie en nie gevoel dat dit politiek verkeerd of nadelig was nie.

Die tydsverloop van twee jaar was die gevolg van eenheidsprobleme binne die HNP/AP-koalisieregering en die taamlik onverwagse (I) teenkanting van die AP-leier, mnr. N.C. Havenga, teen die strategie wat deur dr. Malan en die NP bepaal is om afsonderlike verteenwoordiging te verkry. In dié opsig het Die Burger 'n versoenende rol gespeel om Afrikaner-eenheid te bewaar deur 'n balans te behou tussen die NP wat 'n spoedige deurvoering van die wetgewing wou hê en die AP wat nie dié optrede gesteun het nie. Die Burger was ontevrede en krities oor mnr. Havenga en die AP se houding, maar het die verskille ondergeskik geag aan die behoud van politieke Afrikaner-eenheid.

Mnr. Havenga en die AP se teenkanting teen die Malan-strategie t.o.v. die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys, was gebaseer op die beleid van genl. J.B.M. Hertzog dat die Kleurling politiek by die blanke hoort en dat die gemeenskaplike stemreg behou moet word. Met die naderbeweeg van die AP na die NP kort voor die algemene verkiesing van 1948 en die sluiting van die

verkiesingsbondgenootskap moes Havenga noodgedwonge die Hertzog-siening laat vaar om by die NP-beleid vir die verwydering van die gemeenskaplike kiesreg in te val. Dit blyk egter dat Havenga steeds probleme gehad het om hom te versoen met dié drastiese beleidsrigting en wou hy graag 'n meer gematigde benadering tot die hele saak hê.

Persoonlikheidsverskille en -botsings het ook 'n rol gespeel in Havenga se teenkanting teen die wetgewing. Botsings tussen hom en die Transvaalse NP-leier, mnr. J.G. Strijdom, het ontstaan kort voor die sluiting van die verkiesingsooreenkoms in 1947 en Havenga se gematigde sienings oor die rassevraagstuk was nie aanvaarbaar vir meer radikale NP-leiers soos Strijdom nie (2). Dit is opmerklik dat Strijdom ten tyde van die AP-bedenkinge oor die Kleurlingwetgewing voortgegaan het met beskuldigende toesprake teen die AP en Havenga (3). Mnr. Eric Louw het ook in die openbaar kritiek op Havenga se houding gelewer (4).

Die verkiesingsooreenkoms vir die 1948-verkiesing tussen Havenga se AP en Malan se NP is op 22 Maart 1947 amptelik bekend gemaak. Dit was die gevolg van intense onderhandelinge tussen die twee partyleiers wat in April 1945 deur dr. Malan geïnisieer is (5). Dit blyk egter dat Havenga nie ten volle geneë was om met Malan 'n verkiesingsooreenkoms te sluit nie en het hy in dieselfde tyd wat hy met Malan oor 'n ooreenkoms onderhandel het, ook voelers na Smuts uitgesteek (6). Havenga se voorwaardes vir samewerking met Smuts is egter in 1947 deur Smuts verwerp (7), wat Havenga toe onvermydelik na die Malan-kamp gedryf het. Binne die NP was daar sterk teenkanting teen die ooreenkoms met Havenga wat gelei is deur Strijdom en Verwoerd (8). Malan het egter daarin geslaag om beide Havenga en Strijdom oor te haal om hulle geskille by te lê en het die bondgenootskap as die oorwinnaar in die 1948-verkiesing uit die stryd getree.

Ná die verkiesingsoorwinning in 1948 is hernieude pogings vanuit VP-kringe gevoer om Havenga oor te haal om saam met Smuts te werk en die Nasionale regering tot 'n val te bring (9). Hoewel Havenga blykbaar geneë was om met Smuts saam te werk, het hy sekere voorwaardes gestel wat weer eens nie vir Smuts aanvaarbaar was nie.

Die gerugte dat Havenga bereid was om met Smuts saam te werk, het in Desember 1948 'n hoogtepunt bereik toe Havenga op die AP-kongres herhaal het dat sy party by die bepalings van die verskanste klousules van die SA-Wet staan. Havenga is egter deur Malan oorgehaal om by die Nasionale regering te staan. Hernieude wrywing het egter voor en tydens die Provinsiale verkiesing van 1949 ontstaan toe die AP en NP nie tot 'n vergelyk kon kom oor die verdeling van setels tussen die twee partye nie en die AP nie aan die verkiesing deelgeneem het nie. By gebrek aan dokumentêre getuienis kan dit betwyfel word of Havenga ooit werklik van plan was om Malan in die steek te laat en hom by Smuts te skaar. Hoewel dit volgens beskikbare getuienis blyk dat hy die gedagte ten minste oorweeg het, is daar geen getuienis dat hy hom werklik op so 'n stap voorberei het nie (10).

Hoewel Die Burger in dié tydperk kritiek op Havenga se beleid teenoor die Kleurlinge se gemeenskaplike kiesreg uitgespreek het, het die koerant nooit die houding ingeneem dat 'n skeuring onafwendbaar was nie of dat Havenga se siening só ver verskil van Malan s'n dat geen versoening haalbaar is nie. Die gevoel by Die Burger in 1948 was nie baie simpatiek teenoor Havenga nie en sommige senior redaksielede was nie ten gunste daarvan dat Havenga by die NP betrek word nie (11). Daar was egter vertroue in Malan se hantering van die aangeleentheid en geensins steun vir Strijdom se heftige teenkanting teen Malan se optrede teenoor Havenga nie (12).

Die AP-kongres in Desember 1948 op Brakpan is met buitengewone belangstelling dopgehou aangesien dit plaasgevind het teen die agtergrond van berigte in die Engelstalige pers dat Havenga dit oorweeg om die Nasionale regering te verlaat en sy gewig by die VP in te gooi (13). Havenga het dit egter op die kongres duidelik gestel dat hy nie van plan is om oor te stap nie, maar ook ewe duidelik te kenne gegee dat hy meen die verskanste bepalinge in die Grondwet is steeds van krag en dat daar nie met die Kleurlingwetgewing voortgegaan kan word voordat die Nasionale alliansie 'n groter meerderheid in die Parlement het nie. Hy het

dit ook duidelik gestel dat hy nie ten gunste daarvan is dat die Swart-verteenwoordigers in die Volksraad afgeskaf moet word nie (14). Die Burger het hom in 'n hoofartikel op 30 November ten gunste van die spoedige eenwording tussen die AP en die NP uitgespreek en gewaarsku dat wrywing tussen die twee partye sal toeneem indien dit nie gebeur nie. "Ons glo nie daar kan twyfel wees oor wat in die volksbelang is nie. Die handhawing van 'n beleid van politieke apartheid tussen nasionaalvoelendes bring gevare mee. Dit sal 'n heuglike dag wees wanneer dié politieke apartheid plek maak vir eenheid". (15) Oor Havenga se mening i.v.m. die verskanste bepalinge het Die Burger in 'n hoofartikel op 2 Desember gesê dat Havenga se stellinge meer vrae verwerk as antwoorde.

> "Ongetwyfeld is die Regering se meerderheid klein. Behoort om hierdie rede geen ingrypende wetgewing van kontensieuse aard ingedien te word nie? ... Die Regering se apartheidsbeleid maak een groot geheel uit, met sy positiewe en negatiewe kant. Van hierdie geheel maak die afskaffing van die naturelle-verteenwoordiging in die Volksraad slegs 'n onderdeel uit, maar 'n essensiële een." (16)

Die Burger het met teleurstelling gereageer op die besluit op die AP-kongres dat die AP as 'n onafhanklike party sal bly voortbestaan en dat eenwording met die NP nie in dié stadium voorsien word nie. In 'n hoofartikel op 3 Desember onder die opskrif "Laat ons tog een word" sê die koerant dat die besluit op die AP-kongres dat OB-lede voortaan ook as AP-kandidate genomineer sal kan word in weerwil van die ooreenkoms tydens die algemene verkiesing in Mei dat dit nie sal gebeur nie, ook nie die wrywing tussen die twee partye sal verminder nie. "Sedert die verkiesing het gebeur wat onvermydelik moet gebeur wanneer twee partye op een terrein en onder dieselfde mense om steun met mekaar wedywer, en wanneer elke verkiesing tot 'n onwaardige gekwansel oor en ondemokratiese uitdeling van setels lei. Op hierdie weg moet die goeie gees noodwendig verswak."

Malan het kort na Havenga se uitlatinge gesê dat daar geen twyfel by regsgeleerdes bestaan dat die verskanste artikels met 'n gewone meerderheid verander kan word nie, maar hom geskaar by Havenga se siening dat die Regering eers groter steun moet verkry voordat met die Kleurlingwetgewing voortgegaan kan word (17). Volgens Dawie het Malan se optrede weer eens getoon dat daar geen beginselverskille tussen hom en Havenga bestaan nie; 'n siening wat ook in 'n hoofartikel herhaal is. "Dat dit die plan is om die volkswil te toets op grond van die apartheidsbeleid in sy geheel, is te verwelkom, want positiewe maatreëls, soos deur dr. Malan beloof, is die allerbeste wapen om enersyds die bewering te ontsenu dat apartheid onderdrukking beteken, en andersyds die volkswil agter die Regering en sy beleid te monster." (18) In 'n hoofartikel op 6 Desember het Die Burger herhaal dat daar geen beginselverskille tussen Malan en Havenga bestaan nie. "Maar die apartheidsbeleid wil nóg die nie-blanke onderdruk, nóg regte van hom wegneem sonder om iets ewe goeds of beters in die plek daarvan te stel. Die Burger sou hom met geen beleid van onderdrukking of verontregting vereenselwig nie. Die doel is om die blanke beskawing te beskerm en te bestendig." (19)

Hoewel Die Burger dus kort ná die AP-kongres onder die waan verkeer het dat die verskille tussen die twee partye besleg is, was die besluit van die AP om hom aan die verkiesing van 1949 te onttrek omdat geen vergelyk oor die verdeling van setels bereik kon word nie, vir die koerant 'n groot verrassing. Op 7 Desember 1948 het die koerant in 'n banieropskrif, 'Geen AP-kandidate in Prov. verkiesing', berig dat Havenga en sy party nie aan die 1949-verkiesing gaan deelneem nie. Die Burger het in 'n hoofartikel gesê dat die besluit 'n onaangename skok is, maar weer eens beklemtoon dat daar geen beginselverskille tussen die twee partye bestaan nie. Hoewel Die Burger dus breedvoerig berig het oor die geskille tussen die AP en NP, was daar op geen stadium 'n aanduiding in die koerant dat 'n skeuring onafwendbaar of seker was nie. Die blad het ook nooit werklik voorsien dat Havenga uit die Nasionale regering sou tree nie en geweet dat hy en Malan na aan mekaar staan. Hoewel die blad ontevrede was met Havenga se weiering om dadelike eenheid

tussen die NP en AP te bewerkstellig, is volle vertroue in Malan geplaas om die saak doeltreffend te hanteer.

Die verskille tussen die AP en NP het tot ná die provinsiale verkiesing van 1949 voortgeduur. Op 23 Maart 1949 het Die Burger in 'n voorbladberig berig dat die AP "moontlik vandag oor die houding van die party t.o.v. aparte verteenwoordiging van Kleurlinge sal beraadslaag". Volgens die berig is daar 'n groep binne die AP wat t.g.v. die verwydering van Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys is, maar nie ten gunste daarvan is dat Kleurlinge deur 'n vasgestelde getal lede in die Parlement verteenwoordig word nie.

Die berig het verskyn te midde van 'n wydverspreide gevoel onder Nasionaliste (wat ook tot uiting gekom het in verskeie toesprake deur dr. Malan in die jaar) dat die toestand met betrekking tot die Kleurlingstem versleg het en dat die Regering in dié opsig sal moet ingryp (20). Op 25 Maart het dr. Malan in die Volksraad gesê dat die tempo waarin Kleurlinge op die lyste geplaas word, in die laaste tyd geweldig toegeneem het en dat die reserwe van Kleurlingkiesers wat uigebuit kan word, ontsaglik groot is (21). Die Burger het in 'n hoofartikel op 23 Maart te velde getrek teen kritiek uit die Engelstalige pers dat die Regering weens die verkiesingsnederlae in die Paarl en Bredasdorp nou pogings gaan aanwend om die Kleurlingstem te verwyder. Die Burger het daarop gewys dat die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys sedert 1932 die gevestigde beleid van die party is en "dat om nou voor te gee dat hierdie beleidspunt uit die provinsiale nederlae van die NP in die Paarl en Bredasdorp spruit, 'n alte astrante miskenning van die waarheid is". (22)

Die bedenkinge wat by die AP bestaan het oor die Kleurlingwetgewing was weer op 13 April 1949 in Die Burger nuus met 'n berig dat die AP "hom, na verneem word, t.g.v. die verwydering van die Kleurlingstem van die algemene lys verklaar het". "Namens die AP is tewens aan die NP te kenne gegee dat dit sy standpunt is". Dat Die Burger hom misgis het, spreek duidelik aangesien daar eers in Oktober 1950 finale ooreenstemming tussen die AP en NP bereik is dat wel met die wetgewing voortgegaan sal word. Intense onderhandelings tussen Malan en Havenga was nog agter die skerms aan

die gang en die feit dat 'n tentatiewe ooreenkoms waarin die wetgewing uitgestel is, eers in Desember 1949 bereik is, dui daarop dat die AP nie maklik ingegee het nie. Dit moet in gedagte gehou word dat die Kleurlingstem die skuld vir die NP-nederlae in die Paarl en Bredasdorp gekry het. Die Burger was derhalwe ongeduldig dat 'n spoedige ooreenkoms tussen Havenga - wat in elk geval die beginsel onderskryf het van aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge - en Malan bereik moes word.

Op 2 Mei is in die hoofberig op die voorblad berig dat wetgewing vir 'n eie kieserslys vir Kleurlinge tans opgestel word. Die berig lui verder: "Dit is nog nie bekend wanneer die wetgewing ingedien sal word nie, maar die aanduidings is dat die Regering die saak as dringend beskou. Soos reeds in Die Burger berig, is ook al namens die AP aan die NP te kenne gegee dat die AP vir die verwydering van Kleurlingkiesers te vinde sal wees." Dat Die Burger hom weer eens misgis het en nie seker was van hoe ver Malan sou gaan om 'n kompromis met Havenga te sluit nie, spreek duidelik uit die besluit tussen die twee partye op 24 Mei 1949 dat die wetgewing eers by die volgende sitting (m.a.w. in 1950) ingedien sal word. Dit kan aanvaar word dat Havenga se teenkanting teen die wetgewing 'n rol gespeel het in die uitstel daarvan, hoewel Die Burger in 'n hoofartikel op 25 Mei as rede aangegee het dat te veel ander wetsontwerpe tans in die Parlement afgehandel moet word. Die Burger het ook sy teleurstelling met die uitstel van die wetgewing so gestel:

> "In daardie lang lys van wetsontwerpe ontbreek een wat die Regering en Nasionaliste baie graag daar sou wil gesien het, maar wat onvermydelik sal moet oorstaan tot die volgende sitting. Dit is die wetsontwerp op die politieke regte van die Kleurlinge .... Dat so 'n belangrike en ingrypende maatreël nie teen die end van 'n Sitting behoort ingedien te word nie, is iets wat ou, ervare Parlementariërs ongetwyfeld sterk sal voel."

Die Burger het egter sy blydskap uitgespreek dat die wetgewing so vroeg as moontlik in die volgende sitting ingedien sal word (23).

Die wetgewing vir die afsonderlike verteenwoordiging van Kleurlingkiesers is vir 'n tweede keer in Desember 1949 uitgestel. Daar is tussen die twee partyleiers ooreengekom dat daar nie onmiddellik met die Kleurlingwetgewing voortgegaan sal word nie, aangesien die tweederdemeerderheid nie behaal sal kan word nie. Konsepwetgewing sou egter in 1950 opgestel word, maar die wetgewing sou eers in 1951 ingedien word (24). Op 13 Desember het 'n berig in Die Burger verskyn waarin gesê word dat die NP en AP verskil oor die bepalings van die verskanste artikels; dat die NP erken dat hy nie oor 'n meerderheid beskik om die wetgewing deur te voer nie en dat die twee partye ooreengekom het om geen wetgewing in dié verband by die volgende sitting in te dien nie. In 'n hoofartikel op 14 Desember het Die Burger die besluit bestempel as 'n geweldige teleurstelling. Die koerant noem dat die situasie m.b.t. die uitbuiting van die Kleurlingstem al erger geword het en dat daar nie op die VP gereken kan word om nie die situasie uit te buit nie. "Met die AP is dit anders gesteld; min. Havenga is ook t.g.v. aparte verteenwoordiging. Daarom te meer is dit so teleurstellend dat hy en sy party nie kans sien om die NP in hierdie saak by te staan nie." In die hoofartikel word ook die opsies genoem waartoe dr. Malan kon besluit het o.m. om die koalisie en samewerking met die AP te beëindig, die Volksraad te ontbind en sonder die AP 'n algemene verkiesing te voer. "Ons is egter oortuig daarvan dat die keuse van dr. Malan en sy Nasionale Ministers in die omstandighede die regte is." (25) Dawie het op 31 Desember in sy rubriek met bittere teleurstelling van die uitstelling van die wetgewing verneem en gesê dat Nasionaliste geduld moet gebruik "liewer as om op die onmoontlike aan te dring".

Op 26 Desember het 'n berig in Die Burger verskyn in reaksie op 'n berig in die Hertzog/Havenga-koerant Die Vaderland waarin Havenga se sg. kwota-beginsel vir Kleurlinge uiteengesit is. In die berig in Die Vaderland is gesê dat Havenga se kwota-beginsel behels dat Kleurlingkiesers hul aparte verteenwoordigers in die Volksraad op dieselfde grondslag as die blankes kies d.w.s. dieselfde kwotas van kiesers wat in die blanke kiesafdelings geld, moet ook vir die Kleurlinge geld. Die berig in Die Vaderland vervolg: "Die AP se standpunt is dat daar hoegenaamd geen rede

bestaan waarom die Kleurling altyd lede sal kies wat vyandiggesind is jeens die Nasionaalgesinde standpunt nie. Dit sal daarvan afhang of die Nasionaalgesindes die praktiese bewyse lewer dat hulle die werklike belange van die Kleurlingbevolking wil bevorder en dat hulle dit ewe goed en beter kan doen as wat dit voorheen tydens die bewind van die ou SAP en die huidige VP geskied het." (26) Die Burger het geen kommentaar op die berig gelewer nie, hoewel dit goed sou inpas by Die Burger se siening dat aparte verteenwoordiging in die belang van die Kleurling was en tot sy voordeel was asook dat apartheid nie onderdrukking veronderstel nie. Die Vaderland se berig is inderdaad 'n geval waar 'n Noordelike Afrikaanse koerant 'n meer 'verligte' siening oor die saak as sy Kaapse eweknie geopenbaar het. Die AP se beleid soos in Die Vaderland genoem is, wend ten minste 'n poging aan om 'n skyn van regverdigheid te probeer behou waar die Kleurlinge van hul gemeenskaplike kiesreg beroof gaan word. Die Burger het ook regverdigheid met die Kleurlingwetgewing verkondig, maar versuim om te sê hoe dit in die praktyk moes realiseer. Die Nasionale saak sou sterker gestaan het as hy die beleid van apartheid direk aan Kleurlingkiesers sou kon verkoop. Havenga en die AP het sekerlik bedenkinge gehad of dit wel op groot skaal moontlik was.

Die Burger het in die loop van 1950 verdere kritiek uitgespreek op mnr. Havenga se weiering om die NP-strategie te aanvaar en nie tot 'n ooreenkoms met Malan te kom oor die wetgewing nie. Op 4 Januarie sê die koerant in 'n hoofartikel:

> "Die Burger het nog enige briewe ontvang waarin Nasionaliste hul diepe teleurstelling uitspreek oor die besluit ... Ons glo egter dat 'n breedvoerige korrespondensie oor hierdie saak nie die Nasionale saak sal bevorder nie ... Diep soos die teleurstelling oor die uitstel van die kwessie van aparte verteenwoordiging is, is dit nie te vergelyk met die wanhoop wat die Nasionale saak sou oorval het as die samewerking van die hele regeringsfront as gevolg van hierdie meningsverskil vernietig moes geraak het ... Ons sal in hierdie saak die skynbare moeiliker weg van taaie oortuigings-

> werk en die voortdurende versterking van die Nasionale organisasie moet volg." (27)

Die Burger het geen meriete in mnr. Havenga se standpunt gesien nie en daarop gesinspeel dat hy deur sy optrede Afrikaner-eenheid in die gevaar stel en nie die "verslegtende situasie m.b.t. die Kleurlingstem insien nie" (28). In 'n hoofartikel op 31 Januarie lewer die koerant by wyse van uitsondering spesifieke kritiek op mnr. Havenga se kwota-beleid.

> "Daar is eensgesindheid oor die wenslikheid van die oorplasing van die Kleurlinge na 'n aparte lys omdat die huidige toestand die skandaligste misbruike aanmoedig en aan die wortel van ons stelsel van volksregering vreet; maar sal die oorplasing van die Kleurlinge op 'n afsonderlike lys nie ewe groot gevare skep as dit bv. gepaard gaan met die handhawing van dieselfde kwota vir blank en gekleurd en van onveranderde kieserskwalifikasies? Want dan kry ons, gelet op die samestelling van Kaapland se bevolking, eerlank een Kleurlingkieser vir elke twee blankes in Kaapland of een Kleurlingverteenwoordiger in die Volksraad vir elke twee verteenwoordigers van Kaapland se blankes, en dit staan te besien of die Kleurlingblok nie die magsewewig in die Volksraad sal behou nie, met moontlike rampspoedige gevolge vir blanke leierskap." (29)

Tydens die AP-kongres in Bloemfontein in Julie 1950 het mnr. Havenga sy standpunt herhaal dat hy nie sy steun kan verleen aan enige wetgewing wat 'n permanente vaspenning van Kleurlinge se getal parlementêre verteenwoordigers behels nie en wat neerkom op 'n vermindering van bestaande politieke regte nie (30). In sy toespraak het dit nie geblyk dat mnr. Havenga van sy kwotabeginsel gaan afsien nie en gesê dat indien dit in volksbelang blyk te wees om voort te gaan met die wetgewing "moet ek in dié geval versoek dat daar sonder my voortgegaan sal word". (31) Dit was ook sy mening dat die hele Kleurlingstemregkwessie aan die tyd oorgelaat moes word.

Die Burger het in 'n hoofartikel op 26 Julie daarop gesinspeel dat mnr. Havenga die "pragtige samewerking en goeie gesindheid van gees" tussen die AP en die NP in die gevaar stel "hoewel dit nodig is om daaraan te herinner dat hy en dr. Malan dit volkome eens is oor die beginsel, want ook mnr. Havenga wil aan die Kleurlinge aparte verteenwoordiging gee." Die Burger het gehoop dat mnr. Havenga sy standpunt nader aan dié van die NP sou bring en gaan dan weer in op spesifieke kritiek teen mnr. Havenga se kwota-beleid.

> "Maar het hy (mnr. Havenga) rekening daarmee gehou dat die Kleurlinge (en daar is in Kaapland meer Kleurlinge as blanke kinders op skool) voortaan in veel groter getalle as voorheen die kiesreg sal verwerf, omdat die kieserskwalifikasies steeds minder as sif dien? Dink hy miskien aan verhoogde kwalifikasies? Dit sou in elk geval 'n onhoudbare toestand skep as 'n groeiende Kleurlingblok nog effektiewer as tans die deurslag in die politiek moet gee." (32)

Op 26 Julie het die AP op sy kongres besluit dat die party voort sal gaan met sy bondgenootskap met die NP. Op 27 Julie lewer Die Burger in 'n hoofartikel skerper kritiek op die besluite van die kongres en sê dat die kongres vir enigiemand wat gehoop het op 'n eenwording tussen die twee partye, teleurstellend was. "Die besluite op die kongres en veral ook die toon van sommige van die toesprake wat daar gelewer is, stel eenvoudig eenwording in die onmiddellike toekoms nie in die vooruitsig nie ... 'n Mate van teleurstelling is begryplik". Verder word in die hoofartikel daarop gesinspeel dat die AP uit pas is met die volksgevoel en dat sy optrede derhalwe "nie so alte tragies opgevat hoef te word nie". (33)

Dit is duidelik dat die AP gou tot 'n definitiewe besluit rakende die Kleurlingstem moes kom, aangesien al meer Nasionaliste, met Die Burger vooraan, nie meer langer sy posisie sou duld nie.

Op 20 September 1950 het dr. Malan in Durban aangekondig dat onderhandelings met die AP aangeknoop gaan word om ooreenstemming oor aparte verteenwoordiging te verkry. Op 21 September het Dawie in sy rubriek gesê dat dit goeie nuus is en dat die saak veilig in die hande van Nasionale leiers gelos kan word. Dawie het verder vervolg met 'n poging om te probeer aantoon dat genl. Hertzog in 1932 ook nie onsimpatiek was teen die gedagte van afsonderlike verteenwoordiging vir Kleurlinge nie - waarskynlik 'n poging om mnr. Havenga deur die denke van sy politieke mentor te probeer beïnvloed. Dawie vervolg; "Sowel die NP as mnr. Havenga is t.g.v. aparte verteenwoordiging, maar lg. is nie te vinde vir die permanente vaspenning van die Kleurlinge se verteenwoordiging in die Parlement nie; hy meen blykbaar dit is inbreuk op hul bestaande politieke regte. Ek wil my nie hieroor uitlaat nie; ons kan die saak met vertroue in die hande van die leiers laat."

By die Kaaplandse kongres van die NP op 3 Oktober 1950 in Kimberley het altesame 14 takke die resolusie gesteun van Beaufort-Wes dat die Regering so spoedig moontlik aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge moet instel (34). Dit was 'n aanduiding van die wydverspreide steun wat daar vir dié beleid by Nasionaliste bestaan het. Dit moes ook onvermydelik Havenga se standpunt beïnvloed het.

Op 14 Oktober 1950 het <u>Die Burger</u> in 'n hoofberig.berig dat 'n ooreenkoms tussen mnr. Havenga en dr. Malan oor aparte verteenwoordiging verkry is. Die ooreenkoms het onder meer behels ooreenstemming dat die wetgewing in die belang van beide blankes en Kleurlinge is; dat die kwota-beginsel per kiesafdeling dieselfde sal wees vir blankes en Kleurlinge met inagneming in beide gevalle van die bepalings van die SA-Wet t.o.v. die belading en ontlading van kiesafdelings; solank die totale aantal kiesafdelings deur die SA-Wet op 150 vasgepen bly die eenmaal vasgestelde getal Kleurlingkiesafdelings ook onveranderd sal by; dat op hierdie grondslag Kleurlingkiesers vier setels in die Volksraad, een in die Senaat en twee in die Kaapse Provinsiale Raad sal ontvang en dat bestaande reëlings nie neerkom op 'n vermindering van die bestaande politieke regte van Kleurlinge en nie strydig is nie met die bepalings van die verskanste klousules van die SA-Wet (35).

Deur geduldige oorreding en 'n goed uitgewerkte kompromis is mnr. Havenga tot die NP-strategie oorgehaal. Die kompromis was fyn uitgewerk deurdat dit voorgegee het om dele van mnr. Havenga se kwota-beginsel te bevat. In die praktyk het egter nie veel oorgebly van Havenga se sieninge nie. Waar Havenga se kwota-beginsel vroeër gebaseer was op die nie-permanente vaspenning van die aantal Kleurlingverteenwoordigers, is die getal Kleurlingverteenwoordigers nou vasgepen op min of meer dieselfde kwota per kiesafdeling as dié van blankes. Die kwota per kiesafdeling vir die Volksraad in 1950 was 9,570 kiesers, wat in die praktyk daarop sou neerkom dat Kleurlingkiesers op vyf setels sou kon aanspraak maak - wat hulle nou blykbaar sou kry met vier lede in die Volksraad en een in die Senaat (36). Havenga het egter ingestem tot die NP-siening dat so 'n stap nie 'n vermindering van die Kleurlinge se bestaande regte sou behels nie - 'n siening waaroor hy vroeër bedenkinge gehad het. Die ooreenkoms het ook nie voorsiening gemaak vir 'n vermeerdering van die aantal Kleurlingverteenwoordigers indien die aantal blanke setels tot meer as 150 uitgebrei sou word nie - iets wat Havenga vroeër pertinent voorgestaan het. Die NP was ook bereid om te kompromitteer deurdat die party vroeër in sy beleid voorsiening gemaak het vir slegs drie Volksraadslede vir Kleurlinge in die Parlement en hy nou vier plus een in die Senaat aanvaar het.

In 'n hoofartikel op 14 Oktober het Die Burger met "groot tevredenheid en blydskap" van die ooreenkoms verneem en voorsien dat eenwording tussen die AP en NP nou nie meer langer uitgestel sal kan word nie. Die koerant het erken dat albei kante standpunte moes prysgee, maar noem die verstandhouding van buitengewone belang "aangesien dit 'n groot klip uit die pad van eenwording verwyder het". (37)

By 'n beoordeling van Havenga se optrede in dié tydperk word dikwels uit die oog verloor die hegte bande wat tussen hom en Malan bestaan het. Havenga het meer wroeging oor die verwydering van die Kleurlinge se gemeenskaplike kiesreg gehad as Malan, maar oor die sentrale beleidsaspek dat Kleurlinge van die gemeenskaplike lys verwyder moes word en op 'n afsonderlike lys geplaas moes word, was daar volkome ooreenstemming tussen die twee leiers. Havenga wou egter deur dié proses 'n regverdige oplossing verkry m.a.w. dat daar

geen vermindering in die Kleurlinge se bestaande regte sal wees nie. Of hy en Malan so veel verskil het oor dié siening, is ook te betwyfel. Die Burger het meer ongeduld met Havenga getoon as Malan, maar daarby was ook die implisiete ondersteuning van Malan se optrede om Havenga oor te haal tot steun vir die Regering se Kleurlingwetgewing.

Die geslaagde ooreenkoms tussen die AP en die NP was vir Die Burger die verwesenliking van 'n belangrike politieke stap aangesien daar nou eendragtig gekonsentreer kon word op aanvalle op die VP om sodoende dié party se teenkanting teen die Kleurlingwetgewing te neutraliseer. Op 18 Oktober 1950 het die koerant in 'n hoofartikel gereageer op kritiek in die Engelstalige pers op die ooreenkoms deur te sê dat kritici traag is om te reageer op die Nasionale stelling dat "aparte verteenwoordiging wenslik is en dat 'n verandering noodsaaklik geword het". Die hoofartikel vervolg:

> "Want as iets nie aan sy doel beantwoord nie en misbruik word, dan is dit die plig van die staat om deugdelike hervorming aan te bring. Die huidige stelsel het dan ook sonder twyfel ontaard in 'n mobilisasie van Kleurlingkiesers deur een groep blankes vir gebruik as stemvee teen 'n ander; en in dié stryd het sowel die gees as die letter van ons demokratiese stelsel dikwels ongevalle geword ... Die uitweg is nie, soos die Sap-pers sê, om dié blankes aan te keer wat hulle aan korrupte uitbuiting van Kleurlingkiesers skuldig maak nie. Die wortel van die kwaad lê daarin dat die Kleurlingkiesers vir 'n groot deel die ontwikkeling en agtergrond mis wat enersyds moet voorkom dat hulle blote werktuie in die hande van gewetenloses word, en andersyds moet verseker dat hulle selfstandige en waardige gebruik van die stem sal maak ... Aparte verteenwoordiging sal 'n ou bron van wrywing tussen die Kleurlinggemeenskap en meer as net die ondersteuners van die Regering verwyder en die opheffing van die Kleurling, as taak van die gesamentlike blankedom, bo en buite die partypolitiek plaas."

Op 27 Oktober het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op VP-aantygings dat die beoogde wetgewing inbreuk maak op die Suid-Afrika-wet.

> "'n Hoë priesterlike toon van geregtigheid pas nie 'n party wat nie vry te spreek is van onopregtheid in sy optrede in Kleurlingsake nie. Dit is sy lede wat hulle skuldig gemaak het aan omkopery en korrupsie ... In hul betrekkinge met die Kleurlinge en in hul optrede in Kleurlingaangeleenthede het 'n mens ook nooit die edele motiewe gekry wat 'n mens vanselfsprekend sou verwag by 'n party wat maak asof hy alle geregtigheid in pag het nie." (39)

Op 7 November het Die Burger in 'n hoofartikel onder die opskrif, Skewe Somme, gereageer op bewerings deur die VP-leier, adv. J.G.N. Strauss, dat daar 'n afname in die aantal Kleurlinge op die gesamentlike lys was - van 20 persent in 1929 tot 6 persent in 1937 en 7 persent in 1949. Op papier was Strauss se syfers korrek, maar volgens Die Burger het hy nie in aanmerking geneem dat blanke vroue in 1931 die stemreg gekry het en stemreg reeds aan alle meerderjarige blankes toegestaan is asook dat sowat 10,000 Swart-kiesers in 1936 op 'n aparte kieserslys geplaas is nie. Volgens die hoofartikel het adv. Strauss nie bewys dat die belangrikheid van die Kleurlingstem aan die afneem is nie aangesien die blanke stem in verhouding tot die Kleurlingstem veel stadiger gestyg het - van 396,237 in 1937 tot 531,818 in 1947. Daarteenoor het die Kleurlingstem gestyg van 25,238 in 1937 tot sowat 47,000 in 1950.

In reaksie teen Die Burger se interpretering van die syfers kan dit gestel word dat die Kleurlingstem ná 1945 konstant aan die daal was (met die uitsondering van effense stygings in 1949 en 1953). Die premise van Die Burger was altyd dat die Kleurlingstem aan die styg was, wat nie gestrook het met die werklike posisie nie waar die VP versigtig was om te veel Kleurlinge as kiesers te registreer. Die Kleurlingstem het in 1945 gestaan op 54,134 (Asiërs ingesluit) wat in 1948 gedaal het tot 47,329, in 1949 effens gestyg het tot 47,597, in 1950 weer gedaal het tot 47,098, in 1953 weer effens gestyg het tot 47,677 en toe in 1955 en 1956 drasties gedaal het tot onderskeidelik 37,870 en 37,649 (40).

Die Burger het in sy kritiek op die VP se Kleurlingbeleid dikwels verwys na die uitsprake van mnr. B.K. Long, 'n voormalige redakteur van die Cape Times en Volksraadslid vir Kaapstad-Tuine, oor die wanpraktyke en korrupsie wat met die Kleurlingstem gepaard gegaan het. In 1943 het Long in 'n boek, In Smuts's Camp, te velde getrek teen die wanpraktyke wat hy geglo het alledaags voorgekom het. Op 7 Oktober 1950 het Dawie in sy rubriek 'n opsomming van Long se sieninge gegee deur wyd uit sy boek aan te haal. Long se sieninge behels kortliks die volgende:

(a) Die Kleurlingstem is in die geheel genome in enige Kaapse kiesafdeling in verkiesingstyd stilletjies te koop ... Die groot meerderheid van die Kleurlingkiesers word aan druk onderwerp, òf van die kant van persone òf van groepies onder hulle, op maniere wat die afsonderlike blanke kiesers nie tref nie. Diegene wat hierdie druk op Kleurlingkiesers uitoefen, is korrup ... Die kandidaat is hulpeloos ... Die verkiesingsagent sê dat die Kleurlingstem liewer aan hom oorgelaat moet word ... Daar is altyd 'n newel van geheimsinnigheid ... Terloops, in my kiesafdeling was die Kleurlingstem in 1938 so klein en my agent was so in die goeie boeke van die Kleurlinge, dat ek immuun was teen al hierdie ellendige gekonkel. Maar ander kandidate in Kaapse kiesafdelings is nie so gelukkig nie.

(b) Blanke kandidate sal vroeër of later in opstand kom teen afpersing deur die skurke wat op een of ander geheimsinnige manier daarin geslaag het om die Kleurlingstem onder hul duim te kry. Dan sal die een of ander regering 'n wetsontwerp indien om die Kaapse Kleurlingkiesers in verkiesingstyd van die blankes se kieserslys weg te vat ... Dit is nie alleen dat Kleurlingkiesers in verkiesingstyd gewoonlik beswyk voor die druk van korrupte groepe of individue terwyl blanke kiesers, as geheel geneem, met sukses weerstand bied aan pogings om hulle aan soortgelyke druk te onderwerp nie ... Kleurlingkiesers is ook, blykbaar ongeneeslik, geneig om deur emosiestorms meegesleur te word. Hulle sluk feitlik

enigiets wat aan hulle vertoë word deur self-bedroë of beginsellose sprekers wat weet hoe om hierdie swakheid uit te buit.

(c) Ek twyfel in elk geval ten seerste of die stem op dieselfde rol as die blankes nie werklik 'n vloek vir die Kleurlinge was nie ... Dit het aan hulle 'n skyn van mag gegee ... Hulle sou veel meer werklike invloed in die Parlement gehad het as hulle regstreekse verteenwoordigers van hulle eie gehad het soos die swartes het.

(d) Dit kom nou nader aan daardie stadium en die dag van sy einde is byna in sig. Afgesien van die skok vir hul waardigheid, sal die Kleurlinge veel meer wen as verloor wanneer dit afgeskaf word en iets eerlikers - sy dit dan ook oppervlakkig minder indrukwekkend - in die plek daarvan kom.

Long het as 'n figuur wat redelik hoog gestyg het in die liberale establishment, heelwat ideë gehad wat nie gestrook het met die opvattinge in dié kring nie. Heelwat bedenkinge kan oor sy sieninge uitgespreek word. Hy het nie 'n wetenskaplike studie van die sg.uitbuiting en omkopery van die Kleurlingstem gemaak nie, en sy sieninge meestal gebaseer op eie gewaarwordinge. Hy het ook 'n kiesafdeling (Kaapstad-Tuine) verteenwoordig wat min Kleurling-kiesers gehad het.

Aangesien hy nie 'n wetenskaplike studie van die probleem gemaak het nie, kan nie aanvaar word dat die wanpraktyke wat hy genoem het oral in elke kiesafdeling met Kleurlingkiesers plaasgevind het nie. Daarby was die meeste van sy sieninge op hoorsê gebaseer (41). Long het ook verdere eienaardige ideë geopenbaar. Om die Kleurlinge se sg. emosionele benadering tot die politiek te noem as 'n rede om hulle van die gemeenskaplike lys te verwyder, is so vergesog en openbaar só 'n vooroordeel wat nie eens by Nasionaliste voorgekom het nie. As 'n mens na die verkiesingsinsidente kyk

waarby ondersteuners van die VP en NP in die 1953-verkiesing betrokke was, kan ewe goed geargumenteer word dat blankes ook 'n emosionele benadering tot die politiek het.

Daarby het Long in sy boek ook eienaardige ideë oor blanke kiesers gehad. Volgens hom was die oorgrote meerderheid van die blanke bevolking ook nie hul stemreg waardig nie (42). Long was blykbaar ook begerig om die meerderheid blanke kiesers te 'ont-kieser'! Hy het ook die mening gehuldig dat dr. Malan se optrede in die Tweede Wêreldoorlog byna hoogverraad was (43) - 'n ironiese gedagte as in aanmerking geneem word dat sy sieninge as regverdiging vir aparte verteenwoordiging deur Nasionaliste aangegryp is.

Op 15 November het Die Burger in 'n hoofartikel getiteld Die Duiwelse Lawaai, gesê dat die rede waarom die VP so te velde trek teen die Kleurlingwetgewing, terwyl die party in 1936 bereid was om afsonderlike verteenwoordiging vir swartes te aanvaar, die feit is dat die party afhanklik geword het van die Kleurlingstem. Die Burger het gereageer op 'n stelling deur adv. Harry Lawrence, 'n voormalige Minister in die Smuts-kabinet, dat Kleurlingplaasarbeiders nie verwar moet word met geletterde en professionele Kleurlinge nie. "Van laasgenoemde is daar baie, maar hulle vorm op verre na nie die Kleurlingkieserskorps sedert die VP plaasarbeiders en ander voor die voet as kiesers begin registreer het nie." Die koerant vervolg deur te sê dat die blanke in Kaapland gevaar loop om deur Kleurlingkiesers oorheers te word en dat die VP hom in 1948 misreken het anders het hy nog duisende Kleurlinge op die kieserslys geplaas. "In Kaapland is daar vandag meer Kleurling-kinders as blanke kinders op skool, sodat daar oor 'n tydjie een Kleurlingkieser sal wees vir elke twee blankes. As die huidige stelsel dus gehandhaaf word, sal daar oor 'n tydjie min kiesafdelings wees waar die Kleurling nie die deurslag sal gee nie."

Die Burger het in die eerste helfte van 1951 tot en met die indiening van die wetgewing in Maart in verskeie hoofartikels die belangrikheid van die Kleurling-wetgewing beklemtoon en aanvalle op die VP gedoen.

Op 5 Februarie het 'n artikel deur mnr. P.W. Botha verskyn waarin te kenne gegee word dat aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge al sedert 1922 in Nasionale kringe as beleid geopper is en sedert 1932 'n gevestigde deel van die NP se denke en beleid vorm (44). Geen melding is gemaak van dr. Malan se vroeëre siening van die Kleurlingstemreg of genl. Hertzog se beleid in die verband nie. Op 12 Februarie het Die Burger in 'n hoofberig besonderhede oor die Kleurlingwetgewing verskaf wat getoon het hoe goed die blad ingelig was en hoe diep sy bronne in die Regering gestrek het. Die publisering van die wetsontwerp in Die Burger het geskied voordat dit in die Staatskoerant verskyn het en het gelei tot navrae daaroor in die Volksraad deur adv. Harry Lawrence. Die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, het verduidelik dat dit 'n misverstand was en vroeër in die Staatskoerant gepubliseer moes gewees het (45).

Op 13 Februarie het Die Burger in 'n hoofartikel gesê dat weens die omkopery en beïnvloeding waaraan die Kleurlingkieser hom blootgestel het "hy die welwillendheid en die simpatie van baie Nasionale Afrikaners verbeur het." "Dit het vir die Nasionale Afrikaner trouens onmoontlik geword om 'n aansienlike deel van die Kleurlingbevolking se goedgesindheid te win sedert die VP buitensporige beloftes maak en die Kommuniste algehele gelykstelling belowe." (46)

Op 15 Februarie het Die Burger in die bres getree vir mnr. Havenga en die VP gevra waar dié party daaraan kom om hom van eerloosheid te beskuldig. "Want waar kry hulle hoegenaamd die reg om regter oor 'n ander te speel? ... Toe die VP die land geregeer het, het hy sover dit die Kleurlinge aanbetref, min anders gedoen as om hulle by verkiesings as stemvee aan te ja en daarna te vergeet. Hy het verder opvallend min gedoen om die korrupsie, omkopery en ander misbruike uit te roei." (47)

In 'n hoofartikel op 16 Februarie sê Die Burger dat die VP nie die kern van die saak wil raaksien nie. "Die kern van die saak is of aparte verteenwoordiging teen die belange van die land en sy bevolking indruis." (48) Op 19 Februarie sê die koerant:

"Negentig persent van alle Afrikaners, ongeag hul politieke verbintenis, steun die beginsel ten grondslag aan die wetsontwerp in verband met die politieke verteenwoordiging vir die Kleurlinge en daarom, na ons aanneem, die wetsontwerp self. Hier wil ons daarop wys dat die VP se teenstand teen aparte politieke verteenwoordiging vir die Kleurlinge vir die grootste deel nie spruit uit sogenaamde morele oorwegings en beginselbesware nie, maar uit die begeerte om die Kleurlingstem vir hul stryd oor ander sake te behou." (49)

Die twee jaar tussen die Provinsiale verkiesing van 1949 en die indiening van die Kleurlingwetgewing in 1951 is ook gekenmerk deur twee ander belangrike sake waarin Die Burger 'n invloedryke rol gespeel het nl. (a) die ontbinding van die AKR in 1950, en (b) apartheidswetgewing wat oor 'n wye front ingedien is en die Kleurlingbevolking ten nouste geraak het.

Die verhoudinge tussen die AKR en die Regering het al meer versleg aangesien dié liggaam uitgesproke was in sy teenstand teen die Regering se Kleurlingbeleid en die Regering ewe vasberade was om dit deur te voer. In Julie 1949 was die Regering bereid om die Raad nog 'n kans te gee en is besluit om die Raad vir 'n verdere termyn aan te stel. Op 14 Julie het die Minister van Volkswelsyn, dr. A.J. Stals, 'n waarskuwing tot die AKR gerig dat hy "afdwaling in vals paadjies wat oënskynlik tot iets aantrekliks lei, moet vermy." (50) In 'n hoofartikel op 15 Julie 1949 het Die Burger ook 'n vermaning tot die AKR gerig en gesê die Raad sal dwaas wees "as hy soos die Kommuniste gelykstelling vir sy mense met die blanke opeis en die lot van sy rasgenote langs dié weg soek te verbeter".

"Die Kleurlinge is vereers in 'n gelyke stryd nie opgewasse teen die blanke nie. Maar daarby moet die Kleurling tog nou al weet dat hy nie die kans sal kry om gelykop met die blanke op alle terreine mee te ding nie ... Dit is onverbiddellike feite waaroor die Kleurlingraad ongelukkig kan voel, maar waarmee hy

rekening moet hou as hy iets vir die Kleurling-gemeenskap wil uitrig." (51)

Op 14 September het Die Burger in 'n belangrike hoofartikel uitgebrei op dié gedagte en verwys na die redes waarom aparte verteenwoordiging nodig is en ook na die verslegtende ekonomiese situasie m.b.t. die Kleurlingbevolking.

> "Die vernaamste oorsaak aan die kant van baie Kleurlinge is stellig die groeiende oortuiging dat hy in sy vordering voor geslote deure te staan gekom het, sodat hy hom gedoem voel tot 'n ewige bestaan in armoede en ellende. Aan die kant van die blanke, veral die Nasionale Afrikaner, het die afnemende welwillendheid teenoor die Kleurling weer sy vernaamste oorsprong in die omstandigheid dat die Kleurling in toenemende mate as bondgenoot ingeroep is deur die Nasionale Afrikaner se politieke vyande. In onsekere kiesafdelings (maar nooit in veilige vestings van die VP nie) is Kleurlinge massagewys deur die VP geregistreer en dan op gruwelike wyse teen die Nasionale Afrikaner opgesweep met die kreet van verdrukking. In dié spel kan en wil geen Nasionalis met die VP meeding nie. Dit bring mee dat onvervulbare beloftes gedoen moet word en dat by die Kleurling 'n denkwyse gevestig word wat vir blanke Suid-Afrika onhoudbaar is." (52)

In Oktober 1949 het die voorsitter van die AKR, mnr. George Golding, in sy kapasiteit as leier van die CPNU skerp kritiek op die Regering en veral die viering van Krugerdag uitgespreek. Mnr. Golding het onder meer gesê; "Die opvatting dat die blankes vir hulself 'n vreedsame tuiste en algehele veiligheid in SA sal bewaar deur wetgewing deur die parlement te druk wat geheel en al onaanvaarbaar is vir die groot nie-blanke massa in hierdie land, is 'n verkeerde opvatting van die ware toestand." (53) In 'n hoofartikel op 11 Oktober onder die opskrif, Onverstandige Leiding,

sê Die Burger dat uitlatings soos dié van mnr. Golding die skep van beter rasseverhoudinge in die land bemoeilik. "Die Kleurlingbevolking verdien werklikwaar verstandiger leiers." Aan die einde van Oktober het die AKR 'n memorandum aan die Regering gestuur waarin gevra is dat die Kleurlingstemreg na die Vrystaat, Transvaal en Natal uitgebrei moet word. Die Burger het op 31 Oktober in 'n hoofartikel hierop gereageer. "Ons meen ons weet wat die Regering se antwoord sal wees. Maar ons sal graag wil weet wat die Opposisie daarop te sê het."

Aan die begin van Janaurie 1950 het verdeeldheid tussen die 'gematigde' en meer 'radikale' groepe binne die AKR ontstaan en het lede verskil oor 'n eendragtige strategie teen die Regering se Kleurlingwetgewing. Dawie sê in sy rubriek op 7 Januarie: "Kersfees en Nuwejaar is 'n tyd van besondere welwillendheid tussen die blankes en Kleurlinge van Kaapland ... Maar weinig van hierdie gees het deurgedring tot die meerderheid van die AKR. Sommige lede van hierdie meerderheid het die eerste week van die nuwe jaar gekies om hul bittere gesindheid te openbaar. Dit lyk vir my hulle is totaal uit voeling met die mense wat hulle veronderstel is om te lei."

Op 8 Januarie het mnr. Golding en die meerderheid AKR-lede uit die raad bedank, hoewel 'n minderheid bereid was om voort te gaan en in die raad te dien. Op 9 Januarie verskyn 'n voorbladberig in Die Burger onder die opskrif, 'Nuwe strominge onder Kleurlinge: verset teen Golding-seksie se optrede,' waarin melding gemaak word van nuwe gematigde strominge wat in die Kleurlinggemeenskap opgekom het. In 'n hoofartikel op 9 Januarie sê Die Burger:

> "Ons weier om 'n enkele traan te stort oor die feit dat die meerderheid in die AKR besluit om homself uit te skop. Ons, en ons glo die grootste deel van die publiek, het lankal genoeg gehad van hierdie raadslede. As dit nie was vir die moontlikheid dat hulle dan sou gaan poseer het as martelare nie, sou ons dit bepleit het dat die Regering met hulle doen wat hulle verlede week self gedoen het, nl. om hulle af te dank. Nou is die land ontslae van die posisie dat aktiewe propagandiste vir die VP 'n half-amptelike verhoog kon

gebruik om die Regering in die bitterste taal en met wilde dreigemente te beveg ... Die vraag ontstaan of iets gemaak kan word van 'n instelling wat 'n bate vir die Kleurlinggemeenskap en 'n skakel tussen hom en die owerheid kon geword het as sy vader, die Smuts-bewind en die VP, nie so vasberade was om dit as 'n propaganda-verhoog in te rig en te behou nie ... Ons kan nie alte optimisties wees nie." (54)

Op 13 Januarie sê Die Burger in 'n hoofartikel dat die Kleurlinge hulle ná die bedanking van die meerderheid AKR-lede nou by die kruispad bevind.

> "Die waarheid is dat die blankes in SA vasberade is om die Kleurling nie in die blanke gemeenskap op te neem nie. Vermenging en absorbering van die Kleurlinggemeenskap is 'n koers wat die blanke nie eens bereid is om met die Kleurling te bespreek nie ... Met hul eis om blankes te wees, slaan die reeds genoemde Kleurlingvoormanne teen 'n deur wat onherroeplik gesluit is deur die oorweldigende meerderheid van die blankes in SA."

In die hoofartikel word ook verwys na die verslegtende ekonomiese posisie van die Kleurlinge.

> "Dit is 'n vraagstuk waarvan die blanke hom bewus is; maar die Kleurling kan aan die gevaar nie ontkom deur in die betreklike veiligheid van die blanke gemeenskap te probeer indring en 'n blanke te probeer word nie. Daardeur vervreem hy die blanke se simpatie en samewerking. Hy dwing die blanke om regverdige beskermingsmaatreëls te tref, soos dié wat nou getref moet word ná jare van laat-maar-loop. As die Kleurlinge net hierdie afbakening van regte wil aanvaar, in stede van toe te laat dat hulle vroeg en laat daarteen opgesweep word, dan ontstaan die moontlikheid van veel groter en aktiewer blanke simpatie vir die Kleurling se eie onbevredigende en bedreigde posisie." (55)

Op 20 Februarie het 'n berig in Die Burger verskyn waarin dr. Malan gesê het die Regering is voornemens om so spoedig moontlik 'n departement van Kleurlingsake te stig en die AKR te ontbind. Die Burger het dié stappe in 'n hoofartikel verwelkom en gesê "as die positiewe deel van die Regering se beleid eers vrugte afwerp, sal die aantal goedgesinde voormanne onder die Kleurlinge aangroei en sal dit gerade wees om skakels tussen die owerheid en die Kleurling-onderdaan te skep." (56)

Die apartheidswetgewing wat in die loop van 1949 en 1950 in die Parlement aangeneem is, het in vele opsigte die Kleurlingbevolking ten nouste geraak. In dié opsig het Die Burger 'n belangrike ondersteuningsfunksie gespeel ook m.b.t. wat later bekend sou staan as "klein-apartheid". Hoewel Die Burger later aktief sou meehelp om "klein-apartheid" af te takel, het hy met die aanvanklike indiening van die wetgewing en maatreëls geen bedenkings of teenkanting daarteen geopper nie.

Die instelling van aparte dienste vir blank en nie-blank by Skiereilandse poskantore het aan die einde van 1949 sy beslag gekry. In September 1949 het Die Burger skerp gereageer teen dansery tussen blanke en gekleurde studente aan die Universiteit van Kaapstad. "Dit is nie alleen 'n geval dat vir 99 persent van die blanke bevolking van die Unie die gedagte weersinwekkend is dat blank en nie-blank, mans en vroue, saam dans en saam drink nie; dit is ook 'n geval van verrotting op 'n terrein van die openbare lewe waar geen verrotting geduld kan word nie." (57)

In Maart 1950 is die Wysigingswet op Ontug ingedien wat onder meer 'n verbod geplaas het op buite-egtelike geslagtelike omgang tussen blankes en nie-blankes. Die Burger het in 'n hoofartikel op 2 Maart die VP se teenkanting tydens die indiening van die wetgewing as "lamlendig" bestempel en gesê geen goeie argumente is van hulle kant gehoor oor hoekom die wet nie deurgevoer moet word nie. Later die jaar, in 'n hoofartikel op 22 Augustus, het die koerant gesê dat die toepassing van die nuwe ontugwetgewing skokkende toestande van buite-egtelike rassevermening in die Skiereiland onthul het.

"Om te pleit vir 'n algemene aansienlike verligting van die wetlike druk, is om die hele opset mis te kyk ... Want die wet is gerig teen die swakkelinge van die maatskappy wat hoofsaaklik deur die vooruitsig van werklike pyn en skade staande gehou word. Strenge toepassing van die Ontugwet is ook en veral in hul persoonlike belang. Die leed van dié wat geval het, mag nie versag word ten koste van diegene wat tot struikeling geneig is nie."

In Maart 1949 het Die Burger die instelling van die Bevolkingsregistrasiewet, waarvolgens elke Suid-Afrikaner bo die ouderdom van sestien in die besit moes wees van 'n persoonskaart waarop sy ras (blank, Asiaat, Kleurling of Swart) aangetoon moes word, verwelkom en gesê; "Sal dit nou so danig tragies en vernederend wees vir diegene wat vir Kleurlinge deurgaan en met Kleurlinge gereeld omgaan en lewe om as Kleurlinge geklassifiseer te word. Dit is hulle mos." (58) In 'n hoofartikel op 8 Maart sê Die Burger dat "dit jammer is dat die leier van die Opposisie te kenne gegee het dat 'n 'stigma' gevolglik op hulle rus en dat hulle moet strewe om iets te wees wat hulle nie is nie". Voglens die koerant het die wetgewing net betyds gekom aangesien dit vanweë veelrassige huwelike of kinders wat uit sodanige verhoudings gebore is oor 'n paar jaar dalk nie meer moontlik sal wees om 'n lyn tussen 'n blanke en 'n Kleurling te trek nie. Op 17 Maart sê die koerant; "Maar ons moet sê dat die publiek ná die Opposisie se houding in die debat oor die nasionale register meer as ooit in die duister verkeer ... Dit het onverdraagsame rasse-diskriminasie geword om 'n Kleurling 'n Kleurling te noem!" Op 20 Maart word in 'n hoofartikel gesê; "Dit is alles die gevolg van bloedvermening tussen blank en gekleurd wat tot onlangs nog straffeloos kon voortgaan. Omdat die Regering daar aan 'n einde wil maak en te dien einde die rasse afsonderlik wil registreer, roep die VP die hele wêreld tot getuie dat hier teen die Kleurlinge gediskrimineer word." (59)

In Mei 1950 het Die Burger in 'n hoofartikel gesê dat die instelling van die Wet op Groepsgebiede "groot moontlikhede vir die Kleurlinge inhou".

"Dit moet as 'n feit aanvaar word dat solank die Kleurling 'n gesamentlike gemeenskap met die blanke uitmaak, hy op 'n doodlooppad is. Daar is net een manier waarop vir die Kleurling 'n toekoms geskep kan word. Hy moet sy eie gemeenskap vorm en daarin die geleentheid vir sy eie ontwikkeling vind ... Die Wetsontwerp op Groepsgebiede bied vir die Kleurling die sleutel tot 'n nuwe en 'n beter toekoms." (60)

In Oktober 1950 het Die Burger die instelling van apartheid op strande in die Skiereiland verwelkom. "Dit is goeie nuus dat wetgewing beoog word om onduidelikheid in die toepassing van apartheid op strandplekke op te klaar. Ons glo dat die grote gros van die mense wat van strandplekke gebruik maak, sowel nie-blank as blank, sodanige duidelike en regverdige rasseskeiding sal verwelkom." (61)

Die Burger het dus in 1950 duidelik nie die kwetsende en diskriminerende aard van die apartheidswetgewing ingesien nie. Dit geld veral die Groepsgebiedewet. Die Nasionale Regering het opgetree soos alle Nasionalistiese bewegings wêreldwyd wat eksklusief optree in eie belang en nie altyd die skade besef wat aan andere aangerig word nie. Die skade wat deur Nasionale wetgewing aangerig is, is al goed gedokumenteer; die vermoë om dit reg te stel of nuwe paaie te betreë, wel nie. Veranderinge in die Nasionale konsep van skeiding, hoewel traag in die praktyk, het later plaasgevind, soos getuig uit 'n hoofartikel in Die Burger op 3 Julie 1985.

"Daar is naamlik etlike jare gelede reeds besef, ook in toonaangewende Nasionale geledere, dat die ou bloudruk van rigoristiese skeiding, aanvanklik ingestel en toegepas om wrywing tussen groepe te voorkom, in baie opsigte nie aan daardie doelstelling voldoen nie, en inderdaad soms eerder gemoedere tussen groepe en individue gaande maak. Dié besef het gelei tot die groter klem wat op gemeenskaplikheid begin val het. Al hoe sterker is die faktore en gemeenskaplike belange benadruk wat groepe saambind." (62)

(1) H.B. Thom, D.F. Malan, p. 266.

(2) Thom, D.F. Malan, p. 175-187 en D.F. Malan, Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, (Kaapstad 1959), p. 233-235.

(3) Die Burger, 13 Februarie, 1950 en 23 Oktober, 1950.

(4) Die Burger, 20 Maart, 1950.

(5) Thom, D.F. Malan, p. 162.

(6) Stultz, Afrikaner politics in South Africa, p. 104 en A. Barlow, Almost in Confidence, p. 320.

(7) Stultz, Afrikaner politics in South Africa, p. 104.

(8) Thom, D.F. Malan, p. 169-187.

(9) Sien in dié verband E.G. Malherbe, Never a dull moment, (Kaapstad 1981), p. 282-283: Hancock, Fields of Force, p. 512-516: A. Paton, Hofmeyr, (Kaapstad, verkorte weergawe 1971), p. 404-406: P. Meiring, Jan Smuts - die Afrikaner, (Kaapstad 1974), p. 204-205: Van der Byl, The shadows lenghten, p. 62 en Carter, Politics of Inequality, p. 245.

(10) Sien in dié verband B. Schoeman, My lewe in die politiek, (Johannesburg 1978), p. 169.

(11) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(12) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(13) Carter, Politics of Inequality, p. 245 en 'Sappe se vryery na min. Havenga,' Die Burger, 6 Desember, 1948.

(14) Sien 'Propaganda van die VP veroordeel: min. Havenga open AP-kongres,' Die Burger, 2 Desember, 1948.

(15) 'Eenheid of politieke apartheid,' Die Burger, 30 November, 1948.

(16) 'Apartheidsbeleid een geheel,' Die Burger, 2 Desember, 1948.

(17) 'Dr. Malan oor Havenga se standpunt,' Die Burger, 4 Desember, 1948.

(18) 'Dr. Malan en min. Havenga,' Die Burger, 4 Desember, 1948.

(19) 'Apartheid en propaganda,' Die Burger, 6 Desember, 1948.

(20) Die Burger, 12 en 26 Maart, 1949, 29 Augustus, 1949 en 26 September, 1949.

(21) Die Burger, 26 Maart, 1949.

(22) 'Die HNP en die Kleurlingstem,' Die Burger, 23 Maart, 1949.

(23) 'Kleurlingwet aanstaande jaar,' Die Burger, 25 Mei, 1949.

(24) Schoeman, Malan tot Verwoerd, p. 32-33.

(25) 'Aan elkeen sy eer,' Die Burger, 13 Desember, 1949.

(26) 'Kwota-beginsel vir Kleurlinge: blad oor min. N.C. Havenga se standpunt,' Die Burger, 26 Desember, 1949.

(27) 'Besluit oor Kleurlingstem,' Die Burger, 4 Januarie, 1950.

(28) 'Geen Kleurlingwetgewing nie,' Die Burger, 14 Desember, 1949.

(29) 'Regering en Kleurbeleid,' Die Burger, 31 Januarie, 1950.

(30) 'Samewerking in die Regering: Havenga oor goeie vrugte,' Die Burger, 26 Julie, 1950.

(31) Die Burger, 26 Julie, 1950.

(32) 'Min. Havenga en ons Kleurbeleid,' Die Burger, 26 Julie, 1950.

(33) 'Eenwording,' Die Burger, 27 Julie, 1950.

(34) Scher, p. 169.

(35) 'Ooreenkoms oor die Kleurlingstem,' Die Burger, 14 Oktober, 1950.

(36) 'Verteenwoordiging is billik: beoogde toekenning aan die Kleurlinge,' Die Burger, 14 Oktober, 1950.

(37) 'Kleurlingverteenwoordiging,' Die Burger, 14 Oktober, 1950.

(38) 'Nadelig ook vir die Kleurlinge,' Die Burger, 18 Oktober, 1950.

(39) 'Die VP en die toekoms,' Die Burger, 27 Oktober, 1950.

(40) Syfers uit die Offisiële Jaarboek van die Unie no. 24 p. 99, no. 25 p. 105, no. 26 p. 107, no. 27 p. 113, no. 28 p. 79 en no. 29 p. 83.

(41) The Cape Coloured Vote, p. 52.

(42) B.K. Long, In Smuts's Camp, (Londen 1945), p. 106.

(43) Long, p. 65.

(44) P.W. Botha, 'Eerste besluit al in 1922 geneem,' Die Burger, 5 Februarie, 1951.

(45) Sien 'Vrystelling van Inligting oor wetsontwerp,' Die Burger, 13 Februarie, 1951.

(46) 'Die Kleurlingstemreg,' Die Burger, 13 Februarie, 1951.

(47) 'Die Sappe en min. Havenga,' Die Burger, 15 Februarie, 1951.

(48) 'Die kern van die saak,' Die Burger, 16 Februarie, 1951.

(49) 'Die VP en die Kleurlingstem,' Die Burger, 19 Februarie, 1951.

(50) Die Burger, 15 Julie, 1949.

(51) 'Waarheen die uitnodiging lei,' Die Burger, 15 Julie, 1949.

(52) 'Blankes en Kleurlinge,' Die Burger, 14 September, 1949.

(53) Die Burger, 11 Oktober, 1949.

(54) 'Die Regering en die Kleurling,' Die Burger, 9 Januarie, 1950.

(55) 'Kleurlinge by die kruispad,' Die Burger, 13 Januarie, 1950.

(56) 'Die Regering se Kleurlingbeleid,' Die Burger, 20 Februarie, 1950.

(57) 'Bont dansery,' Die Burger, 8 September, 1949.

(58) 'Skinderbekke en persoonsbewyse,' Die Burger, 6 Maart, 1950.

(59) ''n Party gee hom oor,' Die Burger, 20 Maart, 1949.

(60) 'Valse vriende,' Die Burger, 31 Mei, 1950.

(61) 'Apartheid op strande,' Die Burger, 5 Oktober, 1950.

(62) 'Saamstaan in SA,' Die Burger, 3 Julie, 1985.

# HOOFSTUK 6

## KONSTITUSIONELE KRISIS - 1952

Die aanvaarding van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers in 1951 en die ongeldigverklaring daarvan deur die Appèlhof in Maart 1952, het Suid-Afrika in sy grootste konstitusionele krisis ooit gedompel. Die stryd was in wese die verskynsel dat die Nasionale regering as agent van Afrikaner-Nasionalisme nie bereid was om die bepalings en beginsels te aanvaar wat die grondslag gevorm het van die stigting van die Unie in 1910 nie. Van die wetlike bepalings soos neergelê met Uniewording is deur die Nasionale regering gesien as 'n bedreiging vir sy voortbestaan as regeringsparty. Dit is dus duidelik dat hy een of ander tyd met die regswese, wat die 1910-bepalings moes interpreteer en beskerm, in aanraking sou kom. In dié opsig het die regswese en die Regering mekaar nie gevind nie, wat in die vyftigerjare gelei het tot 'n basiese reorganisasie van magte. Die kompromie van 1910, wat soos verwag kon word in 'n plurale en erg verdeelde samelewing soos Suid-Afrika, met stampe en stote tot in die 1950's gehandhaaf is, is vervang as magsinvloed en primêre beleidbepaler deur die Nasionale regering. Alle kompromieë (indien enige) sou voortaan geskied vanuit die erkende supremasie van die Nasionale regering. In wese het die Regering hom nie bindend geag aan die bepalinge van 1910 nie en het hy direk of indirek nuwe kriteria en waardes in die politiek ingebring wat verskil het met dié wat in 1910 aanvaar is.

Die konstitusionele stryd het in wese gegaan oor twee verskanste klousules wat in 1910 met Unie-wording in die Grondwet aangebring is, asook 'n proseduriële maatreël wat met hierdie klousules gepaard gegaan het. In der waarheid was daar nie twee, maar drie verskanste klousules (1). Twee klousules, artikel 35 (oor die Nie-blanke stemreg) en artikel 137 (oor gelyke taalregte) het gehandel met substantiewe aangeleenthede terwyl een, artikel 152, 'n proseduriële verskanste klousule was (2). Laasgenoemde het neergelê dat artikels 35 en 137 nie gewysig mag

word nie sonder 'n tweederdemeerderheid tydens die derdelesingsdebat in 'n gesamentlike sitting van beide Huise van die Parlement - die Volksraad en die Senaat.

Die Regering het nie oor 'n tweederdemeerderheid beskik om die Kleurlinge van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder nie en reeds vroeg regsadvies oor die aangeleentheid ingewin. Die Regering se regsadvies was in 'n mate positief en optimisties. Vanweë die aanvaarding van die Statuut van Westminster in 1931 is die bepalings van die Colonial Laws Validity Act van 1865 geskrap en kon bepalings van 'n plaaslike wet in 'n Statebondsland strydig wees met 'n Britse wet. Aangesien die SA-wet van 1909 'n Britse wet was, is aanvaar dat 'n wet aangeneem kon word sonder die tweederdemeerderheid-bepaling wat in die amptelike Britse wet vervat was (3). In wese was die advies wat die Regering van sy regsadviseurs gekry het die volgende: Met die aanname van die Statuut van Westminster in 1931 deur die Parlement van die Verenigde Koninkryk en die aanname van die Unie-Statuswette in 1934 deur die Parlement van die Unie, wat die verwydering behels het van die beperkinge wat voor 1931 deur die Colonial Laws Validity Act op die Unie-Parlement toegepas het, het artikels 35 en 152 van die SA-wet hul regsgeldigheid verloor (4).

Verskeie regsgeleerdes in Suid-Afrika asook in Brittanje het die Regering se siening ondersteun dat die regsgeldigheid van die verskanste klousules nie meer bindend was nie (5). Daar was egter diegene wat bedenkinge uit 'n regsoogpunt gehad het oor die Regering se beplande optrede. Onder hulle was regter Toon van den Heever wat gesê het dat die bepalings van die verskanste klousules nog geld en prof. L Ignatius Coertze van die Universiteit van Pretoria wat gesê het dat die Parlement die verskanste klousules nie met 'n gewone meerderheid kan wysig nie (6). Die Regering se regsmening is verder versterk deur die uitspraak in die saak Ndlwana teen Hofmeyr in 1937 ná die verwydering van die Swart-kiesers van die gemeenskaplike kieserslys in 1936 waarin onder meer bevind is dat die Unie-Parlement soewerein is en wetgewing kan aanneem volgens eie goeddunke.

Die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers is in 1951 by die Volksraad ingedien en met 'n gewone meerderheid aangeneem. Die Regering se optrede het volgens die Appèlhof se uitspraak in 1952 op twee terreine te kort geskied nl:

(a) Die Colonial Laws Validity Act van 1886 was irrelevant met betrekking tot artikels 35 en 152. Die Unie-Parlement kon die artikels skrap of wysig op voorwaarde dat die spesiale prosedure nagekom word lank voordat die Statuut van Westminster van krag geword het (7), en

(b) hoewel die oppergesag en soewereiniteit van die Unie-Parlement met die uitspraak van Ndlwana teen Hofmeyr in 1937 deur die Appèlhof aanvaar is, het die hof die verwydering van die Swart-kiesers van die gemeenskaplike lys as konstitusioneel aanvaar omdat die tweederdemeerderheid-prosedure in 'n gesamentlike Huis nagekom is. Om die Kleurlingwetgewing deur te voer sou die Regering by die tweederdemeerderheid-bepaling moes verbykom.

Die Burger het in 1952 as die nie-amptelike regeringskoerant in die konstitusionele krisis nie net die Regering ondersteun nie, maar ook heelwat regsargumente gevoer rakende die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers. Die Burger se argumente was in wese dié van die Regering en het in breë oor die volgende gehandel:

(a) Die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers is nie strydig met die Grondwet nie aangesien die oppergesag en soewereiniteit van die Parlement in die saak Ndlwana teen Hofmeyr in 1937 aanvaar is en erken is dat hy wette kan indien en aanneem na eie goeddunke;

(b) Die verskanste klousules in die SA-Wet nie meer bindend op die Unie-Parlement is nie;

(c) Die volkswil die primêre oorweging vir wetgewing is en dat in die geval van die Kleurlingstemreg die volkswil eis dat die Kleurlinge op 'n aparte lys geplaas moet word. In dié opsig

dwarsboom die Appèlhof die volkswil, en

(d) die kern van die saak is dat die groeiende Kleurlingstem 'n gevaar en bedreiging vir die blankes se politieke voortbestaan inhou.

Die konstitusionele stryd van 1952 is ook gekenmerk deur die bittere stryd tussen die VP en die NP wat ook op buite-parlementêre terrein voortgesit is deur organisasies soos die Torch-Kommando. Die Torch-Kommando het skielik in 1951 op die toneel verskyn ná die hou van protesvergaderings in April en Mei 1951 in Port Elizabeth en Johannesburg teen die Regering se Kleurlingwetgewing (8). Die protesvergaderings is gereël deur 'n groep oud-soldate onder leiding van Louis Kane-Berman, Ralph Parrott en A.G. 'Sailor' Malan en die reuse-skare wat hulle onverwags na hulle vergaderings gelok het, het hulle genoop om 'n organisasie, die Torch-Kommando, in Junie 1951 te stig. Die organisasie het gou gegroei en aan die einde van 1951 was daar altesame 350 takke met sowat 120,000 lede. Die organisasie het in April 1952 saam met die VP 'n verenigde verkiesingsfront gevorm om die verkiesing van 1953 teen die NP te beveg. Met die konstitusionele stryd in 1952 het die organisasie groot skares na sy fakkeloptogte gelok. In Junie 1952 het 35,000 mense 'n protesvergadering van die organisasie in Durban bygewoon. Die Nasionale oorwinning in die algemene verkiesing van 15 April 1953 het die organisasie egter geruk en gelei tot sy uiteindelike ontbinding later in die jaar. Die Torch-Kommando het in sy kort bestaan te kampe gehad met vele interne probleme onder meer rakende lidmaatskap van Kleurlinge en swartes binne die organisasie en die spesifieke rol wat hy in die openbare lewe moes speel (9).

In wese het die Torch-Kommando nie soseer geveg vir die politieke regte van die Kleurlinge nie, maar teen die metode wat die Regering gevolg het om hulle van die gemeenskaplike kieserslys te verwyder. Hoewel die VP as party baie skerp was in sy kritiek teen die Regering se Kleurlingwetgewing, het hy dikwels geen duidelike alternatief as beleid gehad of gestel nie. Dié swakpunt is, soos verwag kan word, genadeloos deur Die Burger uitgebuit.

Op 8 Maart 1951, die dag van die indiening van die Kleurlingwetgewing, het Die Burger vir die eerste keer verwys na die situasie met betrekking tot die verskanste klousules toe kritiek gelewer is op die VP se voorneme om 'n regspunt teen die wetgewing te opper. "Maar die hele Opposisie-aanval ... is tog agterstevoor ... Wat die swaarste moet weeg is tog of die voorgesette veranderings in die hoogste belang is van blank en Kleurling in die besonder en van ons land in die algemeen. Want as die antwoord ja is, dan verval dadelik die regspunt en sal die meerderheid van twee-derdes gevonde wees." (10) In 'n hoofartikel op 4 Maart onder die opskrif, 'Soewerein of Nie?', het Die Burger die Regering se siening oor die regsaspek kortliks saamgevat.

> "Die verskansing van sekere bepalinge van die SA-Wet, 'n wet van die Britse parlement, het tog sy krag verloor en die bepalinge kon met 'n gewone meerderheid verander word sedert die Colonial Laws Validity Act sy geldigheid kwyt was ... Om die teendeel te wil aanvoer, - is tegelyk 'n bewering dat ons geen wette in stryd met 'n Britse wet mag aanneem nie, en dit sal niemand tog so kaalkop wil beweer nie ... Die Opposisie moet inderdaad eers vir homself gaan uitmaak of hy werklik die soewereiniteit van die Parlement aanvaar, want erken hy dit, val die punt van orde onses insiens dadelik weg. Wat soewereiniteit alles behels, het die Appèlhof kragtig en helder in sy uitspraak in die saak van Ndlwana teen Hofmeyr uiteengesit."

Op 26 Maart vra Die Burger in 'n hoofartikel wat dit in die Grondwet is wat onaantasbaar is. "Is dit die wet soos dit in die wetboek staan? Dit is tog nie onaantasbaar nie. Die wet is al seker meer as 'n halwe honderd keer gewysig, onder meer deur die Sappe self." (11) In 'n hoofartikel op 12 April verwelkom Die Burger die beslissing van die Speaker dat die wetgewing op die gewone wyse deur die Parlement gevoer kan word nadat die VP vroeër 'n beslissing daaroor gevra het. Die koerant het ook verwys na die

herrie wat in Natal ontstaan het by Engelssprekendes wat gemeen het dat die wetgewing hulle taalregte bedreig. "Seer seker word art. 137 van die Grondwet geraak, maar adv. Strauss weet ewe goed as ons dat 'n regering wat dit sou waag om die regte van die een landstaal teenoor die ander in te kort en onder die voete te vertrap, sy eie val sal verseker." (12)

Na aanleiding van die intensiewe debat oor die wetgewing in die Parlement verwys Die Burger in 'n hoofartikel op 16 April weer na die regsposisie.

> "Die SA-Wet kan soos enige ander wet gewysig word, en binne veertig jaar is dit sowat sewentig maal gedoen. Op twee artikels ná kon alle bepalinge nog steeds deur 'n blote meerderheid verander word; slegs ten opsigte van art. 35 en art. 137 het daar verandering gekom in die sin dat die Speaker beslis het dat ná die aanname van die Statuut van Westminster in 1931 en van die Wet op die Status van die Unie in 1934, die voorgeskrewe wysigingsprosedure nie meer verpligtend is nie ... Seer seker het die Parlement onbeperkte mag om goed of kwaad te doen, maar nie as gevolg van die Speaker se beslissing nie. Die magte het die Parlement sedert ons soewerein onafhanklik geword het, en met 'n blote meerderheid is die ingrypendste dinge al gedoen. So het die vorige bewind in 1939 met 'n karige meerderheid Suid-Afrika in 'n oorleg gedompel, na ons oortuig van is, in stryd met die volkswil op daardie tydstip." (13)

Op 17 en 18 April het Die Burger verder uitgebrei op die gedagte dat die volkswil eis dat die wetgewing deurgevoer moet word. Op 17 April sê die koerant dat daar merkwaardige steun landwyd vir die wetgewing bestaan wat nie in die Parlement tot uiting kom nie. Op 18 April sê die koerant dat die Parlement inderdaad oor wye magte beskik.

"Maar ook die Parlement se mag om al dié dinge te doen waarvoor 'n meerderheid in sy geledere te vinde is, hoef nie alte tragies opgevat te word solank 'n regering die hou van vrye verkiesings op die voorgeskrewe tye nie belemmer of uitskakel nie. Want hoewel die Parlement soewerein is, is die volk baas ... Die uitbreiding van die stemreg na die Indiërs van die Noorde kon deur die huidige regering nietig verklaar word omdat die Sap-wet van 1946 nie die steun van die volkswil geniet het nie. Die beginsel ten grondslag aan die Kleurlingwetgewing is daarenteen twee maal by algemene verkiesings aan die volk voorgelê en twee maal goedgekeur; en daarom maak die Regering daar aanspraak op dat die volkswil dit rugsteun (14).

Op 19 April reageer die koerant op die mening dat die Regering se stappe moreel onregverdigbaar is.

"As die morele oorwegings daarom die deurslag moet gee, werk dit nie ten gunste van behoud van die Kleurlingstemreg in onveranderde vorm sodat al die omkopery en korrupsie kan voortgaan nie. As morele oorwegings die hoogste woord moet spreek ... dan moet die Kleurlingstemreg ingrypend hervorm word; en daar is tog geen beter en regverdiger manier as aparte verteenwoordiging nie." (15)

Na aanleiding van die intense debatvoering in die Parlement oor die wetgewing, het <u>Die Burger</u> aan die einde van April al hewiger kritiek op die VP geloods. Op 25 April sê die koerant:

"Ons herhaal dat die Sap-haat teen die wetsontwerp in die lig van die feite nie op morele oorwegings kan berus nie.... Die VP veg op lewe en dood teen die wetgewing omdat sy politieke lewe in 'n hele aantal Kaaplandse kiesafdelings daarmee gemoeid is. Selfbehoud is op die spel ... So uit voeling met

> die volk is hy nie dat daar nie besef word hoe sterk die volkswil in hierdie saak agter die Regering staan nie." (16)

Op 26 April sê die koerant dat die VP nie meer teen die Nasionale Party veg nie "maar teen die duidelike wil van die grote gros van die blanke kiesers." Steun vir die VP is 'n terugkeer na die stelsel "waarin die Kleurlingkieser op verderflike wyse ingeroep is as arbiter in die politieke stryd tussen die groot partye." (17)

Op 27 April het dr. Malan in 'n emosionele toespraak in die Parlement die historiese verhoudinge tussen Afrikaners en Kleurlinge bespreek en gesê dat haat en vooroordeel by die Kleurlingbevolking ingepraat word teen die Afrikaanssprekende Afrikaner en dat die Kleurling die prooi geword het van 'n onwaarheid wat aan hulle vertel is. Dr. Malan het ook erken dat daar 'n verandering in NP-beleid jeens die Kleurling ontstaan het (18). Op 27 April het <u>Die Burger</u> ook in 'n hoofartikel skerp op dié onderwerp gereageer.

> "Die Afrikaner het oor en oor bewys dat daar in sy geledere 'n magtige bron van welwillendheid teenoor die Kleurling bestaan. Maar vanweë politieke opsweping, omkopery en uitbuiting deur teenstanders het daardie bron gedreig om al hoe meer verstop te raak. Vandaar reeds die verandering in die Nasionale beleid in 1929, toe planne vir die nouer politieke inskakeling van die Kleurling by die blanke beantwoord is deur die heftigste anti-blanke verklarings en programme deur erkende Kleurling-leiers. Die Nasionale Afrikaner het sy eie stryd om te voer, en wanneer sy welwillendheid teenoor 'n minder bevoorregte rassegroep aldus beantwoord word, moet ander weë gevind word om reg te laat geskied sonder om onreg aan sy eie volk te doen." (19)

Die wetgewing is op 14 Mei in die Volksraad deurgevoer en ná 'n soortgelyke regspunt wat vroeër deur die VP in die Volksraad

geopper is waartydens die President van die Senaat beslis het dat die wetgewing aangehoor kan word, het die Senaat einde Junie die wetgewing goedgekeur.

Op 21 Junie is aangekondig dat 'n sub-Departement van Kleurlingsake deur die Regering in die lewe geroep is en dat dr. I.D. du Plessis as Kommissaris van Kleurlingsake aangestel is. Die Burger het hierdie stap in 'n hoofartikel op 21 Junie onder die opskrif, Die Kleurlinge se Kans, verwelkom.

> "Die opheffingstaak wat voorlê, is enorm, en wanneer hiervan ter sprake is, moet die Kleurlinge terdeë besef dat die sub-Departement vir Kleurlingsake nie 'n towerstaf is wat hulle moeilikhede as vanself vir hulle sal oplos nie ... Die strewe is om die Kleurlinge te help om hulself op te hef ... die Kleurlinge self sal hulle bereid en in staat moet toon om goeie gebruik daarvan te maak."

Op 18 September het Die Burger in 'n hoofartikel breedvoerig gereageer op 'n hoofartikel in die Cape Times waarin onder meer gelyke regte vir alle beskaafde mense in Suid-Afrika versoek is.

> "Hierdie liberalistiese beleid het die voordeel dat dit duidelik en eerlik is. Dit het die nadeel dat dit in die praktyk in Suid-Afrika beproef is, maar in toenemende mate deur die blanke kieserskorps verwerp is ... Die gebruik van die Nie-blanke se groeiende politieke mag deur een party teen die ander het op die duur ondraaglike bitterheid gebring in die betrekkinge sowel tussen die blanke volksgroepe as tussen blank en Nie-blank. Geen proses van beskawing sal van die bonte elemente van die Suid-Afrikaanse bevolking 'n homogene kieserskorps kan maak wat op politieke strydpunte sal reageer sonder inagneming van ras nie. Die getuienis wys in die regstreeks teenoorgestelde rigting naamlik dat groepsgevoel, eiesoortigheid en rassetrots toeneem met beskawing." (20)

Laasgenoemde argument wat deur Die Burger genoem is, het beslis nie gegeld vir die Kleurlingbevolking nie en Die Burger het selfs vroeër vermanings tot gegoede en beskaafde Kleurlinge gerig om nie te probeer om by die blankes "in te kruip" nie, maar moet help om hulle eie gemeenskappe op te hef. Die Burger het ook gesê dat heelwat beskaafde Kleurlinge reeds by die blankes "ingekruip" het. (21)

Op 26 Oktober 1951 het die Kaapse Hooggeregshof uitspraak gelewer in die saak waarin vier Kleurlingkiesers aansoek gedoen het dat die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers ongeldig verklaar moet word. Die hof het beslis dat hy geen jurisdiksie in die saak het nie en dat dit 'n saak is waarvoor alleen die Appèlhof 'n uitspraak kan lewer.

Die eerste helfte van 1952 is gekenmerk deur stygende afwagting op die Appèlhof se beslissing. Die uitspraak deur die Appèlhof op 20 Maart waarin die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers ongeldig verklaar is, is voorafgegaan deur weke van bespiegeling in Die Burger oor wat die moontlike uitspraak kan wees. In 'n voorbladberig op 20 Maart blyk dit dat Die Burger snuf in die neus gekry het dat die uitspraak nie ten gunste van die Regering gaan wees nie. In die berig word bespiegel oor watter optrede die Regering dan kan volg "om die soewereiniteit van die Parlement te handhaaf." (22)

In sy uitspraak het hoofregter A. van de Sandt Centlivres en appèlregters L. Greenberg, O.D. Schreiner, F.P. van den Heever en O.H. Hoexter beslis dat die bepalings van die verskanste klousules nog bindend was en dat die Statuut van Westminster nie die uitwerking gehad het om die bepalinge van arts. 35 en 152 van die SA-Wet te herroep of te verander nie (23). Hoewel die Statuut van Westminster van 1931 die Unie-Parlement soewerein gemaak het en hy wette strydig met Britse wette kon maak, moes hy sekere reëls in sy optrede nakom - en daardie reëls is vervat in die SA-Wet van 1909 (24). Die hof se uitspraak het daarop neergekom dat die Unie-Parlement wette kan maak soos hy wil, mits hy by toepaslike wetgewing wat die verskanste klousules raak, die tweederdemeerderheid-bepaling nakom. In wese was die Appèlhof se uitspraak in

1952 'n versoening van die soewereiniteit van die Unie-Parlement met die geldigheid van die bepalings van die verskanste klousules (25) - 'n siening wat Die Burger en die Regering nie gedeel het nie.

Die Burger het die uitspraak op 21 Maart onder 'n banieropskrif op die voorblad, 'Krisis volg op Appèlhof se uitspraak,' aangebied. In 'n hoofartikel sê die koerant dat die uitspraak die Unie in 'n krisis dompel waarvan die verloop en die einde nie te voorsien is nie en dat die Appèlhof se uitspraak op konstitusionele gebied tot chaos moet lei.

> "'n Parlement wat soewerein is, het die Appèlhof in 1937 gesê, kan doen wat hy wil soos hy wil. Maar kragtens die uitspraak van gister kan die Unie-Parlement die verskanste bepalings in die SA-Wet ('n wet van die Britse parlement) alleen verander op die wyse wat deur die wet voorgeskryf word. Maar kan daar dan van soewereiniteit gepraat word?... Solank iets of iemand kan verklaar dat 'n wet van 'n parlement ongeldig is, is daardie parlement nie soewerein nie ... Solank die howe die reg opeis om te sê of die wette van die Parlement geldig of ongeldig is, kan daar van soewereiniteit tog nie sprake wees nie. Die toestand word daarby onhoudbaar wanneer die hof eendag een besluit neem en die volgende dag 'n ander ... Daarom is dit in die hoogste belang van sowel die land as die Appèlhof dat die Regering stappe moet doen om die wetgewende soewereiniteit van die Parlement bo alle twyfel te stel. Dit is jammer dat dit nodig geword het. Ons het gemeen dat die konstitusionele stryd volstry is. Maar daar is geen keuse nie. In hierdie saak kan die Regering dan ook op sterk steun reken." (26)

Die Burger het die Regering ná die uitspraak op groot skaal by wyse van berigte en kommentaar ondersteun. By Die Burger was daar geen twyfel nie; die wetgewing moes ten alle koste 'n wet van die land word. Op 22 Maart sê die koerant na aanleiding van

kritiek dat die Regering die "rule of law" verwerp het:

> "Dit sou inderdaad onbegryplik wees indien 'n soewereine parlement nie stappe sou doen om sy wetgewende soewereiniteit bo alle twyfel te stel wanneer daardie soewereiniteit ... deur die howe ontken word nie. Maar daardeur vernietig die Parlement nie die regsorde of 'rule of law' en is ons almal nie summier aan administratiewe willekeur uitgelewer nie." (27)

In 'n hoofartikel op 24 Maart sê die koerant:

> "Nou het ons met 'n skok wat tot die murg van die volk deurdring, verneem dat die oppergesag van die volkstem soos ons parlement dit in wetgewing vertolk, ontken word. 'n Ander gesag glo dat hy die reg bekom het om die uitgesproke volkswil te betwis en omver te werp ... Die uitspraak het uiteraard die uitwerking van 'n terugslag vir die blankedom en 'n aanmoediging vir die revolusionêre magte wat die bestaande orde in Suid-Afrika wil vernietig." (28)

Op 25 Maart het <u>Die Burger</u> onder 'n banieropskrif op die voorblad onder die opskrif, 'Vier leiers roep volk op tot stryd,' berig oor 'n gesamentlike verklaring deur die vier provinsiale Nasionale leiers waarin gesê word dat die stryd om vryheid heropen en "konstitusionele slawerny" nie geduld sal word nie. In 'n hoofartikel, Die Vryheidstryd hervat, sê die koerant dat die nuwe aanslag teen die Regering die laaste van die eeue-oue veldtog is van aggressie teen die Suid-Afrikaanse nasionalisme.

> "Die beslissing van die Appèlhof teen 'n bepaalde stuk Nasionale wetgewing het ... 'n skreeuende orgaan van histerie aangeblaas. Dit het ook die diepste emosie van die jingo na die oppervlakte laat styg ... Die Nasionale Afrikaners moet verag word as 'n vreemde

> minderheid uit die platteland, 'n onverteenwoordigende koterie wat staatmaak op ongeletterde gehore, ongeskik om so 'n beskaafde instelling soos die Britse parlementêre stelsel te hanteer! Al die verwaandheid van die imperialis word in werking gestel om hierdie 'lesser breed' met ink en klank te vertrap ... Dit sal ons voorreg wees om in die aanstaande stryd die imperialis finaal te ontnugter. Die tyd is verby dat beleid in Suid-Afrika op Afrikanerhaat gebou kan word."

Op 27 Maart het Die Burger in 'n banierberig op die voorblad berig van 'n toespraak deur die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, op Stellenbosch dat ander apartheidswette deur die uitspraak van die Appèlhof nou ook in die gedrang is (29). Die berig is as so belangrik geag dat min. Havenga se begrotingsrede minder prominent op die voorblad aangebied is. Op 9 April sê die koerant in 'n hoofartikel:

> "Maar meer as net enkele wette kom in die gedrang. Aanvaar die Regering die toestand wat deur die uitspraak geskep is, dan gaan ons 'n tyd tegemoet wanneer die land geen kleurbeleid sal hê nie ... Die Opposisie daarenteen het geen kleurbeleid hoegenaamd nie, en weet dit, maar sal nietemin in die magsposisie verkeer om 'n vetoreg oor die uitvoering van die Regering se beleid uit te oefen." (30)

Die konstitusionele krisis het plaasgevind teen die agtergrond van die viering van Suid-Afrika se derde eeufees. Vir die Van Riebeeck-fees is ook luisterryke plegtighede in Kaapstad gehou. 'n Reeks berigte, getiteld Nabetragting van die Fees, het in Die Burger verskyn en op 18 April is berig oor gekleurdes se deelname aan die fees wat 'n goeie insig verleen oor hoe Afrikaner-Nasionalisme destyds ander gekleurde bevolkingsgroepe beoordeel het. In die berig word melding gemaak van die deelname van die Maleiers en Griekwas aan die fees ondanks 'n landwye boikotbeweging wat georganiseer is. "Die kleiner Griekwa-volk het met hul eenvoudige

middagvoorstelling van hul geskiedenis ook 'n nuwe pad na die harte van baie blankes gewen. Die aandoenlike strewe om in die aangesig van die noodlot tog 'n volkie te wees, het 'n nuwe waardigheid gegee aan bruinmense wat in die gewone lewe vir ons net bediendes of handlangers is." (31) In 'n vroeëre hoofartikel op 8 April het Die Burger ook verwys na die deelname van die Griekwas en Maleiers aan die feesverrigtinge.

> "Al die voorstellings het die aanskoulike bewys gebring dat die Griekwas en Maleiers, omdat hulle trots is om Griekwas en Maleiers te wees en te bly, iets oorspronkliks kon lewer ... Die bewaring van die goeie in eie aard, wat gepaardgaan met die suiwer hou van eie bloed, verseker die agting nie alleen van al die ander gemeenskappe in die land nie, maar ook van homself - en dit is die vernaamste. So gesien, het elke gemeenskap 'n waardevolle bydrae te lewer tot die veelkleurige patroon wat gesamentlik Suid-Afrika vorm." (32)

Op 22 April het die Regering die Wet op die Hoë Hof van die Parlement ingedien wat die Parlement in 'n spesiale hof van appèl sou omskep om uitspraak te gee oor konstitusionele aangeleenthede. Die wet was 'n poging om die uitspraak van die Appèlhof te omseil en is voorafgegaan deur weke van bespiegeling in Die Burger oor wat die optrede van die Regering sou behels. Op 15 April het die koerant in 'n hoofartikel gesê dat die strydpunt nou nie meer is of die Kleurlinge se regte deur wetgewing verminder is al dan nie, maar die beslissing deur die Appèlhof dat die betrokke wet geen wet is nie.

> "Wat ons dus moet uitmaak is of die Parlement baas moet wees, of die volkstem koningstem is, dan wel of ons die soort voorwaardelike vryheid gaan aanvaar wat sê dat ons alles kan doen mits ons dit op 'n wyse doen wat ander aan ons voorgeskryf het ... In die onderhawige saak het die Appèlhof van vandag tot 'n ander gevolgtrekking gekom as die Appèlhof in 1937, maar daar is geen goeie rede hoegenaamd waarom die Parlement die voorkeur aan die mening van die Appèl-

> hof van 1952 bo sy eie mening en dié van die hof van 1937 moet gee nie. Die Parlement is baas, en dit lê binne sy bevoegdheid om sy wetgewende soewereiniteit bo alle twyfel te stel en te sorg dat sy wil wet is."

Op 16 April het Die Burger in 'n hoofartikel daarna verwys of die Regering die morele reg het om die Kleurlingwetgewing op die gewone wyse te laat aanneem.

> "Min. Havenga het in hierdie verband die spyker op die kop geslaan deur te vra of dit 'n uitdrukking van die volkswil is as 35 persent vir 65 persent kan dwarsboom. Daarmee het hy bedoel dat een-derde van die Parlement plus een in 'n gesamentlike sitting wetgewing kan afstem wat deur twee-derdes min een voorgestaan word, en dat die volkswil op dié wyse gefnuik word. Seker kan dit nie moreel heet as die minderheid 'n vetoreg oor die groot meerderheid moet kan uitoefen nie." (33)

Op 17 April het die koerant gesê dat die verskanste bepalings niemand kan waarborg teen despotisme nie. "Teen despotisme word ons nie deur twee verskanste bepalings beskerm nie, maar wel deur die volkswil, waarmee elke regering deeglik rekening hou en wat sy eie besondere manier het om hom te laat geld en te wreek." (34)

Met Die Burger se gereelde verwysing na die volkswil is waarskynlik bedoel die wil van die meerderheid Afrikaners in Suid-Afrika. In der waarheid kon die koerant nie na alle Suid-Afrikaners verwys het nie, aangesien die Nasionale regering tussen 1948 en 1953 in terme van stemme 'n minderheidsregering was. Indien voorsiening gemaak word vir 'n skatting van die stemtotale in onbestrede setels het die NP/AP-alliansie in die 1948-verkiesing altesame 462,332 stemme teenoor die VP/Arbeider-alliansie se 620,682 gekry (35). Sonder die skatting van onbestrede setels het die NP en die AP gesamentlik 39,85% van die stemtotaal gekry en die VP en Arbeidersparty gesamentlik 53,49%. (36) Indien die stemtotale proporsioneel tot setels in die Parlement tot uiting sou kom, sou Smuts 80 setels hê, Malan 60 en onafhanklikes 10 (37).

Die Burger was nie baie geesdriftig oor die instelling van die Hoë Hof van die Parlement nie en het beklemtoon dat dit slegs 'n beperkte funksie sou hê.

> "Ons vind dit jammer dat die instelling van 'n nuwe hof nodig geword het, maar daar is vir die Regering geen keuse nie ... Die Regering is dan ook daar oortuig van dat die Parlement met die instelling van 'n nuwe hof volkome binne sy bevoegdheid handel ... Maar vir 'n beperkte doel. Dit is nodig om te beklemtoon dat die jurisdiksie van die nuwe hof uiters beperk sal wees en dat die bonte verskeidenheid van sake, soos ons hulle in ons Hooggeregshof kry, nie voor hom sal kan dien nie ... Sy regsbevoegdheid word beperk tot konstitusionele strydpunte van fundamentele aard, tot sake betreffende die geldig- en ongeldigverklaring van wette van die Parlement." (38)

Op 24 April het Die Burger in 'n hoofartikel gesê dat die wortel van die saak en die eerste strydpunt steeds die Kleurlingstemreg bly.

> "Die geskiedenis van die Kleurlingstemreg in die laaste twee dekades is 'n verhaal van skaamtelosé uitbuiting ... Maar hierdie stemvee moet in die partypolitieke belang van die VP op die gesamentlike kieserslyste bly al het tal van Sappe 'n afkeer aan die uitbuiting en 'n besef van die gevare waaraan ons openbare lewe blootgestel word. Dit skep egter verleentheid om 'n stelsel openlik te verdedig waaraan so baie euwels vaskleef, en daarom het die VP gegryp na die kans wat hom deur die uitspraak gegee is om verhewe te beduie dat dit en dat nou bedreig word. Die party praat dus met geen woord meer oor die Kleurlingstem nie." (39)

Op 25 April het Die Burger weer herhaal dat die Hoë Hof van die Parlement net beperkte magte sal hê.

> "Prakties raak die wet net die verskanste bepalings. Die Regering wil die Parlement se wetgewende soewereiniteit bo alle twyfel stel, en daarby is inbegrepe

die Parlement se reg om aan die Kleurlingkiesers afsonderlike verteenwoordiging te gee op die wyse waarop dit reeds gedoen is. Nadat hierdie saak in die reine gebring is en die Parlement se soewereiniteit herstel is, glo ons nie dat die nuwe hof weer byeengeroep sal word om 'n appèl in behandeling te neem nie." (40)

Op 28 April het Die Burger gereageer op aantygings deur die VP dat Engels as amptelike taal ook deur die Regering se optrede bedreig word. Die Burger het dit ontken en gesê:

"Die Nasionale Afrikaner het gesien dat die onderdrukking van 'n reg hom op die onderdrukker wreek, en hy sal inderdaad afgrondelik dwaas wees as hy 'n weg inslaan wat sy politieke teenstanders in die woestyn gelei het. Ons wil egter glo dat daar 'n sterker waarborg vir die praktiese handhawing van die beginsel van taalgelykheid onder 'n Nasionale bewind is; die Nasionale Afrikaner se sterk sin vir reg en billikheid wat nie sal toelaat dat hy 'n ander sal veronreg nie, ook nie op die wyse waarop hy veronreg is nie." (41)

Te midde van die debat oor die Hoë Hof van die Parlement het Die Burger op 1 Mei in 'n hoofartikel gesê dat die VP nie as sodanig bekommerd is oor die Kleurlingstem nie. "Hulle is begaan oor die Kleurlingstem, en alleen vir sover hulle as minderheid 'n toenemende aantal Kleurlingstemme vir hul politieke rigting wil behou." (42) Op 5 Mei het Die Burger gesê: "Die Regering se kleurbeleid is by die stembus aanvaar. As dit verwerp moet word, moet dit by die stembus geskied. Die inroeping van die geregshowe in hierdie saak was en is vir Suid-Afrika skadelik en gevaarlik. Deur 'n finale hof van appèl in te stel om botsings tussen die geregshowe en die volkswil soos in die Parlement beliggaam uit te skakel, sal die politieke stryd, na ons hoop, eens en vir altyd beperk word tot die politieke terrein." (43) Op 6 Mei

erken Die Burger dat dit in sekere kringe mode geword het om met die nuwe hof te spot, maar dat die Regering dit slegs as 'n middel tot 'n doel beskou. "'n Tyd gelede het ons geskryf dat ons van geen beter manier as die Hoë Hof weet om die saak reg te maak nie." (44)

Op 9 Mei het Die Burger gesê dat daar iets onwerkliks is in die VP se agitasie en dat hulle nie besef waaroor die strydpunte gaan nie. "Die eerste strydpunt is die verlening van afsonderlike verteenwoordiging aan die Kleurlingkiesers van Kaapland op 'n grondslag wat die Kleurlinge nie veronreg nie ... Die tweede is om op konstitusionele wyse die Parlement se wetgewende soewereiniteit te herstel deur die verkose verteenwoordigers van die volk te laat besluit oor die geldigheid of ongeldigheid van wette." (45) Op 13 Mei sê Die Burger in 'n hoofartikel: "Ons wil vir die soveelste maal herhaal dat dit (was as wet geld) àl regsbevoegdheid is wat die lede van die Hoë Hof sal uitoefen. Hulle sal nie die bonte verskeidenheid van sake verhoor wat voor die Appèlhof kom nie. Hul regsbevoegdheid word beperk tot die vraag of 'n wet geldig of ongeldig is." (46)

Op 15 Mei 1952 is die wetgewing van die Hoë Hof van die Parlement in die Volksraad aangeneem. Na aanleiding hiervan sê Die Burger in 'n hoofartikel op 16 Mei; "Die Nasionale bewind is op grond van sy kleurbeleid gekies. Daardie beleid mag alleen verwerp word deur die volkswil soos deur die kiesers uitgedruk. Die wetsontwerp op die Hoë Hof van die Parlement wil verseker dat geen ander mag die uitgesproke volkswil sal dwarsboom nie." (47)

Die Hoë Hof-wetgewing is nadat dit deur die Senaat goedgekeur is, op 30 Mei finaal deur die Parlement aangeneem. Op 21 Julie het die Regterlike Komitee van die Hoë Hof van die Parlement begin om betoë oor die geldigverklaring al dan nie van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers aan te hoor. Op 27 Augustus 1952 het die Hoë Hof van die Parlement die Appèlhof-uitspraak oor die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers tersyde gestel. Op 28 Augustus het Die Burger in 'n hoof-

artikel gesê dat dié beslissing die Parlement weer baas maak in Suid-Afrika.

> "Die Hoë Hof het nie die opvatting onderskryf dat die SA-Wet 'n fundamentele wet is soos byvoorbeeld die grondwet van die Verenigde State, wat uit die volk spruit nie. Die Hoë Hof het bevind dat die verskansings die Parlement gebind het, - nie omdat hulle in 'n grondwet vervat is nie, maar bloot omdat hulle deur 'n oppermagtige Britse parlement voorgeskryf was en die Unie-Parlement hom daaraan moes onderwerp ... Omdat die uitspraak van die Hoë Hof 'n ongelukkige en ongesonde toestand beëindig en die baasskap van die Parlement herstel, is dit hartlik te verwelkom." (48)

Een van die argumente wat in dié tyd gereeld deur Die Burger en Nasionale leiers aangevoer is, is dat die Britse regering groot druk op die Nasionale Konvensie in 1908/'09 uitgeoefen het om die Kaapse kiesreg, in weerwil van die sieninge van die meerderheid politieke leiers van Suid-Afrika, in die grondwet van die Unie geplaas te kry. Op 17 April 1951 het dr. Malan in die Volksraad gesê dat die Nasionale Konvensie beïnvloed is deur die Britse standpunt en beleid in verband met die politieke regte van gekleurdes. Die destydse Britse Hoë Kommissaris, lord Selborne, het aan lord De Villiers te kenne gegee dat indien nie aan sekere eise voldoen word nie, die SA-Wet geen kans sou hê om deur die Britse parlement aangeneem te word nie. Volgens Malan was een van dié eise die verskansing van die Nie-blanke stemreg (49). Malan se beweringe oor lord Selborne was korrek, maar moet in 'n breër perspektief gesien word. Thompson meld in sy boek, The Unification of South Africa, dat lord De Villiers op 21 Oktober 1908 Konvensielede meegedeel het dat hy op 'n onlangse besoek aan Engeland deur Britse leiers meegedeel is dat die konvensie 'n vrye hand het met betrekking tot alle sake behalwe die Nie-blanke-stemreg (50). Op lord De Villiers se versoek het lord Selborne later in 'n memorandum breedvoerig die Britse regering se mening uiteengesit. Daarin het lord Selborne voorgestel dat daar 'n eenvormige kiesstelsel

(die Kaapse) in die hele Suid-Afrika moet wees - 'n siening wat ooreengestem het met dié van die Kaapse afgevaardigdes wat kort tevore voorgestel het dat die Kaapse kiesstelsel oor die hele land toegepas moet word. Die siening is deur ander Konvensie-lede verwerp, maar die behoud van die Kaapse kiesreg in Kaapland is uiteindelik in die SA-Wet aanvaar. Wat Malan nie besef het nie, was dat voorstelle in verband met die uitbreiding van die Kaapse kiesreg reeds vóór Selborne se memorandum op die Konvensie geopper is en dat dit gedoen is deur die Kaapse afgevaardigdes by die Konvensie. Trouens, Selborne se verklaring het liberale Kaapse leiers soos Merriman, Sauer en F.S. Malan geëmbarraseer aangesien hulle oortuigde anti-imperialiste was wat nie Selborne nodig gehad het om namens hulle te praat nie (51). In der waarheid het Selborne dit in 'n tweede brief aan lord De Villiers duidelik gestel dat die Britse regering wil saamwerk met die Konvensie en gehoor sal gee aan hulle wense (52). Op 23 Maart 1951 het Edgar Brookes in <u>The Forum</u> geskryf: "It has been demonstrated from history that these provisions were not forced on the National Convention by the British Government." (53) In 1955 het <u>The Forum</u> weer verwys na Malan se bewerings dat die SA-Wet deur Brittanje op Suid-Afrika afgedwing is en dit 'n "exasperating fallacy" genoem. "What the Nationalists fail to mention is that the Constitution of the Union was made by South Africans in South Africa. Even a superficial study of the subsequent debates in the British Parliament shows that the Government was determined that there should be no change in the Act of the Union, as framed by South Africa." (54)

Die konstitusionele krisis het twee dae ná die uitspraak deur die Hoë Hof van die Parlement nuwe hoogtes bereik deurdat die Kaapse Hooggeregshof die Wet op die Hoë Hof van die Parlement ongeldig verklaar het. In 'n hoofartikel op 30 Augustus het <u>Die Burger</u> gewaarsku dat die konstitusionele krisis steeds voortduur en 'n dringende beroep om die spoedige oplossing van die regsgeskil gedoen om die heersende onsekerheid te beëindig.

Die konstitusionele stryd het nie net verhoudinge tussen blankes en Kleurlinge geraak nie; ook verhoudinge tussen Afrikaans- en

Engelssprekendes het in die gedrang gekom. In 'n omvattende hoofartikel op 1 September onder die opskrif, Setlaarsdag en sy Les, het Die Burger hierna verwys.

"Dit is goed dat dit 'n slag reguit gesê word; die leiers van die huidige VP vrees die toenemende Afrikaner-eenheid, en as teenwig daarteen wil hulle die Kleurlinge teen hul politieke teenstanders vir gebruik by die stembus mobiliseer. In 1936 het hulle van die stemme van die naturelle afgesien omdat hulle gedink het dat hulle die stemme nie meer nodig sou kry nie, maar die party het intussen soveel steun verloor, veral onder Afrikaners, dat hy nou die Kleurlinge in steeds groter mate in die stryd teen die Nasionaliste wil inwerp .... Hierdie mobilisering van Nie-blankes teen mede-blankes is verraad teen die blankedom en so sou die Setlaars aan die oosgrens dit beskou het. Die leiers van die VP kan eerstens nie hoop om voort te gaan om in elke kiesafdeling net so veel Kleurlinge te registreer as wat nodig is om hul kandidaat 'n veilige meerderheid te besorg nie. Binne enkele jare sal daar een Kleurlingkieser vir elke twee blanke kiesers in Kaapland wees, en dan sal hulle die hoogste woord spreek. Maar tweedens sal die VP, deur die mobilisering van Nie-blankes teen blankes, groter bitterheid skep as wat ontstaan het oor die gebruik van Kleurlinge in die Tweede Vryheidsoorlog teen die Boere."

Die Burger het in 'n hoofartikel op 22 September weer eens gewaarsku teen die gevaar van die groeiende Kleurlingstem.

"Teenoor 173,757 blanke kinders is daar vanjaar byna 'n halfmiljoen Nie-blanke kinders op skool, van wie 194,807 Kleurlinge is. Reeds in 1946 het die getal Kleurlingleerlinge die getal blankes verbygestrewe ... 'n Reusagtige reservoir van Kleurlingkiesers word deur uitbreidende onderwys geskep ... wat die getal potensiële Kleurlingkiesers verdubbel en verdriedubbel." (55)

Op 30 September sê Die Burger: "Die VP kan die huidige aantal van 50,000 Kleurlingkiesers in Kaapland deur intensiewe registrasie verdubbel." (56)

Die konstitusionele krisis het op 13 November 1952 verder verskerp met die uitspraak deur die Appèlhof waarin die Hoë Hof van die Parlement ongeldig verklaar is. Die Appèlhof het bevind dat die Hoë Hof nie 'n hof was nie, maar bloot die Parlement wat as 'n ander naam gefunksioneer het. Die Hoë Hof is ook nie die soort hof waarvoor voorsiening gemaak is kragtens artikel 152 van die SA-Wet nie (57). In 'n hoofartikel op 14 November het Die Burger gesê dat daar nou nie veel gedoen kan word om die soewereiniteit van die Parlement te herstel nie en dat daar gewag moet word tot ná die algemene verkiesing in 1953. "Die wet, sê die Appèlhof, is wat hy sê is die wet. En volgens hierdie stelreël oefen hy onses insiens 'n wetgewende gesag uit wat, volgens ons mening, nêrens in die SA-Wet aan hom toegesê word nie, maar wat blykbaar ook by die onuitputlike art. 152 'ingelees' moet word." (58)

Teen die einde van 1952 was dit duidelik dat die Regering nie meer stappe sou aankondig om die besluite deur die Appèlhof ongedaan te maak nie. Dit sou eers ná die algemene verkiesing van April 1953 geskied.

(1) C. Forsyth, In Danger for their talents: A study of the Appellate Division of the Supreme Court of South Africa 1950 - 1980, (Kaapstad 1985), p. 62.

(2) Forsyth, p. 62.

(3) Thom, D.F. Malan, p. 267.

(4) Scher, p. 116.

(5) Scher, p. 115.

(6) Scher, p. 97.

(7) Forsyth, p. 64-65.

(8) Carter, Politics of Inequality, p. 304.

(9) Carter, Politics of Inequality, p. 309 en 313.

(10) 'Die Kleurlingstemreg', Die Burger, 8 Maart, 1951.

(11) 'Wat is die Grondwet?', Die Burger, 26 Maart, 1951.

(12) 'Die Speaker se beslissing', Die Burger, 12 April, 1951.

(13) 'Die Opposisie en die Grondwet', Die Burger, 16 April, 1951.

(14) 'Parlement en Volkswil', Die Burger, 18 April, 1951.

(15) 'Leiers met 'n lou leër', Die Burger, 19 April, 1951.

(16) 'Die VP en die Kleurlinge', Die Burger, 25 April, 1951.

(17) 'Hulle sal dit herroep!', Die Burger, 26 April, 1951.

(18) 'Kleurlinge prooi van uitbuiting; eeue van opsweping teen die Afrikaner', Die Burger, 27 April, 1951.

(19) 'Afrikaner en die Kleurling', Die Burger, 27 April, 1951.

(20) 'Soektog na beginsels', Die Burger, 18 September, 1951.

(21) 'Apartheid en die Kleurlinge', Die Burger, 30 Maart, 1948 en 'Kleurling en Apartheid', Die Burger, 7 Julie, 1948.

(22) 'Spanning oor die Stemwetsaak', Die Burger, 20 Maart, 1952.

(23) 'Appèlhof se beslissing teen Regering', Die Burger, 21 Maart, 1952.

(24) Forsyth, p. 65.

(25) Forsyth, p. 65.

(26) 'Die Appèlhof se uitspraak', Die Burger, 21 Maart, 1952.

(27) 'Parlement en Appèlhof', Die Burger, 22 Maart, 1952.

(28) 'Vryheid en blankedom', Die Burger, 24 Maart, 1952.

(29) 'Nasleep stemsaak: meer wette in gevaar', Die Burger, 27 Maart, 1952.

(30) 'As die Regering sou berus', Die Burger, 9 April, 1952.

(31) 'Nie-blanke deelname was 'n kwessie: Kleurlinge verloor 'n groot geleentheid', Die Burger, 18 April, 1952.

(32) 'Elk na eie aard', Die Burger, 8 April, 1952.

(33) 'Die Regering se standpunt', Die Burger, 16 April 1952.

(34) 'Despotisme en Wetteloosheid', Die Burger, 17 April 1952.

(35) Hancock, Fields of Force, p. 505.

(36) Hancock, Fields of Force, p. 505.

(37) Hancock, Fields of Force, p. 505.

(38) 'Die nuwe Hof en sy funksies', Die Burger, 23 April, 1952.

(39) 'Terug na die wortel', Die Burger, 24 April, 1952.

(40) 'Die nuwe Hof', Die Burger, 25 April, 1952.

(41) 'Engels bedreig!', Die Burger, 28 April, 1952.

(42) 'Die Volk loop wakker', Die Burger, 1 Mei. 1952.

(43) 'Die stryd teen die Volkswil', Die Burger, 5 Mei, 1952.

(44) 'Blykbaar die beste plan', Die Burger, 6 Mei, 1952.

(45) 'Volgens resep', Die Burger, 9 Mei, 1952.

(46) 'Spotters word verspot', Die Burger, 13 Mei, 1952.

(47) 'Dubbele oorwinning', Die Burger, 16 Mei, 1952.

(48) 'Die Hoë Hof se uitspraak', Die Burger, 28 Augustus, 1952.

(49) 'Dr. Malan oor Stemwet: skets agtergrond van saak', Die Burger, 18 April, 1952.

(50) Thompson, Unification of South Africa, p. 217.

(51) Thompson, Unification of South Africa, p. 226.

(52) Thompson, Unification of South Africa, p. 226.

(53) E. Brookes, 'Doing violence to history', The Forum, 13 (45), (23 Maart 1951).

(54) 'An exasperating fallacy', The Forum, 4 (3), (Junie 1955), p.4.

(55) 'Die Groeiende Kleurlingstem', Die Burger, 22 September, 1952.

(56) 'Waar staan die VP?', Die Burger, 30 September, 1952.

(57) Forsyth, p. 68-69.

(58) 'En Nou? Komaan!', Die Burger, 14 November, 1952.

# HOOFSTUK 7

## DIE 1953-VOLKSRAADSVERKIESING

Die Volksraadsverkiesing van 1953 is oorheers deur die rassevraagstuk en binnelandse politieke verhoudinge (1). Die verkiesing is gehou teen die agtergrond van die Regering se mislukte pogings om die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers in die wetboek geplaas te kry deurdat die Appèlhof die wet, tesame met ander parlementêre pogings om dit deurgevoer te kry, onwettig verklaar het. Die verkiesing is deur die Nasionale regering gesien as 'n geleentheid om hom weer op die volkswil te beroep en indien hy met 'n vergrote meerderheid herkies sou word dit 'n aanduiding sou wees dat die volk sy pogings om die Kleurlinge op 'n aparte lys te plaas, steun en goedkeur. Dit sou ook 'n aanduiding wees dat die oorgrote meerderheid kiesers nie die beslissings van die Appèlhof goedkeur nie (2).

Aangesien die Regering nie voor die verkiesing daarin kon slaag om die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys geplaas te kry nie, is die verkiesing gehou met die Kleurlingkiesers steeds op die gemeenskaplike lys. Die Regering sou graag die Kleurlinge voor die verkiesing van die gemeenskaplike lys af wou hê, maar het toe die grondwetlike implikasies van die stap ingesien en die status quo aanvaar (3). Die groot getal Kleurlingkiesers het nie verhinder dat die NP sy getal setels sedert die vorige verkiesing van 70 tot 94 vermeerder nie teenoor die daling van 65 na 57 by die VP. Die Kleurlingstem was een van die strydpunte in die verkiesing. Drie belangrike verwikkelinge m.b.t. die Kleurlingstemreg-kwessie het plaasgevind waarin <u>Die Burger</u> 'n sleutelrol gespeel het.

Eerstens het die lang verwagte grootskaalse registrasie van Kleurlingkiesers om VP-meerderhede en/of oorwinnings in Kaaplandse kiesafdelings te verseker, nie gerealiseer nie en het die getal Kleurlingkiesers van 47,098 in 1950 minimaal gestyg tot 47,849 op 2 Mei 1953 (4). <u>Die Burger</u> het die VP daarvan beskuldig dat as hulle instrumenteel daarin is om heelwat Kleurlingkiesers te registreer,

min Kleurlinge geregistreer het. "Die vernaamste rede is waarskynlik dat die VP nie eintlik glo dat die Kleurlinge by die volgende verkiesing op die gemeenskaplike lys sal wees nie. Ook is dit moontlik dat die VP vrees vir die reaksie ook van die kant van hul ondersteuners veral buite Kaapland.... Derdens is daar die oorweging dat die VP nie meer so seker as in die verlede is van die gesindheid van die Kleurlinge self nie."

In 'n berig op 4 Oktober het Die Burger weer verwys na die feit dat min Kleurlinge geregistreer is. Waar die koerant in 'n hoofartikel op 25 September nog verwys het na die "geweldige uitbreiding van die Kleurlingstem" (5) sê die koerant op 4 Oktober dat die VP volgens alle aanduidings aan die slaap gevang is en die party nagelaat het om Kleurlinge in aansienlike getalle te registreer, hoewel hy in staat was om die Kleurlingkiesers op die lys te verdubbel. "Die algemene verkiesing van 1948 het plaasgevind met 45,620 Kleurlinge op die lys. Op 30 September vanjaar was die totaal 48,547, 'n toename van minder as drieduisend." In die berig word ook beweer dat die VP kort voor die verkiesing in 1948 die totaal Kleurlingkiesers met meer as 6,000 vermeerder het om Nasionale kandidate in sekere kiesafdelings te verslaan.

> "Op 31 Januarie 1948 was die getal Kleurlingkiesers in Kaapland 39,267. Omdat die algemene verkiesing toe voorgelê het, is die getal deur intensiewe Saporganisasie binne 'n paar maande opgeskuif tot 45,620 wat die syfer op 25 Mei 1948 was. Daarna het dit gestyg tot 46,844 op 31 Augustus 1948. Tot op 30 April 1952 het dit toegeneem tot 47,008 en die aanvullende registrasies tot 30 September 1952 het dit op 48,547 te staan gebring."

Die Burger se hantering en kommentaar oor die Kleurlingsyfers moet in breër perspektief gesien word. Soos in 'n vorige hoofstuk gemeld het die Kleurlingstem sy hoogste vlak ooit in 1945 bereik toe dit op 54,134 gestaan het (6). Op 31 Desember 1947 het die syfer weens administratiewe maatreëls deur die Smuts-regering

gedaal tot 39,110 (7). Hoewel die syfer tot 46,051 op 26 Mei 1948 - stemdag vir die algemene verkiesing - gestyg het, bring dit steeds 'n effektiewe daling van sowat 8,000 mee vergeleke met die syfer in 1945. Hoewel die syfer volgens Die Burger op 30 September 1952 48,547 was, het die getal op 2 Mei 1953 - kort ná die algemene verkiesing - op 47,849 gestaan. Vergeleke met die syfer in 1952 was daar kort voor die verkiesing van 1953 dus 'n daling van sowat 700 Kleurlingkiesers (8). Die syfer voor die algemene verkiesing van 1953 vergeleke met dié voor die algemene verkiesing van 1948 verteenwoordig 'n styging van sowat 1,700 - nie 3,000 soos deur Die Burger genoem is nie. In die vyf jaar van 1948 tot 1953 het die Kleurlingkiestal met 1,700 toegeneem wat kwalik dramaties genoem kan word.

Die min nuut geregistreerde Kleurlingkiesers op die aanvullende lys het ook in die Kaapse Opposisiepers aandag getrek. Op 6 Oktober het die Cape Argus berig dat daar in die Skiereiland en in aangrensende kiesafdelings slegs 1,002 meer Kleurlinge geregistreer is vergeleke met die getal in 1948. Die voorsitter van die Skiereilandse raad van die VP, mnr. L.C. Gay, het volgens die berig gesê dat die VP nie Kleurlinge op groot skaal wou registreer nie om nie aan Nasionaliste die propagandakreet te verleen dat die VP op die rug van Kleurlingkiesers setels wen nie. Een van mnr. Gay se ander interessante stellings was dat hy nie glo dat Kleurlingregistrasies veel invloed op die verkiesingsuitslae het nie "for we have reliable information that in 1948 a large proportion of the Coloured vote of the platteland went to the Nationalists". (9) Die Cape Argus het op 7 Oktober in 'n hoofartikel mnr. Gay se stellinge en die feit dat min nuwe Kleurlingkiesers geregistreer is, gekritiseer en gesê dat dit teleurstellend en afkeurenswaardig is. Die koerant het verder gesê; "It is a moral obligation of party organisations to see that the electoral rolls are as complete as they can possibly be."

Die Torch-Kommando, wat hom aan die einde van 1952 saam met die VP in die sg. 'United Front' bevind het, het aktief meegehelp om Kleurlinge as kiesers vir die 1953-verkiesing te registreer. 'n Groot aantal Torch-lede was ten gunste daarvan dat Kleurlinge op

groot skaal geregistreer moet word (10), hoewel ander weer nie dié pogings gesteun het nie (sien hfst. 6). Dit blyk asof die skakelingskomitees tussen die VP en die Torch-Kommando wat vir dié doel in die lewe geroep is, aanvanklik goed saamgewerk het (11), maar weens onderlinge wrywing binne en buite die twee partye nie baie suksesvol met hul doelwit was nie. Volgens Gerald Gordon, 'n vooraanstaande lid van die Torch-Kommando, was die administratiewe onbekwaamheid van die VP die oorsaak van die lae registrasiesyfers van Kleurlinge vir die 1953-verkiesing (12), hoewel dit volgens mnr. Gay se uitlatings in Oktober meer doelbewus georganiseerd blyk te wees.

Die Burger het op 8 Oktober in 'n hoofartikel op die twis in VP-geledere gereageer en gesê dat die Sap-pers nog nooit in die Kleurlingstem belanggestel het nie en dat dit nog altyd Sap-beleid was dat suiwer partybelang moet geld waar dit Kleurlingkiesers raak. "Tans is nagelaat om Kleurlinge op groot skaal te registreer ten einde te voorkom dat die Nasionaliste 'n propagandakreet kry. Die VP se belange is eerste gestel, nie die Kleurlinge s'n nie. Net so is Kleurlinge in vorige jare slegs op noemenswaardige skaal geregistreer in kiesafdelings waar die VP hulle nodig gehad het. In doodveilige en onneembare setels het die VP geen belang in die registrasie van Kleurlingkiesers gestel nie." (13)

Die geringe toename volgens amptelike syfers in die getal Kleurlingkiesers van 47,329 op 31 Desember 1948 tot 47,849 op 2 Mei 1953 (Die Burger se bewerings dat daar 'n toename van sowat drieduisend tussen 1948 en 1952 was word vir eers buite rekening gelaat) moet gesien word teen die agtergrond van die styging in blanke kiesers in Kaapland van 515,041 in 1948 tot 554,793 in 1953 (14) - 'n styging van net onder 40,000. Waar die Kleurlingstem dus van die einde van 1948 tot Mei 1953 met sowat 1,700 gestyg het, het die blanke kiesers in Kaapland in die ooreenstemmende tydperk met bykans 40,000 gestyg. As die primêre verteenwoordigers van die blanke kiesers in Kaapland was die NP en die VP instrumenteel in die toename van die blanke kiesers. Die NP het die leeue-aandeel van nuwe kiesers gekry. Só het die party in een jaar, van 1951 tot 1952, altesame 22,646 nuwe lede in Kaapland bygekry (15). 'n Mens

kan ook daarvan seker wees dat dié nuwe lede deur die NP as kiesers geregistreer is. Die NP in Kaapland het van 1948 tot 1952 sy ledetal met altesame 28,143 vergroot (16). Dit is ook interessant dat die party in die tydperk 1951/'52 sy ledetal in kiesafdelings met groot getalle Kleurlingkiesers aansienlik vergroot het. Só het hy in Parow 1,473 nuwe lede verwerf, in Vasco 625 en Soutrivier 500 (17).

Dit is dus duidelik dat die tendens voor die 1953-verkiesing in Kaapland nie die grootskaalse registrasie van Kleurlingkiesers was nie, maar wel dié van blanke kiesers. Dit sou in die verkiesing direk tot die voordeel van die NP wees.

Die Burger het in 1953 met die aanloop tot stemdag op 15 April minder gereeld verwys na die invloed van die Kleurlingstem en die nadelige invloed wat dit op die oorwinningskanse van Nasionale kandidate sou hê. In 'n hoofartikel op 6 Januarie onder die opskrif, Die Verkiesingsdatum, het die koerant sy standpunt herhaal dat daar in Kaapland steeds 'n reservoir van baie duisende Kleurlingkiesers bestaan wat deur die VP tot sy voordeel gebruik kan word.

> "Hoe min hulle (die VP) self in die huidige stemreg op die gemeenskaplike lys belang stel, het aan einde September 1952 geblyk, toe die lyste gesluit is met 'n taamlik onbeduidende vermeerdering in die getal Kleurlingkiesers sedert 1948. Ook die VP het daarmee getoon hoe min die bestaande Kleurlingstemreg as reg hom traak ... Maar die VP se basiese strategie in verband met die Kleurlingkiesers bly steeds onveranderd. Hy het in die stryd van die afgelope twee jaar niks geleer of verleer nie. Die reservoir van duisende derduisende Kleurlingkiesers moet vir hom voortbestaan, sodat hy daaruit na willekeur stemkrag kan put om sy kwynende aanhang onder die bestaande kieserskorps aan te vul en die Nasionale stemkrag te oorstroom ... 'n Toestand waarvolgens een party kragtens bestaande wetgewing, versterk deur Appèlhof-uitsprake, in staat is om die samestelling van die kieserskorps eensydig

> en ingrypend in sy guns te wysig, kan nie demokraties genoem word nie. Dit is die soort manipulasie wat in die politiek agterlike lande van die wêreld aangaan en 'n vername teken is van hul agterlikheid. In Suid-Afrika moet en sal dit end kry."

Aan die einde van Februarie 1953 het die VP-leier adv. J.G.N. Strauss, gesê dat indien die VP die verkiesing wen, hy alleen sal regeer en nie in bondgenootskap met die Swart-verteenwoordigers en Arbeiders nie. Na aanleiding hiervan het Die Burger in 'n hoofartikel op 24 Februarie 'n paar sommetjies gemaak en tot die gevolgtrekking gekom dat vir 'n oorwinning die VP 81 setels in die Volksraad van 159 lede moet wen vir 'n volstrekte meerderheid oor al die ander partye. "Op die oomblik het hy 64. Êrens vandaan moet hy 17 bykomende setels haal. Hy kan hulle alleen van die Nasionaliste afvat ... Ons glo nie dat die VP selfs in sy wildste berekeninge al gehoop het dat hy 17 Nasionale setels kan afvat nie". Volgens Die Burger se berekeninge kon die VP dus ongeag ad hoc registrasies van Kleurlingkiesers baie moeilik of feitlik onmoontlik die bewind by die NP oorneem.

In 'n hoofartikel op 9 Maart het Die Burger weer eens verwys na die grondwetlike geskil n.a.v. 'n toespraak deur dr. Malan op Stellenbosch.

> "In 1937 het die Appèlhof as regsprekende gesag die seël op ... vryheid gesit. Hy is gevra om reg te spreek oor die prosedure wat die Parlement gevolg het met die aanname van die Naturellewette van 1936, en dit aan die verskanste bepalinge van die SA-Wes te toets. Die Appèlhof het geweier om dit te doen. Hy het verklaar dat, met die aanname van die Statuut van Westminster, die toetsingsreg verval het. Geen stem is daarteen verhef nie, tot in 1952. Toe plotseling het die VP met die teorie gekom dat almal al die tyd verkeerd was, en dat die volkswil, sprekende deur die Parlement, nog steeds gebonde is deur 'n Britse wet van 1909. Die VP het die stryd aangeknoop nie vir die reg vir die Kleur-

> linge om te stem nie (daardie reg sou die Kleurlinge behou), maar vir die reg van die VP om aan te hou om die Kleurlingstem op die gemeenskaplike lys uit te buit." (19)

Op 11 Maart het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op 'n stelling deur die VP-kandidaat in Valsbaai, adv. A.H. Broeksma, dat die stemreg aan Kleurlingvroue toegestaan moet word. Die Burger het die feit geïgnoreer dat dr. Malan in 1929 ten gunste was van die uitbreiding van die stemreg na Kleurlingvroue - 'n tydperk toe swartes nog die gemeenskaplike kiesreg gehad het en gekleurde kiesers 'n groter totaal persentasiewys gevorm het as in 1953. Die koerant het gesê:

> "Maar laat ons nou 'n slag kyk waarheen die uitbreiding van die stemreg aan Kleurlingvroue moet lei. Tien jaar gelede was daar 130,651 Kleurlingkinders en 156,712 blanke kinders op skool in Kaapland. In die derde kwartaal van verlede jaar was daar 194,394 Kleurlinge en 175,939 blankes op die skoolbanke in Kaapland. Die blankes het vermeerder met 18,927, die Kleurlinge met 63,743. En dit binne tien jaar! Dit toon dat die Kleurlinge in Kaapland na verhouding baie vinniger toeneem as die blankes en dat ook die volwasse Kleurlingbevolking wat op grond van onderwyskwalifikasies en loonverdienste vir die stemreg in aanraking sou kan kom, die blankes mettertyd in toenemende mate sal oortref. Dit weet ook die VP. Die party weet verder dat as die Kleurlingvroue die stemreg moet kry, dit slegs 'n kwessie van tyd is voordat die Kleurlingkiesers die blanke kiesers in Kaapland oortref." (20)

'n Indeling van Die Burger se hoofartikels vanaf nominasiedag op 14 Maart 1953 tot op stemdag op 15 April 1953 toon dat min spesifieke aandag aan die Kleurlingstem verleen is en dat die hoofstrydpunt steeds die VP met sy leiers en beleid was. Altesame 32 hoofartikels het gehandel oor aanvalle op spesifieke VP-leiers en/of aspekte van die party se beleid. Net een hoofartikel het indirek

gehandel oor die Kleurlingstem; 'n hoofartikel waarin die VP daarvan beskuldig is dat hy met sy Kleurlingbeleid een storie aan die platteland probeer verkoop en 'n ander aan stedelike VP-ondersteuners. Ook die konstitusionele stryd en die Appèlhof se optrede het min aandag gekry. Slegs 5 hoofartikels het oor dié aspek gehandel. Verdere aandag is gegee aan spesifieke kritiek op die VP se onderwysbeleid 5; vooruitbeskouinge op die verkiesing 5; die ekonomie 3; rasseverhoudinge en apartheid 3; verhoudinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes 2 en oor die Indiërs en hul regte 1.

Aan die begin van April, kort voor stemdag op 15 April, het Die Burger in 'n reeks artikels gewys op die gevare wat die registrasie van Kleurlingkiesers in individuele kiesafdelings vir Nasionale kandidate inhou. Op 4 April het die koerant die verkiesingsbeampte van Worcester aangehaal wat gesê het dat in die sewe kiesafdelings van die Worcesterse stemgebied dit betekenisvol is dat die kwaaiste verkiesingstryd gevoer word in die twee kiesafdelings wat elk meer as 'n duisend Kleurlingkiesers het t.w. Worcester met 1,271 en Caledon-Bredasdorp met 1,162. "In Piketberg, waar die Eerste Minister, dr. D.F. Malan, onbestrede verkies is, is daar maar 241 Kleurlinge op die kieserslys." Op dieselfde dag het die koerant berig van die kwaai verkiesingstryd wat in die Paarl heers. Melding is gemaak dat die nuwe afbakening in die guns van die NP is. Deurdat Franschhoek en Groot-Drakenstein aan Stellenbosch gesny is, het die Paarl nou 460 minder Kleurlinge op die lys gehad as in 1948 (21). Op 10 April het Die Burger verwys na die stryd in Stellenbosch waar die NP teen "onsigbare magte" veg en sy kanse met "1,500 Kleurlingstemme verswak word". Melding word ook in die berig gemaak dat Nasionaliste hulle met die gedagte versoen het dat hul meerderheid aansienlik kleiner sal wees as die 2,150 waarmee mnr. Bob Loubser in November 1948 gewen het.

> "Die afbakening het die kiesafdeling naamlik geweldig verander. Eerstens is daar duisend minder kiesers as met daardie tussenverkiesing. Ten tweede het Stellenbosch Bellville verloor, waar die NP 'n goue 1,200 stemme voor was en derdens is Franschhoek en Groot-Drakenstein aan die kiesafdeling gesny waarin daar 525 Kleurlinge is. Die gevolg is dat Stellenbosch

> nou 10,824 kiesers het, waarvan 1,830 Kleurlinge is - vierhonderd meer as met die laaste verkiesing." (22)

Op 9 April het Die Burger in 'n hoofartikel onder die opskrif, Blanke oneerlikheid!, skerp kritiek gelewer op die VP se optrede in die verkiesing.

> "In kiesafdelings waar die Kleurlingstem belangrik is, doen die VP hom by die Kleurlingkiesers voor as die besondere kampvegter vir hul belange ... Onder dié deel van die kieserskorps wat die party as 'die platteland' beskrywe, is die 'witbeleid' daarenteen een van sy vernaamste beleidspunte. Dit sluit onder meer in die immigrasie van blankes op 'n groot skaal met die uitdruklike doel om die Nie-blanke stem dood te smoor ... Ons glo dat politieke oneerlikheid nouliks erger dieptes kan bereik ... Hierin is geen beginsel te bespeur nie, behalwe die opportunistiese doel om deur elke moontlike middel genoeg stemme in te samel om die bewind te verower."

Die uitslae van die 1953-verkiesing in kiesafdelings met groot getalle Kleurlingkiesers het die geleentheid gebied om dit te vergelyk met die voorspellinge wat voor die verkiesing deur Die Burger gedoen is. In Worcester met 1,293 Kleurlingkiesers het die NP sy meerderheid van 718 in 1948 tot 1136 vergroot; in Caledon-Bredasdorp met 1,073 Kleurlingkiesers het die NP-meerderheid van 259 in 1948 tot 240 gedaal; in Stellenbosch (met 'n ongunstige deliminasie vir die NP en 1,861 Kleurlingkiesers) het die NP-meerderheid van 2,150 in 1948 tot 1,452 gedaal; in die Paarl (met gunstige deliminasie vir die NP en 2,548 Kleurlingkiesers) het die NP-meerderheid van 367 in 1948 effens tot 358 gedaal en in Vasco met 1,537 Kleurlingkiesers is 'n VP-meerderheid van 185 in 1948 omgeskep in 'n NP-oorwinning van 1,217.

Die Kleurlingstem het dus nie verhinder dat die NP oorwinnings in

Kaaplandse kiesafdelings met heelwat Kleurlingkiesers behaal het nie. In sommige gevalle is meerderhede selfs vergroot en waar daar bv. in Stellenbosch verwag is dat die Kleurlingstem die NP-meerderheid met sowat 1,500 stemme sou verminder, was die daling in die NP-meerderheid slegs sowat 1,000 stemme. In die Paarl, wat sowat 400 minder Kleurlingkiesers as in 1948 gehad het en deliminasie t.g.v. die NP plaasgevind het, het die NP-meerderheid paradoksaal met 9 stemme gedaal. Ander faktore as die Kleurlingstem moes hier 'n rol gespeel het in die NP se swak vertoning. Die feit dat 'n redelike aantal Kleurlingkiesers weer hul steun aan die NP toegesê het, het kommentaar in die Engelstalige pers uitgelok. In 1953 het Louis Karovsky in die Forum geskryf: "The enthusiasm shown by the Coloured people at Worcester at dr. Dönges's victory and the fact that the Nationalists won Paarl in spite of 2,512 Coloured voters, show that the majority of the Coloured voters prefer direct parliamentary representation as proposed by the Government to the present less effective and useless form of mixed voting." (23)

Die invloed van die Kleurlingstem in die 1953-verkiesing is moeilik bepaalbaar aangesien Kleurlingkiesers se name op 'n aparte kieserslys verskyn het, maar hulle stemme nie afsonderlik in elke kiesafdeling getel is nie (24). Dit blyk egter dat die meeste Kleurlingkiesers wel hul stem uitgebring het. In Caledon-Bredasdorp, met 1,000 Kleurlingkiesers, was die stempersentasie 95,8, hoewel in Worcester daar blykbaar 'n laer stempersentasie by Kleurlingkiesers was (25). Volgens Scher kon altesame 8,718 Kleurlingkiesers uit 'n totaal van 47,849 op stemdag nie stem nie aangesien hulle in onbestrede kiesafdelings was. Slegs 39,131 kon dus prakties hul stem uitbring. Indien die gemiddelde landwye stempersentasie van 86 persent as 'n kriterium geneem word, kan aangeneem word dat 33,652 Kleurlingkiesers hulle stemme uitgebring het. Uit dié syfer was 8,912 in die plattelandse gebiede (gebiede buite die Westelike Provinsie, Oostelike Provinsie, Oos-Londense en Kimberleyse setels) en daar kan redelikerwyse aangeneem word dat dié syfer verdeel was tussen die NP en die VP. Indien aangeneem word dat drie-vyfdes van die plattelandse Kleurlingkiesers vir die VP gestem het, beteken dit dat dié party sowat 5,347 Kleurlingstemme in die platteland gekry het. Indien verder aangeneem word dat 90 persent van die 24,740 geregistreerde Kleurlingkiesers in

die stedelike kiesafdelings vir die VP gestem het, het die party sowat 22,266 van die stedelike Kleurlingstem gekry (26). Dit gee aan die VP 'n totaal van 27,613 Kleurlingstemme uit die totaal van 33,652 Kleurlingkiesers wat gestem het. Die totale steun vir die VP in Kaapland was 228,108 wat meebring dat die Kleurlingstem slegs 8,26 persent van die totale VP-stem in Kaapland gevorm het - volgens Scher 'n aanduiding dat die VP nie op die Kleurlingstem as 'n deurslaggewende faktor gereken het nie (27).

In 'n omvattende hoofartikel op 6 Mei het Die Burger die uitslae in die Boland onder die vergrootglas geplaas en tot die gevolgtrekking gekom dat "in geen kiesafdeling het die Kleurlinge in die jongste verkiesing die deurslag gegee nie." Die koerant het vervolg:

> "Dit wil natuurlik nie sê dat dit nie anders kan word nie. Op grond van hul toenemende getalle en die lae kiesbevoegdhede moet ons die feit onder die oë sien dat daar oor 'n tyd net so baie potensiële Kleurlingkiesers as blanke manlike kiesers in Kaapland sal wees. As die VP Kleurlinge wil registreer sal bronne nie ontbreek nie. Maar wat sal dit beteken? In die Paarl het die VP al klaar een Kleurlingstem vir elke blanke, en om in die Paarl te kan wen, moet enkele honderde Kleurlinge meer geregistreer word, sodat die VP in die Paarl oorwegend 'n Kleurlingparty sal moet word. In Stellenbosch is die toestand vir die VP nog ontstellender. Om te kan wen, sal die VP by die reeds geregistreerde 1,800 Kleurlinge 'n verdere 1,500 moet voeg ten einde die Nasionale meerderheid te kan uitwis. Dan sal die party oor 3,300 Kleurlingstemme beskik naas die sowat 2,200 blanke stemme wat hy in die jongste verkiesing gekry het. In Malmesbury is dit nie anders nie. Daar het die VP sowat 2,500 blanke ondersteuners en 1,200 Kleurlinge, en 'n verdere 2,000 Kleurlinge sal nodig wees om die Nasionaliste te verslaan. Voorts moet die party die Kleurlingregistrasies in Valsbaai en Vasco meer as verdubbel om sy agterstand uit te wis. In 'n Nasionale kiesafdeling soos Bellville-Parow sal byna 2,300 nuwe Kleurlingstemme by die reeds bestaande 60 gevoeg moet word. Die VP kan daardeur egter nie

hoop om 15 setels van die NP af te vat nie, die getal wat nodig is om die Nasionale meerderheid in die Volksraad uit te wis. Die party sal inteendeel besef dat hoe sterker sy Kleurling-aanhang word, des te meer blanke ondersteuners na die NP uitgedryf sal word." (28)

Bg. hoofartikel is van groot belang aangesien Die Burger erken dat die Kleurlingkiesers geen deurslaggewende rol in een kiesafdeling gespeel het nie, die VP heelwat Kleurlinge sal moet registreer om setels te verower en dat al doen hy dit, hy nog geen kans het om die bewind by die NP oor te neem nie. Die Burger het dus self indirek erken dat sy voorspellings oor die Kleurlingstem as buitensporig geïnterpreteer kan word. Die dimensie wat nou bygekom het, is dat die VP wel Kleurlinge kan registreer om die skaal teen die NP te swaai, maar dat selfs dit nie sal help nie aangesien blanke kiesers dienooreenkomstig meer vir die NP sal stem. Die Burger se siening dat die Kleurlingstem in 1953 nie deurslaggewend in een kiesafdeling was nie, was volgens Scher "a remarkable confession in view of past claims that the Coloureds were the arbiters of power between the major parties." (29) Inderdaad maak Die Burger se mening nie veel sin uit nie. Met 1,700 meer Kleurlingkiesers op die gemeenskaplike lys as in 1948 was die Kleurlingstem in 1953 nie 'n bedreiging nie, hoewel hy in 1948 met minder Kleurlingkiesers op die gesamentlike lys wel 'n bedreiging was. Die siening is ewe verwarrend as dit vergelyk word met Die Burger se siening tydens die provinsiale verkiesing van 1954 dat die VP met die selektiewe registrasie van slegs sowat 18,000 Kleurlingkiesers die bewind by die NP sou kon oorneem. In 1954, met sowat 10,000 minder Kleurlingkiesers op die gemeenskaplike lys as in 1953, was die Kleurlingstem weer 'n groot gevaar (sien hfst. 9). Die Burger het waarskynlik in 1953 geredeneer uit die oogpunt van vergrote blanke steun vir die NP wat die Kleurlingstem nie 'n deurslaggewende faktor gemaak het nie. Sy mening plaas egter nog steeds 'n vraagteken op sy vroeëre menings dat die Kleurlingstem 'n groot gevaar vir die NP inhou.

Ná die NP se verkiesingsoorwinning was die Kleurlinge se politieke toekoms opnuut in Die Burger onder bespreking in 'n polemiek in die

briewekolomme wat ontstaan het nadat 'n briefskrywer die gedagte geopper het dat Kleurlinge deur hulle eie leiers in die blanke Parlement verteenwoordig moet word. Die Burger het nooit in sy hoofartikels op dié stelling kommentaar gelewer nie, maar toegelaat dat 'n hewige briefwisseling tussen voorstanders en teenstanders van die onderwerp plaasvind. Die briefwisseling het die eerste ontwaking getoon van die verlig/verkramp-kwessie wat in die laat sestigerjare tot uitbarsting gekom het. Soos in dié tyd het sommige briefskrywers in 1953 gemeen dat die gedagte te ver gaan en nie strook met NP-beleid nie terwyl die meer 'verligtes' meriete in die gedagte gesien het.

Die aanleiding tot die polemiek was 'n brief op 24 April deur dr. H. Ver Loren van Themaat van Stellenbosch waarin hy "groepsverteenwoordiging van die Kleurlinge onbepaald verwelkom" het. "Die aparte groepsverteenwoordiging kan die Kleurlinge na my mening 'n groter invloed ten bate van hul eie groep gee. Maar dit op een voorwaarde, nl. dit, dat hulle verteenwoordig kan word deur hul eie verantwoordelike leiers." (30) Op 29 April het 'n brief verskyn van dr. Meyer de Villiers van Stellenbosch waarin hy dr. Ver Loren van Themaat se gedagte onderskryf het. "Niemand kan ontken nie dat dit die logies konsekwente deurvoering van die apartheidsbeginsel is ... Ek wil net byvoeg dat verskeie Nasionaliste met wie ek gepraat het, die gedagte van dr. Ver Loren van Themaat ondersteun." Op 1 Mei het F.J. Malan van Wellington in 'n brief met dié gedagte verskil en gesê: "Nee kyk, daar is mense wat die apartheidsgedagte darem te ver wil drywe, heeltemal strydig met die grondwet ... Daardie soort denkers moet mooi verstaan; SA is 'n witmansland." Op 6 Mei skryf mev. H.S. Verheyen van Plumstead dat verskeie Kleurlinge voor die verkiesing "daarna gesmag het om deur 'n erkende NP-leier toegespreek te word." "Hier is 'n groot bondgenoot; ons Nie-blanke mede-Suid-Afrikaners. Hulle weier om langer uitgebuit te word. Hulle sou graag in die Parlement deur 'n NP-LV verteenwoordig wil word." Op 7 Mei skryf H.N. Kotze van Bloemfontein dat hy met dr. De Villiers se stelling verskil. "Die optrede van die Kleurlinge in die jongste verkiesing .... oortuig my nie dat hulle die politieke

volwassenheid en verantwoordelikheid besit wat dr. De Villiers veronderstel dat hulle besit nie. Sover ek weet is dit ook die belangrikste rede waarom volle politieke medeseggenskap nie aan hulle gegee kan word nie."

Die Nasionale regering het ná die 1953-verkiesing sy strategie m.b.t. die grondwetlike twispunt gewysig en pogings aangewend om die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers d.m.v. 'n tweederdemeerderheid in die Volksraad aanvaar te kry. Dit kon net realiseer indien die NP steun van die regtervleuel van die VP sou verkry. Malan het besef dat die tweederdemeerderheid-bepaling die enigste manier kon wees waarvolgens Kleurlinge op die aparte lys geplaas sou kon word en besef dat enige radikale konstitusionele optrede nie die gewenste uitwerking sou hê nie. In hierdie opsig het hy en Havenga eenders oor die saak gevoel. Daar is getuienis dat Malan in hierdie tyd al hoe meer onder die meer gematigde invloed van Havenga gekom het (31). Malan se siening het weer ernstige wrywing veroorsaak tussen hom en meer radikale NP-leiers soos Strijdom, Verwoerd en moontlik Eric Louw wat die mening gehuldig het dat al sou die Kleurlingkiesers met 'n tweederdemeerderheid op 'n aparte lys kom, die soewereiniteit van die Parlement weer ten volle herstel moes word (32). Die Burger het in 1952 gereeld klem gelê op die herstel van die soewereiniteit van die Parlement wat volgens die koerant deur die 1952-uitspraak van die Appèlhof vernietig is. Ná die 1953-verkiesing het die koerant al minder klem op dié siening gelê wat 'n aanduiding is dat die koerant nader aan Malan se meer gematigde konstitusionele benadering tot die aangeleentheid beweeg het. Dit sou op sigself 'n verdere verwydering tussen die koerant en Strijdom veroorsaak.

Op 17 April 1953, kort ná die verkiesing, het dr. Malan amptelik 'n aanbod van samewerking aan die VP as geheel en die regtervleuel in besonder gerig om die Kleurlingvraagstuk saam met die Regering op te los. Die Burger het die aanbod in 'n hoofartikel op 18 April verwelkom en gesê "dit is in die hoogste landsbelang dat die regtervleuel van die opposisie saam met die Regering in kleursake werk." (33) Die VP-leier adv. J.G.N. Strauss het die aanbod

verwerp hoewel nog pogings later in die jaar aangewend sou word om die steun van VP-lede te verkry. Die Burger het met teleurstelling van adv. Strauss se verwerping van die aanbod verneem en in 'n hoofartikel op 20 April gesê: "Die kieserskorps het hom sterk en ondubbelsinnig uitgespreek ook ten gunste van aparte parlementêre verteenwoordiging vir die Kleurlinge en vir die wysiging van die verskanste bepalings van die Suid-Afrika-wet sonder tweederdemeerderheid. Op twaalf na het die Nasionale Party 'n tweederdemeerderheid in die Volksraad; so sterk voel die kiesers oor die saak." (34)

Op 16 Mei het Die Burger berig dat 'n groot deel van die sowat 48,000 Kleurlingkiesers van Kaapland van die kieserslys verwyder kan word omdat hulle nie aan die kwalifikasies voldoen nie en dat in sommige kiesafdelings, indien strenger opgetree word, sowat een-derde sou druip. Op 20 Mei het Die Burger in 'n hoofartikel krities gereageer op die VP se beleid teenoor die Kleurlinge.

> "Dit is eerstens 'n onweerlegbare feit dat die reg om saam met die blanke vir dieselfde kandidate te stem, die Kleurling geen voordele besorg het nie ... Daarby was die Kleurlingstem in geen enkele kiesafdeling van beslissende betekenis nie. Ten gevolge van die groei van die blanke Nasionale stem is die tyd verby toe die Kleurlinge die deurslag in 'n hele reeks Kaaplandse kiesafdelings gegee het. Weliswaar is die potensiële stemkrag van Kleurlinge groot genoeg om weer sy ou rol te speel, maar dan sal die VP Kleurlinge in sulke groot getalle moet registreer dat sy eie blanke aanhang in opstand daarteen sal kom. Die vraag is egter of die VP, nou ná die stigting van die Liberale Party, nóg op die onverdeelde steun van huidige en toekomstige Kleurlingkiesers kan reken." (35)

Op 16 Junie het Die Burger weer verwys na dr. Malan se samewerkingsaanbod en 'n beroep op die VP gedoen om dit te aanvaar. "Die kiesers het hulle uitdruklik t.g.v. die Regering se plan uitgespreek, en dit behoort swaar te tel. Tweedens moet ook lede van die VP vandag besef dat die huidige toestand erg onbevredigend is ... In die jongste verkiesing het die Kleurlinge in geen

enkele kiesafdeling die deurslag gegee nie." (36) Aan die einde van Junie 1953 het adv. Strauss gesê dat hy bereid is om met dr. Malan saam te werk indien die wetgewing oor aparte verteenwoordiging deur die Kleurlinge aanvaar en goedgekeur word. In 'n hoofartikel op 30 Junie het Die Burger sy voorwaardes gekritiseer. "Wat hy nou sê, is dat geen mate van blanke eenheid en eenparigheid hom sal beweeg om aan die Kleurlinge aparte verteenwoordiging te skenk tensy die Kleurlinge self hul goedkeuring daaroor uitspreek nie. Aan 'n minderheid van minder as 50,000 kiesers word dus die sanksie verleen om die wil van die groot meerderheid te dwarsboom." (37)

Die eerste parlementsitting ná die verkiesing het aan die begin van Julie plaasgevind. Dit was duidelik dat die Regering in die sitting sou probeer om 'n tweederdemeerderheid vir die Kleurlingwetgewing te behaal. Die Regering het in die sitting die Wysigingswet van die SA-Wet ingedien waarvolgens die verskansing van die Nie-blanke-stem in die SA-Wet (artikel 35) verwyder word, maar die verskansing van die gelyke taalregte steeds van krag sou bly. In 'n omvattende hoofartikel op 2 Julie het Die Burger sy vroeëre stelling herhaal dat die Kleurlingstem in geen enkele kiesafdeling in die 1953-verkiesing die deurslag gegee het nie. "Om kort te gaan, die VP sal in die Boland oorwegend 'n party van Kleurlinge moet word. Maar al gebeur dit, kan die party nog nie hoop om 15 setels van die NP af te vat ten einde 'n meerderheid van een te verkry nie. Die vraag is trouens of 'n versterking van die Kleurlingstem die VP ten goede sal kom, en of hy nog hoegenaamd op die onverdeelde steun van die Kleurlingkiesers kan reken." (38)

Te midde van die debat in die Parlement oor die indiening van die Kleurlingwetgewing het Die Burger op 15 Julie weer verwys na die grondwetlike geskil. Onder die opskrif, Die VP se keuse, het die koerant gesê;

> "Daar sou ook geen stryd gewees het indien die Appèlhof nie in 1951 'n streep deur sy uitspraak van 1937 getrek het nie ... Die Regering is van plan om die opdrag van die kiesers uit te voer ... Die Regering stel hom nog op die standpunt van die 1937-uitspraak, maar volg die weg van die verenigde vergadering as 'n eerste poging om die stryd te

> besleg omdat dit die maklikste uitweg uit die moeilikheid bied."

In 'n toespraak op 15 Julie in die Parlement het dr. Malan verwys na sy vroeëre standpunt oor die Kleurlinge in die twintigerjare en gesê dat genl. Hertzog se beloftes aan die Kleurlinge "nie bindend" was nie, maar "'n standpunt wat op 'n sekere tyd ingeneem is". Dr. Malan het ook verwys na die uitbuiting en misdrywe wat met die Kleurlingstem gepaard gaan en gesê as daar een party is "wat werkliks iets goeds gedoen het om die Kleurling uit sy vernederende posisie op te hef, dan is dit nie die Opposisie nie, maar die Nasionale Party". "Die essensie van die dryfvere agter die pogings om aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge in te stel, is beskerming van die blanke heerskappy. Sprigg, Rhodes en Hofmeyr het die weg gevolg van die stemkwalifikasie te verhoog om Nie-blankes uit te sluit." (39)

Op 17 Augustus het 'n afvaardiging Maleiers en Griekwas 'n groep Nasionale ministers in Pretoria ontmoet waartydens hulle hulle ten gunste van aparte verteenwoordiging uitgespreek het. <u>Die Burger</u> het die ontmoeting in 'n hoofartikel op 18 Augustus verwelkom en gesê;

> "Die feit dat ná al die stryd en agitasie die globale indruk is dat die mate van opposisie van die Kleurlinggemeenskap teen die aparte kiesers-lyste hoegenaamd nie so sterk is wat in sommige kringe voorgegee word nie, is hoogs bemoedigend ... Die Kleurlingstem op die gemeenskaplike lys, met al die misbruike waarmee dit gepaard gegaan het, het nie alleen die betrekkinge tussen die politieke partye van die blankes vergal en blanke rassebetrekkinge in die algemeen verstoor nie. Dit het ook ophef-fingswerk onder die Kleurlinge onmeetlik bemoeilik, aan die een kant omdat die Kleurlingkiesers as stemvee van een party net by verkiesings aandag gekry het, en aan die ander kant omdat hul opgesweepte vyandskap teenoor die ander party nouliks met vriendskap deur hom beantwoord kon word. Aparte verteenwoordiging wil 'n bron van vergiftiging uit ons staatkundige

lewe verwyder deur die gevaar uit te skakel dat die magsewewig in die blankes se politieke stryd in die hande van die Kleurlingkiesers sal rus. Dit sal ook terselfdertyd welwillendheid teenoor die Kleurlinge en hul vordering in veel breër blanke kringe en in veel praktieser vorms vrystel." (40)

Op 16 September is die Regering se wetsontwerp oor die verskanste bepalings in 'n gesamentlike sitting afgestem. Die Regering het nog 16 stemme gekort vir die vereiste tweederdemeerderheid. In 'n hoofartikel op 17 September het Die Burger gesê dat die Regering sal voortgaan om die opdrag uit te voer wat die land aan hom gegee het. "Die saak kan nie langer sloer nie. Daar moet rus en vrede in die land kom. As die opdrag van die volk nie in samewerking met die Opposisie uitgevoer kan word nie, dan moet dit sonder hom, ten spyte van hom, op konstitusionele weg uitgevoer word. En as die VP met stiksieninge dwaasheid wil voortgaan om die rus te verstoor en die land te benadeel, dan kan die Regering hom nie daardeur laat afskrif nie." (41)

Op 18 September het die Minister van Justisie, adv. C.R. Swart, wetgewing in die Parlement ingedien waarvolgens die Appèlhof van ses regters tot elf vergroot sou word. Die Wetsontwerp op die Afdeling van Appèl was 'n poging om goedkeuring in die Appèlhof te verkry vir die Regering se grondwetlike stappe. Die wet het voorsiening gemaak vir die verdeling van die Appèlhof in drie afdelings t.w. strafregtelik, siviel en grondwetlik. Alle regters sou steeds deur die Regering aangestel word en daar is algemeen aanvaar dat in die grondwetlike afdeling, wat oor sake rakende die grondwetlike status van die Parlement sou beslis, die Regering regters sou aanstel wat simpatiek is teenoor die Nasionale regering (42).

Die wetsontwerp is egter kort daarna onttrek. Dit was duidelik dat nie alle Nasionaliste gelukkig was met Swart se Appèl-wetgewing nie (43). Die Burger was nie geesdriftig oor die wetgewing nie aangesien die koerant gevoel het dat dit Suid-Afrika op die

Amerikaanse weg sou plaas waarvolgens 'n regering vakatures in die Appèlhof sou vul met getroue ondersteuners. "Die opdrag (by die jongste algemene verkiesing) was dat die Nasionale Party moet regeer. Ons wil ruiterlik erken dat ons nie van die Amerikaanse stelsel hou nie. Ons verkies die Britse stelsel van 'n soewereine parlement en van howe wat die wette uitvoer en hulle nie uitwerp nie." (44) Ná samesprekings met die vier regse VP-rebelle, mnre. Bailey Bekker, F.W. Waring, Blaar Coetzee en dr. A. Jonker, het die Regering van plan verander (45) en besluit om die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers weer aan 'n verenigde vergadering van die Parlement voor te lê om 'n tweederdemeerderheid te verkry. Die Regering het blykbaar gehoop om dié keer die vereiste meerderheid te verkry (46). Die Burger het die Regering se besluit om die Appèlhof-wetsontwerp agterweë te hou en die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers aan 'n verenigde vergadering voor te lê as 'n politieke geloofsdaad bestempel. "Die Opposisie sal erken dat die nuwe plan 'n baie groot toegewing aan die kant van die Regering in belang van 'n vreedsame skikking van die jarelange geskil verteenwoordig." (47) Op 2 Oktober 1953 is in die verenigde vergadering besluit om nie die Kleurlingwetgewing van 1951 tot stemming te bring nie, maar dit na 'n gekose komitee te verwys. Die komitee sou uit 18 lede bestaan en die voorsitter was die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges. VP-lede sou ook in die komitee dien (48).

In 'n hoofartikel op 13 Oktober het Die Burger weer 'n beroep gedoen op VP-lede wat die Kaaplandse kongres van die party in Port Elizabeth bywoon om te besin oor die party se Kleurling-beleid. Die koerant het herhaal dat die VP net Kleurlinge registreer in setels waar die party hoop op 'n oorwinning het. Dié optrede sal die party egter net in groter ellende dompel.

> "Daarby behoort die vraag die Sap-leiding te hinder of afvalligheid onder sy blanke gevolg nie in regstreekse verhouding tot sy registrasie van Kleurlingkiesers staan, en of daar nie 'n oorsaaklike verband tussen die twee bestaan nie. So

het die party die meeste Kleurlingkiesers in die Paarl geregistreer, maar in die Paarl is die verhouding van blanke Nasionaliste tot blanke Sappe vir die NP die gunstigste. Dit kom voor asof die inbring van Kleurlingkiesers by die agterdeur van die Sap-huis tot die uitstap van blanke Sappe by die voordeur lei."

Aan die einde van 1953 het 'n tussenverkiesing in Vasco plaasgevind - 'n setel met heelwat Kleurlingkiesers. Dit het weer die geleentheid gebied om Die Burger se beweringe van die buitensporige invloed van Kleurlingkiesers aan die hand van die praktyk te toets. Op 16 September het Die Burger berig dat daar nou meer Kleurlinge op Vasco se kieserslys is as tydens die algemene verkiesing. "By die algemene verkiesing was daar 12,452 kiesers in Vasco. Hiervan was 10,960 blank en 1,492 Nie-blank. Daar was toe nagenoeg sewe en 'n half keer soveel blankes as Kleurlinge. Maar die blankes wat nou bygekom het, is net 6 keer soveel as die Kleurlinge wat bygekom het. Daar het 310 kiesers bygekom, van wie 57 Kleurlinge is." Op 22 Oktober het Die Burger berig dat daar tussen 100 en 200 "spookstemme" tydens die algemene verkiesing in Vasco uitgebring is op die name van Kleurlinge wat al jare dood of uit die kiesafdeling is. Die bevindinge is aan die lig gebring in 'n opname wat deur die NP van Kleurlingkiesers in die kiesafdeling gemaak is (49). In 'n hoofartikel onder die opskrif, Waar Spoke Stem, sê Die Burger dat "wat vir Vasco geld, wel waar sal wees van feitlik al die Kaaplandse kiesafdelings met 'n aanmerklike getal Kleurlingkiesers." Stemdag was op 4 November en op 5 November het Die Burger in 'n hoofberig berig dat sowat 83 persent van Vasco se kiesers gaan stem het. "'n Opvallende uitsondering was die sowat 1,540 Kleurlingkiesers van wie net 1,009 gestem het. Hul persentasie - 64 persent - is buitengewoon laag." (50)

Die uitslag het getoon dat die NP sy meerderheid van 1,217 in die algemene verkiesing tot 1,702 vergroot het - 'n vergrote meerderheid van bykans 500 stemme. Oor die uitslag het Die Burger in 'n hoofartikel op 6 November gesê: "Die blanke Sappe is nie baie opgewonde oor die VP se propaganda nie, terwyl die Kleurlinge, deur

in verbasend groot getalle van die stembus weg te bly, nie die Sap-leiding se geesdrif deel om te veg vir die Kleurling se reg om saam met die blanke te stem nie." (51) Die klaarblyklike kwyning van die Kleurlingstem vir die VP het Die Burger groot genoegdoening verskaf, maar hy het nie besef dat dit tot die voordeel van die NP was nie en weer eens 'n vraagteken geplaas het of dit nodig was om die Kleurlinge op 'n aparte lys te plaas.

(1) D.W. Krüger, 'Die triomf van Nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek 1948-1961', in Van der Walt, Wiid, Geyer en Krüger (reds), Geskiedenis van Suid-Afrika, (Kaapstad, s.j.), p. 580-581.

(2) Sien 'Verkiesing in April, sê dr. Malan', Die Burger, 15 November, 1952; 'Kiesers moet die finale uitspraak lewer', Die Burger, 11 Februarie, 1953 en 'Wie is Baas?', Die Burger, 9 Maart, 1953.

(3) In die Sun van 14 Augustus, 1953 word beweer dat dr. T.E. Dönges as Minister van Binnelandse Sake reeds geskrewe opdragte aan amptenare van sy departement gegee het om nie Kleurlinge op die nuwe aanvullende kieserslyste te plaas nie. Ná dreigemente van optrede deur die VP is die planne laat vaar hoewel lede van die pers toe reeds die geskrewe opdragte onder oë gehad het.

(4) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 26, p. 107 en no. 27 p. 113.

(5) 'Die Groeiende Kleurlingstem', Die Burger, 25 September, 1952.

(6) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 55.

(7) Thompson, Cape Coloured Franchise, p. 55.

(8) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 27, p.113.

(9) 'Only 1002 more Coloureds: Electoral Act blamed by UP', die Cape Argus, 6 Oktober, 1952.

(10) Onderhoud met mnr. Gerald Gordon op 9 April 1986.

(11) Die Cape Times, 6 Maart, 1952.

(12) Onderhoud met mnr. Gerald Gordon op 9 April 1986.

(13) ''n Herrie oor registrasie', Die Burger, 8 Oktober, 1952.

(14) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 24, p. 99; no. 27 p. 113 en 'LV's se kuddes word groter: Kaapland het baie meer kiesers as in 1948', Die Burger, 23 Oktober, 1952.

(15) 'Kaaplandse NP kry in een jaar 22,646 lede by', Die Burger, 17 September, 1952.

(16) Die Burger, 17 September, 1952.

(17) _Die Burger_, 17 September, 1952.

(18) 'Adv. Strauss se ontkenning', _Die Burger_, 24 Februarie, 1953.

(19) 'Wie is baas?', _Die Burger_, 9 Maart, 1953.

(20) 'Stemreg en Kleurlingvroue', _Die Burger_, 11 Maart, 1953.

(21) 'Kwaai stryd in Paarl', _Die Burger_, 4 April, 1953.

(22) 'Stellenbosch veg teen onsigbare', _Die Burger_, 10 April, 1953.

(23) Louis Karovsky, 'Analysis of United Front failure', _The Forum_, 2 (2), (Mei 1953), p. 23.

(24) Carter, _Politics of Inequality_, p. 134.

(25) Scher, p. 375.

(26) Scher, p. 376.

(27) Scher, p. 377.

(28) 'Die Verenigde Kleurlingparty', _Die Burger_, 6 Mei, 1953.

(29) Scher, p. 377.

(30) Dr. Ver Loren van Themaat se brief is ook in 1985 in Dawie geopper om aan te toon dat die gedagte dat bruinmense deur bruinmense in die Parlement verteenwoordig moet word van ver af kom en al vroeg in Nasionale kringe posgevat het. Sien 'Dr. Verwoerd het toe ook aan dié moontlikheid gedink', _Die Burger_, 30 Januarie, 1985.

(31) Schoeman, _Malan tot Verwoerd_, p. 54.

(32) J.J. van Rooyen, _P.W. Botha - 40 Jaar_, (Kaapstad 1976), p. 73-74.

(33) 'Aanbod tot samewerking', _Die Burger_, 18 April, 1953.

(34) 'Dr. Malan se aanbod', _Die Burger_, 20 April, 1953.

(35) 'Die VP en die Kleurlinge', _Die Burger_, 20 Mei, 1953.

(36) 'Adv. Strauss en samewerking', _Die Burger_, 16 Junie, 1953.

(37) 'Sy nuwe standpunt', _Die Burger_, 30 Junie, 1953.

(38) 'Die VP-koukus van vandag', _Die Burger_, 2 Julie, 1953.

(39) 'Wat van Blanke se toekoms? vra dr. Malan', _Die Burger_, 16 Julie, 1953.

(40) 'Kleurlinge by Regering', Die Burger, 18 Augustus, 1953.

(41) 'Wat Nou?', Die Burger, 17 September, 1953.

(42) Sien Forsyth p. 45-46 en The Sun, 25 September, 1953.

(43) B. Schoeman, My lewe in die politiek, p. 196.

(44) 'Hof en Regering', Die Burger, 22 September, 1953.

(45) Schoeman, Van Malan tot Verwoerd, p. 59.

(46) Sien 'Skielike wending in stemstryd', Die Burger, 29 September, 1953.

(47) ''n Politieke geloofsdaad', Die Burger, 30 September, 1953.

(48) Die lede van die Kommissie was F.C. Erasmus, J.F.T. Naudé, sens. M.P.A. Malan en G.C. Nel, P.W. Botha, J.H.O. du Plessis, P.J. Hugo, F.E. Mentz, H.D.C. de Wet Nel, S.F. Papenfus, sens. J. Duthrie en D. Jackson, sir De Villiers Graaff, T.G. Hughes, H.G. Lawrence, D.E. Mitchell en W.H. Stuart.

(49) 'Op oorledenes se name gestem: groot bedrog in Vasco met verkiesing', Die Burger, 22 Oktober, 1953.

(50) 'Groot persentasie stem in Vasco: baie Kleurlingkiesers het weggebly', Die Burger, 5 November, 1953.

(51) 'Vasco', Die Burger, 6 November, 1953.

# HOOFSTUK 8

## DIE 1954-KOMMISSIE OOR DIE KLEURLINGSTEM

Die stryd met betrekking tot die Kleurlingstem is in 1954 oorheers deur die verslag van die Kommissie oor die Kleurlingstem wat in April ter tafel gelê is (1) en die hou van die landwye provinsiale verkiesing op 18 Augustus.

Vir enigiemand wat gehoop het op 'n verandering in NP-beleid teenoor die Kleurlingstem op (i) morele gronde, (ii) die teenkanting van die land se hoogste regsprekende gesag teen die wyse waarop die wetgewing aangeneem is, (iii) die feit dat die Kleurlingstem aan die daal was en geen invloed meer in verkiesings gespeel het nie en (iv) bloot op grond van besorgdheid oor die handhawing van goeie rassebetrekkinge tussen blankes en Kleurlinge veral met die oog op die toekoms, was die optrede gedurende die jaar teleurstellend. Min mense het besef hoe onverbiddellik oorgehaal die Nasionale regering was vir die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys. Geen argumente sou die NP van sy doelwit laat afwyk nie en die enigste wysiging wat die NP in sy optrede sou aanvaar was bloot strategieveranderings om die vereiste tweederdemeerderheid in die Parlement te verkry. Die gevoel was so sterk dat daar bespiegeling in Nasionale kringe was dat indien die Nasionale regering in 1953 vanweë die Kleurlingstem uitgestem sou word, dit die begin van 'n burgeroorlog en die einde van parlementêre regering in Suid-Afrika sou wees (2).

Die Burger het in 1954, veral ná die aanstelling van mnr. Piet Cillié as redakteur op 1 April, met 'n reuse-veldtog teen die Kleurlingstem vorendag gekom. Die veldtog het begin met die tertafellegging van die Verslag oor die Kleurlingstem op 12 April. Die Burger het daarna daagliks aanhalings en verslae uit die getuienis voor die Kommissie in die koerant gepubliseer en in hoofartikels daarop gereageer. Die algemene gevoel by die koerant, soos weerspieël deur die hoofartikels, was dat die

getuienis voor die Kommissie 'n vindikasie was vir diegene wat afsonderlike verteenwoordiging gesteun het. Die getuienis oor die aanwas van die Kleurlingbevolking, vergrote Kleurlingregistrasies voor 'n verkiesing, getuienis oor korrupsie en omkopery en getuienis deur Kleurlinge wat afsonderlike verteenwoordiging steun, is deur die koerant gesien as genoegsame redes vir afsonderlike verteenwoordiging en dat die Regering korrek was in sy optrede.

Die Burger se kommentaar oor die Kleurlingstem moes in 1954 weer aangepas word aangesien daar 'n verdere daling in die Kleurlingstem was. Die Kleurlingstem het van 47,677 op 31 Desember 1953 tot 37,870 op 1 Maart 1955 gedaal (3). Op 28 Februarie 1954 het die syfer gestaan op 38,844 (4). Waar Die Burger vroeër gesê het dat die VP die Kleurlingstem laat toeneem en dit toe later verander het dat hy dit wel nie doen nie maar in staat daartoe is, het die koerant in 1954 tydens die provinsiale verkiesing 'n nuwe dimensie tot die argument gevoeg. Hoewel die VP nie op groot skaal Kleurlinge vir die 1954-verkiesing geregistreer het nie, hou hy hulle in reserwe en beplan die party vir die 1958-verkiesing 'n "blitskryg" waartydens duisende Kleurlingkiesers geregistreer sal word om Nasionale kandidate uit te stem. Hoewel die koerant nooit bewyse vir dié aantygings gelewer het nie en die VP herhaaldelik ontken het dat so 'n plan bestaan, het die koerant volgehou met dié propaganda (5). Die propagandaveldtog het ook geblyk suksesvol te wees in die provinsiale verkiesing.

Die stryd oor die Kleurlingstem is aan die begin van 1954 oorheers deur 'n stelling van mnr. Harry Oppenheimer, LV, dat die Kleurlinge se stemregkwalifikasies te laag is en sy betekenis verloor het. Die Burger het in 'n hoofartikel op 22 Januarie gesê dat mnr. Oppenheimer se uitlatinge die indruk versterk dat die VP se totale oorlog vir die behoud van die status quo met die Kleurlingstem 'n kolossale bluf was. "Hy (die VP) het die wêreld aan die brand gesteek vir 'n saak waarin hy self, of dan minstens 'n belangrike deel van sy gevolg, geen geloof het nie" (6). Op 23 Januarie het die koerant in 'n hoofberig berig dat alle aanduidings daarop

dui dat die VP in die komende parlementsitting verhoogde stemregkwalifikasies vir Kleurlinge gaan voorstel (7). In 'n hoofartikel op 1 Februarie het Die Burger gesê dat mnr. Oppenheimer se voorstel op groter diskriminasie teen die Kleurlinge neerkom.

> "Deur mnr. Oppenheimer se voorstel te aanvaar en die stembevoegdhede van Kleurlinge dan steeds hoër te maak, sou dit moontlik wees om die Kleurlinge vir alle praktiese doeleindes te ontkieser. Dit beoog die Regering nie. Hy wil dat die Kleurlinge hul regmatige verteenwoordiging sal behou, maar hy wil apartheid instel deur Kleurlinge vir hul eie verteenwoordigers te laat stem." (8)

Op 22 Maart het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op die daling in die aantal geregistreerde Kleurlingkiesers en die argument van VP-kant dat die situasie oordryf word en Kleurlingkiesers derhalwe op die gemeenskaplike lys behou moet word.

> "Die argument is alte naïef. Die aantal Kleurlinge op die lys is maar 'n breuk van die aantal wat werklik geregistreer kan word ... In twee plattelandse kiesafdelings, Paarl en Worcester, is daar net meer as 4,000 Kleurlinge geregistreer. In nege Skiereilandse kiesafdelings - Seepunt, Groenpunt, Tuine, Soutrivier, Maitland, Rondebosch, Constantia, Pinelands en Suid-Skiereiland - is daar tesame ook net meer as 4,000 Kleurlinge geregistreer. Ons vertrou dat niemand verwag dat ons sal glo dat daar in hierdie nege stedelike kiesafdelings nie duisende en duisende meer Kleurlinge geregistreer kan word nie. Waarom die aantal geregistreerde Kleurlingkiesers in hierdie kiesafdelings so min as moontlik gehou word en in Paarl en Worcester so veel as moontlik, weet die VP ewe goed as die NP ... Maar daar is 'n tweede en veel belangriker argument. Die jongste beskikbare syfers vir skoolbywoning in Kaapland toon aan dat daar 190,309 Kleurlinge op skool is teenoor slegs 175,268 blankes; en die syfers toon verder aan dat die Kleurling-oorwig jaarliks toeneem ...

> Op die oomblik reeds kan duisende meer Kleurlinge op die kieserslys kom as wat in werklikheid daarop is ... Tensy ons wil hê dat in die naaste toekoms in 'n toenemende aantal kiesafdelings nie in die eerste plaas die blankes nie, maar die Kleurlinge sal bepaal wie Parlement toe of Provinsiale Raad toe gaan, moet in hierdie saak nou opgetree word." (9)

Die verslag oor die Kleurlingstem wat op 12 April 1954 in die Parlement ter tafel gelê is, was 'n uitvloeisel van die Gekose Komitee wat in die verenigde vergadering van die Parlement op 2 Oktober 1953 benoem is. Die Komitee is aan die einde van 1953 omgeskep in 'n Kommissie met magte om te funksioneer tydens die Parlementêre reses. Die Kommissie is aangestel om voort te gaan met die ondersoek wat deur die gekose komitee na die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers van 1951 begin is. Aansienlike getuienis is deur die Kommissie tussen November 1953 en Januarie 1954 aangehoor. Van die 49 memorandums het 23 die beginsel van afsonderlike verteenwoordiging gesteun, 24 was daarteen en 2 het nie op die saak betrekking gehad nie (10). Die Kommissie het uit 18 lede bestaan onder die voorsitterskap van die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges.

Op 13 April het <u>Die Burger</u> in 'n voorbladberig die getuienis voor die Kommissie aangehaal van die Kaapstadse kiesbeampte, mnr. P.H. Savage. Volgens die berig het mnr. Savage gesê as die Kleurlinge van Kaapland die moeite wou doen om as kiesers te registreer, hulle getalle sou verdriedubbel van 48,000 tot 150,000. Dit sou veroorsaak dat hulle in baie Kaaplandse kiesafdelings die magsewewig sou besit en beleid kon voorskryf. Die berig vervolg:

> "Gevra na 'n voorbeeld, het mnr. Savage gesê dat in Vasco onlangs 600 Kleurlingkiesers geskrap is. Maar daar was soveel nuwe inskrywings dat daar 'n netto-toename van 116 was. So 'n toename kan met intensiewe werwing in die meeste kiesafdelings van Kaapland bewerkstellig word. As registrateur van geboortes het mnr. Savage ondervind dat die Kleurlinge veel vinniger toeneem as die blankes. Verlede jaar is in Kaapstad en Wynberg 6,024 manlike Kleurlinggeboortes, dit wil sê omtrent drie teen een." (11)

In dieselfde berig is melding gemaak van die demografiese bevindinge van prof. J.L. Sadie van Stellenbosch oor die waarskynlike bevolkingsgetalle van Suid-Afrika teen die jaar 2001. Prof. Sadie het gesê dat die blankes in die jaar 2001 4,621,000 sal tel indien daar geen aanwins deur immigrasie sou wees nie. Met immigrasie sal die getal 5,300,000 wees. Die Kleurlinge sou in daardie jaar 3,786,000 tel en swartes 21,000,000. Die blankes sal dan 14 persent van die bevolking uitmaak en die Kleurlinge 9 persent.

In 'n omvattende hoofartikel op 13 April onder die opskrif, Verslag oor Kleurlingstem, het Die Burger gesê dat daar blykbaar geen gemeenskaplike grond tussen die botsende standpunte oor die Kleurlingstem bereik is nie.

> "Daar is ten spyte van jarelange opsweping, aansienlike steun vir afsonderlike verteenwoordiging vanuit die gekleurdes se eie geledere getuig. Daar is aan die ander kant sterk daarteen te velde getrek, maar sekerlik nie vanuit die VP se standpunt dat die huidige posisie maar net gehandhaaf moet bly nie. Die beginsel van diegene wat teen aparte verteenwoordiging getuig het is dié van die liberalisme; die Nasionale beleid word verwerp nie omdat die huidige toestand goedgekeur word nie, maar omdat daardie beleid in stryd is met die ideaal van uiteindelike gelykstelling en die verwesenliking daarvan sal bemoeilik ... In die lig van hierdie verslae word die VP se standpunt van botte verset teen enige verandering in die Kleurlingstemreg net eenvoudig onhoudbaar. Dit is tyd dat meer van sy volgelinge hul houding in hierdie saak opnuut oorweeg."

In 'n hoofartikel op 14 April het Die Burger weer verwys na die gevaar van die Kleurlingstem.

> "'n Geweldige reserwe-poel van Kleurlingkiesers bestaan al klaar en groei van jaar tot jaar aan

met die vermeerdering van onderwys-geriewe vir die Kleurlingbevolking en deur die hoë geboortesyfer vir die Kleurlinggemeenskap ... Uit die stemgeregtigde, maar ongeregistreerde menigte, kan hy (die VP) kiesers vervaardig om vir sy verlies aan blanke steun te vergoed en die NP in Kaapland te oorstem. Ons laat die meer verafgeleë implikasies van hierdie houding nou maar daar. Maar kan die VP se heersende groep werklik nie die onmiddellike rampspoedige gevolge van sy standpunt insien nie? Die party preek nasionale eenheid, waarmee hy in die eerste plaas bedoel die eenheid van die blanke bevolking. Dit moet nou bevorder word deur Kleurlingkiesers in steeds groter getalle op te roep en op te sweep om 'n kwynende party met al hoe minder aanhang onder die blankes van ondergang te red! Klaarblyklik tog is niks daarop bereken om die verhoudinge tussen die twee blanke taalgroepe en tussen die blanke meerderheidsparty méér te vergiftig nie. Daardie vergiftiging was in die verlede reeds ernstig. Dit gaan onmeetlik vererger in die toekoms." (12)

Op 15 April het <u>Die Burger</u> die eerste artikel gepubliseer in 'n reeks oor die Kleurlingstem wat gegrond was op memorandums en getuienis wat aan die Gekose Komitee voorgelê is. In die eerste artikel word gesê dat daar onder die Kleurlinge geen steun bestaan nie vir die VP se standpunt dat die Kleurlingstem behou moet word soos dit is. Van die getuies het 'n aantal afsonderlike verteenwoordiging bepleit, maar diegene wat daarteen was, het almal, op een klein uitsondering na, gesê dat hulle die bestaande posisie net sien as 'n tussenstadium voordat volslae politieke gelykheid bereik word. Die Nie-blanke groepe en individue wat mondelinge getuienis kom aflê het, was gelykop verdeel tussen die voor- en teenstanders van afsonderlike verteenwoordiging. Die sterkste voorstanders van afsonderlike verteenwoordiging was getuies wat die Maleiers en Griekwas verteenwoordig het. Die teenstanders van politieke apartheid - ook die blanke getuies - wil baie beslis nie die huidige stelsel behou nie, het die koerant berig. (15)

In 'n hoofartikel word gesê dat geen prinsipiële verdediging van die status quo voor die Kommissie gelewer is nie.

> "Maar geen saak is gestel vir stilstand en geen verandering nie. Die stryd vir die behoud van die gemeenskaplike kieserslys vir blankes en Kleurlinge in Kaapland word deur die liberaliste en seksies van die gekleurdes gevoer as middel tot 'n doel, en dié doel is politieke gelykstelling ... In werklikheid het die vertoë en die getuienis die VP hoog en droog gelaat. Dit het getoon dat daar tussen die apartheidsbeleid en die gelykstellingstrewe geen middeweg is wat die steun van Kleurlinge geniet nie." (14)

Op 16 April is gemeld van voorbeelde van bedrog en onreëlmatighede met die registrasie van Kleurlingkiesers wat deur 'n aantal kiesbeamptes in memorandums aan die Kommissie voorgelê is.

> "Mnr. P.J. Kotze, gewese kiesbeampte van Kimberley en tans van Pretoria, sê in sy memorandum dat daar met die algemene verkiesing van 1948 baie Kleurlinge op die lyste van die gebied Kimberley was wat nie aan die wetsvereistes kon voldoen nie ... Toe vasgestel is hoeveel Nie-blankes onreëlmatig op die kieserslys is, is teen hulle opgetree. In Beaufort-Wes alleen is boetes ten bedrae van 600 pond opgelê. Ander sake is verhoor op verskeie plekke in die kiesafdelings Vryburg, Gordonia, Kimberley-Stad, Kimberley-distrik, Victoria-Wes en Calvinia." (15)

Op 17 April is gemeld van getuienis wat gelewer is dat vlak voor 'n algemene verkiesing Kleurlingkiesers na verhouding vinniger as blankes geregistreer word.

> "Ná die verkiesing daal die aantal Kleurlingkiesers dan weer voordat dit by die volgende verkiesing skerp styg. Volgens 'n staat van die aantal Kleurlingkiesers in

Kaapland wat aan die Kommissie voorgelê is, was daar in 1941 28,658 van hulle. Die volgende jaar - 'n jaar voor 'n algemene verkiesing - het hulle aangegroei tot 44,055 - dus het hulle in een jaar byna verdubbel. Dié getal het gedaal tot 30,093 in 1946, maar in die verkiesingsjaar 1948 was daar weer 47,329 ... Volgens die getuienis van mnr. P.H. Savage, Kaapstadse kiesbeampte se personeel, doen Kleurlinge wat aan die vereistes voldoen, selde die moeite om te sorg dat hul name op die kieserslys kom. In sy memorandum het mnr. Savage geskat dat dubbel soveel Kleurlinge nog geregistreer kan word as wat reeds op die lys is. Dr. Otto du Plessis het hom gevra of die versuim om hulle te registreer, aan apatie by die Kleurlinge te wyte is. 'Ek dink daar is 'n sekere mate van apatie, en tensy daar by hulle huisbesoek gedoen word wil hulle hulle nie registreer nie' ... In kiesafdelings waarin dit nie seker is wie die verkiesing gaan wen nie, word Kleurlinge egter vinniger by die kiesbeampte en stembus gekry. Sen. C.G. Nel het in dié verband genoem dat die aantal Kleurlingkiesers in Newcastle, 'n Natalse setel wat die NP in 1948 met 'n klein meerderheid verower en verlede jaar met 'n klein meerderheid behou het, tussen 1948 en 1953 gestyg het van 14 tot 82 ... Mnr.S.J. Koen, kiesbeampte van Port Elizabeth, noem 'n dergelike ondervinding in 'n paar Baaise setels. In Port Elizabeth-Sentraal, 'n kiesafdeling waarin gemeen is dat albei partye 'n kans het, het al die Kleurlingkiesers op sowat tien na gestem. In Port Elizabeth-Suid, 'n veilige VP-kiesafdeling, het in een stemdistrik net 435 Kleurlinge uit 720 gestem." (16)

Op 19 April is gemeld dat verskeie Nie-blanke groepe voor die Kommissie hul sterk ontevredenheid uitgespreek het met die huidige stelsel waarvolgens hulle saam met die blankes op die gemeenskaplike kieserslys stem. "Daar is byvoorbeeld gevra dat Kleurling-vroue ook stemreg op die aparte lys moet kry, dat die getal Kleurling-LV's nie vasgepen word nie; dat die stemreg aan Transvaalse en Vrystaatse Kleurlinge gegee word en dat minderheidsgroepe, die

Griekwas en Maleiers, elk 'n eie verteenwoordiger in die Volksraad kry." (17)

Op 20 April is berig dat volgens getuienis voor die Kommissie dit blyk dat onder die Kleurlinge geen erkende leiers is wat daarop aanspraak kan maak dat hulle hul volk, of selfs 'n aansienlike deel daarvan, agter hulle het nie. Twee Kaaplandse Kleurling-organisasies het getuienis afgelê - die CPNU en SACPO - wat albei voorgegee het dat hulle die Kleurlinge se standpunt stel. Hul getuienis het net in een opsig ooreengekom; albei was teen die voorgestelde afsonderlike ontwikkeling, het die berig gelui. (18) In 'n hoofartikel onder die opskrif, 'n Vlek en 'n Gevaar, het Die Burger verwys na die getuienis van die kiesbeamptes voor die Kommissie en gesê dat hulle niks openbaar het wat nie al bekend is nie.

> "Die strekking van hul getuienis is die volgende: Die Kleurlinge se eie belangstelling om te registreer, is gering. Hulle word meestal deur andere geregistreer, soms op onreëlmatige en bedrieglike wyse. Vlak voor die algemene verkiesing styg die getal geregistreerde Kleurlinge opvallend, en daal onmiddellik daarna weer ewe opvallend. Die grootste bedrywigheid vind plaas in kiesafdelings waarin die blanke kiesers taamlik gelykop verdeel is, en vir sulke kiesafdelings is ook die persentasie uitgebragte Kleurlingstemme veel hoër as in ander. In politieke taal omgesit, kan ons hierdie feite as volg saamvat. Die Kleurlingkieserskorps is oorgrotendeels daar nie in belang van die Kleurlinge self nie, maar in belang van die VP wat hierdie korps reguleer en gebruik volgens die partybehoeftes in elke afsonderlike kiesafdeling."

Op 21 April is in 'n berig gemeld dat die Kleurlinge nie belang stel in hulle stemreg nie en nie 'n politieke bewustheid aangekweek het nie. Hulle moet gewoonlik aangepor word om hulle as kiesers te laat registreer. Ook word in die berig kortliks gemeld van

getuienis wat gelewer is dat die Kleurlinge nie as 'n groep stem nie (19).

Op 22 April is gemeld dat dit uit die getuienis voor die Kommissie blyk dat daar 'n taamlike sterk 'apartheidsgevoel' onderling tussen die verskillende Nie-blanke bevolkingsgroepe bestaan het. Só het 'n Kleurlinggroep uit Natal gemeld dat Natalse Kleurlinge nie geneig is om met Indiërs te meng nie. 'n Kleurlingonderwyser het ook getuig dat daar geen samehorigheidsgevoel tussen Kleurlinge en Indiërs in Wes-Kaapland is nie (20). Op 23 April is gemeld van die getuienis dat daar by Kleurlinge 'n toenemende gevoel van vyandskap teenoor blankes bestaan. Dr. R.E. van der Ross het namens SACPO getuig dat die apartheidsbeleid verantwoordelik is vir die verslegtende rassegevoelens. Die CPNU het in sy memorandum gesê dat afsonderlike ontwikkeling die kruitvat sal laat ontplof wat die blanke beskawing miskien sal vernietig (21). In 'n hoofartikel onder die opskrif, 'n Fabriek vir vyandskap, het Die Burger verwys na dié "sombere getuienis" oor die groeiende vyandskap tussen blank en gekleurd, maar sê dat die gemeenskaplike kieserslys die oorsaak daarvan is en die bittere rassegevoelens veroorsaak:

> "Tussen die Afrikanerparty en sy teenstander wat in staat is om na willekeur Kleurlinghulp in te roep; tussen die Afrikanerparty en die Kleurlingparty wat hulle vir daardie rol laat inspan en uiteindelik tussen blank en gekleurd in die algemeen, omdat die Kleurling later by sy sogenaamde blanke vriende die opportunisme gewaar wat hul optrede bepaal ... Niemand kan in hierdie stadium ons gemeenskaplike kieserslys iets anders as daardie bittere produkte laat voortbring nie. Die proefneming is te lank aan die gang vir optimisme."

Op 26 April het Die Burger in 'n hoofartikel verwys na die betreklike onverskilligheid by Kleurlinge oor die stemreg op die gemeenskaplike kieserslys (sien hfst 3).

> "As die Kleurlinge geglo het wat die Opposisie hulle sedert 1951 wou diets maak, sou daar tog sekerlik 'n

uiterste poging deur die Kleurlinge self gewees het om tot die laaste man op die kieserslys te kom. Dit het nie gebeur nie, en waar Kleurlinge te midde van al die lawaai wel geregistreer is, was dit nog maar altyd hoofsaaklik op inisiatief van die VP se organisasie, nie op hul eie nie ... Die Kleurlingstem op die huidige gemeenskaplike kieserslys het in die politiek en op die gebied van rassebetrekkinge 'n bose invloed ver buite verhouding tot sy waarde vir die Kleurling self. Die feit dat ná soveel stryd daaroor, soveel onverskilligheid by die Kleurlinge daaromtrent bestaan, skyn te bewys dat die onheilsprofesieë oor 'n verslegting van rassebetrekkinge deur 'n ander metode van verteenwoordiging, oordrewe is." (22)

Op 26 April het Die Burger berig van getuienis voor die Kommissie dat heelwat Kleurlinge, wat in die samelewing as blankes deurgaan op die kieserslys as blankes aangegee word (23). Op 27 April word gemeld van demografiese projeksies deur prof. J.L. Sadie van Stellenbosch voor die Kommissie wat toon hoe 'n ernstige bedreiging' die vinnige aanwas van die Kleurlinge vir die blanke se politieke mag in Kaapland is. Volgens prof. Sadie se gegewens sal daar in die jaar 2001 in Kaapland 589,000 meer volwasse Kleurlinge as blankes wees. In totaal sal Kaapland sowat 1,500,000 blankes teenoor 3,300,000 Kleurlinge hê (24).

Die getuienis oor die Kleurlingstem wat voor die Kommissie gelewer is, het in vele opsigte verwarring en onkunde oor die Kleurlingstem uit die weg geruim. Dit was 'n gulde geleentheid om meer aangaande die Kleurlinge se siening oor aparte verteenwoordiging aan te hoor (25) en belangrike getuienis is aangehoor oor die politieke ontevredenheid van die Kleurlinge en dat 'n vyandige gevoel teenoor blankes aan die toeneem is. Tog was dit duidelik dat beide partye, die NP en die VP, party-politieke voordele probeer haal het uit die getuienis wat gelewer is soos dit ingepas het by die partye se reeds vooropgestelde ideë oor die Kleurlingstemreg (26). In Mei 1954 het The Forum in 'n hoofartikel gesê: "The public expected

too much of the Select Committee. It did not consider the production of a compromise formula as one of its functions, for it did not seem to make any attempt to find one." (27) Die NP wou bv. bewys dat sy bewerings korrek is dat Kleurlinge net geregistreer word as kiesers in setels waar die VP 'n kans op 'n oorwinning het. Toe dit deur die VP aangetoon is dat Kleurlingkiesers in die meeste kiesafdelings sedert die 1953-verkiesing aan die daal was, het Nasionale lede gesê dat dit net in veilige VP-setels voorgekom het. Hierteenoor het die VP aangetoon dat daar wel 'n daling van 8,564 Kleurlingkiesers sedert die 1953-verkiesing was, maar dat daar ook 'n ooreenstemmende daling van 20,956 blanke kiesers was (28). Ook het die VP gewys op verskeie veilige VP-setels waar daar 'n aansienlike getal Kleurlingkiesers voorgekom het nl. Kaapstad-Kasteel met 2,700, Wynberg met 1,361 en Kimberley-Stad met 1,462 (29). Waar Nasionale lede gewys het op die korrupsie en wanpraktyke by Kleurlingkiesers, kon VP-lede wys op die feit dat sedert die 1953-verkiesing geen enkele Kleurling aan oortredinge kragtens die Kieswet aangekla is nie (30). Ook het die VP daarop gewys dat daar tussen November 1948 en Junie 1953 7 hofsake was waarin blankes aangekla en skuldig bevind is aan oortredinge van die Kieswet (31). Die Kommissie het ook verdere gebreke getoon.

(1) Eerstens is geen sekerheid verkry of daar waarheid steek in Nasionale argumente dat Kleurlingkiesers voor 'n verkiesing abnormaal styg en daarna weer daal nie. Hoewel getuienis gelewer is dat blankes ook in groter getalle voor verkiesings geregistreer word (32), was die insinuasie van die Kommissie se verslag steeds dat Kleurlinge voor verkiesings in groter getalle as blankes geregistreer word om Nasionale kandidate uit te stem (33). Geen aandag is ook in die Kommissie gegee aan belangrike vrae soos waarom daar 'n verdubbeling in Kleurlingregistrasies tydens die Tweede Wêreldoorlog was en hoekom dié registrasies ná 1948 'n konsekwente neiging getoon het om te daal.

(2) Gebrekkige syfers is verskaf met betrekking tot hoeveel memorandums voor die Kommissie ingedien is. Volgens Die Burger is 49 memorandums ingedien (34), maar volgens die Cape Times is slegs 33 memorandums van individue en organisasies ingedien en is die getuienis van 51 mense aangehoor (35). Die indeks tot die verslag

van die Kommissie toon aan dat 20 individue en organisasies voor die Kommissie getuig het, hoewel meer as een memorandum deur 'n organisasie of individu ingedien kon gewees het.

(3) Geen direkte getuienis oor korrupsie onder Kleurlingkiesers is aan die Kommissie voorgelê nie (36). Getuienis dat Kleurlinge voor verkiesings spesifiek onderrig word om te kan lees en skryf sodat hulle aan die vereistes voldoen om as kiesers te registreer, was gebaseer op hoorsê-getuienis en kon nie deur die gewese kiesbeampte van Worcester bevestig word nie (37). Hoewel getuitenis gelewer is van onreëlmatighede waardeur Kleurlingkiesers nie aan die wetsvereistes as kiesers voldoen het nie en gemeld is van sake in dié verband, het die kiesbeampte van Kaapstad later gesê dat die voorvalle nie wydverspreid voorkom nie (38). Die bewerings van mnr. B.K. Long in sy boek, In Smuts's Camp, dat korrupsie wydverspreid onder Kleurlingkiesers voorkom is ook nie ondersoek en bevestig nie.

(4) Geen definitiewe ondersoek van die Kleurlinge se stempatrone is gedoen nie. Een van die groot aanklagte deur Nasionaliste was dat die Kleurlinge as 'n groep vir die VP stem om Nasionaliste uit te stem. Die oorweldigende getuienis voor die Kommissie was egter dat Kleurlinge as individue, en nie as 'n groep of blok stem nie (39). Die oorweldigende mening was dat Kleurlinge as individue stem vir dié persoon wat sy belange die beste bevorder (40). Tog is geen aanvullende wetenskaplike ondersoek oor dié menings gedoen nie, wat die weg oopgelaat het vir Die Burger om bedenkinge daaroor uit te spreek aangesien die koerant die mening gehuldig het dat die Kleurlinge konsekwent net vir een party stem (41).

(5) Geen definitiewe ondersoek is gedoen om die ware stemkrag en invloed van Kleurlingkiesers op die gemeenskaplike lys te bepaal nie. Slegs bewerings is gemaak dat Kleurlingkiesers die deurslag gee in setels waar die blanke kiesers min of meer 'n gelyke kans op oorwinning het. Geen spesifieke setels is in hierdie verband genoem nie en geen ondersoek is gedoen na die uitslae in 1949 in die Paarl en Bredasdorp - twee setels wat volgens Nasionaliste deur Kleurlingkiesers geswaai is. Getuienis deur mnr. P.H. Savage,

die Kiesbeampte van Kaapstad, dat Kleurlingkiesers met intensiewe registrasie tot 150,000 verhoog kan word, strook weer nie met die mening dat 'n groot deel van die Kleurlingkiesers van die lys verwyder kan word omdat hulle nie aan die vereistes voldoen nie (42). Daarby is bepaal dat Kleurlingkiesers slegs in 17 van die 54 Kaaplandse setels 'n stemkrag van oor die 10 persent gehad het (43). Al sou die Kleurlingkiesers ook styg tot 150,000 sou hulle net 8 persent van die totale aantal kiesers in die land uitmaak en selfs al sou daar geen kwalifikasies wees nie, sou dit slegs tussen 11 en 13 persent van die totaal vorm. (44)

(6) Daar was verwarring met die demografiese projeksies wat deur prof. J.L. Sadie van die Universiteit van Stellenbosch en dr. L.J. Badenhorst van die Universiteit van die Witwatersrand gemaak is. Prof. Sadie het drie projeksies oor toekomstige bevolkingsgetalle gemaak. In Julie 1950 het hy bereken dat die bevolking van Suid-Afrika teen die jaar 2000 soos volg sal uitsien:

| | |
|---|---|
| Blankes | 5,724,000 |
| Kleurlinge | 2,557,000 |
| Asiërs | 1,116,000 |
| Swartes | 18,937,000 |
| | 28,334,000 |

In Januarie 1951 was sy projeksie soos volg:

| | |
|---|---|
| Blankes | 6,150,000 |
| Kleurlinge | 2,560,000 |
| Asiërs | 1,200,000 |
| Swartes | 16,337,000 |
| | 26,167,000 |

In Januarie 1954 het hy 'n projeksie oor die bevolkingsgetalle van blankes en Kleurlinge teen die jaar 2001 gemaak. Daarvolgens sou blankes 4,621,000 tel en Kleurlinge 3,786,000. Met betrekking tot sy syfer vir Kleurlinge was daar 'n aansienlike verskil vergeleke met sy eerste twee projeksies.

Dr. Badenhorst het een projeksie gemaak wat soos volg daar uitgesien het:

| | |
|---|---|
| Blankes | 4,516,200 |
| Kleurlinge | 3,053,800 |
| Asiërs | 1,409,900 |
| Swartes | 21,409,900 |
| | 30,389,800 |

Prof. Sadie het met sy eerste projeksie in Januarie 1951 voorsiening gemaak vir 'n netto-blanke immigrasie van 5,000 per jaar, maar in Januarie 1954 geen voorsiening vir blanke immigrasie gemaak nie. Dr. Badenhorst het in sy voorspelling ook nie voorsiening gemaak vir enige Europese immigrasie nie. Prof. Sadie het later gevra dat sy voorspellings van Julie 1950 en Januarie 1951 veronagsaam moet word aangesien hulle op onwetenskaplike gronde berus het, terwyl gesê is dat dr. Badenhorst se voorspellings op verkeerde veronderstellings berus (45).

Dr. Richard van der Ross het 'n meer breedvoerige ontleding gedoen van die groepe en individue wat voor die Kommissie getuig het en tot die gevolgtrekking gekom dat vyf groepe onderskei kan word (46).

(i) Diegene wat die gedagte van aparte verteenwoordiging algeheel verwerp het;

(ii) diegene wat die gedagte van 'n aparte kieserslys sonder kwalifikasies gesteun het;

(iii) diegene ten gunste van 'n aparte kieserslys plus 'n addisionele lys net vir Maleiers;

(iv) diegene ten gunste van 'n aparte kieserslys plus 'n addisionele lys net vir Griekwas, en

(v) diegene vir 'n afsonderlike lys, maar wat direkte verteenwoordiging nou of in die toekoms voorstaan.

Volgens dié indeling kan die groepe wat voor die Kommissie getuig het soos volg ingedeel word;

(i) (a) Drie lede van die Maleiergemeenskap - Albertus, sjeik M.G. Booley en hadjie Y. du Toit.

(b) die Coloured People's National Union en South African Coloured People's Organisation.

(c) die Food en Canning Workers Union.

(d) die Wynberg Distriks Sangersunie.

(e) die Coloured People's Council of Action in Natal, en

(f) die Indiër-gemeenskap van Kaapland.

(ii) (a) Eerw. Leslie W. Schrieff en eerw. F.C. Schwarts van die Christus Sy Sendingkerk in Retreat.

(b) die Transvaalse Kleurling-Volksbond.

(c) die Kleurling-Waaksaamheidsvereniging van Gordonia en Kenhardt.

(d) Mnr. W.H. Theron (Eksteenkuil).

(iii) (a) Cape Malay Vigilance Society.

(b) die Kaapse Maleiersbond, en

(c) mnr. Abdul Kariem Stemmet.

(iv) (a) die Griekwa Nasionale Konferensie van S.A.

(v) (a) mnr. R. Hoedemaker, en

(b) mnr. X.

Volgens Van der Ross was daar geen twyfel dat die oorgrote getuienis van Kleurlinge voor die Kommissie teen aparte verteenwoordiging was. Van diegene wat ten gunste was van aparte verteenwoordiging het slegs een afvaardiging 'n groot groep verteenwoordig naamlik die Griekwa-party met 20,000 lede (47).

Die Engelstalige pers in Kaapstad het min aandag aan die inhoud van die Kommissie se verslag verleen. Beide die Cape Times en die Cape Argus het gemeen dat die oorweldigende getuienis wat voor die Kommissie gelewer is, daarop gedui het dat Kleurlinge teen aparte verteenwoordiging was (48). Die Cape Times het op 23 April in 'n hoofartikel gereageer op Die Burger se reeks artikels oor die getuienis wat voor die Kommissie gelewer is. Oor die getuienis van apatie by Kleurlinge om as kiesers te registreer het die Cape Times gesê dat dié getuienis geen argument kan wees vir die 'ontkiesering' van Kleurlingkiesers nie. Só is Kaapstadse belastingbetalers skokkend apaties oor hul munisipale kiesreg, maar dat dit nog nie as argument gebruik is dat hulle 'ontkieser' moet word nie.

Die aard van Die Burger se beriggewing en kommentaar oor die bevindinge van die Kleurlingkommissie was uiteraard partydig vir diegene wat vir aparte verteenwoordiging was. Daarby moet egter gesê word dat ook die VP en die Engelstalige pers min aandag geskenk het aan die sieninge van diegene wat vir aparte verteenwoordiging getuig het. Geen poging is aan beide kante aangewend om die getuienis bokant die party-politieke vlak te lig nie en is die syfers en argumente gebruik as synde bewys van die geldigheid van die een of twee hoofargumente.

(1) Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel na die onderwerp van die Wetsontwerp op bekragtiging en wysiging van die Wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers, UG no. 20/1954, (Staatsdrukker, Pretoria).

(2) F. van Zyl Slabbert en D. Welsh, South Africa's options: strategies for sharing power, (Kaapstad 1979), p. 83. Hoewel Die Burger nooit regstreeks sulke taal gebesig het nie, is dikwels van sterk woorde soos 'stryd' en 'rassedinamiet' gebruik gemaak. Sien bv. 'Vier leiers roep volk op tot stryd', Die Burger, 25 Maart, 1952. In 1954 het Die Burger gesê: "Dit is hierdie verskynsel (die registrasie van Kleurlingkiesers) wat die gebruikmaking van die Kleurlingstem deur die VP vergelykbaar maak met een van die mees verfoeide en mees met hartstog belaaide verskynsels in die Suid-Afrikaanse geskiedenis - die inroep van die Nie-blanke as bondgenoot in die twiste van die blankes." Sien 'Die gemeenskaplike lys', Die Burger, 18 Mei, 1954. In 1958 het Die Burger gesê: "Die registrasie van Kleurlingkiesers op 'n gemeenskaplike lys sal Nasionale Afrikaners tot 'n punt dryf waar enigiets kan gebeur, want dit beteken eenvoudig dat hul swaar verworwe politieke krag in één slag uitgewis sal word ... Hierdie rassedinamiet is die glimlaggende jong leier van die VP besig om rond te smous as deel van sy plan vir beter rasseverhoudinge!" Sien 'Die gevaarlikste belofte', Die Burger, 14 April, 1958. In 1971 het Dawie in sy rubriek oor die konstitusionele stryd in die vyftigerjare en die scenario dat 'n vergrote Kleurlingkiestal moontlik 'n Nasionale regering sou kon uitstem gesê: "Iemand wat 'n resep moes uitdink vir 'n burgeroorlog tussen die blankes, sou niks beters kon gevind het as so 'n toestand nie." Sien 'Wat is hierdie politieke integrasie eintlik?", Die Burger, 17 Julie, 1971.

(3) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 27 p. 113 en no. 28 p. 79.

(4) Scher, p. 503.

(5) Onderhoud met mnr. Bill Horak op 10 April 1986. Volgens mnr. Horak het Die Burger dié bewering alles uit sy duim gesuig.

(6) 'Oppenheimer erken', Die Burger, 22 Januarie, 1954.

(7) 'VP begin swaai oor Kleurlingstem', Die Burger, 23 Januarie, 1954.

(8) 'Die Muggie en die Kameel', Die Burger, 1 Februarie, 1954.

(9) 'Kleurlingkiesers', Die Burger, 22 Maart, 1954.

(10) Scher, p. 431-432. Scher gebruik die indeling soos dit op 15 April 1954 in Die Burger verskyn het. Volgens 'n indeling wat deur nie-Nasionale lede van die Kommissie gedoen is, was 9 groepe of individue vir aparte verteenwoordiging en 6 daarteen. Die 9 groepe of individue vir aparte verteenwoordiging het sowat 28,000 mense verteenwoordig (van wie 20,000 Griekwas) terwyl diegene daarteen sowat 16,000 mense verteenwoordig het. Sien The Cape Coloured Vote, p. 94-115. Heelwat van die groepe en individue wat gesê het dat hulle aparte verteenwoordiging steun, het later tydens ondervraging geblyk gekant te wees teen verskeie aspekte daarvan. Sien The Cape Coloured Vote, p. 54-55.

(11) 'Kleurlinge sal beleid kan voorskryf', Die Burger, 13 April, 1954.

(12) 'Keuse oor Kleurlingstem', Die Burger, 14 April, 1954.

(13) 'Geen steun vir VP se beleid', Die Burger, 15 April, 1954.

(14) 'Geen middeweg nie', Die Burger, 15 April, 1954.

(15) 'Kiesbeampte met hof gedreig: bedrog by registrasie van Kiesers', Die Burger, 16 April, 1954.

(16) 'Word vinniger meer voor verkiesing', Die Burger, 17 April, 1954.

(17) 'Nie-blankes vra apartheid', Die Burger, 19 April, 1954.

(18) 'Kleurlinge soek leiers', Die Burger, 20 April, 1954.

(19) 'Kleurlinge stel min belang', Die Burger, 21 April, 1954.

(20) 'Apartheid onder Nie-blankes', Die Burger, 22 April, 1954.

(21) 'Vyandskap teen Blankes', Die Burger, 23 April, 1954.

(22) 'Onverskilligheid oor stemreg', Die Burger, 26 April, 1954.

(23) 'Baie Blankes is Kleurlinge', Die Burger, 26 April, 1954.

(24) 'Kleurlinge word vinnig meer', Die Burger, 27 April, 1954.

(25) Hoofartikel in die Cape Argus, 13 April, 1954.

(26) Scher, p. 431.

(27) 'That two-thirds majority', The Forum, 3 (2), (Mei 1954).

(28) Scher, p. 446.

(29) Scher, p. 444.

(30) Scher, p. 449.

(31) Scher, p. 454.

(32) U.G. no. 20/154, p. 322.

(33) Die Burger, 17 April, 1954.

(34) Die Burger, 15 April, 1954.

(35) Die Cape Times, 13 April, 1954.

(36) The Cape Coloured Vote, p. 51.

(37) The Cape Coloured Vote, p. 52.

(38) The Cape Coloured Vote, p. 52.

(39) The Cape Coloured Vote, p. 49-50.

(40) U.G. no. 20/1954, p. 49, p. 78, p. 110, p, 157, p. 162 en p. 184.

(41) Sien Die Burger, 21 April, 1954.

(42) Sien 'Baie Kleurlinge kan ontkieser word: voldoen nie werklik aan vereistes nie', Die Burger, 16 Mei, 1953.

(43) The Cape Coloured Vote, p. 82.

(44) The Cape Coloured Vote, p. 85.

(45) The Cape Coloured Vote, p. 16-18.

(46) Van der Ross, Political and social history of the Coloured people, p. 374.

(47) Van der Ross, Political and social history of the Coloured people, p. 384. Mening ook gehuldig in 'That two-thirds majority', The Forum, 3 (2), (Mei 1954).

(48) Hoofartikels in die Cape Times, 13 April, 1954 en die Cape Argus, 13 April, 1954.

## HOOFSTUK 9

## DIE PROVINSIALE VERKIESING VAN 1954

Die tweede lesing van die Wetsontwerp tot bekragtiging en Wysiging van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers het op 19 Mei 1954 in die verenigde vergadering van die Parlement begin. Vir 'n tweede maal sou dr. Malan en die Nasionale regering probeer om deur 'n tweederdemeerderheid die Kleurlingwetgewing deur te voer.

In sy openingstoespraak het dr. Malan weer eens gewys op die gevaar wat die Kleurlingstem vir die blankes se politieke mag in Kaapland inhou "en dat hulle in 'n groot aantal Kaaplandse kiesafdelings die magsposisie van die blankes geweldig kan raak." (1) Twee dae tevore, op 17 Mei, het Die Burger in 'n hoofartikel 'n ernstige beroep op die VP gedoen om die Regering se wetgewing te steun.

> "Laat die staatsman dan vandeesweek spreek en nie die politikus nie ... Die verenigde vergadering (VV) is in die gelukkig posisie dat 'n blik in die naaste en die verdere toekoms vir hom vergemaklik word deur gesaghebbende getuienis wat aan die kommissie van ondersoek na die Kleurlingstemreg voorgelê is. Seker die opvallendste punt in hierdie getuienis geld die blote kwessie van syfers, wat hard en duidelik spreek. Daar is meer Kleurlinge as blankes in Kaapland, en hul voorsprong sal noodwendig toeneem, vanweë hul hoër geboortesyfer en vanweë die aansienlike opname van naturellebloed ... Volgens alle aanduidinge moet die blanke gemeenskap van Kaapland die feit onder die oë sien dat op die oomblik reeds die aantal Kleurlinge op die lys verdriedubbel kan word, en dat hulle in die naaste toekoms 'n derde en meer van die Kaaplandse kieserskorps kan uitmaak ... Wanneer die VV hierdie feit oorweeg, moet hy tegelyk met 'n tweede rekening hou.

> Die Kleurlingstem is uitbuitbaar en word in werklikheid op aansienlike skaal uitgebuit. Hieroor hoef nie geredeneer te word nie ... Dit is nie alleen 'n kwessie van uitbuiting nie, maar ook van korrupsie en ander wanpraktyke ... Denkende ondersteuners van die VP vrees ewe seer as Nasionaliste die uitwerking op ons hele demokratiese stelsel van 'n toestroming van kiesers van wie verwag kan word dat hulle 'n gewillige oor sal neig vir ekstremistiese leerstellinge." (2)

In 'n hoofartikel op 18 Mei het <u>Die Burger</u> weer skerp gereageer teen die gemeenskaplike kieserslys. "Dit is naamlik 'n feit dat 99 persent, so nie 99,9 nie, van die Kleurlinge wat in Kaapland hul stem uitbring dit aan die kant van die VP doen. 'So seer is dit die geval dat die VP in staat is om in baie groot mate Kleurlingkiesers te gebruik as 'n 'stemme-poel' waaruit hy volgens eie behoefte kan put." <u>Die Burger</u> het daarop sy siening herhaal dat die VP net Kleurlinge registreer in setels waar hy Nasionaliste kan verslaan en nie in ander veilige setels nie.

> "Dit is hierdie verskynsel wat die gebruikmaking van die Kleurlingstem deur die VP vergelykbaar maak met een van die mees verfoeide en mees met hartstog belaaide verskynsels in die Suid-Afrikaanse geskiedenis - die inroep van die Nie-blanke as bondgenoot in die twiste van die blankes ... Hier is 'n lopende bron van vergiftiging van rassebetrekkinge, tussen blank en blank ewe seer as tussen blank en Nie-blank. Van alle ander oorweginge afgesien, is hierin alleen 'n dwingende rede te vind waarom die bestaande posisie van 'n gemeenskaplike kieserslys beëindig moet word ... Die VP weet so goed soos iemand anders dat die gemeenskaplike kieserslys in die naaste toekoms blootgestel staan aan 'n oorstroming van Nie-blankes. Laat hom nadink oor die reaksie wat so 'n gebeurtenis, so 'n onvermydelike gebeurtenis, sal hê op die

gemoedere van nie alleen die Nasionale Afrikaners nie, maar ook op dié van die groep oorgeblewe Afrikaners in sy eie geledere, en dit glo ons vas, ook op die gemoedere van die Engelssprekendes in die VP wat geleer het en al hoe meer leer om Suid-Afrikaans te dink. Dit sal 'n reaksie wees wat elke stukkie politieke voordeel sal uitwis wat die VP hoop om uit die Kleurlingstem te haal ... As die verandering nie vandeesweek kom nie, kom dit later. Dit is politiek onafwendbaar." (3)

Op 21 Mei het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op 'n verskynsel wat hom in die Gekose Komitee tydens die aanhoor van getuienis voorgedoen het nl. verskille in interpretasies oor die syfers van Kleurlingkiesers en projeksies oor hul toekomstige getalle. Die VP-leier adv. J.G.N. Strauss en sir De Villiers Graaff het in die Parlement die juistheid van die bevolingsprojeksies van prof. J.L. Sadie vir die jaar 2001 bevraagteken (4). Hierop het Die Burger gesê; "Laat ons terugkom na die aarde toe en ons nie besig hou met die kinderagtige spel om feite wat soos berge staan, met woorde te probeer wegredeneer nie." (5)

Op 25 Mei het Die Burger gesê dat die verminderde aantal Kleurlingkiesers van sowat 10,000 op die gemeenskaplike lys vir die 1954-verkiesing net die gevolg is van verskerpte waaksaamheid deur die Nasionale regering en die plan vir afsonderlike verteenwoordiging. "Dit was die plan en die stryd daaroor wat die VP weerhou het van die massa-registrasie van Kleurlinge, uit vrees vir die gevaarlike reaksie wat dit by blanke kiesers kan uitlok. Die skynbare 'veiligheid' teen oorstroming van die Kaaplandse kieserslyste in die jongste tyd, wat nou as argument teen aparte kieserslyste aangevoer word, is dus 'n vrug van die spanning wat in die laaste jare oor die saak geheers het. Dit kan in dié vorm alleen voortbestaan solank die spanning nie verwyder word nie." (6) Dié argument van Die Burger is moeilik om te begryp. Die Burger het vroeër gesê dat die Regering nie Kleurlingkiesers wil 'ontkieser' nie. 'n Daling van sowat 10,000 in die aantal Kleur-

lingkiesers kan egter beslis nie net toegeskryf word aan die uitskakeling van diegene wat nie aan die stemvereistes voldoen het nie. Sake van wanpraktyke met die kiesbevoegdhede het gewoonlik net enkele kiesers behels wat nie naby 'n syfer van 10,000 gekom het nie. In die praktyk moes 'ontkiesering' dus plaasgevind het waaroor die Regering en Die Burger hulle nie veel bekommer het nie ondanks die belofte dat geen 'ontkiesering' sou plaasvind nie.

Die Burger het aan die einde van Mei, te midde van die debat in die verenigde vergadering oor die Kleurlingstem, oor nuwe verwikkelinge in die Kleurlinggemeenskap berig. Dr. Malan het op 26 Mei 'n brief van die CPNU-leier, mnr. George Golding, in die Volksraad voorgelees waarin mnr. Golding sekere positiewe geluide teenoor die Regering gemaak het, onder meer dat die Kleurlinge 'n gematigde oplossing van die stemprobleem begeer en nog onderhandelinge met die Regering oor die Stemwet wil aanknoop. Die Burger het in 'n hoofartikel op 27 Mei die uitnodiging van dr. Malan aan belanghebbendes verwelkom om in oorleg met die Regering 'n formulering te probeer vind wat die steun van 'n tweederdemeerderheid in die VV sou verseker. Dit moes egter geskied deur eers die Regering se wetgewing te aanvaar. "Dit spreek vanself dat die grondslag van so 'n reëling afsonderlike verteenwoordiging vir die Kleurlinge moet wees. Diegene wat onvoorwaardelik en onherroeplik die beginsel van aparte kieserslyste verwerp, het in die nuwe ontwikkelinge geen ander rol as verset tot die einde te speel nie." (7)

Op 31 Mei het Die Burger in 'n hoofartikel gesê dat die VP-pers se reaksie op mnr. Golding se brief insiggewend was.

> "Die verwyt word die Regering gedurig voor die hoof geslinger dat hy geen normale betrekkinge met die Kleurling-gemeenskap soek nie en dat hy sonder raadpleging sy wil afdwing. Maar die waarheid is andersom. Dit is die VP wat normale betrekkinge gedurig onmoontlik probeer maak deur elke groep onder die Kleurlinge wat vir samewerking te vinde is, te beveg en aan die genade van die ekstremiste in hul eie gemeenskap uit te lewer. Daar word blykbaar

> volgens 'n baie eenvoudige formule gewerk; die enigste goeie Kleurling is 'n Kleurling wat die gedagte van samewerking met die Nasionale Afrikaner verwerp. Dit is hierdie soort uitbuiting van die Kleurling teen die Nasionale Afrikaner wat die bestaande stelsel van die gemeenskaplike kieserslys onhoudbaar gemaak het." (8)

Die gedagte dat die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys moreel onregverdigbaar is, is gereeld deur VP-sprekers in die Parlement genoem. Die Burger het nooit spesifiek op hierdie argument ingegaan nie, maar dikwels 'n retoriese teenvraag gestel. Op 11 Junie het die koerant gesê; "As aparte verteenwoordiging immoreel is, dan was aparte kieserslyste vir naturelle en Indiërs, deur die VP ingestel, wesenlik ewe immoreel as die voorgestelde nuwe bedeling vir die Kleurlinge. As dit immoreel is om in so 'n saak van standpunt te verander, dan het die grote gros van die lede van die ou SAP in 1936 immoreel gehandel." (9)

Op 14 Junie is daar in die verenigde vergadering gestem oor die Regering se wetgewing vir aparte verteenwoordiging. Die Regering het nog 9 stemme kort gekom vir 'n tweederdemeerderheid. Ses VP-lede het vir die Regering gestem nl. mnre. Bailey Bekker, Arthur Barlow, Frank Waring, Blaar Coetzee, dr. A.H. Jonker en dr. V.L. Shearer. In 'n hoofartikel op 15 Junie het Die Burger gesê dat onverbiddellike vordering met die Regering se wetgewing gemaak is.

> "Dit blyk uit die koue syfers van die vordering wat die beginsel van afsonderlike kieserslyste sedert 1952 gemaak het. As daar in daardie jaar 'n gesamentlike sitting was, sou 113 stemme vir 'n oplossing gemonster kon word - 25 te min om die doelwit van 138 stemme te bereik. Verlede jaar ná die verkiesing het die totaal vir 'n oplossing

> tot 123 gestyg - net 15 te min vir 'n meerderheid van twee derdes. Gister het die totaal vir die oplossing geklim tot 129: slegs nog nege lede uit 'n totaal van 207 sou met hul stem 'n einde aan die stryd kon gemaak het. Dit toon die onverbiddellike, ons kan byna sê onvermydelike vordering wat daar was." (10)

Die provinsiale verkiesing op 18 Augustus het gelei tot een van die grootste veldtogte nóg deur Die Burger teen die Kleurlingstem. Vanaf nominasiedag op 15 Julie tot stemdag op 18 Augustus het altesame 12 hoofartikels oor die gevare van die Kleurlingstem gehandel (dit in vergelyking met die een tydens die 1953-verkiesing), terwyl aanhoudende beriggewing en selfs diagramme verskyn het om die gevaar van die Kleurlingstem aan te toon. Die Burger het die veldtog in noue oorleg met die party-organisasie van die NP in Kaapland gevoer. Op 12 Mei 1954 het mnr. P.W. Botha, hoofsekretaris van die NP in Kaapland, opdragte aan party-organiseerders by die onderskeie NP-takke gegee om die kieserslyste noukeurig na te gaan om te bepaal of Kleurlingkiesers onwettig op die lyste voorkom. (11)

In die proses moes Die Burger weer sy politieke kommentaar wysig. Waar die koerant in Mei 1953 gesê het die VP kan nie hoop om 15 setels te verower wat hy nodig het om die Nasionale regering tot 'n val te bring nie al registreer hy Kleurlinge op groot skaal (12), het die koerant tydens die verkiesingsveldtog van 1954 gesê dat die VP net sowat 18,000 Kleurlinge moet registreer om die Regering se meerderheid van 15 uit te wis. Dié argument is moeilik om in te sien aangesien die Kleurlingstem in 1954 gedaal het tot sowat 38,000 en daar geen tekens van die grootskaalse registrasie van Kleurlingkiesers was nie. Vergeleke met die syfers van 1953 was daar in agt van die elf Kaaplandse kiesafdelings waar volgens Die Burger Kleurlinge deur die VP geregistreer word om Nasionale kandidate uit te stem, 'n daling in Kleurlingkiesers. In sommige kiesafdelings was die daling selfs drasties soos in Stellenbosch waar Kleurlingkiesers gedaal het van 1,858 tot 1,403 en die Paarl van 2,575 tot 2,331. Die enigste

kiesafdelings in dié groep waar daar 'n styging was, was Worcester met 400, Vasco met 180 en Valsbaai met sowat 40 (13). Die Kleurlingstem was bv. met die verkiesings van 1948 en 1949 uit Nasionale oogpunt 'n veel groter gevaar as in 1954. In die 1948-verkiesing was die getal Kleurlingkiesers net sowat 6,000 kort van die getal van 56,000 Kleurlingkiesers wat volgens Die Burger 'n oorwinning aan die VP sou besorg. In 1954 was die syfer 18,000 kort van 56,000, maar is 'n groter veldtog teen die Kleurlingstem gevoer as in 1948. In 1953, toe daar sowat 10,000 meer Kleurlingkiesers as in 1954 op die gesamentlike lys was, was Die Burger se mening dat die Kleurlingstem nie in een kiesafdeling van deurslaggewende belang was nie.

In 'n hoofartikel op 3 Augustus het Die Burger gesê dat die gevaar van die Kleurlingstem veel dringender is as wat die meeste mense besef.

> "Op die grondslag van verlede jaar se syfers is net 18,000 Kleurlingkiesers, op die regte plekke geregistreer, nodig om die Nasionale regering tot 'n val te bring. In sommige kiesafdelings soos Caledon-Bredasdorp, Paarl en Port Elizabeth-Noord, is die ekstra registrasie van enige honderde Kleurlinge nodig om 'n ommekeer te veroorsaak. In 'n aantal ander sal tot duisend en meer geregistreer moet word. Maar vir die verowering van 15 tans Nasionale kiesafdelings in Kaapland - genoeg om die Regering se hele meerderheid in die Volksraad uit te wis - hoef nie meer as 'n bykomende totaal van 18,000 Kleurlingkiesers geregistreer te word nie. In die geheel dus sal net 56,000 Kleurlinge op die lys, strategies geregistreer, die deurslag gee in 'n totale kieserskorps van anderhalf miljoen. Daardie ekstra 18,000 stemme is beskikbaar, en veel meer. Hulle moet net geregistreer word ... Waarom het die VP in 1953 nie die betreklik klein getal Kleurlinge wat hy vir 'n oorwinning of 'n amper oorwinning nodig gehad het, geregistreer nie? Deels omdat hy die blankes se

> reaksie vrees, deels omdat hy die geleentheid nie belangrik genoeg ag nie. Die sluimerende mag van die Kleurlingstem moet alleen in die allerbelangrikste en gunstigste omstandighede ingeroep word. Sulke omstandighede kan oor minder as vier jaar ontstaan. Dit is nou nog te vroeg. Dit is die rede waarom die VP 'n oplossing van die vraagstuk tot elke prys wil verhinder. Hy dink aan 1958. Dan kan die geleentheid ontstaan waarby die skielike vervaardiging van 'n betreklik klein aantal nuwe Sap-kiesers beslissend sal wees." (14)

Op 4 Augustus het Die Burger 'n voorbladberig geplaas in aansluiting by bg. hoofartikel nl. dat die VP tot die 1958-verkiesing gaan wag om Kleurlinge op groot skaal te registreer om die Nasionale regering tot 'n val te bring. In die berig onder die opskrif 'VP se plan met verkiesing: net voorbereiding vir groter aanslag', word gesê as die VP se strategie in die provinsiale verkiesing slaag, sal die party in 'n uitstekende posisie wees om die Nasionale bewind by die volgende algemene verkiesing tot 'n val te bring. Die berig lui verder:

> "Hierdie strategie is gebou op die feit dat die NP se groot meerderheid van 29 setels in die Volksraad uiters verwondbaar is. Nie minder as 17 Nasionale setels word gehou met meerderhede van minder as duisend stemme nie ... Van die sewentien is elf in Transvaal, vyf in Kaapland en een in Natal ... Die vyf Kaaplandse kiesafdelings met kleiner meerderhede as duisend stemme is: Caledon-Bredasdorp (240), Paarl (358), Port Elizabeth-Noord (521), Prieska (778) en Valsbaai (932). Ander kiesafdelings wat met 'n skielike massa-registrasie van Kleurlingkiesers verower kan word soos sake nou staan, is Worcester (1,136), Uitenhage (1,192), Stellenbosch (1,452), Vasco (1,217), Kimberley-distrik (1,153) en selfs Malmesbury (1,856)." (15)

In reaksie op dié berig sê Die Burger in 'n hoofartikel op 4 Augustus dat die NP in 'n verwondbare posisie is en dat 'n verlies van 17 setels die Nasionale regering tot 'n val kan bring.

> "Hierdie betreklik geringe ommekeer is heeltemal denkbaar in ongunstige ekonomiese omstandighede, en in Kaapland kan dit bowendien kunsmatig aangehelp word deur die grootskaalse registrasie van Kleurlingstemme in die genoemde vyf kiesafdelings en nog 'n hele paar ander. Die VP doen daardie aanslag nie nou nie omdat die tyd daarvoor nie ryp is nie. Daar is voorspoed in die land, en 'n massale gebruik van die sluimerende Kleurlingstem in hierdie verkiesing sou daarom net 'n boemerang kon gewees het. Maar as daar 'n kentering moet kom wat Nasionale setels met geringe meerderhede in die twyfelagtige klas bring? Dan sal ons 'n blitsvinnige registrasie van Kleurlingkiesers op die 'regte' plekke in Kaapland kry ... Dit is hierdie agtergrond wat die provinsiale verkiesing van kritieke belang maak." (16)

Die Burger se hele argumentsfokus vir die 1954-verkiesing moet teen 'n breër agtergrond gesien word. 'n Mens kan argumenteer dat die Nasionale bewind wel verwondbaar was, maar is nie enige regering in 'n demokratiese stelsel verwondbaar nie? Uit bg. hoofartikel blyk duidelik dat Die Burger gepoog het om die Nasionale regering onaantasbaar deur 'n demokratiese verandering te maak. Dit is ook ironies dat in die 17 setels waar die NP se meerderheid minder as duisend stemme was, altesame 11 in Transvaal was waar nie een enkele Kleurlingkieser was nie. Ook is dit insiggewend dat in die vyf Kaaplandse kiesafdelings wat volgens Die Burger deur die registrasie van enkele honderde Kleurlingkiesers na die VP kon swaai, daar op een na in almal vir die 1954-verkiesing 'n daling in Kleurlingkiesers was. In Caledon-Bredasdorp was die daling 168, in Paarl 244, in Port Elizabeth-Noord 11 en in Prieska 60. Slegs in Valsbaai was daar

'n styging van 42 (17). Van die ses ander Kaaplandse kiesafdelings wat genoem is waarin 'n massa-registrasie van Kleurlingkiesers die NP kon uitlig, was daar ook in vier 'n dramatiese daling in Kleurlingkiesers - in Uitenhage 67, in Stellenbosch 455, in Kimberley-distrik 151 en in Malmesbury 334. Slegs in Vasco en Worcester was daar stygings van onderskeidelik 180 en 401 (18).

In 'n omvattende hoofartikel op 5 Augustus het Die Burger sy aantygings herhaal dat die VP Kleurlingkiesers in reserwe hou en dat die party 'n politieke 'blitskryg' vir 1958 beplan.

> "In daardie blitskryg is die Kaaplandse Kleurlingstem aangemerk vir die beslissende rol. Wanneer die tyd ryp is, sal Kleurlingkiesers in bepaalde kiesafdelings geregistreer word in die getalle wat verlang word om die NP te verpletter ... Die registrasie van net sowat 18,000 op die regte plekke word vereis om die 1953-meerderhede van die NP in vyftien Kaaplandse kiesafdelings uit te wis. Dit sal die totaal op 56,000 te staan bring - wat maar net 6,000 méér is as wat op die lys was toe die NP in 1948 die bewind verower het ... Ons word gevra om daarop te let dat die totale Kleurlingstem in Kaapland sedert verlede jaar gedaal het. Hoe pragtig pas hierdie daling - te danke aan Nasionale waaksaamheid en die feit dat die vraagstuk voortdurend in die brandpunt van die politiek gehou is - nie in by die voorbereidings vir die latere blitskryg nie! ... Die VP het tog onlangs self in 'n paar Kaaplandse kiesafdelings getoon hoe ontsettend vinnig hy Kleurlingkiesers op die lys kan gooi ... Die kiesafdeling Paarl is 'n ontstellende voorbeeld van wat die VP in tal van Kaaplandse kiesafdeling beoog. Hoe meer Nasionaal die Paarl deur die jare geword het, des te meer Kleurlingkiesers het die VP laat registreer, totdat hy vandag daar feitlik een Kleurlingkieser vir elke Sap-kieser het. En daardie soliede blok van 2,400 Kleurlingkiesers hou hy in 'n toestand van blywende

> vyandskap teenoor die blanke meerderheid. Wanneer hy glo dat sy dag aangebreek het, sal hy die ekstra 500 of 1,000 wat vir 'n genadeslag nodig is, sonder aarseling op die lys gooi. Die blanke meerderheid sal beslissend verslaan word deur 'n blanke minderheid in bondgenootskap met 'n opgesweepte Nie-blanke massa. Dit is die ding wat dwarsdeur Kaapland dreig, maar wat deur 'n volledige mobilisasie van Nasionaalgesindes op 18 Augustus voorkom kan word." (19)

Die Burger het nooit bewyse gelewer dat die VP amptelik so 'n plan beraam nie en in die Kaapstadse Engelstalige pers is herhaaldelik ontken dat planne vir 'n sg. blitskryg bestaan. In 'n hoofartikel op 4 Augustus het die Cape Argus gesê dat daar 'n tyd was toe Nasionaliste en die ou SAP die Kleurlingstem gedeel het en dat Nasionaliste die Kleurlingstem wil beëindig omdat hulle op 'n ondeurdagte wyse die Kleurlinge geantagoniseer het. Die intensiteit van die veldtog teen die Kleurlingstem wys hoe absurd Nasionale bewerings is dat Kleurlinge die Regering se apartheidsbeleid ondersteun, het die koerant gesê. In 'n artikel in dieselfde uitgawe word ontken dat die VP Kleurlinge registreer om Nasionaliste uit te stem en dat die VP in die laaste jare getrou gebly het aan sy beleid om nie die Kleurlingstem tot sy eie voordeel aan te wend nie. Volgens dié beleid het die aantal Kleurlingkiesers in die kiesafdeling Paarl aansienlik gedaal, lui die artikel (20). Op 5 Augustus word in 'n berig in die Cape Argus gesê dat die VP-kandidaat in die Paarl, mnr. J.I. de Villiers, nie die Kleurlingstem probeer werf nie, "but non-Europeans are working energetically among themselves canvassing support for mr. de Villiers." (21)

Op 7 Augustus het Die Burger berig van duidelike omgerymdhede in verband met die Kleurlingstem wat deur die Nasionale Party in die Paarlse kiesafdeling aan die lig gebring is (22). Daar is onder meer aan die lig gebring dat swartes as Kleurlinge geregistreer is; daar name op die lys is van Kleurlinge wat al so lank as sewe jaar gelede oorlede is; 'n hele aantal in die tronk is; 'n groot

aantal verdubbelings voorkom en dat die adresse waarop sommige geregistreer is, oop persele is waarop nog nooit 'n huis gebou is nie. Geen melding word in die berig gemaak of sake oor die beweerde onreëlmatighede aanhangig gemaak gaan word nie. In die berig word ook melding gemaak van die mening van mnr. J.W. van Staden, LPR en hulpsekretaris van die NP in Kaapland, dat die NP dit oorweeg om op stemdag foto's by die stemlokale van Kleurlinge te laat neem om vas te stel of daar kiesers is wat miskien meer as een keer stem. Scher noem dié dreigement "perhaps unprecedented in modern South African electoral history" (23) en toon dat Die Burger ook kru in sy benadering teenoor die problematiek van die Kleurlingkiesers kon wees. Vir baie jare was soortgelyke kru optrede die prerogatief van enkele Noordelike Afrikaanse koerante soos Die Transvaler wat bv. op 14 April 1953 'n foto van 'n blanke vrou tussen twee Kleurlingmans by 'n VP-verkiesingstafel gepubliseer het onder 'n opskrif; 'Saam werk hulle vir die VP'.

Op 9 Augustus het Die Burger skerp in 'n hoofartikel gereageer op 'n toespraak deur die VP-kandidaat in Worcester, mnr. J.A. Stofberg, dat Nasionaliste met die Kleurlinge gaan doen wat Hitler met die Jode gedoen het.

> "Die VP-kandidaat in Worcester het Kleurlingstemme nodig omdat hy nie genoeg steun onder die blanke kiesers het nie. Die enigste manier waarop hy kan hoop om te wen, is om genoeg Kleurlingstemme te kry om sy agterstand onder die blankes uit te wis. Daarom werf hy Kleurlingstemme. En hy doen dit deur die Kleurlinge met gruwelpropaganda teen blankes op te maak ...So word die Kleurlinge geleer om die Nasionale Afrikaners te vrees en te haat. En dit waarvoor? Net om 'n klompie stemme in die hande te kry, net in die hoop dat die VP op die Kleurlinge se rug na die bewind toe kan ry. Kan politiekery onverantwoordeliker teenoor Suid-Afrika wees? ... Die omstandighede wat in Worcester aanleiding daartoe gee dat die VP die Kleurlinge op so 'n manier inroep as bondgenote in sy stryd teen die

NP word dwarsdeur Kaapland aangetref ... Die Paarl is 'n treffende voorbeeld. Daar beskik die VP maar oor ongeveer die helfte van die blanke stemme waaroor die NP beskik. Hy moet met ander woorde sy stemmetotaal nagenoeg verdubbel deur gebruik te maak van die 2,434 Kleurlinge wat in die Paarl geregistreer is. Eers dan, eers wanneer hy vir elke blanke stem wat hy trek, ook 'n Kleurlingstem kan kry, kom hy binne bereik van 'n oorwinning. Namate die VP steun onder die blankes verloor, word hy verplig om die hulp van die Kleurlinge teen die blankes in te roep. Al hoe meer word hy van die Kleurlingstem afhanklik ... Solank die VP vir 'n oorwinning afhanklik bly van die Kleurlingstem, sal daar toestande bestaan wat onduldbaar en al hoe onduldbaarder word. Die enigste oplossing is dat die Kleurlinge op 'n aparte lys geplaas word." (24)

Op dieselfde dag het Dawie ook skerp in sy rubriek gereageer op die gebeure in Worcester. "Hierdie soort ding, die opmaak van Kleurlinge teen blankes, moet end kry. Dit sal nie end kry solank die VP na die Kleurlingstem moet vry nie. Dit sal met ander woorde nie end kry solank die Kleurlinge op die gemeenskaplike kieserslys bly om deur onverantwoordelike politici gebruik en misbruik te word nie. Die Kleurlinge moet van die gemeenskaplike lys af, en hierdie verkiesing moet help om hulle af te kry. Suid-Afrika kan dit nie bekostig dat die bestaande posisie voortduur nie."

Op 10 en 11 Augustus het <u>Die Burger</u> weer skerp in hoofartikels teen die Kleurlingstem gereageer. "Al hoe meer Kleurlinge moet (deur die VP) geregistreer word en dan met propaganda stembus toe aangedryf word om die stygende getalle van die Nasionaliste te neutraliseer. Dit is die fundamentele euwel, waarvan die VP se slaween Hitler-propaganda vir die Kleurlinge, in die openbaar en in die geheim, maar net die natuurlike uitvloeisel is ... Laat die aanstaande verkiesing die laaste onder die bose ou bedeling wees!" (25)

Op 11 Augustus het die koerant in 'n berig die beweringe herhaal dat die VP 'n 'blitskryg' met die Kleurlingstem in Kaapland vir die 1958-verkiesing beplan. "Nasionaliste sien die gevaar in dat die VP

die Kleurlingstem by 'n volgende verkiesing beslissend kan inwerp. Hy het hierdie keer nie die volle krag van die Kleurlingstem ingespan nie, omdat die tyd daarvoor nie ryp geag word nie." In die berig word ook gesê dat die VP wel getoon het hoe blitsvinnig hy Kleurlinge op die lys kan gooi. "In Worcester is met die algemene registrasie sowat vierhonderd Kleurlinge van die lys geskrap. Maar ná die registrasie was die Kleurlingkieserstal van die kiesafdeling sowat 350 méér as voor die registrasie. Dit beteken dat in 'n ommesien sowat 750 Kleurlinge op die lys geplaas is." Die berig vervolg met soortgelyke bewerings in Vasco deur mnr. P.H. Savage, die Kaapstadse kiesbeampte, voor die Kleurlingstemkommissie. Volgens mnr. Savage is sowat 600 Kleurlinge met die algemene registrasie geskrap. Desondanks het hulle getalle met 116 toegeneem, wat beteken dat sowat 800 nuwe Kleurlinge geregistreer is. Verder in die berig word Die Burger se vroeëre stelling herhaal dat die VP Nasionale meerderhede in minstens tien Kaaplandse kiesafdelings kan uitwis deur die registrasie van net ongeveer 11,000 Kleurlinge op die 'regte' plekke. Vyf Nasionale kiesafdelings kan verower word met die registrasie van net sowat 3,000 Kleurlinge (26).

In 'n hoofartikel onder die opskrif, 'Die Laaste Maal!'. het Die Burger weer die "kwesbaarheid" van die Nasionale bewind onder oënskou geneem.

> "Die Kleurlingstemreg plaas die VP in 'n posisie wat stellig in die demokratiese wêreld enig is. Dit stel hom in staat om in vyf tot tien sleutelkiesafdelings in Kaapland blitsvinnig honderde Sapkiesers op die lys te gooi om sy teenstander te verpletter ... Hy het dit sedert 1948 nie op werklik groot skaal gewil nie, uit vrees vir die ontsettende reaksie wat dit sou uitlok. Maar hy glo dat die tyd vir daardie verkiesingsgreep vinnig nader - die tyd wanneer die volk se aandag deur ander sake van die Kleurlingstemreg en sy moontlikhede afgelei sal wees ... Geen rugbyspan sal op die veld gaan volgens reëls wat aan sy teenstander die reg gee om midde in die wedstryd vyf of tien ekstra spelers in te roep nie."

Op 12 Augustus het Die Burger 'n diagram gepubliseer om die 'blitskrygplan' van die VP grafies te illustreer. Die diagram is in vier afdelings verdeel t.w. die situasie in 1953 en plan 1, 2 en 3. Volgens die situasie in 1953 was daar sowat 48,000 Kleurlinge op die gemeenskaplike lys en van die 54 Kaaplandse kiesafdelings was 30 NP en 24 VP. Kragtens plan 1 van die VP registreer die party net 3,000 meer Kleurlinge op die 'regte' plekke om die totaal Kleurlingkiesers op 51,000 te staan te bring. Die verowering van die setels Caledon-Bredasdorp, Paarl, Port Elizabeth-Noord, Prieska en Valsbaai sal veroorsaak dat die NP dan 25 Kaaplandse setels het en die VP 29. Plan 2 behels die registrasie van 10,000 meer Kleurlinge vergeleke met 1948 wat die totaal dan op 58,000 te staan sal bring. Die verowering van Worcester, Stellenbosch, Vasco, Uitenhage en Kimberley-distrik sal dan beteken dat die VP 34 setels in Kaapland sal hê en die NP 20. Kragtens plan 3 sal 20,000 of meer Kleurlinge geregistreer word wat die totaal op 68,000 te staan sal bring. Die verowering van Malmesbury, Swellendam, Bellville-Parow, Graaff-Reinet en Vryburg sal meebring dat die VP 39 setels in Kaapland sal hê en die NP slegs 15. Dit sal ook meebring dat die VP die 17 setels verower wat nodig is om die Nasionale regering tot 'n val te bring. In 'n hoofartikel op 12 Augustus het Die Burger herhaal dat die VP op groot skaal blitsvinnig Kleurlingkiesers kan registreer en gesê dat die sombere werklikheid VP-argumente weerlê dat die Kleurlingstem nooit 'n magsposisie sal bereik nie (27).

Op 13 Augustus het Die Burger weer 'n grafiese diagram gepubliseer waarin aangetoon is hoe die Nasionale stem sedert 1938 uitgebrei het. In 1938 was die Nasionale stem 20 persent van die totaal, in 1943 36 persent in 1948 42 persent en in 1953 47 persent. Volgens die diagram poog Nasionaliste om in die provinsiale verkiesing deur die 'klankgrens' te beweeg en is die party 7,700 stemme kort van meer as 50 persent steun van die totale aantal kiesers van die Unie.

Die intense veldtog deur Die Burger teen die Kleurlingstem het ook aandag getrek in die Kaapstadse Engelstalige pers. In 'n hoofartikel op 12 Augustus het die Cape Argus gesê dat Die Burger geen bewyse het van die VP se planne vir 'n sg. 'blitskryg' in

1958 nie en dat die doel agter die veldtog is om steun van blanke kiesers te verkry vir die vereiste tweederdemeerderheid in die Parlement. "No account is taken of the harm that this does to relationships between White and Coloured through the implication of mass hostility, exploitation and unscrupulousness." (28)

Op 13 Augustus het Die Burger hierop gereageer en in 'n hoofartikel onder die opskrif, ''n Propagandis se Woede', gesê dat die koerant se woede eerder teen die VP gerig moet wees.

> "Daardie party registreer Kleurlingkiesers en sweep hulle op dáár waar hy hulle nodig het om die NP te beveg. Hy het dit in die verlede gedoen en hy is van plan om dit in die toekoms te doen ... Reg genoeg, die totaal vir Kaapland het met 10,000 gedaal sedert die algemene verkiesing, maar waar het die getalle gedaal? In dié kiesafdelings waar die VP hulle nie nodig het nie, en in ander waar hy nie kans sien om nou al sy agterstand met Kleurlinge in te haal nie ... Dit is bittere werklikhede van die bestaande posisie, wat bestem is om met die jare al hoe ernstiger te word, met al die 'afgryslike' implikasies vir die betrekkinge tussen blank en Nie-blank, en bowenal tussen Afrikaner en Engelssprekende."

Kort voor stemdag op 18 Augustus het Die Burger se veldtog teen die Kleurlingstem nuwe hoogtepunte bereik. Op 14 Augustus het Dawie in sy rubriek breedvoerig gereageer op die argument dat die VP net Kleurlinge registreer waar daar 'n kans bestaan om Nasionaliste uit te stem.

> "Ek sê dat ek nie kan glo dat hierdie dinge aan die gewone Engelssprekende bekend kan wees nie. Sy pers en sy leiers hou dit van hom weg. Want selfs 'n Engelssprekende Sap moet sidder vir die

ontsettende implikasies van hierdie gebruik van die Kleurlingstem om setels vir die oorwegend Engelssprekende VP te behou en te verower. Dit bevat die elemente van 'n rasse-ontploffing soos Suid-Afrika nog min gesien het ... Die base van die VP, ja, sy Engelssprekende base in die Skiereiland, sit hier in veilig, oorwegend Engelssprekende kiesafdelings met 'n klein handvol Kleurlinge op die lys - en in die Parlement veg hulle soos katte vir die reg om die kieserslyste van die Afrikaner se Paarl, sy Worcester, sy Stellenbosch, sy Vasco, met Kleurlinge te oorstroom en om daardie Kleurlinge dan met skrikpropaganda stembus toe te jaag. Dit is waarteen ons veg."

Op 16 Augustus het Die Burger prominent berig dat die VP in die verkiesings van 1948 en 1949 ook 'n 'blitskryg' gevoer het en in 1948 6,000 Kleurlinge op die lys gegooi het tot sy eie voordeel.

"Aan die begin van 1948 was daar in Kaapland minder as 40,000 Kleurlingkiesers op die lys ... Teen April (kort voor die algemene verkiesing in Mei) was ses- tot seweduisend ekstra Kleurlinge deur middel van 'n aanvullende registrasie op die lys gegooi. Hierdie ekstra registrasies is gekonsentreer in uitgesoekte kiesafdelings waar die NP se uitdaging die sterkste gevoel is. So is in Parow van Januarie tot 9 April nie minder as 1,100 Kleurlinge op die lys gegooi nie. In Paarl is 607 bykomende Kleurlinge geregistreer, in Stellenbosch 535, in Malmesbury 496, in Hottentots-Holland 264 en in Vasco 207. Geen moeite is gedoen om Kleurlinge in veilige Sap-kiesafdelings in die Skiereiland te registreer nie ... Die ekstra registrasies in Bolandse sleutel-kiesafdelings was, uit die VP se oogpunt 'te min en te laat'. Paarl het geval ondanks 2,500 Kleurlinge op die lys, Parow ondanks

> 2,200, Malmesbury ondanks 1,400 en Stellenbosch ondanks 1,300. (Maar Vasco en Hottentots-Holland is net-net behou met VP-meerderhede van 185 en 571 onderskeidelik - met 1,800 en 1,300 Kleurlinge op die lys.) Ná die algemene verkiesing is opnuut registrasies van Kleurlinge onderneem om beheer in die Kaaplandse Provinsiale Raad te behou ... Teen Maart 1949 was die Paarlse Kleurlingstemme opgeskuif tot by die 3,000 wat verseker het dat die VP die Paarl met 'n meerderheid van 34 verower. Vasco se Kleurlingstem is in dieselfde tyd ook met omtrent 500 opgeskuif tot ongeveer 2,300. Dit het verseker dat die VP-meerderheid in Vasco gestyg het tot 701. Sedert daardie tyd het die VP taamlik versigtig geloop met die Kleurlingregistrasies. Daar is toegelaat dat die totale Kleurlingstem sedert 1953 van sowat 48,000 tot sowat 38,000 daal - egter hoofsaaklik in doodveilige Sap-setels waar dié stem in elke geval nie nodig is om die NP te beveg nie." (29)

Die Burger se aantyging dat in 1949 in die Paarl Kleurlingkiesers tot by die 3,000 opgeskuif is, strook nie met die amptelike syfers nie. Volgens die Jaarboek van 1949 was daar 'n daling in Paarlse Kleurlingkiesers van 2,904 in 1948 tot 2,882 in 1949. Ook in Vasco was daar tussen 1948 en 1949 'n daling van 2,186 Kleurlingkiesers na 2,123, en nie 'n styging tot 2,300 soos deur Die Burger beweer is (30). Dit blyk egter dat die Kleurlingstem ná 1953 gedaal het in setels wat oorwegend veilig vir die VP was. Slegs 1,491 Kleurlingkiesers uit die totale daling van sowat 10,000 tussen 1953 en 1955 was in die 11 kiesafdelings waar die VP volgens Die Burger met vergrote registrasies Nasionaliste kon uitstem. In drie van die elf kiesafdelings was daar 'n styging van 623 (31). Die grootste daling in Kleurlingkiesers was in veilige VP-setels soos Kaapse Vlakte waar die daling 1,692 was, in Kaapstad-Kasteel met 'n daling van 1,683 en Wynberg met 'n daling van 560. Die enigste veilige VP-setel waar daar 'n styging in

Kleurlingkiesers was, was in Kimberley-Stad. Die daling in NP-kiesafdelings was nie so dramaties nie. In Bellville-Parow was die daling 187, in Beaufort-Wes 239 en in Mosselbaai 88. Daarby moet egter genoem word dat daar ook 'n landwye daling in blanke kiesers plaasgevind het. Blanke kiesers het van 547,078 op 31 Desember 1953 gedaal tot 522,471 op 1 Maart 1955 (32).

In 'n hoofartikel op 16 Augustus het Die Burger gereageer op 'n hoofartikel in die Cape Argus wat getoon het hoe ver die NP in die vyftigerjare afgewyk het van sy beleid in die twintigerjare waarvolgens Kleurlinge se stemme gewerf is.

> "Die Cape Argus wys op Nasionale uitlatings dat daar onder die Kleurlinge baie ondersteuners van die apartheidsbeleid is. Waarom laat die NP hulle dan nie as kiesers registreer en kry langs hierdie weg 'n meerderheid van twee-derdes nie? ... Die Cape Argus ken die Nasionale Afrikaner se geskiedenis en tradisies seker nie baie goed nie. Dit is om in Suid-Afrika nie die Nie-blankes se hulp teen medeblankes in te roep nie, wat ook al die provokasie of versoeking mag wees... Die Nasionale Afrikaner van vandag doen sy gebrekkige bes om in ooreenstemming met daardie edele opvatting te lewe. In stede van dank daaroor te ontvang, word hy deur sekere elemente wat 'n ander opvatting oor Nie-blanke hulp teen blankes toegedaan is, daaroor getart. Ons glo nogtans nie dat dit hom van sy tradisie sal laat afwyk nie." (33)

Die Burger het in die 1954-veldtog gereeld verwys na die kiesafdelings Worcester en Vasco waar daar volgens die koerant 'n vergrote registrasie van Kleurlingkiesers was om Nasionaliste uit te stem. Op 17 Augustus het die koerant gesê:

> "Weer was daar die selektiewe registrasie in oorwegend Nasionale kiesafdelings, hierdie keer veral in Worcester en Vasco om twee kabinetslede te 'skud'. Weer was daar die gebruiklike giftige propaganda om Kleurlinggemoedere teen die Nasionaliste gaande te

> maak. Môre sal ons weer die gebruiklike karweiery van vragte Kleurlingkiesers na die stembusse sien ... Nog onheilspellender gevolge wag in die toekoms as hy (die VP) sy sin sou kry, en dan in staat sou wees om by 'n volgende algemene verkiesing die Kleurlingstem as doodswapen teen die Nasionalisme te probeer gebruik. Die eis dat hierdie verrotte toestand opgeruim moet word, het sedert 1948 al hoe sterker opgeklink ... Die verkiesing wat môre plaasvind, kan die deurbraak bewerkstellig." (34)

Op 18 Augustus het Die Burger gesê dat die oë van Suid-Afrika se Nasionaalgesindes op die Boland geplaas is waar Bolandse Nasionaliste teen die ontsaglike nadele van 'n "verrotte" stemregstelsel veg.

> "Daardie stelsel bring mee dat die skaal teen die Bolandse Nasionaliste byna hartverskeurend gelaai is. Die Paarlse Nasionaliste gaan vandag na die stembus in die wete dat hulle eers sowat 2,400 Kleurlingstemme moet kanselleer voor hul eie stemme teen hul blanke politieke teenstanders kan tel. Vasco se Nasionaliste het 'n agterstand van 1,700 om in te haal, Worcester syne een van 1,600, Stellenbosch 1,400, Hottentots-Holland 1,200, Valsbaai 1,100 en Caledon-Bredasdorp 1,000. So is die skaal vooraf teen die Bolandse Nasionaliste gelaai. So was dit ook gelaai in 1948 en 1953... Vandag veg hulle die beslissende slag met 'n merkwaardige afwesigheid van bitterheid teen die Kleurling wat hom vir hierdie spel laat gebruik of selfs teen diegene wat die spel beheer." (35)

Die uitslag van die verkiesing was 'n klinkende oorwinning vir die NP. In die 11 kiesafdelings wat volgens Die Burger die sleutelplan in die VP se 'blitskryg' is, het die NP sy meerderhede op

twee na in al die kiesafdelings vergroot (36). In die drie sleutel-kiesafdelings Vasco, Worcester en Valsbaai waar daar vergrote Kleurlingregistrasies was, het die NP sy meerderhede in Worcester en Valsbaai vergroot. In Vasco het die party se meerderheid met 185 gedaal. In Worcester, waar daar 'n vergrote Kleurlingregistrasie van sowat 400 was, het die NP sy meerderheid met 200 vergroot. In Prieska, waar daar 'n daling van sowat 60 Kleurlingkiesers was,het die NP se meerderheid paradoksaal met 54 gedaal. In Caledon-Bredasdorp is sy meerderheid vergroot met 520, in die Paarl met 729, in Port Elizabeth-Noord met 278 en in Valsbaai met 511. In totaal het die NP ook volgens Die Burger daarin geslaag om deur die 'klankgrens' te beweeg. Die totale NP-stem in die land was 618,636 en die nie-Nasionale stem 587,338 (37). In 'n hoofartikel op 20 Augustus het Die Burger gesê dat die uitslae 'n aanduiding is dat blankes aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge steun. "Die antwoord is onmiskenbaar gegee, en bowe-al deur die Paarl, waar die Kleurlingstem die mees beslissende faktor is. Wat die Paarl sê, is dat ook lede van die VP wat die intiemste ondervinding van die Kleurlingstem het, die aparte lys wil hê."

Die Burger het ná die verkiesing ook aangetoon hoe toenemend afhanklik die VP van die Kleurlingstem geword het. Op 20 Augustus is gesê dat in die Paarl blykbaar byna die helfte van die Sap-stemme deur Kleurlinge uitgebring is.

> "In praktyk beteken dit dat die verslane Sap-kandidaat in die Paarl 2,171 stemme van die Kleurlinge gekry het teenoor 2,345 van blankes ... 'n Veel erger voorbeeld is verlede jaar deur Kaapse Vlakte verstrek, waar die Sap-kandidaat 5,400 Kleurlingstemme gekry het teenoor die sowat 2,190 stemme van blankes - dus twee en 'n half Kleurlingstemme vir elke blanke stem. In Stellenbosch het die verslane Sap-kandidaat ook nie veel steun van blanke kiesers gekry nie - sy syfers is sowat 1,200 Kleurlingstemme en 1,930 stemme van blankes, dus 'n rapsie meer as anderhalf blanke vir elke

Kleurling. In Vasco het die Sap-stemme gekom van 1,436 Kleurlinge en 3,129 blankes, dus het Kleurlingkiesers gesorg vir 'n rapsie minder as een-derde van die aantal Sap-stemme." (38)

Op 26 Augustus het Die Burger in 'n banieropskrif getiteld, 'Kleurlinge gaan af, sê dr. Malan', berig dat alle verdere dwarsboming teen die Nasionale regering oor die Kleurling-wetgewing deur watter metodes ook al nie geduld sal word nie. "Ons glo dat ook die meeste Engelssprekendes met afsku die vooruitsig sal verwerp dat hulle met massale Kleurlingsteun in 'Afrikaanse' kiesafdelings die Afrikaners moet ondersit." Die provinsiale verkiesing van 1954 was 'n groot triomf vir die NP - veral in Kaapland. Dit het getoon watter gedugte verkiesings-kombinasie die NP saam met Die Burger gevorm het en die VP sou in die toekoms al meer met dié faktor rekening moes hou. Volgens The Forum bestaan daar geen twyfel dat die provinsiale verkiesing "were a major victory for the Nationalists, psychologically and tactically." (39)

(1) 'Dr. Malan stel sy saak oor Kleurlingstemreg', Die Burger, 20 Mei, 1954.

(2) 'Die Verenigde Vergadering', Die Burger, 17 Mei, 1954.

(3) 'Die gemeenskaplike lys', Die Burger, 18 Mei, 1954.

(4) Sien 'Dr. Malan stel sy saak oor Kleurlingstemreg', Die Burger, 20 Mei, 1954.

(5) 'Slimmighede', Die Burger, 21 Mei, 1954.

(6) ''n Eienaardige argument', Die Burger, 25 Mei, 1954.

(7) 'Nuwe poging tot 'n oplossing', Die Burger, 27 Mei, 1954.

(8) 'Reaksie op die Golding-brief', Die Burger, 31 Mei, 1954.

(9) 'Die morele argument', Die Burger, 11 Junie, 1954.

(10) 'Onverbiddellike vordering', Die Burger, 15 Junie, 1954.

(11) Scher, p. 505.

(12) Vgl. hoofartikel in Die Burger, 6 Mei, 1953.

(13) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 27, p. 113 en no. 28, p.79.

(14) 'Die sluimerende mag', Die Burger, 3 Augustus, 1954.

(15) Die insluiting van Malmesbury in dié groep is vreemd aangesien dié setel in die 1953-verkiesing onbestrede Nasionaal was.

(16) 'Wat op die spel staan', Die Burger, 4 Augustus, 1954.

(17) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 28, p. 79.

(18) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 28, p. 79.

(19) 'Planne vir 'n blitskryg', Die Burger, 5 Augustus, 1954.

(20) 'UP stalwarts are facing odds on the platteland', die Cape Argus, 4 Augustus, 1954.

(21) 'Voters in Paarl apathetic', die Cape Argus, 5 Augustus, 1954.

(22) 'Spookstem word gebruik: NP vind ongerymdhede met Kleurlingstem', Die Burger, 7 Augustus, 1954.

(23) Scher, p. 511.

(24) 'Opsweping van Kleurlinge', Die Burger, 9 Augustus, 1954.

(25) 'Propaganda vir Kleurlinge', Die Burger, 10 Augustus, 1954.

(26) 'VP kan honderde op lys gooi', Die Burger, 11 Augustus, 1954.

(27) ''n Swak geheue', Die Burger, 12 Augustus, 1954.

(28) Die Cape Argus, 12 Augustus, 1954.

(29) 'Duisende Kleurlinge op lys gegooi: VP se blitskryg in 1948 en 1949', Die Burger, 16 Augustus, 1954.

(30) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 25, p. 104.

(31) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 27, p. 113 en no. 28, p.79.

(32) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 27, p. 113 en no. 28, p.79.

(33) 'Ek sal julle verdelg!', Die Burger, 16 Augustus, 1954.

(34) 'Die Kleurlingstem', Die Burger, 17 Augustus, 1954.

(35) 'Die Boland se stryd', Die Burger, 18 Augustus, 1954.

(36) Vergeleke met die algemene verkiesing van 1953.

(37) Die Cape Times het ook erken dat die totale Nasionale stem vir die eerste keer meer was as die totale nie-Nasionale stem. Sien Die Burger, 21 Augustus, 1954.

(38) 'VP afhanklik van Kleurlinge', Die Burger, 20 Augustus, 1954.

(39) 'Fork in the road', The Forum, 3 (6), (September 1954).

## HOOFSTUK 10

## KONSTITUSIONELE OORWINNING

Die verkiesing van mnr. J.G. Strijdom tot premier van Suid-Afrika in November 1954 het 'n nuwe fase in die konstitusionele stryd m.b.t. die Kleurlingstem ingelei. Mnr. Strijdom en sy kabinet was nie van plan om hulle langer te berus in die impasse met die Kleurlingwetgewing nie en het nie geglo daar kan staatgemaak word op steun uit die konserwatiewe faksie van die VP nie (1).

Die Regering se oplossing vir die dooie punt sou langs 'n konstitusionele weg geskied en het die Senaat en die Appèlhof geraak. Die eerste stap wat die Regering gedoen het, was om die ledetal van die Appèlhof van 6 tot 11 te vermeerder. Die Regering het reeds aan die einde van 1952 soortgelyke wetgewing oorweeg, maar dit weens die ingrypende aard daarvan laat vaar en die Gekose Komitee in die lewe geroep. In die nuwe Appèlhof sou gewone en siviele sake deur 'n kworum van vyf regters verhoor word terwyl 'n volle geregbank en 11 lede sou beslis oor die regsgeldigheid van enige wet wat deur die Parlement aangeneem is. Die doel daaragter was om goedkeuring deur die regbank van die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers te verkry.

Kort daarna is die wetgewing opgevolg met wetgewing om die Senaat se ledetal te vergroot. In die nuwe Senaat sou die provinsies nie meer gelykop verteenwoordig word nie en die partye nie proporsioneel nie. Dit het meegebring dat die Senaat uit 89 lede sou bestaan en van daardie getal sou die Regering die steun hê van 77 teenoor 'n opposisie van slegs 12 (2). Dit sou aan die Regering die nodige tweederdemeerderheid besorg.

<u>Die Burger</u> se houding teenoor die wetgewing was min of meer dieselfde houding wat die koerant teenoor die Wet op die Hoë Hof van die Parlement ingeneem het nl. die wetgewing is ongelukkig en drasties, maar daar is geen ander uitweg nie aangesien die Opposisie nie sy steun aan die Regering se maatreëls wil gee nie sodat dit langs die erkende konstitusionele weg opgelos kan word

nie. Daar is ook voorsien dat die Senaat weer na sy ou vorm sou terugkeer sodra 'n tweederdemeerderheid behaal is.

Die bewindsoorname van mnr. Strijdom het veroorsaak dat die magsfokus binne die NP vanaf die Suide na die Noorde verskuif het. Dit het veroorsaak dat Die Burger se invloed in regeringskringe ietwat afgeneem het. Hoewel die koerant nooit mnr. Strijdom gekritiseer het nie, is die noue vertrouensposisie met die regeringshoof in vergelyking met die tydperk van dr. Malan aangetas (3). Met mnr. Strijdom se verkiesing tot premier het Die Burger nie dr. Malan se openlike voorkeur, mnr. N.C. Havenga, as die nuwe eerste minister gedeel nie en ondanks sy sterk bande met dr. Malan neutraal gebly. Dit was 'n voorbeeld van waar Die Burger 'n invloed op sake van aktuele belang uitgeoefen het deur eenvoudig te swyg en nie kant te kies nie (4). Dit was ook in mnr. Strijdom se bewindstydperk dat die redakteur van Die Burger op eie versoek nie meer koukusvergaderings van die NP bygewoon het nie (5).

Op 13 Desember 1954 het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op 'n verklaring deur mnr. Strijdom dat geduld gebruik moet word met nuwe wetgewing in verband met die Kleurlingstem. "Die weg na 'n bevredigende reëling loop stellig deur baie parlementêre en politieke stryd en moontlik deur nuwe hofprosesse. Steeds moet voor oë gehou word dat dit alles noodsaaklik is vir die oplossing van die groeiende vraagstuk van die Kleurlingstem in Kaapland."

Die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede (SABRA) het aan die begin van 1955 al hoe meer prominent met sy uitsprake begin raak en 'n gevestigde deel van die openbare meningvormende instellings van die land geword. SABRA is in 1949 deur 'n groep intellektueles van die Universiteit van Stellenbosch gestig met die doel om die positiewe aspekte van apartheid in 'n samehangende doktrine te ontwikkel (7). Die organisasie het sy eerste kongres in 1950 gehou en dwarsdeur die vyftigerjare elke jaar 'n kongres gehou waartydens die apartheidsbeleid bespreek is. In die vyftigerjare het die organisasie heelwat 'verligte' en toekomsgerigte uitsprake gemaak. Die gevoel was o.m. dat blankes die nodige

opofferings moes maak om apartheid suksesvol deur te voer en nie moes wegskram van die gedagte van onafhanklikheid vir die destydse Bantoe-tuislande nie (8).

Op die SABRA-kongres op Stellenbosch aan die begin van 1955 is verskeie 'verligte' menings gehuldig wat veroorsaak het dat 'n lewendige debat oor die Kleurlinge se politieke toekoms in Die Burger se briewekolomme plaasgevind het. Op 13 Januarie het 'n berig in Die Burger verskyn waarin die voorsitter van SABRA, dr. G.B.A. Gerdener, versoek het dat Kleurlinge deur hul eie leiers sitting in die wetgewende liggame van die land moet kry. Dr. Gerdener se mening het nie die steun geniet van die meerderheid SABRA-lede nie en kort daarna het die SABRA-dagbestuur 'n verklaring uitgereik waarin kennis geneem is dat van sy lede die gedagte steun dat Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement verteenwoordig moet word, maar dat dit vir die grootste deel van die bevolking tans onaanneemlik sal wees (9).

Op 15 Januarie het 'n berig verskyn waarin die mening van prof. A.C. Cilliers van die Universiteit van Stellenbosch oor die Kleurlinge se toekoms gegee word. Prof. Cilliers pleit in die berig dat die Kleurlinge as vierde groep ekonomies en politiek by die drie blanke groepe, Afrikaanssprekendes, Engelssprekendes en Jode, geïntegreer moet word en dat uitsluitsel verkry moet word oor die politieke eindbestemming van die Kleurlinge (10). Hoewel die berig prominent in die koerant gepubliseer is, het Die Burger nie daarop kommentaar gelewer nie. Op 12 Januarie met die opening van die kongres, het die koerant in 'n hoofartikel die SABRA-kongres oor die Kleurlinge verwelkom en gesê dat dit in die belang van nie net die Kleurling, maar ook die blanke is dat die stewige kern van vriendskap en vertroue wat tussen blankes en Kleurlinge bestaan, beskerm en ontwikkel moet word.

> "Dit is waar dat in die uitvoering van die Suid-Afrikaanse kleurprogram die lig in die jongste jare die skerpste geval het op die negatiewe aspekte van apartheid ... Al hoe meer toon Kleurlinge hulle bereid om in hierdie program

(apartheid) saam te werk en op apartheidsgrondslag 'n goeie toekoms vir hul gmeeenskap te verseker. Hierop moet voortgebou word. Baie word reeds gedoen. Baie meer kan en moet nog gedoen word namate die program ontwikkel en wedersydse vertroue aangroei." (11)

Op 25 April het Die Burger kommentaar gelewer op die Appèlhof-wetsontwerp waarvolgens die kworum van die Appèlhof van 5 tot 11 verhoog gaan word. Die koerant het beklemtoon dat die Regering nie beoog om met die wetgewing die hof uit te skakel of opsy te stoot nie. "Die Regering is van plan om die konstitusionele kwessie op te los - dit staan vas - maar dit is ewe duidelik dat die weg wat na 'n oplossing lei, deur die hof sal gaan." (12)

Ná die bekendmaking van die Regering se Senaat-plan het Die Burger in 'n hoofartikel op 12 Mei beklemtoon dat die Regering met sy Kleurlingwetgewing op 'n kardinale beleidspunt gedwarsboom is en dat die nuwe wetgewing opgestel is binne die raamwerk van die bestaande regsposisie wat 'n tweederdemeerderheid vereis. Volgens die koerant het die wetgewing die voordeel dat dit aan die voorskrifte van die Appèlhof van 1952 voldoen en 'n regstreekse botsing tussen die Parlement en die howe wil vermy. "Die geweldige vergroting van die Senaat bly nogtans 'n ingrypende en verreikende stap, met ingrypende en ook moontlike nadelige gevolge. Dit het die land in hierdie laat stadium uitsluitend te danke aan 'n opposisie wat hom met die sambok laat wegdryf het van die bevredigender pad wat in 1953 aangedui was ... Dit laat aan die Regering geen ander keuse as om, in diepe besef van wat op die spel staan, die stryd end-uit te voer nie." (13)

Hoewel Die Burger later 'n voorstander was van die wegbeweeg van sg. klein-apartheid het die koerant in 1955 nog kardinale aspekte van klein-apartheid ondersteun. Op 19 April het die koerant berig dat die Kaapstadse stadsraad twee Kleurlinge in die landmetersafdeling van die raad aangestel het. Die berig het gelui: "Personeellede van die landmetersafdeling van die Kaapstadse Stadsraad was gisteroggend verbaas om twee Kleurling leerling-landmeters op kantoor te sien. Die besluit het onmiddellik

sterk protes van die personeel uitgelok." (14) Dié gebeurtenis by die stadsraad sou dwarsdeür die jaar weerklank vind toe van sy blanke werknemers protes daarteen aangeteken het. In 'n hoofartikel op 29 April het Die Burger gesê dat dit 'n geskil met verreikende implikasies is. Die aanstelling van Kleurlinge bo blankes "veroorsaak wrywing en spanning wat selde aan die oppervlakte blyk, maar met moontlikhede van al hoe erger onaangenaamheid namate Kleurlinge posisies van senioriteit in gemengde personeel bereik." Volgens die koerant het die stadsraad hom met sy liberalistiese beleid in 'n hoek vasgedruk. Sy beleid kan veroorsaak dat hy blanke werknemers verloor, maar aan die ander kant sou dit skreiend onregverdig wees om Kleurlinge onder valse voorwendsels aan te stel sonder 'n voorneme om hulle volgens hul vermoëns te bevorder. "Hy (die stadsraad) sal die stelling moet aanvaar dat daar vir aparte ontwikkeling eintlik geen werklike alternatief is nie. Behoorlik afsonderlike geleenthede en geriewe sal geskep moet word vir geskoolde Kleurlinge, en hul diens sal, as dit gepaard gaan met die uitoefening van gesag, bepaal moet word by die Kleurlinggemeenskap." (15) Op 3 Junie het die koerant gesê dat die toestand wat by die raad met die aanstelling van Kleurlinge plaasgevind het, nooit toegelaat moes geword het om te ontstaan nie. Daar kan ook geen sprake daarvan wees om Kleurlinge in posisies van gesag oor blankes aan te stel nie. "Die een praktiese manier waarop dit vir bevoegde Nie-blankes moontlik gemaak kan word om verantwoordelike werk te verrig en daarin te vorder, is om geleenthede daartoe binne hul eie kring te skep, en nie om hulle aan die blanke gemeenskap en blanke medewerkers op te dring nie." (16)

Op 10 November het Die Burger weer van 'n voorval by die Kaapstadse stadsraad berig; dié keer oor 'n gekleurde toetsbeampte in die verkeersafdeling wat in 'n gesagsposisie oor 'n blanke verkeerskonstabel geplaas is (17). Volgens die koerant het die gebeure die bedenkinge bevestig wat vroeër in die jaar uitgespreek is oor die beleid van die stadsraad. "Soos die Stadsraad teen hierdie tyd baie goed weet, is sy stelsel nie vir paralelle indiensneming van blankes en Kleurlinge ingerig nie. Die skepping van groter geleenthede vir Kleurlinge, waarvan ons ook 'n voorstander is, moet

gepaard gaan met 'n deurdagte beleid van skeiding, anders stuur die Stadsraad op moeilikheid af." (18)

In uitgawes van Die Burger in 1955 en 1956 het daar ook 'n lewendige debatvoering plaasgevind oor die politieke toekoms van die Kleurlinge. Die meningswisseling het getoon dat daar aansienlike onsekerheid oor die onderwerp was, en dat waar die 'volkswil' dalk aparte verteenwoordiging begeer het, daar beslis nie 'n soortgelyke eenstemmigheid was oor die politieke toekoms van die Kleurlinge nie. Die katalisator vir die meningswisseling was die 'verligte' geluide wat op die SABRA-kongres gemaak is en prof. A.C. Cilliers se mening dat Kleurlinge by blankes geïntegreer moet word. In reaksie op die Regering se Senaatwetgewing skryf F.X. Jurgens van Maitland op 25 Mei 1955 dat Kleurlinge deur hul eie verteenwoordigers in die Parlement verteenwoordig moet word. "Ek glo ons het nog nie gedroom van die seëninge wat dit vir blank en Nie-blank sal inhou as ons hulle in ons hoogste vergadering saam kan laat beraadslaag nie." In reaksie hierop sê mnr. J.S. Visser van Maitland op 30 Mei dat mnr. Jurgens se voorstel skokkend en ondenkbaar is. "Dit sal die einde van die blanke leierskap in Suid-Afrika beteken. Ons sal dan die stryd om die behoud van ons eie lewensbeskouing finaal verloor het." Op 3 Junie stel mev. Una van der Spuy van Stellenbosch die vraag of dit nodig is dat die Regering tot die uiterste moet volhard om Kleurlinge van die gemeenskaplike lys af te haal noudat Kleurlingkiesers geen verskil aan Nasionaliste se meerderheid in die Parlement maak nie. Die redakteur van Die Burger het nie hierop geantwoord nie, maar lesers uitgenooi om mev. Van der Spuy te beantwoord. Antwoorde het gewissel van die bekende argument dat die Kleurlingkiesers kan verdriedubbel en blankes in Kaapland sal oorstroom tot die mening dat die gemeenskaplike lys die blanke beskawing bedreig.

Op 20 Februarie 1956 het prof. A.C. Cilliers van Stellenbosch in 'n brief gesê dat hy hom as 'n voorstander van die Regering ag behalwe t.o.v. sy hantering van die Kleurlingvraagstuk. Prof. Cilliers vra dan 'n paar indringende vrae oor die toekoms - vrae waaroor Die Burger hom selde uitgelaat het.

"Maar waar ek nie saamstem met die Eerste Minister, sy voorganger, uself en die hele NP nie, is om te meen dat die vraagstuk van die Nie-blanke stemreg - hier bepaald die Kleurlingstemreg - 'opgelos' kan word deur die invoering van 'n aparte lys, soos vir die naturelle, en deur so 'n beleid te regverdig deur dit te probeer verplaas in sy historiese omraming ... Dit is 'n dwaling om te dink dat ons hom (die Kleurling) kan vaspen in die tradisionele omraming van die verlede, en dit met die brose gom van die volkswil, soos uitgedruk deur wetgewing met of sonder 'n tweederdemeerderheid ... Die huidige kwota op die aparte lys is ongeveer 11,000 kiesers per verteenwoordiger, wat min of meer dieselfde is as die blanke kwota. Maar wat gaan gebeur as oor vyf of tien jaar daar 200,000 Kleurlingkiesers op die aparte lys is? Gaan hulle dan vyftien verteenwoordigers kry? En waar gaan die proses eindig, aangesien hierin 'n groter bedreiging vir die blanke heerskappy opgesluit lê as in 'n gemeenskaplike lys? Ek vra al sewe jaar die vrae, maar al antwoord wat ek kry, is dat ons nie wette vir die toekoms kan maak nie en dat die volgende geslag die saak dan maar verder sal moet voer ... Ek vra dus weer: Is dit die bedoeling van die huidige wetgewing dat die blanke sy heerskappy moet verseker deur die Kleurling permanent te beperk wat sy parlementêre verteenwoordiging betref, op 'n aparte of 'n gemeenskaplike kieserslys? Is daar een volk in die hele wêreldgeskiedenis van duisende jare wat daarin geslaag het om homself te red deur 'n ander volk permanent onderhorig te hou, tensy deur wetgewing of geweld of albei? ... Hierdie vrae en hul antwoorde vorm die ware kern van die Kleurlingvraagstuk en nie die opgesweepte seksionele volkswil in sy historiese omraming waarvan u in u artikel gewag gemaak het nie." (19)

Op 25 Februarie het dr. J.P. Bruwer van Stellenbosch prof.

Cilliers in 'n brief geantwoord en gesê dat sy uitgangsbasis te dogmaties is en 'n beleid nooit 'n finaliteitsreëling kan wees nie. "Persoonlik het ek genoeg vertroue in die staatsmansiening van die Afrikaner om te glo dat daar uit die huidige grondslae van benadering iets baie groters vir die Kleurlinge gaan verrys as wat die bestaande vorm van sy kieserstem aan hom kan bied." (20) Op 27 Februarie het "Vanrhynsdorper" geskryf dat die gewone kieser volle vertroue in die Regering se hantering van die Kleurling-vraagstuk het en dat finale planne vir die hele apartheidsbeleid nie nou vir die volgende 100 jaar gemaak kan word nie. Op 29 Februarie het prof. Cilliers gereageer op dr. Bruwer se brief en gevra wat die bestemming van die Kleurlinggroep sal wees as almal eers die opvoedings- en beskawingspeil van die blanke bereik het? "Dit spyt my baie, maar hierdie blinde vertroue in die staatsman-siening van die Afrikanervolk kan ek nie deel nie ... Ek kan ewe min dr. Bruwer se mening deel dat uit aparte verteenwoordiging vir die Kleurling 'iets veel groters gaan verrys as wat sy stem op die gemeenskaplike lys vir hom kan bied'."(21) Op 5 Maart het dr. Bruwer gesê dat om die staatkundige ontwikkeling van die Kleurling-gemeenskap as sodanig prakties moontlik te maak, 'n groeibodem vir groepsverteenwoordiging geskep moet word. "Die Afrikanervolk het op grond van sy geskiedkundige ervaring niks anders te vrees as dat hy nie aan ander sal doen wat aan hom gedoen is nie." (22) Hoewel dr. Bruwer vroeër met prof. Cilliers verskil het, blyk dit uit 'n brief van hom op 7 November dat hy nader aan prof. Cilliers se standpunt beweeg het. Prof. Bruwer het gesê: "In ons bedeling tot dusver is die Bruinmense op die bo-individuele vlak na my mening wel aanvaar as deel van die samelewingspatroon binne die raamwerk van staatsdepartementele organisasie ... Nou is dit my persoonlike oortuiging dat die skepping van 'n staatsdepartement vir die spesiale en afsonderlike behartiging van die belange van die 'Kleurlingbevolking' nie sal voldoen aan die wesensvereiste van 'n bo-individuele eenheidsgemeenskap nie." (23)

Op 23 November 1956 het mnr. I.J.M. van Zyl van Robertson geskryf dat daar opnuut oor die toekoms van die Kleurlinge gedink moet word.

> "Inherent was die meerderheid van die Kleurlinge nog nooit teen die blanke Afrikaners nie. Slegs

> deur omstandighede het dit so gekom dat hulle op politieke gebied meerendeels in een rigting gegaan het ... Hierdie saak roep om onmiddellike aandag, want die Kleurlinge moet by die blankes ingeskakel bly as 'n teenwig vir die bedreiging uit die Ooste, die Noorde en selfs reeds onder ons. Die blankes kan dit nie bekostig om potensiële vriende, hoe gering ook al, te verloor nie. Die Kleurlinge is deel van ons ou, gevestigde bevolking ... Hulle praat ons taal, behoort tot die Christelike Kerk en het geen ander tuiste as hoofsaaklik die Westelike Provinsie nie."

Op 21 November vra "Belangstellende" van Kaapstad wat die toekoms vir die Kleurlinge inhou. "Watter plek die Kleurling in ons samelewing sal inneem wanneer hy op 'n hoër peil gebring word, kan ons aan die toekoms oorlaat. Een ding staan vas: Verskaf ons daardie hulp nie, dan verloor ons die Kleurling as bondgenoot van die blanke, iets wat ons in hierdie land nie kan bekostig nie."
Op 10 Desember skryf S.J. Stipp van Rondebosch dat dit deels die Afrikaner se skuld is dat die Kleurlinge vyandig teenoor die Afrikaner staan. "Want wat het ons gedoen om hulle by ons te hou?... Waarom het die Regering nog nooit vooraanstaande Kleurlinge bymekaar geroep en aan hulle verduidelik dat ons hul vriende is en nie hul vyande nie?"

Hoewel Die Burger nie baie geesdriftig oor die Regering se Senaat- en Appèl-wetgewing was nie, het hy steeds sy tradisionele ondersteuningsrol met betrekking tot die Regering gespeel. Op 13 Mei 1955 het die koerant in 'n hoofartikel onder die opskrif, 'Die Torch Marsjeer Weer', gesê dat die VP se reaksie op die Senaatswetsontwerp streng volgens verwagting is. Volgens die koerant bly die sentrale geskilpunt steeds die Kleurlingstemreg. Hieroor het die volkswil hom reeds duidelik t.g.v. aparte verteenwoordiging uitgespreek. Op 19 Mei het Die Burger gereageer op 'n brief wat in die koerant verskyn het waarin 'n vraagteken geplaas is op die VP se sg. blitsregistrasies van Kleurlingkiesers, aangesien die Kleurlingstem in die provinsiale verkiesing met die uitsondering

van een of twee setels, geen uitwerking getoon het nie. Die Burger het sy argument herhaal dat die VP in die algemene verkiesing van 1953 nie Kleurlinge op groot skaal geregistreer het nie, maar dat hy dit steeds kan verdriedubbel as hy wil. "Geen versekering dat daardie reg nie gebruik sal word kan deur Nasionaliste aanvaar word nie. Sulke blits-registrasies van Kleurlinge is immers lank vóór, en in sekere kiesafdelings ook tydens die Nasionale bewind uitgevoer, en dit sal in die toekoms gedoen word wanneer die omstandighede volgens die VP se oordeel gunstig is." (24)

In Mei 1955 het 'n groep van 12 Afrikaner-akademici aan die Universiteite van Pretoria en Suid-Afrika onder leiding van prof. W.A. Kleynhans 'n petisie onderteken waarin die Regering aangeval is oor sy planne vir die hersamestelling van die Senaat - 'n optrede wat gesien kan word as "the first verligte Nasionalist anti-Government protest". (25) Die Burger het op 18 Mei gereageer op die akademici se uitsprake. Die koerant het kritiek op hulle uitgespreek omdat hulle nie hul verklaring eers aan die Regering voorgelê het nie en hul verklaring nou as propaganda deur die VP gebruik word.

> "Van die Senaatswetsontwerp op sigself kan geen regdenkende mens hou nie. Dit is vir Nasionaliste en Nasionaalgesindes alleen aanneemlik as 'n moontlike middel om die heeltemal onhoudbare posisie te beëindig wat in verband met die vraagstuk van die Kleurlingstem deur die VP geskep is .... Alle ander Nasionaliste sal hulle dankbaar wees as hulle vir die Regering 'n beter konstitusionele weg as die Senaatswetsontwerp kan aandui." (26)

Op 20 Mei het die koerant skerp gereageer op die agitasie teen die Senaatswetsontwerp waarin die Regering onder meer van eerloosheid en troubreuk beskuldig is.

> "Laat ons reguit praat. Die grote gros van Opposisiegesinde Engelssprekendes het geen begrip van die sentrale geskilpunt nie ... Hulle het geen besef

van wat die VP, hulle party, deur die jare met die Kleurlingstem aangevang het, en waarvoor hy dit in die toekoms kan gebruik nie ... Met die opkoms van die Nasionalisme onder die Afrikaners, is die kwynende getal Afrikaanse Sap-stemme voortdurend in die sleutelkiesafdelings van Kaapland aangevul deur die registrasie en bearbeiding van Kleurlingstemme. Hierdie groeiende reservoir van potensiële Kleurlingkiesers is na behoefte getap om die Nasionalisme onder te dompel. Waarom was in 1954 in die Paarl 2,500 Kleurlinge geregistreer en in Suid-Skiereiland net 662? Waarom was in Worcester 1,800 geregistreer en in Rondebosch net 383? Omdat daar in eersgenoemde kiesafdelings baie Afrikaners is en in laasgenoemdes nie. Met verloop van tyd is duisende Kleurlinge in 'Afrikanerkiesafdelings' geregistreer om die VP aan die bewind te hou of te kry ... Daarom laat die 'morele' verontwaardiging van die Opposisie in die konstitusionele stryd die Nasionaliste koud. Agter daardie verontwaardiging lê die bittere magsfeite van die partypolitiek soos die VP dit oor die lange jare bedryf het. In Nasionale oë - noem dit maar ook Afrikaneroë - veg die party van die meeste Engelssprekendes vandag fundamenteel vir geen erkende sedelike waardes in die politiek nie, maar wel vir die behoud van 'n massale Kleurlingstem waarvan hy al hoe afhankliker word namate sy Afrikaner-aanhang krimp." (27)

Op 24 Mei het <u>Die Burger</u> in 'n hoofartikel onder die opskrif, 'Geen Ander Weg nie', gereageer op die debat oor die Senaatswetsontwerp wat in die Volksraad begin het.

"Diegene wat nog flou gehoop het dat daar 'n ander en meer bevredigende weg as die Senaatswetsontwerp kon wees om die stryd oor die Kleurlingstemreg te beëindig, is deur gister se debat in die Volksraad ontnugter ... Teen so 'n volkswil kan geen misbruik van konstitusionele masjinerie op die duur bestand

bly nie. Dit is die masjien wat die dwarsboming van 'n herhaaldelik goedgekeurde beleid moontlik gemaak het, en nie die beleid nie, wat nog telkens in demokratiese lande moes wyk. Só is dit nou in Suid-Afrika. Wat vir staatsmanne oorbly, is om die insidentele skade tot die minimum te beperk."

Op 26 Mei het Die Burger gesê dat die Regering lank genoeg wetgewing uitgestel het om die konstitusionele stryd te beëindig en dat enige verdere pleidooie vir geduld op dowe ore val. "Raadgewinge van geduld uit daardie party (die VP) het vandag 'n onheilspellende klank. Terwyl die Regering 'geduld' beoefen, is die VP in staat om op groter skaal te herhaal wat hy in 1949 in die Paarl en Bredasdorp en vóór die jongste provinsiale verkiesing in Worcester en Vasco gedoen het. Dat dit nie reeds op groter skaal gebeur het nie, het die land te danke aan die feit dat die vraagstuk voortdurend deur die NP onder die aandag gehou is." (28)

Op 28 Mei het Dawie in sy rubriek gesê dat die nuwe Senaat waarskynlik ná die verkryging van die tweederdemeerderheid weer na sy ou gedaante sal terugkeer. "Die Senaat word met 'n spesifieke doel herskep. Die doel is om aan die Regering 'n meerderheid van twee-derdes te besorg. As die doel 'n beter Senaat was, dan sou die Regering met 'n ander plan voor die dag gekom het, en nie met hierdie een nie. Maar as die doel eers bereik is, as die Kleurlinge op die afsonderlike lys is, wat dan? Gaan ons bly sit met die nuwe Senaat? Ek kan dit vir geen oomblik glo nie. Ook van Nasionale kant sal daar die sterkste aandrang op 'n verandering kom ..." Op 22 Augustus het Die Burger in 'n hoofartikel gesê dat die Regering ingrypender maatreëls as die Senaatwetgewing kon aanneem en dat die Opposisie die skuld vir 'n groot deel van die Regering se optrede moet dra. "Die proses (die Senaatwetgewing) kan uiteraard nouliks aangenaam wees selfs vir diegene wat dit moet uitvoer, en het inderdaad ook reeds neweprodukte opgelewer waarvan niemand kan hou nie. Dit sal nogtans end-uit deurgevoer moet word in die opregte oortuiging dat dit die beste beskikbare keuse was en is." (29)

Op 7 Oktober het Die Burger in 'n hoofartikel gesê dat die tyd verby is toe die verwyt regverdig was dat behoorlike oorleg met die Kleurling deur die Nasionale regering verwaarloos is. "Intussen het die Afdeling Kleurlingsake volhardend gewerk om nouer voeling met die Kleurlinge te verkry, totdat dit nou gekom het tot 'n konferensie van vooraanstaande Kleurlinge met die amptenare wat die meeste met hul besondere vraagstuk te doen het. Ons maak ons geen illusies oor die moeilikhede waarmee hierdie benadering te doen sal kry nie ... Daar is aan albei kante genoeg goeie wil vir die begin van 'n nuwe bedeling in ons rassebetrekkinge." (30)

Op 25 November 1955 is die senatore vir die nuwe Senaat verkies. In 'n hoofartikel het Die Burger weer eens min geesdrif vir die nuwe wetgewing getoon.

> "Niemand is verlief op die Senaatwet nie. As daar in Suid-Afrika 'n verstandige Opposisie was, hoef daar geen Senaatwet te gewees het nie. Maar terwyl in Suid-Afrika nie toegelaat kan word dat die Opposisie regeer nie, sal die Regering sy duidelike plig versaak het as hy nie die masjinerie geskep het wat hom in staat moet stel om sy opdrag uit te voer nie ... Masjinerie word in werking gestel om die konstitusionele dooie punt wat deur die Opposisie geskep is, te beëindig. Klaarblyklik is dit abnormale masjinerie wat deur 'n abnormale situasie vereis word. Wanneer die dooie punt beeindig is, sal dit moontlik wees om tot normaliteit terug te keer." (31)

Aan die begin van die Parlementsitting van 1956 het die Regering die Wetsontwerp tot Wysiging van die Suid-Afrika-wet ingedien wat voorsiening gemaak het vir die herroeping van art. 35 van die Grondwet wat die Kaapse gekleurde stemreg verskans het. Die Burger

het in 'n hoofartikel op 17 Februarie die wetgewing verwelkom en gesê dat dit 'n belangrike beginsel in die staatkundige lewe herstel nl. dat die wil van die kiesers, soos by die stembus uitgespreek en daarna deur die Parlement vertolk, alleen deur die kiesers verander kan word en nie deur 'n mag van buite nie (32). Kort daarna is die ou Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers ook by 'n verenigde vergadering van die Parlement ingedien.

Op 21 Februarie 1956 het Die Burger in 'n hoofartikel die vraag behandel of rassebetrekkinge tussen blankes en Kleurlinge verbeter sal word met die instelling van aparte verteenwoordiging. Die koerant het die stelling herhaal dat die gemeenskaplike lys gif was vir die betrekkinge tussen blank en Nie-blank en onderling tussen blankes.

> "Die eerste uitwerking van die aparte lys sal wees 'n gesonder verhouding tussen die twee vernaamste partye, omdat die onmiddellike moontlikheid van volgestopte kieserslyste sal verdwyn het ... 'n Beter gees tussen die blankes is nog altyd 'n voorvereiste vir 'n beter gees teenoor die Nie-blankes ... Eers dan kan ons hoop op groter objektiwiteit en perspektief in die langtermyn-vraagstukke wat die veelrassigheid van Suid-Afrika aan ons opdring." (33)

Op 22 Februarie het die koerant herhaal dat die verminderde aantal Kleurlingkiesers nie 'n genoegsame waarborg is dat die VP nie sg. blits-registrasies sal toepas om Nasionaliste uit te stem nie.

> "Maar daar is ook 'n ontsettende, baie onmiddellike gevaar vir rasseverhoudinge, wat sou bly voortbestaan selfs al daal die totale Kleurlingstem in Kaapland nog verder ... Maar die waarheid is dat die VP in enige toekomstige algemene verkiesing met die Kleurlingstem 'n geweldige en miskien beslissende slag in Kaapstad kan slaan selfs met minder Kleurlingkiesers as wat vandag geregistreer is ... En die VP moet

asseblief nie kom sê dat hy dit nie sal doen nie, want hy het dit gedoen - vlak voor die verkiesing van 1948 (maar ontoereikend): en hy sou dit in 1953 sonder twyfel herhaal het as die faktore wat ons genoem het, nie aanwesig was nie." (34)

Op 27 Februarie het die koerant gesê dat die NP byna 'n kwarteeu gelede aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge as sy beleid aanvaar het.

"Die VP gaan met die wet (Wysiging van SA-Wet) hof toe. Wat die uitspraak ook mag wees, dit is 'n futiele weg. As daar een ding is wat bo alle twyfel uit hierdie uitgerekte stryd blyk, dan is dit dat die kiesers vasbeslote is dat die aparte lys moet kom ... Teen sy agtergrond gestel, beteken die aanname van hierdie wetsontwerp die voltooiing van die wetgewende struktuur van die apartheidsbeleid in sy breë trekke ... Wat die NP en die Regering betref, hulle besef natuurlik dat hierdie wet op sigself geen volslae oplossing is nie, maar eerder die middel om oplossings te bereik. Op die grondslag wat die wet bied, moet die Kleurlingbeleid ontwikkel word, soos die naturellebeleid ontwikkel word op die grondslag wat die naturelle-apartheidswette geskep het." (35)

Op 28 Februarie 1956 het Die Burger in 'n banieropskrif aangekondig dat die Parlement die Stemwet met 'n meerderheid van meer as tweederdes aangeneem het en sodoende die kroon op die Regering se stryd gespan het. In 'n hoofartikel onder die opskrif, 'Die Oorwinning', het Die Burger dit verwelkom dat die konstitusionele stryd nou beëindig is.

"Daardie uiteinde wil ons vandag met dankbaarheid en verligting begroet eerder as met leedvermaak oor die nederlaag van teenstanders. Want die doel van ons stryd was nie die vernedering van politieke

vyande nie. Dit was om 'n bron van vergiftiging vir die rassebetrekkinge in ons land, tussen blank en blank en tussen blank en Nie-blanke, te verwyder ... Vandag bestaan die moontlikheid van 'n nuwe begin ... Die versoeking van die partye tot regstreekse politieke opsweping van die Kleurling gaan nou verdwyn. Daarmee gaan enige neiging by Nasionaliste om in die Kleurling net 'n politieke vyand te sien en niks meer nie, besweer word ... Die moontlikhede vir so 'n groter vrede, wat met die gesamentlike kieserslys nie eens bestaan het nie, is geskep. Hoe dit benut sal word, hang af van onsself, van elke Suid-Afrikaner."

Die Wysigingswetsontwerp op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers het in twee opsigte verskil van die oorspronklike 1951-wetgewing. Eerstens het dit bepaal dat die twee lede van die Kaaplandse Provinsiale Raad wat die Kleurlinge sal verteenwoordig, blankes moet wees en tweedens is die aantal lede van die beplande Uniale Raad vir Kleurlingsake uitgebrei. In die eerste opsig was die wetgewing 'n verbreking van die ooreenkoms tussen Havenga en dr. Malan in Oktober 1950 waarvolgens Kleurlinge steeds die reg sou hê om tot die Kaapse Provinsiale Raad verkies te word. Havenga het skerp kritiek op Strijdom se optrede gelewer (36).

In 'n hoofartikel op 22 Maart het <u>Die Burger</u> gereageer op die wysiging van dié twee bepalings.

"In verband met die eersgenoemde wysiging is daar sekere Nasionaalgesindes wat opreg meen dat Kleurlinge reeds te vinde is wat hul mense met waardigheid en groot nut in die Provinsiale Raad en miskien selfs in die Volksraad sal kan verteenwoordig. As dit so is, dan verrys die vraag tog of, in die huidige omstandighede en ná die jarelange verbitterende stryd, sulke Kleurlinge wel verkies sal word,

en nie dalk ander wie se optrede die belofte van beter betrekkinge al dadelik sal help vernietig nie. Soortgelyke oorweginge ontstaan in verband met die samestelling van die Kleurlingraad." (37)

Bg. hoofartikel toon dat Die Burger reeds in 1956 gedink het aan die verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement en hom nie ver bevind het van Havenga se sieninge in dié verband nie. Sir De Villiers Graaff het ook in die Parlement verwys na bg. hoofartikel deur Die Burger en gesê dat sommige Nasionaliste sou wou sien dat Kleurlinge deur hulle eie mense in die Parlement verteenwoordig moet word (38). Op 19 April het Die Burger weer in 'n hoofartikel na dié gedagte verwys toe gesê is dat 'n "samehangende saak uit te maak is" vir die verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement. Die Burger het dié argument egter gebruik in die konteks van 'n argument wat deur die VP aangewend kan word (39).

Die Kleurlinge se reg om voor 1956 Kleurlinge tot die Kaapse Provinsiale Raad te verkies, het saamgehang met hul reg om tot voor 1972 as kandidate genomineer te word en te stem vir munisipale stadsrade in Kaapland - 'n reg wat teruggedateer het tot die Cape Municipal Ordinance van 1836. In Kaapland is in 1971 kragtens ordonnansie 19 van 1971 'n maatreël ingestel dat Kleurlinge nie langer op gewone munisipale kieserslyste geregistreer kan word nie en dat diegene wat reeds daarop geregistreer is, alleen daarop kan bly totdat hulle in 'n Kleurlinggroepsgebied vir registrasie op die kieserslys van 'n Kleurlingbestuurskomitee kwalifiseer (40). Voor Kleurlingkiesers se verwydering van die gemeenskaplike munisipale kieserslyste van Kaapland in 1972, het verskeie prominente Kleurlingleiers in die Kaapstadse stadsraad gedien. Dr. Abdullah Abdurahman was voor sy dood in 1940 lank stadsraadslid en voorsitter van Kaapstad se straat- en dreineringskomitee (41). Sy dogter, mev. Z. Gool, was meer as 20 jaar lid van die Kaapstadse stadsraad (42). In 1946 was daar altesame 7 gekleurdes wat in stadsrade in Kaapland gedien het - vier in Kaapstad, een in Port Elizabeth en twee in Goodwood (43). In 1955 was daar nog steeds

vier Kleurling-raadslede in die Kaapstadse stadsraad (44).

Sedert Uniewording was daar altesame agt plaaslike owerhede in die Kaapprovinsie waar Kleurlinge as kandidate in verkiesings gestel is nl. in Port Elizabeth, Paarl, Bellville, Goodwood, Kaapstad, Simonstad, Kinberley en die Afdelingsraad van die Kaap. Slegs in ses uit die agt gebiede was Kleurlingkandidate suksesvol nl.

Port Elizabeth (1942-1947) - 3 raadslede (1 Indiër)
Afdelingsraad Kaapstad (1939-1974) - 3 raadslede
Kimberley (1960-1972) - 5 raadslede
Goodwood (1954-1971) - 9 raadslede (2 Indiërs)
Kaapstad (1904-1972) - 20 raadslede (4 Indiërs)
Simonstad (1947-1968) - 1 raadslid (45)

Die presiese invloed van die Kleurlingkiesers op die munisipale lyste is moeilik bepaalbaar. Sommige meen dat Kleurlingraadslede se rol beperk was, aangesien hulle altyd 'n klein minderheid teenoor die Blanke raadslede gevorm het (46). Van der Ross meen egter dat Kleurlingkiesers teen 1960 'n aansienlike invloed in die 15 stadswyke van Kaapstad uitgeoefen het (47). In bg. plaaslike owerhede het die aantal Kleurlingkiesers altyd 'n minderheid teenoor die blanke kiesers gevorm - gewoonlik in die getalsverhouding 2:1. In Goodwood was die persentasie Kleurlingkiesers die hoogste nl. 40 persent. Dit blyk ook dat Kleurlingkiesers voor 1972 dikwels hul steun aan blanke kandidate toegesê het - selfs in wyke waar Kleurlingkandidate hulle verkiesbaar gestel het. Daar was min voorbeelde van georganiseerde blokvorming in die stempatrone van die Kleurlingkiesers (48).

Nasionale leiers het reeds vroeg hul ontevredenheid met die Kleurlinge se gemeenskaplike munisipale stemreg uitgespreek en dié gevoel het ná 1948 toegeneem. Soos met parlementêre verkiesings is gevoel dat die Kleurlingstem die skaal teen Nasionaliste in munisipale verkiesings kan swaai. Volgens Nasionaliste is in Julie 1950 in twee wyksverkiesings vir die munisipale raad van die Paarl VP-ondersteuners naelskraap verkies met behulp van die Kleurlingstem ten koste van NP-ondersteuners (49). In Augustus 1951 het Die Burger prominensie verleen aan die moontlikheid dat

die eerste gekleurde burgemeester in Suid-Afrika dalk in Goodwood verkies kan word. In wyk I van Goodwood is ses blanke en drie Nie-blanke kandidate genomineer, wat die vrees by kiesers laat posvat het dat die blanke verdeeldheid sou lei tot die verkiesing van 'n gekleurde. Daar is later ooreengekom dat van die blanke kandidate hulle sou onttrek sodat die blanke stem nie verdeel word nie (50).

In 1956 het twee tussenverkiesings plaasgevind in kiesafdelings met 'n taamlike groot aantal Kleurlingkiesers - die laaste ooit op die gemeenskaplike lys. Die twee kiesafdelings was Worcester en Uitenhage. Die verkiesing in Worcester het op 30 Mei plaasgevind en hoewel die aantal Kleurlingkiesers van 1,575 in 1954 toegeneem het tot 1,721 het die NP se meerderheid konstant gebly op 1,340. In 'n hoofartikel op 1 Junie het Die Burger gesê dat die verkiesing plaasgevind het op die ou patroon nl. dat die VP vir sy eie agteruitgang onder die blankes vergoed met die bykomende registrasie en mobilisasie van Kleurlinge. "In dieselfde mate is die NP se breë rigting van aparte ontwikkeling en afsonderlike verteenwoordiging, en van een blanke nasieskap onder enkele simbole bekragtig. Hierdie saak staan so oorweldigend sterk, dit kan so weinig aangetas word deur die ondermyning en die opportunisme wat die VP daarteen aanwend, dat Nasionaliste, hoog en nederig, sal moet waak teen oormoed." (51) Die laaste tussenverkiesing op die gemeenskaplike lys was op 4 Desember in Uitenhage. Hier het die Kleurlingkiestal met sowat 200 gedaal en is die NP-meerderheid paradoksaal van 1,742 in 1964 tot 1,465 verlaag. Die mening dat 'n verlaging in Kleurlingregistrasies 'n vergrote NP-meerderheid sal veroorsaak, is hier, soos in enkele ander kiesafdelings, ook verkeerd bewys.

Die aanhoor van besware deur die VP teen die Senaatwet het in April 1956 in die Kaapse Hooggeregshof begin. Op 18 Mei het die Hof bevind dat die Senaatwet wettig was. Die VP het onmiddellik daarna na die Appèlhof geappelleer. Op 9 November het die vergrote Appèlhof met tien teen een beslis dat die Regering wetlik korrek opgetree het met die plasing van die Kleurlinge op 'n aparte lys. In 'n hoofartikel op 10 November onder die opskrif, 'Volk en Parlement Seëvier', het Die Burger gesê dat die uitspraak die

regstryd oor die plasing van die Kleurlinge op 'n aparte kiesers-lys finaal beëindig en dat dit 'n Nasionale prestasie is op die konstitusionele pad van Suid-Afrika - nog een by die vele wat reeds aangeteken is.

Hoofregter Centlivres het in sy uitspraak bevind dat die Senaatwet wel deur die Regering deurgevoer is met die oogmerk om 'n meerderheid van twee-derdes te verkry, maar dat die doel van die wet irrelevant was ten opsigte van sy regsgeldigheid. In dié opsig het sy uitspraak verskil met dié wat met betrekking tot die Hoë Hof van die Parlement gemaak is (52). Appèlregter O.D. Schreiner het nie saamgestem met die meerderheidsbeslissing oor die Senaatwet nie en die vraag gestel of die ad hoc Senaat wat vir die doel van die tweederdemeerderheid geskep is, wel 'n Parlement was soos in terme van art. 152 voorsiening gemaak is. Schreiner het gemeen nee, aangesien die Senaat kragtens die Senaatwet al sy oorspronklike eienskappe verloor het. Die provinsies het nie meer gelyke verteenwoordiging geniet nie en die stelsel van proporsionele verteenwoordiging waarvolgens die kleinere provinsies 'n stem gehad het, het verdwyn. Volgens hom was dit nie 'n Senaat wat die Wysigingswet op die SA-Wet deurgevoer het nie, maar die ontbinde lyk van konstitusionalisme (53).

Hoe dit ook al sy, dié drastiese wetgewing is deur die Regering en ook deur Die Burger gesien as noodsaaklik om "die bron van vergiftiging" in die Unie se rassebetrekkinge te verwyder. Daar is met optimisme gekyk na die nuwe bedeling, wat volgens die voorstanders daarvan, 'n nuwe era van verbeterde rassebetrekkinge en ontwikkeling sou inlui.

(1) Schoeman, Malan tot Verwoerd, p. 121.

(2) D.W. Krüger, 'Die triomf van Nasionalisme en die totstandkoming van die Republiek 1948-1961', in Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 586 en Forsyth p. 70.

(3) M. van Schoor, 'Hoe 'n joernalis mens word', De Kat, I (5), (November 1985), p. 24.

(4) P.A. Weber, 'Die Burger - sy stryd, invloed en tradisie', in J.P. Scanell (samesteller), Keeromstraat 30, p. 32.

(5) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985. (Sien ook hfst. 2).

(6) 'Mnr. Strijdom en die Howe', Die Burger, 13 Desember, 1954.

(7) Carter, Politics of Inequality, p. 267.

(8) Carter, Politics of Inequality, p. 270.

(9) Die Burger, 14 Januarie, 1955.

(10) 'Aparte kieserslys moet Kleurlinge teruglei na gemeenskaplike lys', Die Burger, 15 Januarie, 1955.

(11) 'Die Kleurlinge', Die Burger, 12 Januarie, 1955.

(12) 'Die Appèlhof-wetsontwerp', Die Burger, 25 April, 1955.

(13) 'Die nuwe plan', Die Burger, 12 Mei, 1955.

(14) 'Stadsraad stel twee Kleurlinge aan', Die Burger, 19 April, 1955.

(15) 'Geleenthede vir Kleurlinge', Die Burger, 29 April, 1955.

(16) 'Kleurlinge in Stadsdiens', Die Burger, 3 Junie, 1955.

(17) 'Stadsraad stel Kleurling voor Blanke aan', Die Burger, 10 November, 1955.

(18) 'Stadsdiens en Kleur', Die Burger, 10 November, 1955.

(19) 'Kleurlinge: Wat van die toekoms?', Die Burger, 20 Februarie, 1956.

(20) 'Kleurlinge en die toekoms', Die Burger, 25 Februarie, 1956.

(21) 'Gedagtes oor die aparte lys', Die Burger, 29 Februarie, 1956.

(22) 'Hoe pas Kleurlinge in die patroon?', Die Burger, 5 Maart, 1956.

(23) 'Waarheen met die Kleurlinge?', Die Burger, 7 November, 1956.

(24) 'Die kern van die vraagstuk', Die Burger, 19 Mei, 1955.

(25) Scher, p. 538.

(26) 'Maar wat van die vraagstuk?', Die Burger, 18 Mei, 1955.

(27) 'Vir die Engelssprekendes', Die Burger, 20 Mei, 1955.

(28) 'Die pleidooie vir geduld', Die Burger, 26 Mei, 1955.

(29) 'Die pad na 'n reëling', Die Burger, 22 Augustus, 1955.

(30) 'Oorleg met die Nie-blankes', Die Burger, 7 Oktober, 1955.

(31) 'Die Senaatsverkiesing', Die Burger, 25 November, 1955.

(32) ''n Stap na Nasieskap', Die Burger, 17 Februarie, 1956.

(33) 'Gesonder verhoudinge', Die Burger, 21 Februarie, 1956.

(34) 'Die getal Kleurlingstemme', Die Burger, 22 Februarie, 1956.

(35) 'Die aparte lys', Die Burger, 27 Februarie, 1956.

(36) Sien die Rand Daily Mail, 11 Mei, 1956 en Die Burger, 12 Mei, 1956.

(37) 'Bedeling vir Kleurlinge', Die Burger, 22 Maart, 1956.

(38) Sien Die Burger, 20 April, 1956.

(39) ''n Bekende situasie', Die Burger, 19 April, 1956.

(40) Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep, RP 38/1976, (Staatsdrukker Pretoria), p. 338.

(41) R.E. van der Ross, 'Coloured people not ready?', die Cape Times, 26 April, 1964.

(42) R.E. van der Ross, 'Coloured unity efforts', die Cape Times, 9 Maart, 1961.

(43) R.M. de Villiers, 'Politics', in E. Hellmann (red.), Handbook on Race Relations in South Africa, p. 529.

(44) O. Wollheim, 'Cape Coloured people adjust to urban life', The Forum, 3 (11), (Februarie 1955).

(45) RP 38/1976, p. 348.

(46) RP 38/1976, p. 348.

(47) R.E. van der Ross, 'Poor exhibition before Dag', <u>die Cape Times</u>, 12, Januarie, 1961.

(48) RP 38/1976, p. 348.

(49) <u>Die Kruithoring</u>, 2 Augustus, 1950.

(50) Sien 'Straks Nie-blanke burgemeester: Goodwood sal eerste in Unie wees', <u>Die Burger</u>, 9 Augustus, 1951 en 'Goodwood-kiesers stel eis', <u>Die Burger</u>, 10 Augustus, 1951.

(51) 'Vooruit ná Worcester', <u>Die Burger</u>, 1 Junie, 1956.

(52) Forsyth, p. 71.

(53) Forsyth, p. 73.

# HOOFSTUK 11

## DIE NUWE BEDELING

Op 26 November 1956 het 'n persverklaring deur SABRA oor die toekoms van die Kleurlinge in Die Burger verskyn. In die persverklaring word onder meer gevra dat (i) daadwerklike stappe gedoen word om die beoogde Kleurlingraad in die lewe te roep, (ii) oorweging daaraan geskenk moet word of die Kleurlinge in die ander provinsies nie ook in die Parlement verteenwoordig moet word nie en (iii) gesê dat daar geen sprake van gebiedskeiding tussen blankes en Kleurlinge kan wees nie (1). Die gedagtes wat deur SABRA geopper is, was merkbaar ondogmaties en het voorsien dat daar wesenlike veranderings in die Regering se Kleurlingbeleid kan kom.

In 'n ewe ondogmatiese hoofartikel op 26 November het Die Burger gereageer op SABRA se verklaring en die reeks 'prikkelende briewe' wat oor die Kleurlinge se toekoms in die koerant verskyn het. Volgens die hoofartikel is die koers wat die NP se swart-beleid ingeslaan het, reeds bekend en word dit nou uitgevoer.

> "Met die Kleurlingkwessie is dit nog nie die geval nie. Dit is maar in die laaste jare dat hierdie saak voorop in die gedagtes gekom het. Vir sover daar algemene punte van ooreenkoms tussen Kleurlingbeleid en naturellebeleid is - soos byvoorbeeld aparte woonbuurt en geriewe en nou ook aparte verteenwoordiging in die Parlement - weet ons waarheen ons wil. Maar, soos SABRA tereg aanstip, tussen die Kleurlingkwessie en die naturellekwessie is daar 'n grondverskil. Die Kleurlinggemeenskap is 'n adjunk van die blankes, 'n tussengroep. Anders as in die geval van die naturelle is daar vir hom geen nasionale tuiste waarop hy aangewys kan word vir sy ontwikkeling naas die blankes nie. In hierdie geval is dit 'n kwessie van aparte ontwikkeling in menige opsig tussen die blankes. Die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers het sekere nuwe middele

> vir so 'n ontwikkeling geskep. Administratief is daar reeds die Afdeling Kleurlingsake en die wenslikheid en moontlikheid van sy ontwikkeling tot volwaardige Staatsdepartement is op die lappe. Maar presies hoe hierdie middele gebruik moet word tot welsyn van die Kleurlinge en tot reëling van gesonde betrekkinge tussen blankes en Kleurlinge, daaroor ontbreek helderheid nog. Uit die aard van die stryd van die laaste jare was die openbare aandag toegespits op die skepping van hierdie middele en hul onmiddellike resultate eerder as op die ontwikkelinge wat logies en geleidelik daaruit moet vloei. Dit is hiervoor wat SABRA vra. Of 'n mens saamstem met al die gedagtes wat in die verklaring geopper word of nie, iedereen moet saamstem dat dit nou die tyd is om gedagtes oor hierdie saak te opper." (2)

Vir Die Burger was die toekoms van die Kleurlinge dus nog vloeibaar en is daar nog nie finaal oor die onderwerp gedink nie. Enige toekomstige denke moes egter binne die raamwerk van apartheid geskied. Aan 'n moontlike toekoms vir die Kleurlinge buite die raamwerk van apartheid het Die Burger nie vir 'n oomblik aan gedink nie. Bg. hoofartikel op 26 November 1956 het die oorsaak aangedui van die botsing met dr. Verwoerd sowat vier jaar later. Die Burger was ten gunste van 'n ondogmatiese wisseling van gedagtes oor die toekoms van die Kleurlinge (binne die raamwerk van apartheid), terwyl ander Nasionaliste nader aan Strijdom en Verwoerd ondersteuners was van die gedagte van gebiedskeiding en die verdere politieke uitskakeling van die Kleurlinge as magsfaktor. Die gedagte van ontwikkelinge wat "logies en geleidelik uit die verwydering van Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys moet vloei" was waaroor die twis later sou ontstaan, aangesien menings gewissel het oor presies wat "logies en geleidelik daaruit moet vloei". In dié twis het Die Burger nooit standpunt ingeneem ten opsigte van 'n spesifieke element van die Kleurlinge se politieke toekoms nie, behalwe dat hy 'n vrye en ope debat oor die onderwerp

wou hê. Die feit dat die koerant gereageer het op die "prikkelende briewe" en SABRA se relatief 'verligte' (3) verklaring oor die Kleurlinge se toekoms, het getoon dat Die Burger nie onsimpatiek was met sommige van die 'verligte' menings wat uitgespreek is nie. Een voorwaarde het die koerant egter gestel; enige denke oor die Kleurlinge se toekoms moes binne die raamwerk van apartheid plaasvind.

Aan die einde van 1956 is 'n algemene registrasie van kiesers gehou en is vasgestel dat die aantal Kleurlingkiesers in Kaapland van 37,649 op 1 Maart 1956 tot 29,455 op 25 Desember 1956 gedaal het (4) - 'n daling van 8,194. Die mees dramatiese daling was in die Paarl waar die getal Kleurlingkiesers met byna 'n duisend tot 1,336 geval het (5). In 'n tydperk van drie jaar het die aantal Kleurlingkiesers dus met byna 20,000 gedaal.

In die tydperk 1957/'58 het Die Burger hoofsaaklik daarop gekonsentreer om die nuwe positiewe ontwikkelinge van die apartheidsbeleid soos dit die Kleurlinge geraak het, te propageer. Die algemene verkiesing van 1958 het dan ook plaasgevind binne die raamwerk van die nuwe bedeling waarin Kleurlingkiesers vir vier blanke verteenwoordigers in die Parlement kon stem.

Op 28 Maart 1957 het die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, in die Senaat aangekondig dat die Afdeling Kleurlingsake op 1 April uitgebrei gaan word deur die oorname van sekere welsynsdienste vir Kleurlinge en dat voorsien word om dit later tot 'n selfstandige staatsdepartement uit te bou. Die Burger het in 'n hoofartikel op 1 April die aankondiging verwelkom en gesê dat die nuwe bedeling vir Kleurlinge stadig maar seker besig is om vorm aan te neem.

> "Hul ou skaduagtige, dubbelsinnige posisie aan die rand van die blanke gemeenskap word geleidelik verruil vir dié van 'n bevolkingsgroep in sy eie reg, met sy eie onvervreembare woongebiede, sy eie mondstukke en bestuursorgane, sy eie geleenthede vir groei en vordering ... Dit is die Regering se wens

> dat hierdie grootse proefneming wat nou aan die gang is, 'n behoorlike kans moet kry ... Hier kan elkeen begin deur voor sy eie deur te vee. By baie blankes bestaan 'n reserwe van welwillendheid teenoor die Kleurlinge en sy strewe wat geen vrye uiting gehad het solank die Kleurlingstem 'n siniese magspolitieke faktor in die blankes se twiste uitgemaak het nie ... Maar die verwyderingsproses het op sy beurt aanleiding verskaf tot die opstoking van geweldig baie kwaaie gevoel, en dit sal tyd, geduld en harde werk aan alle kante kos om die skade ongedaan te maak." (6)

Op 15 April het <u>Die Burger</u> weer eens skerp kritiek gelewer op die VP se beleid wat volgens die koerant in die praktyk neerkom op integrasie en die geleidelike eenwording van swart en wit.

> "Die hele politieke geskiedenis van Suid-Afrika leer egter dat dit 'n onfeilbare middel tot al hoe rampspoediger verdeeldheid tussen die blankes is. Die breedste blanke samewerking is in die verlede steeds verkry, nie op grond van 'n integrasie-program nie, maar vir die toepassing van die skeidingsbeginsel. En dit spreek ook vanself: 'n verenigde blanke nasie in Suid-Afrika veronderstel tog skeiding, nie integrasie van die Bantoes nie ... Maar dit is presies wat die hedendaagse VP verwerp. Daarom is hy die groot verdeler en skeurder in die Suid-Afrikaanse politiek, die ergste saboteur van die beginsel wat sy leier so onoortuigend prewel; 'n verenigde blanke Suid-Afrikaanse nasie." (7)

In 'n hoofartikel op 13 Mei het <u>Die Burger</u> beklemtoon dat apartheid net kan slaag indien dit deur die gekleurdes van Suid-Afrika aanvaar word.

> "Om te slaag en aan sy doel te beantwoord, moet 'n kleurbeleid ook deur die grootste deel van die Nie-

> blanke bevolking aanvaar word. Die volgehoue en later aktiewe vyandskap van die Nie-blankedom sou die toepassing van enige beleid op die lange duur onmoontlik en onhoudbaar maak. Dit geld ook vir die Nasionale beleid van apartheid. In ons apartheidsbeleid is daar baie wat as negatief bestempel sou kan word. Ons maak skeiding tussen blank en Nie-blank, en dit bring mee die inkorting of weiering van sekere regte en voorregte aan Nie-blankes in blanke gebiede. In sy wese is apartheid egter positief in die sin dat dit aan die naturel op sy terrein en in sy gebied wil gee wat die blanke in syne het ... As ons hierdie goedgesindheid en samewerking nie win nie, as ons positiewe planne in vyandskap ontvang en in haat geduld word, dan is die toekoms donker vir meer as net ons beleid ... Die dilemma waarin ons verkeer, is wesenlik, maar die uitweg lê duidelik voor die hand. Om te slaag moet 'n kleurreëling deur die grootste deel van die Nie-blanke bevolking aanvaar word ... Maar daardie deel van ons beleid moet ook deur die blankes aanvaar word." (8)

Bg. hoofartikel is vanweë sy openhartigheid en nugtere realisme in meer as een opsig verstommend. Dié geskrewe stuk is geskryf kort ná die afloop van 'n uitgerekte stryd waarin 'n groot deel van die Kleurlingbevolking teen die wil van die meerderheid 'n invloed, hoe klein ook al, in die sentrale gesag van die land verloor het - 'n optrede wat dieselfde koerant sterk ondersteun het. Dit moet egter in gedagte gehou word dat <u>Die Burger</u> na aanleiding van die getuienis voor die Kleurlingstemkommissie in 1953/'54 geglo het dat 'n wesenlike deel van die Kleurlingbevolking apartheid verkies en ondersteun het. Al wat nou gedoen moes word, is om met meer positiewe reëlings nog groter steun vir apartheid onder die Kleurlinge te verkry. Bg. hoofartikel dui egter daarop dat die koerant nie seker daarvan was of dit op groot skaal moontlik was nie.

Op 4 Junie is aangekondig dat eerw. J.M.N. Breedt van Wellington aangestel is as Senator om die belange van die Kleurlingbevolking in die Senaat te behartig. In die berig in Die Burger word gesê dat dit die eerste keer is dat die Kleurlinge 'n verteenwoordiger in die hoogste raad van die land kry en ook die eerste praktiese stap is tot verteenwoordiging vir Kleurlinge in die Parlement. Die volgende stap sal die verkiesing wees van vier blanke verteenwoordigers om Kleurlinge se belange in die Volksraad te behartig (9). In 'n hoofartikel op 5 Junie het Die Burger eerw. Breedt se aanstelling verwelkom.

> "Ons glo dat die aanstelling ook gesien moet word as 'n erkenning van hierdie regering se bereidwilligheid en selfs gretigheid om by die begin van 'n nuwe bedeling te put uit die ryke ervaring van die Kerk op die gebied van die verhoudinge tussen blankes en Kleurlinge. Hierdie bedeling is 'n proefneming, 'n poging tot 'n nuwe begin. Dit word bedreig deur baie kwaaie wil, 'n erfenis van die geweldige politieke stryd wat dit voorafgegaan het ... Die land het die beste beskikbare manne nodig vir die taak om die rasseverhoudinge gesond te maak en dit is eindeloos omdat soveel magtige invloede voortdurend in die teenoorgestelde rigting aan die werk is." (10)

Op 14 Junie het Die Burger in 'n hoofartikel 'n voorstel van die LPR vir Vasco verwelkom dat die moontlikheid ondersoek moet word van 'n Kleurlingbestuur vir die Kleurlinggedeelte van die Noordelike Kaapse stadsgebiede van Bellville en Parow. "Dat die Kleurlinggemeenskap in sy eie omgewing die seggenskap sal kry en die bestuur sal uitoefen, dit lê in die hele wese van die apartheidsbeleid. Aan die een kant voldoen dit aan die wettige aspirasies van die Kleurlinggemeenskap. Aan die ander kant verwyder dit die wrywinge wat ontstaan wanneer die twee gemeenskappe in dieselfde plaaslike bestuursliggaam verteenwoordig word." (11)

In Augustus 1957 het die VP op sy Uniale kongres in Bloemfontein 'n eenvormige Kleurlingbeleid geformuleer as deel van die party se

sg. Senaatplan. Daarvolgens sou die Kleurlinge weer op die gemeenskaplike lys geplaas word indien die VP aan die bewind sou kom. Kleurlinge in Transvaal en die Vrystaat sou die reg verkry om blanke verteenwoordigers in die Senaat aan te wys en die nuwe Senaat sou ook afgeskaf word (12). In 'n hoofartikel op 16 Augustus het Die Burger gesê dat die VP met dié beleid 'n vonnis van blanke kiesers vra en dat hulle met die party gaan afreken in die 1958-verkiesing (13).

In September 1957 is begin met die afbakening van die Kleurling-kiesafdelings vir die 1958-verkiesing. Op 21 September het Dawie in sy rubriek gesê dat daar 'n opvallende gebrek aan belangstelling was met die afbakening van dié Kleurlingsetels. "Die VP het nie eens die gebruiklike kaart geteken nie. So verander die tye ... Onthou u nog wat voor die algemene verkiesing van 1948 gebeur het toe die VP binne 'n paar weke byna 3,000 ekstra Kleurlinge in vier kiesafdelings laat registreer het? Ja-nee, die tye het verander."

Op 2 November is aangekondig dat die Afdeling Kleurlingsake van die Departement van Binnelandse Sake vanaf 1 April 1958 'n volwaardige staatsdepartement gaan word. Die Burger het dié aankondiging in 'n hoofartikel op 4 November verwelkom.

> "Ons hoop dat die verandering ook gepaard sal gaan met meer gang en dryfkrag in die uitvoering van die positiewe apartheidsbeleid vir die Kleurlinge, van wie 'n groot deel vandag onverskillig, ongelowig en bitter staan teenoor wat gedoen en beoog word. Dit is die skuld van omstandighede heeltemal buite die beheer van dr. I.D. du Plessis en sy manne, wat in 'n moeilike atmosfeer waardevolle aanvoorwerk gedoen het vir die baie groter werk wat voorlê." (14)

Aan die begin van Januarie 1958 het die CPNU van mnr. George Golding 'n konferensie in Kaapstad belê en besluit dat 'n beroep op Kleurlinge gedoen gaan word om met die Regering se Afdeling Kleurlingsake saam te werk. Daar is verder ook besluit om aan

die verkiesing van die Kleurlingverteenwoordigers vir die Volksraad deel te neem en dit nie te boikot nie (15). Mnr. Golding en sy party se bolmakiesie (die party was vroeër sterk gekant teen aparte verteenwoordiging) is deur Die Burger gesien as 'n moontlike aanduiding van steun vir aparte verteenwoordiging en het dit in 'n hoofartikel op 9 Januarie bestempel as moedige besluite.

> "Om in sulke omstandighede reguit en openlik 'n positiewe koers voor te staan, kos moed en doelgerigtheid, wat in hoë mate veral deur die leier van hierdie hele beweging, mnr. G.J. Golding, aan die dag gelê is. Die inisiatief van die konferensie beteken dat die pad nou geopen word na veel ruimer en vrugbaarder kontak tussen die Kleurlinge en die owerhede ... Die besluite van die konferensie skep die moontlikheid van 'n omvangryke samewerking. Of dit werklikheid word, sal in die eerste plaas afhang van die invloed wat die konferensiegangers en hul simpatiseerders onder hul eie mense kan monster ... Aan blanke sowel as Kleurlinge, ook hulle wat nog bitter voel oor die verlede, is ons raad: Gee hierdie nuwe belofte 'n kans. Dit kan die begin word van 'n nuwe, beter tydvak in ons rasseverhoudinge." (16)

Op 10 Januarie het Die Burger skerp gereageer teen berigte in die opposisiepers oor besluite wat op die NP-kongres met betrekking tot die Kleurlinge aangeneem is en 'ter inligting' aan die CPNU se konferensie oorgedra is - 'n poging deur die Engelstalige pers om Golding te beïnvloed om nie te veel positiewe geluide teenoor die Nasionale regering te maak nie.

> "Dit is soos hierdie mense nog altyd politiek gespeel het met die verhoudinge tussen die Afrikaners en die Kleurlinge, en dit is een van die groot oorsake waarom die Wet op die Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers nodig geword het. Binne die nuwe raamwerk kan sulke sabotasie van rasseverhoudinge beter beperk

regering gesien het nie. 'n Engelssprekende politikus het die situasie met die verkiesing van die Kleurlingverteenwoordigers só gestel: "Apathy has fallen like a blanket over the whole community. Indifference is encouraged by the behaviour of many Coloured leaders, who adopt a negative attitude, preferring passive resentment to political action." (25)

Die Burger het nog op 4 April optimisties berig dat baie Kleurlinge gaan stem het en dat die boikot min uitwerking getoon het. "Dit lyk of die beroep deur die beweging teen die Departement van Kleurlingsake om die stembus te boikot, nie veel uitwerking gehad het nie", het die berig gelui (26). Op 9 April moes Die Burger egter sy deuntjie verander toe die eerste uitslae bekend gemaak is. In 'n berig onder die opskrif, 'Drif bedaar onder die Kleurlinge', het Die Burger erken dat daar flou gestem is en dat die gemiddelde stempersentasie onder die 50 persent was. Die koerant het dit egter toegeskryf aan onverskilligheid onder die kiesers eerder as sukses vir die boikotbeweging "wat beperk is tot 'n klein groep van geleerde Kleurlinge". Die berig het verder gelui:

> "Die floue stemming staan in skerpe teenstelling met die negentig tot honderd persent wat gestem het in die dae toe die VP die Kleurlinge teen die Nasionaliste georganiseer het. In dié mate toon die verkiesing dus 'n verslapping van die rassespanning wat onder die ou bedeling bestaan het en deur die VP aangewakker is ... In elk geval gee die eerste proef met afsonderlike verteenwoordiging 'n sekere hoop dat die nuwe stelsel meer bevredigend sal ontwikkel as die afsonderlike naturelleverteenwoordiging. Die kiesers het wel teen die Nasionale bewind te velde getrek en gaan teen afsonderlike verteenwoordiging werk, maar die lae persentasie van stemme wys hoe die politieke drif onder die Kleurlinge afgeneem het sedert die VP belangstelling vir hulle as hulp teen die NP verloor het."

Die Burger kon as 'n koerant wat die Nasionale regering onder-steun het, nooit erken dat aparte verteenwoordiging 'n mislukking vir die Regering was nie (27). As weerligafleier vir die Regering het die koerant daarna sy propagandaveldtog teen die VP verskerp oor dié party se belofte om Kleurlinge weer op die gemeenskaplike lys te sit sodra hy weer aan die bewind kom.

In 'n hoofartikel op 8 April het Die Burger gesê dat die VP weer wil terugkeer na die bose ou dae "toe daardie party een seksie van die blanke kiesers, hoofsaaklik Afrikaanssprekend, by verkiesings beveg het deur Kleurlinge na behoefte te registreer." (28) Op 10 April het Die Burger erken dat die stempersentasies in die Kleurlingverkiesing laag was, maar gesê dat dit net weer toon hoe die VP in die ou bedeling die Kleurlingkiesers misbruik het. "Noudat die Kleurlinge op 'n aparte lys is, stem net iets meer as veertig persent van hulle. Op die gemeenskaplike lys het hulle negentig tot honderd persent - sommige sê honderd-en-vyf persent! - gestem. Só het die VP hulle aangejaag teen die blanke Nasionaliste. Dit is die bedeling wat die VP wil herstel." (29)

Op 11 April het Die Burger gereageer op sir De Villiers Graaff se mening dat aparte verteenwoordiging 'n mislukking is.

> "Hy (sir De Villiers Graaff) het in die lae persentasie van stemme in die aparte Kleurling-verkiesing 'n bewys probeer vind dat die Kleur-linge hul rug na die instellinge van die witman draai. Die waarheid is dat die getal Kleurling-kiesers sedert 1953 gekrimp het omdat die VP hulle nie laat registreer het nie. Minder het gestem, nie in die eerste plaas vanweë die boikotbeweging nie, maar omdat dit vir die party nie die moeite werd was om hulle so hewig op te sweep nie ... Die Kleurlinge se belangstelling in die politiek was tot dusver hoofsaaklik 'n funksie van die VP se gretigheid om hulle teen

> die Nasionaliste te gebruik. Daardie gretigheid is deur aparte verteenwoordiging aan bande gelê, en die eerste gevolg is dat die belangstelling afgeneem het. So is die moontlikheid van 'n nuwe en gesonder bedeling geskep." (30)

Uit bg. hoofartikel het dit duidelik geblyk dat vir Die Burger die oorsaak van die lae stempersentasies in die Kleurlingverkiesings die feit was dat die VP hulle nie op groot skaal geregistreer het nie. In dié opsig het Die Burger die lae stempersentasies verwelkom as 'n aanduiding dat die Kleurlinge hulle nie meer as werktuie van die VP laat gebruik het nie. Die feit dat die Kleurlinge nie in groot getalle gaan stem het nie omdat hulle aparte verteenwoordiging as 'n inkorting van regte gesien het en 'n ontsegging van effektiewe inspraak in die landsregering, is nie deur Die Burger oorweeg nie.

Op 14 April het Die Burger weer skerp kritiek op die VP gelewer en gesê dat sir De Villiers Graaff se belofte dat Kleurlinge weer op die gemeenskaplike lys geplaas sal word, die gevaarlikste belofte is wat hy nog ooit gemaak het. Die registrasie van Kleurlingkiesers op 'n gemeenskaplike lys sal "Nasionale Afrikaners tot 'n punt dryf waar enigiets kan gebeur, want dit beteken eenvoudig dat hul swaar verworwe politieke krag in één slag uitgewis sal word - vir altyd, omdat hierdie plan saamhang met die Graaff-Senaat, wat dit onmoontlik sou maak om die bestaande toestand te herstel." "Hierdie rassedinamiet is die glimlaggende jong leier van die VP besig om rond te smous as deel van sy plan vir beter rasseverhoudinge! Ons sê aan hom dat dit 'n seker resep is vir die verskriklikste rassestryd wat Suid-Afrika nog ooit gesien het." (31)

In Mei 1958 is op SABRA se kongres op Stellenbosch weer heelwat toekomsgerigte menings uitgespreek. Sprekers op die kongres het onder meer gesê dat daar twee redes is waarom die Afrikaner geen Swart-beleid kan hê wat op blywende baasskap berus nie. Die eerste is dat dit geen sedelike fondament kan hê nie en tweedens dat die Afrikaner, vanweë sy eie vryheidstryd, nie 'n beleid kan

volg wat ander verbied om ooit selfstandig te wees nie.
<u>Die Burger</u> het in 'n hoofartikel op 5 Mei heelwat aandag aan die kongres afgestaan en die menings teen blywende baasskap versigtig verwelkom. "In hul ywer om die boodskap duidelik en met krag te stel, het sommige sprekers op Stellenbosch miskien te veel te vroeg gesê, en miskien ook in soms oordrewe bewoordinge. Maar dit doen aan die wese van die boodskap niks af nie." <u>Die Burger</u> het beklemtoon dat baasskap en voogdyskap net die middel tot 'n doel is totdat afsonderlike ontwikkeling tot sy volle ontplooiing gekom het. (32)

In Julie het <u>Die Burger</u> probeer munt slaan uit 'n beweerde twis tussen die VP en drie van die Kleurlingverteenwoordigers. Die oorsaak van die twis was die feit dat drie van die vier Kleurlingverteenwoordigers op 28 Julie saam met die Regering gestem het vir die oordrag van beroepsonderwys vir Kleurlinge na die Departement van Kleurlingsake. Volgens 'n berig in <u>Die Burger</u> van 29 Julie was dit "'n skitterende oorwinning vir die Departement van Kleurlingsake en vir die Regering met sy beleid van positiewe apartheid." (33) In 'n hoofartikel op 30 Julie het <u>Die Burger</u> gesê dat die optrede van die drie Kleurlingverteenwoordigers 'n hele nuwe perspektief geopen het op die toekomstige verhoudinge tussen blankes en Kleurlinge. "Gesteld daar was geen aparte Kleurlingverteenwoordigers nie. Gesteld die VP was nog altyd die enigste sg. mondstuk van die Kleurlinge. Dan het ons in hierdie debat maar weer die ou storie gehad dat 'n Kleurling-aangeleentheid deur die Opposisie uitsluitend gebruik is as partypolitieke hefboom ... Hoe dikwels het dit nie gebeur nie! Hoe duidelik sien ons nie, noudat die parlementêre toestand verander het, hoe dikwels en met watter skade vir die rasseverhoudinge dit gebeur het nie!" (34)

Op 24 November het <u>Die Burger</u> berig oor 'n toespraak van mnr. P.W. Botha, die Adjunk-Minister van Binnelandse Sake, op George waarin hy voorsien het dat die Uniale Raad vir Kleurlinge die volgende jaar ingestel sal word. N.a.v. mnr. Botha se toespraak het <u>Die Burger</u> in 'n hoofartikel gesê dat daar 'n tekort aan passende werkgeleenthede vir opgeleide Kleurlinge is.

"Suid-Afrikaanse omstandighede bring mee dat 'n hele reeks van werkrigtings wat in die teorie vir die Kleurlinge oopstaan, in die praktyk vir hulle òf heeltemal òf grotendeels gesluit is. Neem as voorbeeld die geval van 'n Kleurling-Matriekseun wat klerk wil word, en ook die aanleg en opleiding het wat van hom 'n uitstekende klerk sal maak. Waar moet hy heen? Kleurlingwerkgewers is skaars. Daar is betreklik min blanke ondernemings met Nie-blanke afdelings waarin sulke seuns op noemenswaardige skaal opgeneem kan word. En gemengde werk is in die meeste gevalle ondoenlik, of omdat die werkgewer self beginselbeswaar daarteen het, of omdat medewerkers en publiek nie bereid is om dit te aanvaar nie ... Die sleutel tot 'n oplossing van die vraagstuk is afsonderlike ontwikkeling en die doelbewuste skepping van geleenthede vir Kleurlinge op soveel terreine as moontlik binne hul eie gemeenskap ... Wel is dit moontlik om plaaslike selfbestuursgebiede vir die Kleurlinge te laat groei waarbinne baie rigtings vir hulle kan oopgaan wat in die blanke stelsel vir hulle prakties gesluit is. Dit beteken 'n veel nouer verbintenis tussen blankes en Kleurlinge as tussen blankes en Bantoes, wat reg is, omdat die Kleurlinge nes die blankes Westerlinge is ... Omstandighede was so dat die ontwikkeling van 'n naturellebeleid in die teorie en praktyk voorkeur gekry het bo die ontwikkeling en toepassing van 'n Kleurlingbeleid. Maar tyd en omstandighede het nou ryp geword vir 'n <u>dinamiese konstruktiewe daad</u> op hierdie terrein wat die belofte inhou van die verdwyning van die spanninge wat deur die geskiedenis van die laaste jare in die lewe geroep is." (36)

Bg. hoofartikel het duidelik getoon dat <u>Die Burger</u> reeds aan die einde van 1958 binne die raamwerk van apartheid 'n nouer verbintenis tussen blankes en Kleurlinge voorsien het. Wat dit in die praktyk beteken het, is egter nie uitgespel nie. Wat die "dinamiese kon-

struktiewe daad" moes wees, is ook nie genoem nie, maar 'n mens kan aanneem dat die direkte verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement goed by so 'n daad sou inpas en waarskynlik toe reeds deur Die Burger oorweeg is.

Op 9 Desember het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op 'n verklaring deur die Administrateur van Kaapland, dr. Otto du Plessis, dat oorweeg word om die gemeeenskaplike munisipale stemreg van blankes en Kleurling in Kaapland af te skaf. Die Burger het ontken dat die oorweging daarvan 'n negatiewe, afbrekende onderneming sou wees en gesê dat dit deel vorm van die positiewe, opbouende langtermynplan van die Regering.

> "Dit kan nie genoeg beklemtoon word nie, dat die verdwyning van die Nie-blanke munisipale stemreg in blanke gebiede 'n natuurlike onderdeel is van die ontwikkeling van eie groepsgebiede vir die bruinmense, met groeiende geleenthede vir hulle wat hul nóg in die verlede gehad het, nóg in die liberaliste se 'geïntegreerde' gemeenskappe sal kry. En ons eie gevoel is dat die onderdeel, die skeiding van die munisipale lyste, die geheel nie vooruit moet loop nie. So kan 'n negatiewe indruk, wat liberalistiese agitators maar alte graag sal wil verskerp, vermy word." (37)

(1) 'Kleurlinge se politieke toekoms', Die Burger, 26 November, 1956.

(2) 'Dinktyd oor Kleurlinge', Die Burger, 26 November, 1956.

(3) Die term 'verlig' is vir die eerste keer deur die destydse redakteur van Die Burger, mnr. Piet Cillié, op 26 Januarie 1956 in Die Burger gebruik in die resensie van die boek 'Suid-Afrika - waarheen?' deur dr. A.D. Keet.

(4) Offisiële Jaarboek van die Unie no. 29, p. 83 en 'Kleurlinge sal nog ruk moet wag vir nuwe kiesafdelings', Die Burger 25 Desember, 1956.

(5) 'Kleurlinge sal nog ruk moet wag vir nuwe kiesafdelings', Die Burger, 25 Desember, 1956.

(6) 'Nuwe Kleurlingbedeling', Die Burger, 1 April, 1957.

(7) ''n Grondbeginsel?', Die Burger, 15 April, 1957.

(8) 'Ons positiewe Kleurbeleid', Die Burger, 13 Mei, 1957.

(9) 'Kleurlinge kry eerste verteenwoordiger', Die Burger, 4 Junie, 1957.

(10) ''n Gelukkige keuse', Die Burger, 5 Junie, 1957.

(11) 'Die Tygerberg se Kleurlinge', Die Burger, 14 Junie, 1957.

(12) 'VP sê; Kleurlinge terug met groter regte: drastiese besluite van die Uniale kongres', Die Burger, 16 Augustus, 1957.

(13) 'Die VP vra 'n vonnis,' Die Burger, 16 Augustus, 1957.

(14) 'Kleurlingsake', Die Burger, 4 November, 1957.

(15) 'Nuwe geluid onder Kleurlinge; wil samewerking met Regering hê', Die Burger, 9 Januarie, 1958.

(16) 'Kleurlinge byeen', Die Burger, 9 Januarie, 1958.

(17) 'Woorde en dade', Die Burger, 10 Januarie, 1958.

(18) 'Kom ons lig vir Graaff!', Die Burger, 22 Maart, 1958.

(19) 'Profiel van kandidaat in Paarl', Die Burger, 27 Maart, 1958.

(20) A. Venter, Coloured, p. 493 en A. Hepple, 'Four ripe plums', The Forum, 6 (11), (Februarie 1958), p. 8.

(21) Die Burger, 18 Februarie, 1958.

(22) A. Venter, Coloured, p. 493-493 en Heard, p. 114.

(23) 'Drif bedaar onder Kleurlinge', Die Burger, 9 April, 1958.

(24) RP 38/1976, p. 345.

(25) A. Hepple, 'Four ripe plums', The Forum, 6 (11), (Februarie 1958), p. 8.

(26) 'Kleurlinge stem: boikot het min uitwerking', Die Burger, 4 April, 1958.

(27) Redes vir die mislukking van die stelsel word gegee in RP 38/1976, p. 346. In wese behels dit: (i) Die verteenwoordigers was nie daartoe in staat om die belange van die Kleurlingbevolkingsgroep op oortuigende wyse te artikuleer of te bevorder nie; (ii) Die stelsel het nie 'n effektiewe vorm van deelname aan die Kleurlingbevolking gebied nie aangesien dit beperk was tot die verteenwoordiging van Kleurlingmans in die Kaapprovinsie en (iii) Die stelsel het nie bygedra tot die sosio-ekonomiese ontwikkeling van die Kleurlingbevolking nie.

(28) 'Die Kleurlingstem', Die Burger, 8 April, 1958.

(29) 'Die Kleurlingstem', Die Burger, 10 April, 1958.

(30) 'Graaff en die Kleurlinge', Die Burger, 11 April, 1958.

(31) 'Die gevaarlikste belofte', Die Burger, 14 April, 1958.

(32) 'SABRA se boodskap', Die Burger, 5 Mei, 1958.

(33) '3 LV's van Kleurlinge stem met Regering oor Onderwys', Die Burger, 29 Julie, 1958.

(34) 'Die VP en die Kleurlinge', Die Burger, 30 Julie, 1958.

(35) 'Hou Kleurlinge by blankes', Die Burger, 24 November, 1958.

(36) 'Die Kleurlinge', Die Burger, 24 November, 1958.

(37) 'Eie rade vir Kleurlinge', Die Burger, 9 Desember, 1958.

# HOOFSTUK 12

## 'GOEIE BUURSKAP'

Die verkiesing van dr. H.F. Verwoerd tot premier van Suid-Afrika in 1958 het vir Die Burger beteken dat daar vir 'n tweede keer 'n man van die 'Noorde' in plaas van die 'Suide' verkies is. Dit het beteken 'n vermindering van invloed soos dit in die geval met die verkiesing van mnr. J.G. Strijdom tot premier in 1954 was. Die koukus van die NP het dr. Verwoerd op 3 September 1958 tot nuwe premier verkies nadat twee ander kandidate, die Minister van Justisie, mnr. C.R. Swart, en die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, hulle vroeër verkiesbaar gestel het, maar verslaan is. Die Burger sou graag dr. Dönges as premier wou sien en by Keeromstraat is gevoel dat dr. Verwoerd "nie ons man is nie" (1). Ná die verkiesing van dr. Verwoerd sou die koerant hom egter gebruiklikerwyse ter wille van party-eenheid direk agter die verkose leier van die party skaar.

In die tydperk tussen dr. Verwoerd se verkiesing tot premier en die openbare botsing tussen Die Burger en dr. Verwoerd in November 1960 het Die Burger se onafhanklike en verkennende joernalistiek waarskynlik sy hoogtepunt bereik. Daar is nie geskroom om reguit te praat nie en veral ná Sharpeville en die binnelandse onrus in die eerste helfte van 1960 was daar 'n dringendheid dat die Regering daadwerklik en doelgerig sy apartheidsbeleid positief moet uitbou. Die gevoel het reeds ná 1956 met die volvoering van die konstitusionele stryd ontstaan as deel van wydverspreide onsekerheid onder Nasionaliste oor waar presies daar met die Kleurlinge se politieke toekoms gegaan moes word. Die rede daarvoor was dat sommige in die toepassing van die beleid van afsonderlike ontwikkeling met betrekking tot die Kleurlinge gedink het dat die beleid verskillende moontlikhede inhou en nie net uit vaste beleidsreëls bestaan nie. Die uiteinde was dat dié beweging besef het of daartoe gedwing is om te aanvaar dat die beleid inderdaad uit 'n reeks beginsels en 'n vaste, onveranderbare beleid bestaan. Die Burger was nie alleen in die

propagering van hierdie dringendheid nie; sy gevoel is gedeel deur Afrikaanse mede-joernaliste, kabinetslede, politici, kerkleiers en mense in feitlik alle strata van die lewe. Die gedagte dat positiewe hervorming moet plaasvind, is algemeen geopper.

Die Burger het veral 'n dringendheid gevra vir die uitvoering van sg. positiewe apartheidsmaatreëls soos die territoriale selfstandigheid van die Swart gebiede, die uitfassering van sg. klein-apartheid en 'n dinamiese, konstruktiewe daad met betrekking tot die Kleurlinge. Die propagering van 'n dinamiese konstruktiewe Kleurlingbeleid deur Die Burger het sy oorsprong al van 1956 ná afloop van die konstitusionele stryd toe Die Burger die Kleurlinge as 'n adjunk of tussengroep van die blankes bestempel het. Aparte ontwikkeling vir die Kleurlinge het behels aparte ontwikkeling "tussen die blankes". (2) In die praktyk sou dit neerkom dat die Kleurlinge op 'n aparte basis geskiedkundig en kultureel by die blanke hoort. Dit het nie behels die integrasie van die Kleurlinge by die blankes nie, maar 'n tipe volksbondgenootskap op 'n aparte groepsbasis.

In die tydperk 1958 tot 1961 sou Die Burger 'n uitbouing van dié beginsel eis. Hoe dit presies in die praktyk moes plaasvind, is nie deur die koerant uitgespel nie. Die toekomsgerigte meningswisseling oor die Kleurlinge was in sy wese 'n intellektuele strydpunt en het nie die massa-lidmaatskap van die party geraak nie. (3) Die een spesifieke praktyk-gerigte beleidspunt wat deur Die Burger geopper is nl. direkte verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement, is nie as sodanig deur die koerant gepropageer nie, maar is as 'n gedagte vir bespreking voorgestel of "aan die hand gedoen". (4) Die Burger het nie 'n standpunt hieroor ingeneem nie en geen veldtog is daarvoor gevoer nie, hoewel by Die Burger geglo is dat die gedagte 'n goeie kans staan as dr. Verwoerd dit sou steun. (5) In die tydperk 1958-1961 het Die Burger ook sterk te velde getrek teen sg. klein-apartheid en insinuasies verwerp dat die koerant te alle tye onderdanig aan die Regering moes wees.

Die begin van die Parlementsitting van 1959 is oorheers deur die indiening van wetgewing om die Swart-verteenwoordigers in die Parlement af te skaf. Die wetgewing is voorafgegaan deur 'n ernstige mistasting deur <u>Die Burger</u> wat getoon het dat sy inligting van die Regering nie so akkuraat was nie. Op 8 Januarie het <u>Die Burger</u> in 'n hoofberig berig dat die Swartes se LV's vir eers gaan bly en dat geen wetsontwerp in die 1959-Parlementsitting verwag word om hul verteenwoordiging af te skaf nie. (6) Slegs ses dae later, op 14 Januarie, het die koerant egter berig dat wetgewing deur die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, mnr. M.D.C. de Wet Nel, opgestel word waarvolgens die Swart-verteenwoordiging in die 1959-sitting afgeskaf gaan word. (7) <u>Die Burger</u> het duidelik misgetas en op 17 Januarie het Dawie in sy rubriek gewys op die koerant se teleurstelling oor sy gebrekkige inligting met 'n diskrete vermaning tot die Regering.

> "In elk geval, hier is nou weer 'n belangrike beleidsaak waarvan ons, soos gewoonlik, die negatiewe kant eerste kry, terwyl die positiewe kant blykbaar nog nie agtermekaar is nie. Ek hoop en vertrou dat daardie positiewe kant baie, baie sterk sal wees om die indruk te help verwyder dat Suid-Afrika 'agteruit' beweeg in verband met sy naturelle terwyl die res van Afrika 'vooruit' beweeg ... Soos ek gesê het, die Nasionale openbare mening is klaarblyklik nie voorbereid vir hierdie stap nie en sal met meer as gewone belangstelling wag vir wat in die plek kom van die bestaande naturelle-verteenwoordiging."

In 'n hoofartikel op 27 Januarie het <u>Die Burger</u> gereageer op 'n verklaring deur die administrateur van Kaapland, mnr. Otto du Plessis, dat 'n kommissie aangestel is om eie bestuursliggame vir Kleurlinge in hul eie dorpsgebiede te ondersoek. <u>Die Burger</u> het die besluit verwelkom, maar die owerheid versoek om met meer dringendheid die taak uit te voer.

"(Mnr. du Plessis se verklaring) is baie nodig, want oudergewoonte is 'n vooruitsig en 'n beleid wat vol is van goeie moontlikhede en hoop vir die Kleurlinge van Kaapland, in die laaste maande deur 'n liberalistiese agitasie verwring tot 'n gedrog en 'n verskrikking ... Laat ons tog nou 'n bietjie minder hoor van verdrukking en vertrapping en 'n bietjie meer van heeltemal nuwe geleenthede tot selfbestuur en selfontwikkeling wat vir die Kleurlinge oor die hele Kaapland geopen word. Plaaslike selfbestuur vir die Kleurlinge is 'n beleid vir Kaapland waaraan blankes sowel as Kleurlinge met geesdrif kan saamwerk." (8)

Op 31 Januarie het Dawie gepleit dat mense die implikasies van dr. Verwoerd se aankondiging oor die toekomsvandie Swart Nasionale state moet besef. "Ek glo dat hierdie nuwe gedagterigting deur die meeste Nasionaliste nog maar baie yl begryp word. Dr. Verwoerd het 'n sprong vooruit in die Nasionale rassebeleid gemaak, en die agterosse sal moet opskud om by te kom."

In die uitvoering van die Kleurlingbeleid in die eerste twee jaar van dr. Verwoerd se termyn as premier was die Adjunk-minister van Binnelandse Sake, mnr. P.W. Botha, 'n sleutelfiguur. Op 24 Februarie het Die Burger 'n volledige toespraak van mnr. Botha geplaas waarin hy sê dat aparte woonbuurte nuwe geleenthede vir Kleurlinge skep. (9) Die Burger het sy toespraak verwelkom en weer die algemene situasie met betrekking tot die Kleurlinge in oënskou geneem.

"Die Kleurlinge het in Suid-Afrika se rassepatroon 'n eiesoortige posisie. Hulle is 'n belangrike Nie-blanke groep, wat anders as die naturelle, geen territoriale 'nasionale tuiste' het waarin hulle hul eie pad kan vind nie ... Maar hoewel hulle so na aan die blankes staan, het die ondervinding geleer hoe onprakties en onbillik dit is om hulle heeltemal te integreer. In die politiek het dit groot bitterheid afgegee, wat nou gelukkig beëindig is en ekonomies en sosiaal het die Kleurlinge self gevind teen hoeveel

> moeilikhede en teenkanting, hulle vergeefs moet stry om in 'n eenheidsgemeenskap tot hul reg te kom: In die rigting wat deur die Regering aangewys is en wat baie duidelik deur die kiesers onderskryf is, bestaan vir die Kleurlinge groot moontlikhede om onder hul eie mense dié posisies te bereik wat vir hulle in 'n kamtig geïntegreerde gemeenskap geslote gebly het." (10)

In 'n hoofartikel op 26 Februarie het Die Burger gesê dat daar weinig tradisie van samewerking bestaan tussen Nasionalis en ontwikkelde Kleurling. "Daardie samewerking moet opgebou en stewig gevestig word ... Die sake wat op die spel staan, is vir Suid-Afrika te belangrik dat toegelaat kan word dat die rasse-saboteurs slaag." (11)

Op 14 Mei het dr. Verwoerd in die Parlement 'n uiteensetting gegee van hoe hy die Kleurlinge se toekoms sien. Eerstens het hy gesê dat die toekomstige ontwikkeling van die Kleurlinge nie so helder voorsien kan word as dié van die Swartes nie en dat daar verskillende moontlikhede van ontwikkeling bestaan. Tweedens moet daar vooruitsigte vir Kleurlinge gegee word op politieke gebied op die grondslag van apartheid en nie integrasie nie. Die verskillende vorme wat moontlik is, sal in die toekoms uitgewerk moet word. (12) Dr. Verwoerd was dus in 1959 nog relatief ondogmaties oor die Kleurlinge se toekoms, en Die Burger het in sy terme van "verskillende moontlikhede wat nog in die toekoms uitgewerk moet word" waarskynlik gesien dat enige bespiegeling oor hoe dit prakties gestalte moet kry, nie taboe is nie. In aansluiting by dr. Verwoerd se toespraak het Die Burger in 'n hoofartikel op 8 Mei gesê: "Eers namate die groepsgebiede ontstaan en op daardie basis munisipaal-politieke regte ontwikkel en ekonomiese en kulturele groei plaasvind, sal die pad vorentoe duideliker word en sal gekies kan word tussen verskillende moontlike maniere waarop die Kleurlinggemeenskap op afsonderlike grondslag onbelemmerd kan ontwikkel." (13)

In 'n hoofartikel op 13 Mei het Die Burger vir die eerste keer aangetoon hoe "afsonderlike ontwikkeling tussen die blankes" in die praktyk gestalte sou kry.

> "Die beginsel wat dr. Du Plessis (Administrateur van Kaapland) in werking wil stel, is dié van afsonderlike munisipale bestuur vir blanke en Nie-blanke gebiede, en hiervoor sal die groepsgebiede die basis wees. In die Skiereiland sal dit, om 'n voorbeeld te noem, waarskynlik meebring dat 'n Kleurlinggebied soos dié waarvan Athlone die hart is, sy eie plaaslike bestuur kry; dat naas die blanke dorpe van die Skiereiland ook die Kleurlingdorpe hul plaaslike bestuur self kan ontwikkel en behartig. In munisipale sake sal dus die wrywing uitgeskakel word wat onvermydelik ontstaan as twee rassegroepe om die gesag meeding en die minderheid voel dat die meerderheid hom afskeep ... Vir die Kleurlinge sal so 'n bedeling geleenthede skep wat hulle reeds lank teoreties het, maar weens die werking van die integrasiestelsel in die praktyk nooit gekry het nie." (14)

Op 11 Junie het Die Burger berig van 'n blanke en Nie-blanke komitee wat op Franschhoek gestig is met die doel om samewerking tussen blankes en Nie-blankes op die dorp te verbeter. (15) Die Burger het dié stappe in 'n hoofartikel op 12 Junie verwelkom en gesê:

> "Franschhoek het 'n openbare uiting gelewer van 'n beweging wat in die laaste tyd al hoe sterker geword het: die strewe na die skepping van beter verhoudinge tussen blankes en Kleurlinge. Tot groot hoogte is dié strewe die gevolg van die afsluiting van die lang geskil tussen die blankes oor die politieke rol van die Kleurlinge. Noudat die Kleurlingstem nie meer as wapen teen een deel van die blanke bevolking gebruik kan word nie,

> kan met groter vrymoedigheid daarvoor gewerk word om die verhouding tussen die blankes as groep en die Kleurlinge as groep te verbeter en die Kleurlinge te help om hulself te help. En namate tussen blanke en Kleurlinge grense gemaak word wat wrywing en stryd moet voorkom, het die diepe besef ook posgevat dat terselfdertyd ook gesorg moet word vir brugge (brûe) tussen die groepe wat dieselfde gebied bewoon en sal bly bewoon." (16)

Op 27 Junie het Dawie vir die eerste keer 'n onderskeid getref tussen verskillende groepe en sentimente binne die NP. "Vir sommige Nasionaliste, so lyk dit, het dit in die afgelope ses maande 'n bietjie vinnig gegaan. Daar mag nie toegelaat word dat daar verwydering in denke ontstaan tussen 'radikale' en 'konserwatiewe' Nasionaliste nie. Daartoe is dit nodig dat die konserwatiewe vir die nuwe voorwaartse stappe gewin word en dat die radikale nie oorhaastig word nie."

In 'n hoofartikel op 11 September het Die Burger besorg gereageer op die besluit dat Kleurlinge nie die uitvoering van 'n Spaanse danser kan bywoon in 'n Kaapstadse teater wat volgens tradisie uitsluitend blanke gehore bedien nie.

> "Die wens van kultuurbewuste Kaapse bruinmense om te kan deel in die geestesgoed wat besoekende kunstenaars uit die buiteland na die Moederstad bring, vind ons in beginsel begryplik en billik ... Dit is dus geen wonder dat juis die besoek van 'n wêreldberoemde danser die gevoel van uitsluiting en veronregting op kulturele gebied verskerp het nie ... Die fundamentele regverdigheid van hul saak kan nie ontken word nie. Daarom moet die probleme nie ontwyk word nie, maar behoorlik bespreek en ondersoek word, miskien op inisiatief van die Departement van Kleurlingsake ... In elk geval het ons hier te doen met die mees ontwikkelde en beskaafde seksie van die bruinmense van Suid-Afrika. Wanneer van hulle kant 'n versoek kom

waaraan almal moet erken dat dit wesenlik gegrond en geregverdig is, moet iets daaraan gedoen word." (17)

Aan die einde van 1959 het daar opnuut 'n gisting oor die Kleurlingpolitiek ontstaan hoofsaaklik in die vorm van 'n briefwisseling in Die Burger en onenigheid oor die Kleurlinge wat op die Kaaplandse kongres van die NP openbaar is. Op 28 Oktober het 'n Kleurlingskrywer in 'n brief gesê dat die kern van die saak steeds is of die Kleurlinge 'n volk wil word wat op sy eie voete kan staan of 'n "temerige sleepsel van die blankes" wil bly. "Almal, die blankes inkluis, weet dat die Kleurling tot dusver nog altyd aan die kortste ent was, en in baie gevalle word ons gruwelik veronreg." Op 6 November het nog 'n Kleurling geskryf dat hy teleurgesteld is dat sommige Kleurlingleiers so dom kan wees om weerstand te bied teen elke poging wat die Regering aanwend om die lot van die Kleurlingvolk te verlig. Op 11 November het die hoofsekretaris van die Kleurling-Volksbond geskryf dat 'n aansienlike getal Kleurlinge reeds 'n jaar gelede besluit het om die hand van welwillendheid aan die Regering te reik. Op 16 November het 'n brief verskyn waarin die skrywer sê dat daar met reg sekere bedenkinge kan bestaan oor sekere aspekte van die apartheidswetgewing. Dit het egter een belangrike voordeel deurdat Kleurlinge nie meer as 'n politieke speelbal van sekere blanke groepe gebruik kan word nie.

Op 12 November is in Die Burger berig van onenigheid wat op die Kaaplandse kongres van die Nasionale Party ontstaan het oor 'n beskrywingspunt wat verband gehou het met die munisipale kiesreg van Kleurlinge. In die beskrywingspunt is gevra dat die ordonnansie so gewysig word dat die kieserslys vir die Volksraadsverkiesings en die provinsiale verkiesings gebruik sal word by die verkiesing van plaaslike liggame. Dit was 'n poging om Kleurlingkiesers by die verkiesing van munisipale raadslede te neutraliseer aangesien Kleurlinge, ongeag of hulle Parlementêre kiesers was al dan nie, kon stem en genomineer word vir munisipale rade in Kaapland. Deur te bepaal dat Kleurling munisipale kiesers ook Parlementêre kiesers moes wees, sou beteken die uitskakeling van Kleurlingkiesers vir munisipale rade. Toe mnr. Nico Malan, LUK, in antwoord op die beskrywingspunt daarop gewys het dat dit sou beteken dat al die Kleurlinge van Kaapland in die praktyk ont-

kieser sou word by munisipale verkiesings en sodoende 'n reg sou verloor wat hulle al baie jare geniet, is hy begroet met tussenwerpsels dat dit 'n "ou Sap-storie" is. Mnr. Malan het daarop gesê: "Ek is geen Sap nie. Hier word gepraat van die Kleurlinge asof hulle melaatses is. Dit is nie mooi nie." (18)

Aan die einde van November 1959 is die finale samestelling van die Uniale Raad vir Kleurlingsake bekend gemaak. Dit sou uit twaalf verkose en vyftien aangestelde lede bestaan. In 'n hoofartikel op 30 November het Die Burger gesê dat 'n swaar taak op hul skouers rus en dat hulle die vertroue van hul volk moet win deur dade eerder as woorde.

> "Die Nasionale Afrikaner is bewus daarvan dat die negatiewe aspekte van die apartheidsbeleid by die Kleurlinge rou plekke agtergelaat het, en hy is bereid en gretig dat die positiewe apartheidsmaatreëls so toegepas word dat die Kleurlingbevolking mettertyd saam met hom oortuig sal wees dat die apartheidsbeleid tot voordeel is van Nie-blank sowel as blank, dat dit trouens die enigste moontlike beleid is wat vrede en vriendskap tussen blank en Nie-blank kan verseker. Die Afrikaner besef dat die Kleurlingbevolking kultureel by hom hoort. Hy besef dat die Kleurlingvraagstuk iets heeltemal anders as die naturellevraagstuk is. Klaarblyklik moet 'n beleid gevolg word wat die Kleurling nader sal trek aan die witman in Suid-Afrika, en nie sal wegstoot na die Bantoe nie, waar die Kleurling nie hoort nie en nooit 'n gelukkige bestaan sal kan vind nie." (19)

Op 14 Desember het mnr. P.W. Botha in sy hoedanigheid as Adjunk-minister van Binnelandse Sake die eerste vergadering van die Uniale Raad vir Kleurlingsake geopen en gesê dat hy 'n verhouding tussen blankes en Kleurlinge voorsien van goeie buurskap met behoorlike grenslyne. (20) In 'n hoofartikel op 15 Desember het Die Burger gesê dat mnr. Botha se toespraak 'n gelukkige en vrugbare formule daarstel.

"In die laaste jare is in die landsbeleid veel nadruk gelê op die grense, by wyse van reaksie op die voorafgaande uitsluitende nadruk op buurskap met die veronagsaming van die skeidings waarsonder alle buurskap en samewerking uiteindelik moet verongeluk. Geleidelik word die ewewig nou herstel. 'n Positiewe houding en die positiewe kant van die Regering se Kleurlingbeleid word al hoe duideliker vir hulle wat oë het om te sien ... Maar laat niemand hieroor in 'n waan verval nie: hierdie groeiende 'goeie buurskap' het alleen moontlik geword deur en is afhanklik van die gelyktydige klem op 'behoorlike grenslyne'. Sonder daardie grense sou die verhoudinge dadelik versuur en verbitter raak soos dit nie baie jare gelede so algemeen was, sodat dit soms hopeloos gelyk het om dit te probeer verander." (21)

Die Burger se groeiende ongeduld met sg. klein-apartheid het op 12 Desember skerp tot uiting gekom toe Dawie in sy rubriek te velde getrek het teen die uitsluiting van 'n groep van 30 gekleurdes by 'n uitvoering van Die Messias van Händel deur 'n musiekvereniging van Pietermaritzburg. Dit was die eerste keer dat Die Burger die term klein-apartheid gebruik het. (22) Die musiekvereniging sou graag die gekleurdes wou akkommodeer, maar het 'n brief van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ontvang waarin gesê is dat die vereniging sy toelae van 250 pond per jaar sou verloor indien gekleurdes die uitvoering sou bywoon. Volgens Dawie het die vereniging toe gedoen "wat elke selfrespekterende Suid-Afrikaner sou doen: hy het laat weet dat die Departement dan maar sy toelae moet hou."

"Laat ons mekaar goed verstaan: ek is nie ten gunste van rassevermenging in allerlei verenigings nie. Ek is ten gunste van die staatsbeleid dat toelaes, u en my geld, nie sonder diskriminasie uitgedeel moet word nie. Kultuurorganisasies wat van rassevermenging 'n geloofsartikel maak, moet geen toelaes kry nie. Maar as

> die doeltreffendste manier om 'n beginsel dood te maak is om hom dood te ry, en as 'n klompie Nie-blankes wat tradisioneel 'n uitvoering van Die Messias bygewoon het, nou skielik daardie voorreg belet moet word ter wille van 'n beginsel, dan sê ek: Na die maan met so 'n beginsel."

Daarna het Dawie breedvoerig verwys na klein-apartheid.

> "As ek die stemming onder Nasionaliste moet opsom, dan sou ek sê dat hulle nie langer belangstel in 'klein-apartheid' nie, d.w.s. in maatreëls wat irriteer sonder om iets behalwe ergernis en anti-Nasionale, anti-Suid-Afrikaanse propaganda te bereik. My raad aan staatsdepartemente is om kennis te neem van hierdie gesindheid as hulle nie die apartheidsbeleid by sy voorstanders wil ondermyn nie. Laat die Pietermaritzburgers Die Messias uitvoer met beskaafde Nie-blankes in die gereserveerde plekke wat altyd tot hul beskikking was. Daar is baie belangriker dinge vir die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap om sy aandag aan te gee en briewe oor te skryf. Veral van die afdeling Volwassene-onderrig verwag ons volwassenheid."

Die liberale maandblad The Forum het die hele 'Messias-polemiek' gesien as 'n situasie waar Dawie ontnugter geraak het met die volle implikasies van apartheid.

> "This surely meant that he (Dawie) realized that apartheid, carried to its logical extremes, must arrive at a point where it became irreconcilable with good sense and humanity. That was the point, he (Dawie) implied, where the most faithful of Nationalists would be compelled to place reason and humanity before apartheid and not be afraid to say so either. An important Nationalist newspaper has gone a long way when it can take up such a position." (23)

Die mening wat deur Dawie op 12 Desember uitgespreek is, het gelei tot 'n hewige briefwisseling in die kolomme Menings van Ons Lesers nadat 'n briefskrywer onder die skuilnaam, Nasionalis op besoek in die Boland, op 18 Desember skerp kritiek daarop uitgespreek het. Die skrywer het onder meer gesê:

> "Daar is iets wat my die laaste tyd baie hinder in ons Burger. Dit het die laaste tyd 'n hele paar maal gebeur dat Dawie ons Regering en ons hoofde kritiseer ... Sy artikel van verlede Saterdag plaas die kroon op alles, en dis tyd dat die saak nie verder gaan nie. Hoe kan hy pleit dat die Regering 'n subsidie gee vir organisasies waaraan Kleurlinge deel het, of net ondersteun of as 't ware uitgenooi word om die musiekkonsert in Pietermaritzburg by te woon? Dit sal eenvoudig beteken dat ons ons apartheidsbeleid moet omvergooi." (24)

Die meerderheid briewe wat hierna in Die Burger verskyn het, was positief waarin Dawie gelukgewens is met sy mening. Op 22 Desember het 'n leser gesê dat hy Dawie baie dankbaar is dat hy "daardie kleinlike apartheid van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap so pertinent verwerp en belaglik verklaar het." Op 23 Desember het 'n leser geskryf dat dit die goeie joernalis se plig is om gesonde sosiale kritiek te lewer. Op 25 Desember het 'n leser gesê dat hy hom volmondig aan Dawie se kant skaar. Op dieselfde dag het egter 'n kritiese brief verskyn waarin die skrywer sê hy is "lank al vol vir die periodieke, feitlik chroniese kritiek wat Dawie alewig dan teen die Eerste Minister, dan teen die Regering in die algemeen, dan teen 'n gewone Minister of teen regeringsamptenare losdraai." Op 31 Desember het 'n leser gesê dat Dawie 'n onverstandigheid met sy kritiek begaan het.

Die polemiek het tot ná die Nuwejaar in 1960 voortgeduur en op 9 Januarie het Dawie breedvoerig gereageer op die kritiek wat teen hom gerig is. Volgens hom het niks wat sedertdien oor die onderwerp geskryf of gesê is nie, hom oortuig dat die departement se optrede 'n goeie of verstandige ding was nie. Hy vra nie dat almal sy standpunt moet aanvaar nie, "maar diegene wat my reg van vrye

kritiek wil ontsê, omdat ek dan sogenaamd 'n betaalde joernalis by 'n Regeringsgesinde koerant is, probeer nou eenmaal te veel." Dawie het vervolg met 'n heftige verdediging van Afrikaanse joernaliste se reg om krities te wees. "As die Nasionaalgesinde koerantmanne en hul koerante in hierdie land 'n klomp betaalde papegaaie en 'n klomp hoera-blaaie moet word, sal hulle so seker as die son ondergaan, gevolg deur die Regering en die Nasionale Party en die Afrikanervolk. Hier praat ek nie nou vir myself nie, maar vir elke Nasionaalgesinde koerantman wat die naam werd is. Dit is fundamenteel." Dawie het hierop gereageer op die bewering dat sy rubriek as propaganda teen die NP deur die VP gebruik word.

> "Ek bid van my kant dat ek tog bewaar moet word van die dag wanneer ek my standpunte moet bepaal volgens die vraag of die Engelse pers daarvan gaan hou of nie. En dit geld vir die Regering en die NP ook ... Nee, die Nasionalisme is veel meer as 'n krampagtige, negatiewe reaksie op Engelse perspraaitjies ... Ons is nie meer kinders nie - ons het man geword. En ons leiers is leiers van vrye, denkende mense, nie skaapwagters of drilsersante nie."

Die gedagte dat 'n beleid gevolg moet word van goeie buurskap met behoorlike grenslyne asook een wat die Kleurling nader sal bring aan die witman gepaardgaande met "aparte ontwikkeling tussen die blankes", het in die eerste helfte van 1960 verdere verwarring veroorsaak. Dié tydperk is ook gekenmerk deur die Sharpeville-voorval en wydverspreide binnelandse onrus.

Die onafhanklikheid wat in dié tyd deur Die Burger nagestreef is, was egter nog steeds binne die raamwerk van 'n koerant wat die Regering ten nouste ondersteun het. Dit was kritiek gemik op 'n verbetering in die Regering se beleid en nie die bevraagtekening van die weg en beleid wat ingeslaan is nie. Mense met wie se denke Die Burger s'n in 'n groot mate ooreengestem het, maar wat buite

die heersende Nasionale kring gestaan het, was dikwels die skyf van skerp kritiek deur Die Burger. Kritiek moes van binne gevoer word, en nie van buite nie. Só het Die Burger in Februarie 1960 skerp kritiek gelewer op die pogings van oud-regter H.A. Fagan en mnr. Japie Basson om 'n nuwe party, die Nasionale Unie, te stig. Die Burger en mnr. Basson was gebruiklikerwyse op goeie voet toe lg. nog 'n junior Nasionale LV was, maar het versuur toe mnr. Basson in 1959 bedank het uit protes teen die wetgewing om die Swart-verteenwoordiging af te skaf. Die redakteur van Die Burger, mnr. Piet Cillié, het destyds agter die skerms vergeefse pogings aangewend om hom binne die NP te hou. (25) Op 13 Februarie het Dawie gesê dat oud-regter Fagan nie "die viriliteit van gees of van boodskap het wat politieke leiers moet hê as hulle dit êrens wil bring nie." "Hy gaan baie, baie seer kry as hy voortgaan met hierdie avontuur. Dit is geen dreigement nie, dis 'n voorspelling ... Want die Nasionaliste gaan hierdie beweging so fyn trap soos snuif. Hulle gaan hulle aan die vooraand van die Republiek nie laat verdeel nie." Op 11 Maart het die Adjunk-minister van Binnelandse Sake, mnr. P.W. Botha, aangekondig dat dit Kleurlinge se begeerte is om nie ingesleep te word by die beginselstryd oor die Republiek nie en gesê dat as die Kleurlinge arbiter in die blankes se politieke stryd moet wees, sal dit die nuwe goeie verhoudinge tussen Afrikaners en Kleurlinge vertroebel asook die betrekkinge tussen Afrikaans- en Engelssprekendes. (26)

Kleurlingleiers het oor die algemeen skerp gereageer teen mnr. Botha se mening dat Kleurlinge nie aan die referendum vir Republiekwording wil deelneem nie. Op 24 Maart 1960 het dr. R.E. van der Ross gesê: "So, while we leave the matter there, let us ask the question that so many Coloured people are asking: What authority did mr. P.W. Botha, Deputy Minister of the Interior, have when he said recently that the Coloured people did not want to take part in the referendum anyway? He relied on the word of 'responsible leaders of the Coloured people.' Who are these people? Is this the view of the Union Council for Coloured Affairs? We have a right to know, and we ask it most definitely." (27) Sommige akademici het al bespiegel of Kleurlingkiesers, indien hulle aan die referendum deelgeneem het, sou kon verhoed dat 'n Republiek werklikheid geword het. Volgens Heard sou die

boikot deur Kleurlinge van die 1958-verkiesing waarskynlik nie herhaal word vir die referendum van 1960 nie en sou daar 'n veel hoër registrasiesyfer gewees het van gekwalifiseerde Kleurlingkiesers in die referendum wat waarskynlik die skaal teen die Republiek sou swaai. (28) Die meerderheid vir die republiek was 74,580 - Suidwes ingesluit. Sonder Suidwes was die meerderheid 66,659. In 1958 was daar altesame 29,000 geregistreerde Kleurlingkiesers. Indien die onwaarskynlike aangeneem word dat alle Kleurlingkiesers teen die Republiek sou stem, is dit duidelik dat 'n addisionele sowat 30,000 Kleurlingkiesers geregistreer sou moes word om 'n invloed op die uitslag uit te oefen. Dit sou hulle bring by 'n syfer wat sowat 20,000 hoër sou wees as die hoogtepunt van 54,000 Kleurlingkiesers in 1945. Die tendens ná 1945 was 'n konstante daling van Kleurlingkiesers en dit is te betwyfel of die Kleurlinge uit hul apatie wakker geskrik sou kon word om in een jaar 'n addisionele 30,000 mede-kiesers te registreer. Uit 'n terugblik blyk dit dus asof Kleurlinge se deelname aan die referendum geen invloed op die uitslag sou uitgeoefen het nie.

Te midde van die landwye oproer wat ná die Sharpeville-voorval op 21 Maart landwyd losgebars het, het Die Burger op 4 April berig dat ses vooraanstaande Kleurlingleiers wat nagenoeg 30,000 mense verteenwoordig 'n beroep gedoen het op Kleurlinge om nie gehoor te gee aan 'n oproep om te boikot nie, maar voort moet gaan om te werk. In 'n hoofartikel het Die Burger gesê dat die Kleurlinge se optrede daarop neerkom dat hoewel hulle griewe teen die huidige bedeling het,

> "hulle hul saak langs wettige kanale wil stel en in geen opsig geassosieer wil wees met wetsverbrekers en onrusstokers nie. Dit is 'n houding wat deur die blankes gewaardeer word, en waarvoor ook in die Volksraad reeds erkentlikheid uitgespreek is. Van albei kante is in die laaste tyd gewag gemaak van die opvallende verbetering in gesindheid wat tussen die Afrikaners en die Kleurlinge ingetree het, en in die

algemeen tussen blankes en Kleurlinge. Die houding van die Kleurlinge in die afgelope veertien dae het tot hierdie verbeterde gesindheid 'n belangrike bydrae gelewer, wat wel 'n goeie belegging vir die toekoms sal blyk te wees." (29)

Die feit dat die meeste Kleurlinge tydens die binnelandse onrus van 1960 lojaal gebly het aan die bestaande regeringsinstellings, het gelei tot 'n al hoe groter gevoel onder blankes, in die Regering sowel as in die private lewe, dat meer gedoen moet word om aan hulle regmatige politieke aspirasies te voldoen en om die Kleurlinge "nader aan die witman te trek."

Op 12 April het 'n brief verskyn van eerw. D.P. Botha waarin hy 'n nuwe verhouding teenoor die Kleurlinge vra. Eerw. Botha se argument was dat die Kleurlinge en die blankes 'n sosiologiese eenheid vorm en dat die Kleurlinge 'n organiese deel van die Afrikanervolk is. "Ons moet die oplossing vir die verhoudingsvraagstuk tussen die blankes en die Kleurlinge gaan soek op die weg van 'n eenheidsgemeenskap met alles wat dit impliseer. So 'n benadering sal ons weer in lyn bring met ons tradisie, en dit sal 'n groot klomp spanning uit ons gemeenskap verwyder." (30) Op 12 April het die Adjunk-minister van Binnelandse Sake, mnr. P.W. Botha, in die Volksraad gesê dat die huidige verteenwoordiging van die Kleurlinge in die Volksraad nie die finale antwoord was nie. Stappe vir beter verteenwoordiging in die Senaat is reeds aangekondig en <u>nog geleenthede sal vir Kleurlinge geskep word om hul stem in die Volksraad beter te laat hoor</u>.(31) Op 15 April het die komitee wat deur die Administrateur van Kaapland, mnr. Otto du Plessis, aangestel is om aanbevelinge oor die Kleurlinge se munisipale stemreg te doen, aanbeveel dat hul stemreg behou moet word en nie van die gemeenskaplike munisipale kieserslys verwyder moet word nie. (32) In 1958 het <u>Die Burger</u> nog gesê dat die afskaffing daarvan deel vorm van die positiewe, opbouende langtermynplan van die Regering met die Kleurlinge en 'n natuurlike onderdeel was van eie groepsgebiede vir die Kleurlinge. Dit is ook gesien as die sine qua non vir enige verdere toekomstige politieke ontwikkeling vir die Kleurlinge. (33) In 1960 is blykbaar besef

dat die wegdoen van die munisipale kiesreg nie die goedkeuring van die Kleurlinge geniet nie en dat dit in die nuwe gesindheid van welwillendheid teenoor die Kleurlinge nie toegepas sal word nie.

Op 19 April het die Minister van Openbare Werke en van Bosbou, mnr. Paul Sauer, sy bekende Humansdorp-toespraak gelewer waarin hy 'n nuwe benadering teenoor die Swart-vraagstuk bepleit het en gesê het dat die ou boek van die Suid-Afrikaanse geskiedenis by Sharpeville afgesluit is. (34) Op 20 April het dr. A.L. Geyer, 'n voormalige redakteur van Die Burger, in sy voorsittersrede op die SABRA-kongres op Stellenbosch gesê dat pynlike aanpassings op blanke Suid-Afrikaners wag en dat nuwe besluite geneem moet word. (35) Op 22 April het mnr. J.J. Human van Kaapstad geskryf dat Afrikaners moet erken dat hul optrede teen die Kleurlinge foutief was. "Laat ons besef dat die afskeiding van die Kleurlinge 'n groot fout was. Laat ons besef dat die toekoms vir hulle onder die huidige bedeling niks inhou nie."

Die nuwe verwagte stappe in die Regering se Kleurlingbeleid het nie veroorsaak dat die Regeringsy mening verander het oor die deelname van die Kleurlinge aan die referendum vir die Republiek nie. Kleurlinge sou steeds nie aan die volkstemming mag deelgeneem het nie. Op 22 April het die Adjunk-minister van Binnelandse Sake, mnr. P.W. Botha, in die Volksraad gesê dat die geskiedenis getoon het watter bitterheid daar volg wanneer die Kleurlinge by 'n blanke stryd ingesleep word. (36) Kort daarna het mnr. Botha egter op Durbanville gesê dat die blanke in Suid-Afrika al lankal stappe moes gedoen het om van die Kleurlinge 'n goeie bondgenoot te maak. (37) Op 25 April het Die Burger gesê dat die land in die laaste dae gesien het hoe 'n belangrike deel van die Suid-Afrikaanse mening 'n vrugbare, skeppende gesindheid teenoor rasseverhoudinge geopenbaar het. "Ons vertrou nogtans dat die Nasionale bewind, wat ongelukkig juis nou die Eerste Minister se aanwesigheid moet ontbeer, hom sonder vrees aan die spits van die nuwe belangstelling en geesdrif sal plaas. Laat al die voorstelle en wenke uit goedgesinde kringe gesien word, nie as wantrouige kritiek nie, maar as uitinge van 'n eerlike drang om te help." (38)

Op 23 Mei het Die Burger toesprake van dr. A.L. Geyer en die direkteur van inligting van die Kaapse N.G. Kerk, ds. W.A. Landman, gepubliseer waarin albei sprekers op Uniefeesgeleenthede beroepe gedoen het om beter rasseverhoudinge. In aansluiting hierby het Die Burger in 'n hoofartikel op 24 Mei gesê dat rasseverhoudinge in Suid-Afrika nie na wense is nie.

> "En ook wat die Afrikanervolk betref, weet ons dat aan sy beste elemente nog altyd van kleins af geleer is dat die Nie-blanke in ons midde 'n onvervreembare reg het op menswaardige behandeling. Hoe daardie behandeling by veranderde omstandighede aangepas moet word, kan meningsverskil wek, maar niks wat nie bevredigend geskik kan word as die gesindheid reg is nie. En in baie kringe is dit nie reg nie. Om die waarheid te sê, dit is op baie plekke só verkeerd dat 'n behoefte bestaan aan 'n nasionale veldtog vir goeie maniere tussen die rasse." (39)

Op 22 Junie het 'n leser van Worcester geskryf dat die volgende natuurlike stap met betrekking tot die bruinmense is dat hulle toegelaat moet word om deur bruinmense in die Provinsiale Raad van Kaapland en in die Volksraad verteenwoordig te word. "Die sosiale aanpassings wat sodanige stappe vir die blankes sal verg, kan betreklik maklik gedoen word." Op 28 Junie het 'n brief verskyn van die bekende Kleurlingdigter Adam Small waarin hy sy kommer uitgespreek het dat menige Afrikaners maar net nie wil besef dat gekleurdes gekant is teen apartheid nie. "Ek glo dat 'n goeie weg waarlangs hulle die reële situasie kan leer ken, net een dag se lewe as Nie-blanke kan wees."

Dit is duidelik dat Die Burger in die nuwe positiewe gesindheid wat in die eerste helfte van 1960 landwyd in Suid-Afrika, ook in regeringskringe, voorgekom het, 'n geleentheid gesien het vir 'n daadwerklike uitbouing van 'n positiewe beleid teenoor die gekleurdes. Dit het behels 'n dinamiese uitbouing van die gedagte van territoriale vryhede vir die Swartes en die naderbring van

die Kleurling aan die blanke. Die tyd was ryp vir die voorstel van 'n dinamiese, konstruktiewe daad teenoor die Kleurlinge soos reeds in 1958 deur die koerant voorsien. Vir Die Burger het dié voorstel die oorweging van die regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement behels. Op 23 Julie 1960 het Dawie in sy rubriek gesê:

> "Die drang na 'n voorwaartse beweging in die Nasionale beleid vir die Kleurlinge word al hoe sterker. Die mees dramatiese gedagte is natuurlik dat die beginsel van die verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Volksraad erken moet word, of anders gestel; dat die Kleurlingkiesers vrygelaat word om volgens keuse wit of bruin lede te kies. Dit is natuurlik maar één deel van die kompleks van planne wat deur denkende mense bespreek word, maar dit is die skouspelagtigste en die meeste daarop bereken om die tonge te laat roer. My indruk is dat die NP meer as halfpad vir die beginsel te vinde is, en met sterk leiding volkome daarvoor gewin kan word. Die tyd kom nader vir 'n beslissing. Dit is maar wat die politici noem 'n persoonlike mening'. Ek lê dit in die midde vir algemene oorweging."

Vergeleke met dr. Verwoerd se toespraak in Mei 1959 dat daar verskillende moontlikhede vir die Kleurlinge se politieke toekoms bestaan en mnr. P.W. Botha se toespraak in April 1960 dat die Kleurlinge se huidige verteenwoordiging in die Volksraad nie die finale antwoord is nie, was bg. mening van Dawie nie so uit die konteks van sy tyd nie. Die algemene gevoel in die land was dat hervorming doelgerig uitgebou moes word. Die enigste twispunt was oor wat prakties gedoen moes word. In dié opsig het Die Burger nie gesê dat Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement verteenwoordig moet word nie, maar dit slegs voorgestel vir oorweging wat ná bespreking en onderhandeling in Nasionale kringe dalk amptelike beleid kon word. Die Burger se voorstel het hom egter in 'n bittere, openbare botsing met dr. Verwoerd laat beland.

(1) Onderhoud met prof. Piet Cillié op 18 Oktober 1985.

(2) 'Dinktyd oor Kleurlinge', Die Burger, 26 November, 1956.

(3) Kenny, p. 218.

(4) Onderhoud met prof. Piet Cillié op 18 Oktober 1985.

(5) Onderhoud met prof. Piet Cillié op 18 Oktober 1985.

(6) 'Naturelle se LV's bly vir eers', Die Burger, 8 Januarie, 1959.

(7) 'Naturelle se LV's: Wet dié Sitting', Die Burger, 14 Januarie, 1959.

(8) 'Eie besture vir Kleurlinge', Die Burger, 27 Januarie, 1959.

(9) 'Al hoe meer positiewe apartheid', Die Burger, 24 Februarie, 1959.

(10) 'Nuwe kans vir Kleurlinge', Die Burger, 25 Februarie, 1959.

(11) 'Hulle breek net af', Die Burger, 26 Februarie, 1959.

(12) 'Premier oor toekoms van Kleurlinge', Die Burger, 5 Mei, 1959.

(13) 'Die Kleurlinge', Die Burger, 8 Mei, 1959.

(14) 'Kleurlingdorpe', Die Burger, 13 Mei, 1959.

(15) 'Franschhoek aan die werk vir beter rasseverhoudinge', Die Burger, 11 Junie, 1959.

(16) 'Franschhoek se vrug', Die Burger, 12 Junie, 1959.

(17) 'Kultuur vir Kleurlinge', Die Burger, 11 September, 1959.

(18) 'Kongres warm oor Kleurlinge se munisipale kiesreg', Die Burger, 12 November, 1959. Sien ook R.E. van der Ross, 'Leper Actions by officialdom,' die Cape Times, 19 November, 1959.

(19) 'Die Kleurlinge', Die Burger, 30 November, 1959.

(20) 'Mnr. Botha sien begin van nuwe tydperk', Die Burger, 15 Desember, 1959.

(21) 'Die beleid van buurskap', Die Burger, 15 Desember, 1959.

(22) P.J. Cillié, 'Wat is (was?) Apartheid?', Die Suid-Afrikaan, nr. 5 (Lente en Vroeg-Somer 1985), p. 19.

(23) 'Many problems are troubling loyal Nats', The Forum, 8 (11), (Februarie 1960), p. 23-24.

(24) 'Nasionalis se aanklag teen Dawie', Die Burger, 18 Desember, 1959.

(25) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(26) 'Kleurlinge wil uit volkstemming bly - Botha', Die Burger, 12 Maart, 1960.

(27) R.E. van der Ross, 'Republic and myth of democracy', die Cape Times, 24 Maart, 1960.

(28) Heard, p. 114-115.

(29) 'Die Kleurlinge', Die Burger, 4 April, 1960.

(30) 'Nuwe verhouding gevra tot Kleurlinge', Die Burger, 12 April, 1960.

(31) 'Groter geleenthede vir Kleurlinge kom, sê Botha', Die Burger, 12 April, 1960.

(32) 'Kleurlinge moet stem behou in stadsake', Die Burger, 15 April, 1960.

(33) Sien 'Die Kleurlinge', Die Burger, 8 Mei, 1959 en 'Kleurlingdorpe', Die Burger, 13 Mei, 1959.

(34) 'Nuwe benadering vir Bantoes, sê Sauer', Die Burger, 20 April, 1960.

(35) 'Nuwe besluite vir S.A. nodig', Die Burger, 21 April, 1960.

(36) 'Kleurlinge wil geen dolk in Afrikanerhart wees - mnr. Botha', Die Burger, 23 April, 1960.

(37) 'Blankes moes Kleurling lankal sy bondgenoot gemaak het', Die Burger, 23 April, 1960.

(38) ''n Groot geleentheid', Die Burger, 25 April, 1960.

(39) 'Kleur en goeie maniere', Die Burger, 24 Mei, 1960.

# HOOFSTUK 13

## BOTSING MET VERWOERD

Die openbare botsing tussen dr. Verwoerd en Die Burger oor die kwessie van die regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Parlement was nie 'n enkele gebeurtenis nie, maar het verskeie fases deurgegaan waarin meer as net regstreekse verteenwoordiging ter sprake gekom het. Die verskillende fases van die twis kan soos volg onderskei word:

(1) Eerstens was die direkte aanleiding tot die botsing Dawie se rubriek op 23 Julie 1960 waarin hy regstreekse verteenwoordiging as 'n voorstel vir algemene oorweging gedoen het.

(2) Daarna was daar 'n tydperk van stilte waar daar geen reaksie oor die voorstel in die koerant verskyn het nie.

(3) In September het daar egter reaksie gekom toe die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, mnr. Daan de Wet Nel, gesê het dat daar aan regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge en Indiërs gedink moet word en 'n uitspraak deur die Administrateur van Kaapland, mnr. Otto du Plessis, dat 'n nuwe benadering t.o.v. die Kleurlinge aan die kom is.

(4) In Oktober het die referendum vir 'n Republiek plaasgevind en oproepe deur verskeie openbare figure vir 'n nuwe beleidsbenadering en o.m. regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge.

(5) Op 17 November het Die Burger berig dat hy oor inligting beskik dat "groot dinge" en "'n nuwe visie" deur die Regering vir die Kleurlinge oorweeg word.

(6) Op 24 November het dr. Verwoerd in 'n onderhoud met Die Burger beslis enige gedagte van regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement verwerp. Die Burger het hierop gesê dat hy nie in die onderhoud met die Eerste Minister die finale antwoord oor die aangeleentheid sien nie.

(7) Die volgende stap was 'n aanval deur min. Daan de Wet Nel op Dawie waarin hy ontevrede voel oor die feit dat Dawie gesê het hy

steun die gedagte van regstreekse verteenwoordiging.

(8) Einde November het dr. Verwoerd 'n toespraak in Johannesburg gelewer waarin hy 'n bedekte dreigement gerig het aan diegene wat regstreekse verteenwoordiging voorstaan of propageer.

(9) 'n Hewige briefwisseling het hierna in Die Burger ontstaan. Die Burger sê dat die Regering se standpunt nie is dat Kleurlinge nooit in die Parlement sal sit nie hoewel dit tans onprakties blyk te wees.

(10) Dr. Verwoerd kondig hierna nuwe planne vir die Kleurlinge aan o.m. die aanstelling van 'n Minister van Kleurlingsake, plaaslike selfbestuur en 'n uitgebreide Kleurlingraad en stel dit duidelik dat dit is hoever die Regeringsbeleid teenswoordig sal gaan.

(11) Die Burger kritiseer sekere uitlatinge van die Kaaplandse NP-leier en Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, oor die geskil en sê dat daar 'n vertrouenskrisis onder Nasionaliste bestaan.

(12) Einde Januarie 1961 besluit die Federale Raad van die NP dat dit 'n beginsel van die party is dat Kleurlinge nie nou en ook nie in die toekoms regstreeks in die Parlement verteenwoordig sal word nie.

(13) Die Burger erken dat die denkrigting van regstreekse verteenwoordiging verwerp word, maar sê dat dit weer in die toekoms sal opduik.

Die publisering van Dawie se beroep om 'n besinning van die gedagte van regstreekse verteenwoordiging het aanvanklik nie veel aandag getrek nie en geen briefwisseling is daaroor in die koerant gevoer nie. Ook op die Uniale kongres van die NP in Augustus is niks gesê oor die gedagte van regstreekse verteenwoordiging nie. Op 14 September het Die Burger gereageer op 'n hoofartikel wat in die Cape Times verskyn het waarin dié koerant dit gestel het dat die nuwe denke oor die Kleurlinge in Nasionale kringe 'n erkenning was dat daar foute gemaak is in die Regering se beleid jeens die Kleurlinge. Volgens Die Burger was dié bewerings oppervlakkige onsin. "Die huidige gelukkige toestand ... is juis die regstreekse gevolg van die nuwe en beter bedeling wat die Nasionale bewind ingestel het ... (Voorheen) is in 'n lang, bitter en

gewetenlose veldtog teen die Nasionale Afrikaner die Kleurlingstem gebruik om die strewe van die Nasionale Afrikaner te verydel ... Die uitsny van daardie sweer in ons politieke lewe bring, noudat die wond genees, 'n opvallende verbetering in verhoudinge tussen blank en gekleurd, en tussen blank en blank." (1) Op 20 September het Die Burger 'n berig gepubliseer waarin min. Daan de Wet Nel gesê het dat daar in die toekoms gedink sal moet word aan groter en selfs regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge en Indiërs in die Parlement. Mnr. Nel het egter nie voorsien dat dit huidiglik praktiese politiek was nie en indien dié stappe uitgevoer sou word dit moes geskied op 'n grondslag wat geen gevaar vir die blankes inhou nie. (2) Op 21 September het Die Burger 'n berig gepubliseer waarin die Kaaplandse administrateur, mnr. Otto du Plessis, gesê het dat hy optimisties is oor die nuwe benadering teenoor die Kleurlinge wat in Suid-Afrika aan die kom is. (3)

Die uitslag van die referendum oor Republiekwording op 7 Oktober is gevolg deur 'n aantal uitsprake deur bekende figure wat die hervormingsgees van die tyd weerspieël het. Op 10 Oktober het die direkteur van die Afrika-instituut, dr. W.C. du Plessis, gesê dat blankes "onder hul dak 'n plek vir die Kleurlinge moet inruim." (4) Op dieselfde dag het die Adjunk-minister van Binnelandse Sake, mnr. P.W. Botha, in Johannesburg gesê dat die tyd min raak om 'n behoorlike plek in Suid-Afrika vir die Kleurling in te ruim. (5) Ook op dieselfde dag het dr. A.L. Geyer op Robertson gesê dat Suid-Afrika nou voor sy grootste uitdaging ooit staan. (6) Op 11 Oktober het prof. N.J.J. Olivier, Stellenbosse akademikus en destyds 'n prominente figuur in SABRA, hom ten gunste daarvan uitgespreek dat Kleurlinge deur hul eie mense in die wetgewende liggame van die land verteenwoordig moet word as hulle dit so begeer. (7)

Op 24 Oktober het in Die Burger 'n resensie verskyn van die boek Die Opkoms van ons Derde Stand deur eerw. D.P. Botha. In die boek meen eerw. Botha dat Kleurlinge en Afrikaners net verskillende stande van een volk is: hulle praat dieselfde taal, woon in

dieselfde streke, bely dieselfde godsdiens en het deur die eeue saamgewerk, saam geveg en saam gesterf vir 'n gemeenskaplike vryheidsideaal. Volgens eerw. Botha is Kleurlinge en Afrikaners eintlik in groter mate deel van een volk as die Afrikaners en Engelssprekendes aangesien hulle saam 'n langer tradisie opgebou het. Hy is dan ook bereid om die implikasies te aanvaar van integrasie in die kerk, bruinmense in die Weermag, die einde van groepsgebiede en werkafbakening en die herstel van die Kleurlingstem met sekere aanpassings. Die Burger was nie sonder kritiek op die boek nie, maar het dit bestempel as 'n boeiende boek wat lesers sal prikkel tot nadenke. (8)
Op 1 November het 'n brief verskyn van 'n leser van die Strand met 'n denke oor die Kleurlinge waaroor hy lank en biddend nagedink het. "In een ding het ons onreg gepleeg. Die bruinmense het die reg gehad om tot die Provinsiale Raad verkies te word, en hulle is nou sonder daardie reg ... Ons eerste toegewing om 'n beter gesindheid te bou, is dat die Kleurlinge deur hul eie mense in ons hoogste raad verteenwoordig word. Ons kan dit nie bekostig om langer uit te stel nie."

Op 17 November het Die Burger in 'n voorbladberig berig dat "groot dinge" binnekort in verband met die Regering se Kleurlingbeleid verwag word. Die berig lui verder:

> "Dit skyn 'n geregverdigde afleiding te wees uit wat pas bekend geword het nl. dat die Kabinet 'n spesiale komitee aangestel het om nuwe planne voor te lê rakende die beleid en administrasie ten opsigte van die Kleurlingbevolking. Die planne wat beoog word, is in dié stadium egter nog 'n staatsgeheim. Die Regering, die NP as geheel en die openbare mening het in die laaste tyd intens bewus geword van die noodsaaklikheid van 'n beter geformuleerde en lewenskragtiger politieke en administratiewe bedeling vir die Kleurlinge. By persone en instansies buite die Regering het uiteenlopende gedagterigtings begin posvat."

Dat Die Burger egter weer soos aan die begin van 1959 duidelik misgetas het, het duidelik geblyk uit sy uitgawe op 24 November waarin die koerant onder die opskrif, 'Geen Kleurlinge in die Parlement, sê Verwoerd: besliste standpunt teen integrasie', berig het van 'n onderhoud wat die koerant se politieke beriggewer, Jan van Rooyen, in Pretoria met dr. Verwoerd gevoer het. Dr. Verwoerd het in die onderhoud gesê dat die integrasioniste met eise vir toegewings aan die Kleurlinge 'n wegspringplek wil kry vir die integrasie van alle rasse. Om die Kleurlinge in die Parlement plek te laat inneem, sal 'n oorgawe aan beperkte integrasie wees. Die begin sowel as die konsekwensies van daardie "klein toegawe" bots met alles waarvoor die NP hom oor die jare beywer het. Dit sou die eerste afwyking van die beginselpad af wees, en daarom verklaar hy met nadruk dat die NP en die Regering hoegenaamd nie bereid is om 'n eerste tree op die "integrasiepad" te neem nie. In die onderhoud het dr. Verwoerd ook die volgende "konsekwensies" van dié "klein toegawe" (regstreekse verteenwoordiging) geskets: uitbreiding van die stemreg op aparte lyste na die Noorde; invoering van die stemreg vir Kleurlingvroue; vermeerderde getalle Kleurlingverteenwoordigers op aparte lyste in albei Huise van die Parlement en die terugkeer na gesamentlike kieserslyste met volle politieke gelykstelling, ook uiteindelik wat betref die keuse van politieke verteenwoordigers in alle kiesafdelings. Volgens dr. Verwoerd sou regstreekse verteenwoordiging en die daarmee gepaardgaande toegewings op die ou end neerkom op volledige integrasie m.a.w. 'biologiese assimilasie'. Dr. Verwoerd het ook gesê dat die NP se beleid een van parallelle strome is in die sin van skeiding, maar binne elke stroom is dit die oogmerk om die volste reg en kanse van daardie bevolkingsgroep vir homself te laat bekom, te beskerm en op te bou. (10)

Op 25 November het Die Burger in 'n hoofartikel gereageer op die onderhoud met dr. Verwoerd. Die Burger het dit verwelkom dat die Regering aandag gee aan die intensiewe gedagtegisting oor die toekoms van die bruinmense wat volgens die koerant reeds 'n geruime tyd aan die gang is in breë kringe van diegene wat die Regering

steun en goedgesind is. Die Burger het ook die feit verwelkom dat die Regering ernstige aandag skenk aan die ekonomiese en opvoedkundige opbou van die Kleurlinge.

> "Dit spreek vir die Nasionalis vanself dat hierdie planne ... op die beginsel van afsonderlike of parallelle ontwikkeling sal berus ... In die genoemde gedagtegisting was dit ook nie die beginsel van afsonderlike verteenwoordiging wat ooit ernstig in die gedrang gekom het nie, maar soms wel die praktiese toepassing van skeiding wanneer dit afgewyk het van die hoë morele en menslike oogmerke van die beginsel. Ons beleid heet aparte ontwikkeling, nie uitsluiting of iets anders negatiefs nie, en dit beaam alle owerhede en Nasionaliste om dit voortdurend te onthou: want 'n gesonde beginsel kan te gronde gaan deur slegte toepassing."

Die Burger het hierop verwys na die oorweging van die gedagte van regstreekse verteenwoordiging wat deur die koerant aan die hand gedoen is.

> "Die Eerste Minister is klaarblyklik onwrikbaar daarteen gekant as 'n gevaarlike stap in die rigting van integrasie, die dun ent van die wig van verswelging en vernietiging van die blankedom. Só is dit seer seker nie gesien deur die Nasionale voorstanders daarvan nie ... Die kwessie van die parlementêre verteenwoordiging van die Kleurlinge, wat vanself nie ewig en onveranderlik die bestaande vorm sal behou nie, hang saam met die uiteindelike posisie van die bruinmense in die veranderende Suid-Afrikaanse samelewing. Dit sal 'n onderwerp van vrye en kalme bespreking onder denkende mense bly, waarvan geen potensieel nuttige en vrugbare gedagtes uitgesluit kan word nie." (11)

Die Burger het dus aanvanklik taamlik versigtig op dr. Verwoerd se mening gereageer, hoewel hy duidelik nie bereid was om alles te aanvaar wat deur die premier gesê is nie.

Op 26 November het Dawie gereageer op die onderhoud met dr. Verwoerd en gesê: "Die gedagte van verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement as hulle dit sou verkies, is dood wat die Regering betref. De Mortuis nil nisi bonum. Maar dit is darem 'n bietjie vreemd dat Opposisie-propagandiste huil asof dit hulle kindjie is wat doodgegaan het. Want die gedagte het seer seker nie sy oorsprong of ontwikkeling by die amptelike Opposisie gehad nie." In 'n poging om aan te toon hoe wydverspreid die gedagte van regstreekse verteenwoordiging gehuldig is en wat die redenering agter die groei van die gedagte was, het Dawie hierop aangehaal uit 'n toespraak in 1959 deur mnr. Daan de Wet Nel in die Parlement. In sy toespraak het mnr. Nel onder meer gesê dat diegene wat glo dat die Swartes vir altyd tevrede sal wees met die paar blankes wat hulle tans verteenwoordig, in 'n gekkeparadys woon. Volgens Dawie was dit dié soort logika wat ondersteuners van die Regering en afsonderlike ontwikkeling gevoer het tot die gedagte van Kleurlingverteenwoordiging deur Kleurlinge. "Die Kleurlinge het nie groot eie tuistes nie. Hulle moet saam met die witmense in die Parlement verteenwoordig bly. Pas die Nel-logika toe, en daar het jy dit." Dawie het hierop mnr. Nel aangehaal waarvolgens hy in 'n berig wat in Die Burger verskyn het, gesê het dat daar aan regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge gedink moet word. "Nou ja, die gedagte het binne die geledere van die Regering se ondersteuners 'n baie breër en dieper geskiedenis as wat ek hier kan aandui. Ek wou met hierdie aanhalings maar net die logika daaragter illustreer, en ook aantoon dat die Opposisie-mense met hul trane by die dood van die gedagte sover dit die Regering betref, oor iemand anders se kindjie huil."

Dié aanhalings deur Dawie het gelei tot 'n bittere, openbare twis met mnr. Nel waarin lg. ontken het dat hy ooit 'n onderhoud met 'n joernalis gevoer het waarin hy regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge voorgestel het. (12) In mnr. Nel se klagte teen Die Burger het hy gebruik gemaak van terme soos die koerant se 'giftige angel' en 'liberalisme' wat aandui hoe sterk die gevoel teen Die Burger in sekere Nasionale kringe was. Volgens Die Burger het die hoofpunt van die argument steeds gebly dat mnr. Nel nie onsimpatiek was teenoor die beginsel van groter en regstreekse

parlementêre verteenwoordiging vir die Kleurlinge as 'n verre toekomsmoontlikheid nie, hoewel dit teenswoordig nie praktiese politiek was nie. (13)

Min. Daan de Wet Nel se mening in September 1960 dat regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge oorweeg moet word, was nie 'n geïsoleerde mening nie, maar een wat hy ook tydens die provinsiale verkiesing van 1959 verkondig het. Dit was toe sy mening dat Kleurlinge altyd in die blanke Parlement verteenwoordig sal word. (14) Dit blyk egter dat toe dr. Verwoerd die sweep in November 1960 geklap het, min. Nel groter geskrik het as ander Nasionaliste en alles in sy vermoë gedoen het om sy vroeëre uitsprake te verbloem. In dié geval het Dawie se ontboeseming van sy vroeëre gedagtes oor regstreekse verteenwoordiging beslis op 'n ongeleë oomblik gekom!

Op 30 November het dr. Verwoerd in 'n toespraak in Johannesburg 'n verdere waarskuwing gerig teen diegene wat die NP wil dwing om sy Kleurlingbeleid te verander. Dr. Verwoerd het gesê dat die Regering groter druk oor sy Kleurlingbeleid kan verwag "miskien selfs vanuit ons eie geledere". Die Regering sal soos mure van graniet moet staan omdat die voortbestaan van 'n volk op die spel staan. (15) Dr. Verwoerd se toespraak was 'n bedekte dreigement aan diegene wat nog regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge wou opper, om dit te laat vaar en hulle onderdanig te stel aan sy planne wat dié gedagte geheel en al uitgesluit het. Dr. Verwoerd was vasbeslote om nie onder druk van diegene wat 'n besinning van regstreekse verteenwoordiging verlang het, te swig nie. (16) Op 2 Desember het 'n brief verskyn van 'n leser van Stellenbosch waarin hy die hoop uitgespreek het dat Dawie se gedagtes oor regstreekse verteenwoordiging nie sal doodloop nie, maar dat hy sal voortgaan om dit kragtig te propageer.

Op 3 Desember het Dawie in sy rubriek gesê dat die koerant se twis met min. Nel vir hom 'n hartseer saak is.

> "Wat ek verlede Saterdag met aanhalinge, volkome korrekte aanhalinge, uit toesprake van min. Nel

aangehaal het, is dat die idee van regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge net so min 'n Sap- of Prog-idee is as afsonderlike verteenwoordiging self. Dit het spontaan en natuurlik gegroei in Afrikanergeledere, en ek sou hierdie hele koerant kon vul met historiese getuienis en met uitlatinge van kerkmanne, denkers en politici wie se trou aan die beginsels van afsonderlike verteenwoordiging bo alle verdenking is, om dit te bewys. Verset was daar natuurlik ook voortdurend wanneer dié gedagte onder ons bespreek is. Sommige het gesê: 'Nooit!' ander het gesê: 'Nie in ons tyd nie', nog ander: 'Ai hetetjie, is dit werklik nodig?' Maar oor die algemeen het ons dit rustig en kalm bespreek, hoewel nie sonder wroeging nie. Ons het erken dat ons verdeeld was en ons het gehoop dat ons deur die gewone demokratiese proses van argumentering en oortuiging na helderheid en groter eensgesindheid sou beweeg ... Nou is daar ongelukkig tekens dat sommige van ons geduld verloor het met die moeisame proses van bespreking en oortuiging."

Volgens Dawie het die debat plaasgevind op die grondslag van die Regering se Kleurlingbeleid wat op afsonderlike en parallelle ontwikkeling berus "of in die woorde van mnr. P.W. Botha: goeie buurskap met behoorlike grenslyne - en ek sou wil byvoeg: met behoorlike hekke van wedersydse kontak en begrip". Dawie het hierop gewaarsku teen die gevare van 'n ketterjag wat in die NP kan ontstaan.

"Die mense wat die gedagte van regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge goedgesind is, is in die Afrikanergeledere 'n minderheid, maar hulle is nie min nie. Hulle is ook nie onbelangrik nie. Sommige van hulle het tot hulle standpunt geraak deur diepe denke en baie wroeging, party ook

deur gebed. Ons kan hulle gedagtes oorstem en verwerp omdat ons glo dat dit nie praktiese politiek is nie: maar as ons hulle begin uitskel vir liberaliste, integrasioniste en voorstanders van 'biologiese integrasie' dan sal dit die begin van die end wees van ons NP. Nog erger: daar sal rampspoedige klowe geslaan word in die Afrikanervolk en al sy instellinge."

In 'n hoofartikel op 5 Desember onder die opskrif, 'Kokende Gedagtes', het Die Burger 'n beroep gedoen om die beteueling van humeure en die demping van heftige gevoelens.

"As tot voorverlede week die gedagtes oor ons verhoudinge tot die bruinmense onder Nasionale Afrikaners gegis het, dan is dit nou besig om te kook ... Die houdings wissel van geesdriftige steun vir die Eerste Minister se formulering tot die diepste teleurstelling met 'n bepaalde koers van 'n Nasionale hoofleier wat ons ons in die afgelope twaalf jaar kan herinner ... Die feit is dat die verdeeldheid erger geword het en rede tot kommer gee aan elkeen vir wie die voortbestaan van die Nasionale bewind erns is ... Om te maak asof diepgaande verskille nie bestaan nie, sou gek wees."

Op 6 Desember het 'n brief verskyn van 'n leser van Prieska waarin hy gesê het dat hy en sy vrou oor die "ekstremistiese standpunt" van dr. Verwoerd uit die NP bedank het. Die brief lui verder: "Ek moet myself afvra of die Opposisiepers dalk korrek kan wees wanneer hulle sê dat die Nasionale leiers apartheid toepas uit vrees - vrees dat die geringste toekenning van politieke regte aan 'n groep soos die Kleurlinge onvermydelik integrasie en die onderploeging van die blanke ras sal beteken. As ons dan so swak is, verdien ons om ondergeploeg te word."

In 'n hoofartikel op 7 Desember het Die Burger 'n meer versoenende houding aangeneem en gevra of die verskillende standpunte werklik so onversoenbaar is as wat dit oppervlakkig lyk. Volgens die koerant is die twee kampe in werklikheid nie so skerp afgebaken nie.

> "Dit blyk sodra ons aan elke groep 'n eenvoudige vraag stel. Wil die voorstanders van regstreekse verteenwoordiging Kleurlinge vandag of aanstaande jaar in die Parlement hê? Baie min sou bevestigend antwoord. Die grote gros dink daaraan as iets vir die toekoms ... Maar is dit in werklikheid die standpunt van die teenstanders dat nou eens en vir altyd bepaal sal word dat daar nooit Kleurlinge in die Parlement sal sit nie? ... In werklikheid is die Nou-mense en die Nooit-mense albei klein minderhede onder die Nasionaliste ... Waarom stry oor 'n beleidspunt wat geen kwessie van onmiddellike uitvoering is nie? Waarom dan nie tot 'n gemeenskaplike formulering geraak wat dit duidelik stel dat regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge nie nou daar is nie, maar wat ook die moontlikheid van veranderde omstandighede en houdings in die toekoms nie uitsluit nie?" (17)

In sy poging om versoenend op te tree, het Die Burger dus sy vroeëre standpunt verloën. Dit was tog dié koerant wat sedert 1958 oproepe gedoen het om 'n dinamiese, konstruktiewe daad teenoor die Kleurlinge en die feit dat hy regstreekse verteenwoordiging gesien het as 'n moontlikheid om dié daad te realiseer, toon dat hy ongeduldig was vir die uitvoering van dié stappe. Op 23 Julie het Dawie dan ook gepraat van die drang na 'n voorwaartse beweging in die Nasionale Kleurlingbeleid, wat die koerant duidelik in die kamp van die 'Nou-mense' geplaas het. Wat die koerant nou probeer doen het, was om met 'n aanskyn van eer uit die twis met dr. Verwoerd te tree, wat behels het 'n aanvaarding van sy verwerping van regstreekse verteenwoordiging en in ruil daarvoor die reg van die koerant om 'n vrye bespreking daaroor in die toekoms te voer. Selfs daartoe was dr. Verwoerd

nie bereid nie. Hy wou totale onderdanigheid van Die Burger hê. (18)

Die openbare twis tussen Die Burger en dr. Verwoerd het gepaard gegaan met 'n hewige meningswisseling in die briewekolomme van die koerant. Op 7 Desember het 'n leser van Rondebosch geskryf dat hy teleurgesteld is met dr. Verwoerd se optrede en selfs 'n bietjie in die steek gelaat voel. In dieselfde uitgawe het 'n leser van die Paarl dr. Verwoerd se logika bevraagteken. "Maar hoe versoen 'n mens met logika die permanente bewaring van derderangse burgerskap in afgehokte gemeenskappe wat nooit meer as aanhangsels van blanke dorpe of stede kan wees nie?"

Op 7 Desember het dr. Verwoerd die Regering se nuwe, omvattende planne vir Kleurlinge aangekondig m.a.w. die nuwe bedeling wat beloof en waaroor bespiegel is. Die nuwe bedeling het behels die aanstelling van 'n minister van Kleurlingsake wat 'n kragtige sosiaal-ekonomiese ontwikkelingsplan moes aanpak, plaaslike selfbestuur en 'n uitgebreide Uniale Kleurlingraad. Dr. Verwoerd het ook gesê dat dit die amptelike standpunt van die Regering en die NP is dat Kleurlinge in die Parlement aanhou verteenwoordig moet word deur blankes. (19) In 'n hoofartikel op 8 Desember het Die Burger die planne verwelkom en gesê dat daar op die Regering en sy ondersteuners 'n plig rus om toe te sien dat die beleid met toewyding en energie omgesit sal word in dade. (20) In 'n tweede, aparte hoofartikel het Die Burger verwys na dr. Verwoerd se standpunt dat geen verandering beoog word in die Regering se beleid dat net blankes Kleurlinge sal bly verteenwoordig in die Parlement.

> "So 'n standpunt van geen verandering is nie op sigself daarop bereken om onder Nasionaliste veel twis of verdeeldheid te wek nie. Hoogstens, in hierdie stadium, 'n mate van teleurstelling by sommige. Wat wel by 'n aansienlike seksie veel meer as net teleurstelling gewek het, was nie die amptelike, ooreengekome standpunt van die Regering of die Party soos dit nou gestel word nie, maar 'n

front-aanval in 'n sterk negatiewe gees op die blote gedagte van latere regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge as in stryd met afsonderlike ontwikkeling en trouens met alles waarvoor die NP staan ... Soos ons egter die posisie nou verstaan, is dit nie die amptelike Nasionale standpunt dat die Kleurlinge noodwendig vir altyd deur witmense verteenwoordig sal word nie. Dit is nie die amptelike Nasionale standpunt dat kritiek op so 'n vooruitsig liberalisties is of verraderlik teenoor die NP is nie. Dit is nie die amptelike Nasionale standpunt dat regstreekse verteenwoordiging noodwendig die begin van integrasie en verbastering sou wees nie. Die amptelike, ooreengekome standpunt is net dat die Kleurlinge in die Parlement aanhou verteenwoordig moet word deur blankes, en daar sou in die toekoms langs die behoorlike kanale gevra kan word om die heroorweging daarvan in die lig van veranderende omstandighede, sonder dat dit iemand sou blootstel aan 'n outomatiese veroordeling weens verraad teen die Nasionale bewind, die NP of die blanke ras." (21)

Op 9 Desember het Die Burger gereageer op kritiek in die Opposisiepers dat die Regering se nuwe Kleurlingbeleid negatief is en nie aan die eise van die toekoms sal voldoen nie. Hierop het Die Burger gesê: "Dit is tog duidelik dat 'n feitlik eenparige blanke, openbare mening ook in die mees liberalistiese omgewing, die opheffing en vordering van die Kleurlinge langs die weg van parallelle ontwikkeling voorskryf." (22) Op 10 Desember het twee briewe van lesers verskyn waarin hulle hul teleurstelling met dr. Verwoerd se optrede uitgespreek het. 'n Leser van Nababeep het geskryf dat dit veral die gees van sy verklaring is wat seermaak en dat dit 'n gebrek aan soepelheid en staatsmanswysheid openbaar. 'n Leser van Vasco het geskryf dat dit reeds 'n geruime tyd is dat hy en duisende ander Nasionaliste ongelukkig voel oor heelparty aspekte van die Regering se optrede. "Wat die kwessie van Kleurlingverteenwoordigers in die Volksraad betref, kom dit my voor dat die meerderheid onder die teenstanders van die

gedagte nie die minste benul het waarom so baie van ons Nasionaliste ten gunste daarvan is dat die Kleurling deur sy eie ras in die Parlement verteenwoordig moet word nie. Kan die mense dan nie vir hulself dink nie? ... Omstandighede vereis dat die NP 'n hernuwing moet ondergaan om aan te pas by ons tyd en die onmiddellike toekoms. Ons kan nie meer dink in terme van twintig jaar gelede nie."

Op 10 Desember het Dawie in sy rubriek gesê dat senior redaksielede van Die Burger nog nooit so 'n stroom van briewe oor een onderwerp ervaar het soos wat in dié tyd in verband met die Nasionale Kleurlingbeleid ontvang is nie. Hy het weer verwys na die twis wat oor die Kleurlingbeleid ontstaan het.

> "As ek eendag moet omkyk en 'n klomp skape agter my sien in stede van selfstandig denkende Afrikaners wat bereid is om my kaalkop die waarheid te sê, dan sou ek my arbeid deur al die jare in hierdie rubriek as vergeefs beskou. Trouens, as ek nie nog altyd sulke lesers gehad het nie, was ek seker al lankal verder van die spoor af as wat sommige van u my reeds beskou ... Hoe meer afwykende, kritiese standpunte rondom jou ingeneem word, des te beter kan jy jou eie houding toets en bepaal."

Dawie het hierop genoem van 'n gevaarlike kloof wat nou in Nasionale kringe ontstaan het tussen 'n groot en belangrike klas van 'intellektuele' en die veel talryker 'gewone mense'. "As Afrikanereenheid iets meer as skyn moet wees, moet die uiteenlopende standpunte nader aan mekaar gebring word. Die 'intellektueel' moet die 'gewone man' se houding beter leer begryp en die 'gewone man' moet afleer om smalend te praat van denkers." In kommentaar op dr. Verwoerd se 'positiewe ontwikkelingsprogram vir die bruinmense' het Dawie gesê dit verdien die steun van almal. "Ek glo dat die meeste Nasionaliste bereid is, soos hulle trouens drie weke gelede was, om 'n houding van 'geen verandering' in verband met die Kleurlinge se parlementêre verteenwoordiging te onderskryf. Waartoe baie nie bereid is nie, is om hulself vir die hele toekoms

te laat bind. In ons vinnig ontwikkelende toestande en verhoudinge is dit onrealisties om onversetlike standpunte in te neem en deure permanent te probeer toeslaan."

Op 12 Desember het Die Burger berig van 'n onderhoud wat die koerant gevoer het met die Minister van Binnelandse Sake, dr. T.E. Dönges, waarin die Minister gewaarsku het dat meningsverskille nie opgelos kan word deur mekaar in die publiek in die hare te vlieg nie. Ook kan net die onderskeie provinsiale kongresse 'n verandering in beleid te weeg bring. (23) In 'n hoofartikel het Die Burger erken dat net die kongresse beleid kan verander, maar gesê dat dit goed sal wees as méér groot vraagstukke in groter mate in die besprekinge van die party se takke, konferensies en kongresse weerspieël kan word. "In die laaste jare gee die agenda van die gemiddelde Nasionale kongres nouliks die indruk van 'n party wat wakker reageer op die uitdaginge van ons eeu." Die Burger het daarop bedekte kritiek op dr. Dönges se menings uitgespreek. "Waarmee ons nie instemming wil betuig met 'n sekere opvatting dat bepaalde groot strydvrae wat ons almal se bestaan raak, net agter geslote deure bespreek moet word nie. Die 'gewone mense' is geen dwase nie, en ons moet en kan op die duur op hulle vertrou om reg te besluit as hulle reg ingelig is." (24)

Op 13 Desember het 'n brief verskyn van sen. H.J. van Aarde waarin hy dr. Verwoerd gelukgewens het met sy optrede teen die gedagte van regstreekse verteenwoordiging vir Kleurlinge. "Die Eerste Minister het in sy wysheid geweet wat sal kom as Kleurlinge deur Kleurlinge verteenwoordig moet word, net presies wat dr. Van der Ross, hul groot leier, vra nl. onder andere weg met wetgewing wat gemengde huwelike verbied m.a.w. 'n pleidooi vir integrasie. Watter blanke regering kan so-iets toestaan?"

Die twis tussen Die Burger en dr. Verwoerd het plaasgevind teen die agtergrond van twee belangrike verslae oor die NP se Kleurlingbeleid. Die een was 'n verslag deur SABRA oor die politieke toekoms van die Kleurlinge. Dié SABRA-kommissie van ondersoek is in April 1960 aangestel en het op 18 Januarie 1961 sy verslag

voltooi. In die verslag is wydverspreide politieke hervormings m.b.t. die Kleurlinge aanbeveel o.m. volwaardige burgerskap en regstreekse verteenwoordiging in die Parlement. Dr. Verwoerd het egter ook soos met die liberale besluite deur die Afrikaanse kerke op die Cottesloe-beraad dieselfde jaar, 'n stokkie voor die verslag gesteek en dit is nooit gepubliseer of as beleid aanvaar nie. (25)

Die tweede was 'n spesiale komitee van die Kaaplandse NP wat oor die Kleurlingbeleid moes besin. Dit was onder die voorsitterskap van mnr. P.W. Botha en het later ontwikkel tot 'n volwaardige Kabinetskomitee. Die aanbevelings het nie so ver gegaan as SABRA s'n nie, maar het gesonder kontakte met die Kleurlinge bepleit asook 'n ondersoek na verteenwoordiging vir die Kleurlinge in die Noordelike provinsies. Die komitee se aanbevelings het die basis gevorm van dr. Verwoerd se aankondiginge m.b.t. die Kleurlinge op 7 Desember. (26) Dit is duidelik dat dit nie net Die Burger was wat deelgeneem het aan die spekulasie oor 'n toekomstige politieke bedeling vir Kleurlinge nie - ook in verskeie ander Afrikaner-kringe is ondersoeke daaroor gedoen.

Op 17 Desember het Dawie in sy rubriek n.a.v. die Cottesloe-beraad en die twis oor Kleurling-verteenwoordiging gesê dat daar 'n akute vertrouenskrisis binne die Nasionale Afrikanerdom bestaan oor rasseverhoudinge en dat dit nie help om dit te verbloem nie. In 'n hoofartikel op 28 Desember onder die opskrif, 'Om Op Te Som', het die koerant weer die hele twis rondom die regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge in oënskou geneem. Die koerant het herhaal dat hy in die vrye bespreking van landsake glo en dat die Eerste Minister deur die bank steun verdien vir sy "omvattende en verreikende ontwikkelingsprogram vir die Kleurlinggemeenskap". Die Burger het ontken dat hy 'n voorvegter geword het vir die gedagte van die onmiddellike verteenwoordiging van Kleurlinge deur Kleurlinge in die Volksraad. "Dit was ons nog nooit nie, en is ook nie nou nie. Wat wel erken moet word is dat die beginsel van regstreekse verteenwoordiging vir die Kleurlinge in die laaste jare belangrike aanhangers onder Nasionaliste gekry het." Volgens die koerant hoef die steun wat sommige Nasionaliste verleen aan regstreekse verteenwoordiging nie die party te verdeel nie.

> "Wat ons wel noodlottig kan verdeel, is twee teenoorgestelde houdings. Die een is dat party van ons dreigend sou eis dat regstreekse Kleurlingverteenwoordiging tot elke prys nou ingestel moet word ... Die ander gevaarlike houding is dat die beginsel van regstreekse verteenwoordiging eens en vir altyd deur elke Nasionalis afgesweer moet word m.a.w. dat ons bereid moet word om te sê dat die bestaande verteenwoordiging nooit verander sal word nie ... Die deur na die beginsel van regstreekse Kleurlingverteenwoordiging is nooit gesluit nie, en enige poging om dit te doen, moet onberekenbare gevolge vir die NP hê, om van die verhoudinge tussen wit en bruin nie te praat nie."

Die Burger het sy siening herhaal dat hy nie in die Eerste Minister se verklaring sien dat die beginsel van regstreekse verteenwoordiging vir altyd taboe sal wees nie.

> "In die Eerste Minister se verklaring oor die ontwikkelingsprogram vir die Kleurlinge het hy die amptelike, ooreengekome standpunt van die Regering só gestel: 'dat die Kleurlinge in die Parlement aanhou verteenwoordig moet word deur blankes'. Daar staan nie 'vir altyd' nie. In verband met regstreekse Kleurlingverteenwoordiging is ons beleid dus seer seker nie 'Nou' nie, maar beslis ook nie 'Nooit' nie. Om in sulke sake te sê 'Nooit' druis in teen alle gesonde verstand."

Op 31 Desember het Dawie weer verwys na die twee pole wat in die Afrikanerdom bestaan wat 'n duidelike voorspelling vorm van die verlig/verkramp-stryd wat aan die einde van die sestigerjare tot uitbarsting gekom het.

> "Twee neigings is aan die stry om die oorhand in ons volk se boesem. Die een is die neiging tot grootheid, tot 'n nuwe benadering van ons vraagstukke,

> tot begrip van die ander volksgroepe: weg van blote selfbehoud in sy engste sin ... Die ander is die drang om terug te groei in onsself, terug in ons eie bitterheid en suurheid, terug na die gewaande veiligheid van beproefde ou emosies en houdings ... Dit is 'n stryd in ons eie hart want elke Afrikaner wat die naam werd is, dra daardie twee neiginge in hom: die hunkering na die skynbaar veilige bedompigheid van ons ongetemperde self teenoor die drang na die vryheid en lig."

Die Burger het dus teen die einde van 1960 erken dat die beginsel van regstreekse verteenwoordiging vir nou van die baan was, maar dat die beleid nie is dat dit nooit toegepas sal word nie. Dit was egter nie hoe dr. Verwoerd en die Regering die saak gesien het nie. Hulle wou die nooit ook as beginsel van die party aanvaar kry. Op 22 Januarie 1961 het die Federale Raad van die NP dan ook besluit dat dit 'n beginsel van die party is dat Kleurlinge nie nou nie en ook nie in die toekoms deur Kleurlinge verteenwoordig sal word nie. (27) Die Raad het m.a.w. 'n besluit geneem waarvolgens dit 'n beginselstandpunt van die NP is dat Kleurlinge deur blankes in die Parlement en die Kaaplandse Provinsiale Raad verteenwoordig sal word.

In 'n hoofartikel op 23 Januarie het Die Burger egter nog steeds gesê dat hy dit nie as permanent 'vir altyd' sien dat Kleurlinge deur blankes in die Parlement verteenwoordig moet word nie. Die koerant het erken dat dit die beleid vir nou en die toekoms is, maar "dit sou in die toekoms nogtans op die voorgeskrewe manier verander kan word d.w.s. deur die kongresse." "Die Federale Raad se verklaring laat dus die deur oop vir bespreking en besluite in partygeledere, en is in dié sin bevorderlik vir die begrip en verdraagsaamheid waarvan die NP se samehorigheid afhang." Die Burger het ook erken dat kragtens die besliste leiding wat nou deur dr. Verwoerd gegee is, die denkrigting van regstreekse verteenwoordiging verwerp word.

> "Tog sterf 'n gedagte met inherente geldigheid nie vir altyd nie, en as regstreekse Kleurling-verteenwoordiging of 'n ander vorm van verteenwoordiging só 'n gedagte is, sal dit seker in die toekoms weer opduik. Dit sal die tyd wel leer ... Ons hoop dat ook die belangrike minderheid van Nasionaliste en vriende van die NP wat gemeen het om hul regering en hul land 'n diens te bewys deur 'n heroorweging van die bestaande Kleurlingverteenwoordiging te propageer, die saak in hierdie lig sal sien en hul teleurstelling ondergeskik sal stel aan die oorheersende belangrikheid van die praktiese en positiewe planne wat vir die bruinmense bekend gemaak is." (28)

Die botsing tussen dr. Verwoerd en Die Burger het ook wye aandag getrek in die Kaapstadse Engelstalige pers. In 'n hoofartikel op 19 November 1960 het die Cape Times skerp kritiek op die sg. 'nuwe bedeling' vir die Kleurlinge uitgespreek wat volgens die koerant nie sal voldoen aan die Kleurlinge se wettige politieke eise en regte nie. "That will only sharpen despair among the Coloured people and deepen their already nearly fathomless distrust of White good faith." (29) Op 25 November het die koerant gesê dat dr. Verwoerd se verwerping van die gedagte van regstreekse verteenwoordiging 'n belediging vir Kleurlinge is aangesien dit veronderstel dat hulle vir altyd onder Wit voogdyskap onderwerp sal word. (30) Die Cape Times en die Cape Argus het egter hul skerpste kritiek op die Nasionale regering uitgespreek ná dr. Verwoerd se beleidsaankondiging op 7 Desember 1960. Op 8 Desember het die Cape Times in 'n hoofartikel gesê: "If the Cape Nationalists and Sabra are happy with the statement there is indeed cause to weep for our beloved country." (31) In 'n hoofartikel op 8 Desember het die Cape Argus gesê dat dr. Verwoerd se beleidsaankondiging 'n ernstige terugslag is vir die geestelike en morele dryfkragte van Afrikaner-Nasionalisme. "Morally and economically, the only adequate comment is: God help us all." (32) Op 23 Januarie 1961 het die Cape Argus n.a.v. die mosie van die Federale Raad van die NP dat direkte verteenwoordiging ook nie as toekomstige beleid oorweeg sal word

nie gesê dat die paleisrevolusie in Afrikaner-Nasionalisme doeltreffend onderdruk is: "This document does indeed dispel any confused beliefs that Nationalism means to relax its harsh race policies." (33)

Dr. Richard van der Ross het dr. Verwoerd se nuwe beleidsprogram vir Kleurlinge bestempel as "the new Misdeal". (34) Op 1 Desember het dr. Van der Ross in die Cape Times gesê dat dr. Verwoerd korrek is in sy mening dat Kleurlinge nie tevrede sal wees met net 'n paar Kleurlinge in die blanke Parlement nie.

> "The Coloured people would never accept direct representation by four or six people and stop at that. They would want, and strive the harder for, the abolition of discriminatory legislation in regard to mixed marriages, 'immorality', job reservation, separation in restaurants, hotels, swimming baths, universities, and so on ... The Coloured people do not want direct representation on a separate roll. We want direct representation on a common roll. We want votes for our women. We want votes for the North. We want votes for all South Africans ... So there are no tears shed among us at the thought that there are to be no Coloured MP's or Senators. We did not conceive the plan, neither did we abort it." (35)

Dr. Verwoerd se besliste verwerping van die gedagte van regstreekse verteenwoordiging en sy botsing met Die Burger, moet gesien word teen die agtergrond van die algehele politieke situasie in die land. Daar was onsekerheid in Suid-Afrika oor 'n Kleurlingbeleid wat nie in die praktyk gerealiseer het in ooreenstemming met die hoë ideale wat gestel is nie. Deur te veel uiteenlopende gedagtes oor hul toekoms toe te laat, het die NP die gevaar geloop om deur faksies oorweldig te raak soos inderdaad met die VP gebeur het. Vir dr. Verwoerd moes alles logies verantwoordbaar wees en 'n wilde spekulasie oor 'n toekomstige Kleurlingbeleid kon hy nie duld nie. Die ander faktor was die wese en praktyk van die NP se Kleurlingbeleid. Was die gedagte van regstreekse verteenwoordiging nie in wese onversoenbaar met apartheid/afsonderlike/parallelle ontwikkeling nie? Hier het

Verwoerd wel geglo dat die twee begrippe onversoenbaar met mekaar was. (36) Baie Nasionaliste het inderdaad gedink dat dit die begin van algehele integrasie kan wees. (37) Wat Verwoerd ingesien het was dat die kern van die saak was dat enige eerlike beleid van geen diskriminasie teenoor die Kleurlinge tot 'n verlies van die Afrikaner se politieke beheer in die land sou lei. (38)

In op sigself is die gedagte van regstreekse verteenwoordiging van Kleurlinge 'n vreemde gedagte om deur Nasionaliste geopper te word. Die hele rasionaal agter die verwydering van die Kleurlinge van die gemeenskaplike lys was tog om hulle as magsfaktor en bedreiging vir Afrikaner-hegemonie uit die weg te ruim. Om aan hulle regstreekse verteenwoordiging te gee, sou hulle weer in die magsinstellings van die Afrikanerdom bring, en die hele saak, uit Nasionale oogpunt, terugplaas soos dit was met die gemeenskaplike kieserslys. En as daar wel vier verteenwoordigers sou wees wat Kleurlinge was, sou hulle tog nie die situasie aanvaar het soos dit was nie, maar 'n uitbreiding van verteenwoordiging en die afskaffing van alle diskriminerende wetgewing geëis het. (39) En indien daar 'n uitbreiding van Kleurlingverteenwoordiging sou kom, sou hulle mettertyd volgens hulle wettige politieke aansprake ook die balans tussen die twee vernaamste politieke partye in die Parlement hou wat tot die val van die Nasionale regering sou kon lei - iets wat uit Nasionale oogpunt verhinder is met afsonderlike verteenwoordiging. Die NP se hele beleid was om die Kleurlinge as magsfaktor <u>buite</u> die Parlement te plaas en nie <u>binne</u> nie. Die gedagte van regstreekse verteenwoordiging sou hulle egter weer 'n magsfaktor <u>binne</u> die Parlement gemaak het.

Dit is vreemd dat 'n koerant soos <u>Die Burger</u> wat so 'n geesdriftige kampvegter vir afsonderlike verteenwoordiging was, nie hierdie redenasie ingesien het nie. Die keuse was tog uidelik: òf die gemeenskaplike kiesreg van die Kleurlinge word aanvaar en daar is 'n uitbouing van verdere legitieme politieke regte òf hulle word van die gemeenskaplike lys verwyder, onderwerp aan diskriminerende maatreëls en hulle oefen hulle politieke regte op

die afsonderlike basis van apartheid uit. Dié logiese keuses is deur Die Burger in die konstitusionele stryd in die vyftigerjare ingesien en gepropageer, maar klaarblyklik in 1960 vergeet. In die jare ná die volvoering van die konstitusionele stryd, het dit egter duidelik geblyk dat Die Burger ongeduldig was met die stadige toepassing van 'n nuwe, meer positiewe bedeling vir die Kleurlinge en dat die diskriminerende aspekte verbonde aan die beleid van apartheid hom begin pla het. In die onsekerheid van die implikasies van die toepassing van afsonderlike verteenwoordiging m.b.t. die Kleurlinge het hy 'n meer 'verligte' toepassing van die beleid gesien m.a.w. afsonderlikheid met brûe tussen blankes en Kleurlinge. Dit was dié ongeduld wat gelei het tot die eising van 'n dinamiese, konstruktiewe daad m.b.t. die Kleurlinge en hom op die verafgeleë pad van regstreekse verteenwoordiging begeef het. Enige verandering moes egter nog steeds volgens Die Burger op die basis van afsonderlike verteenwoordiging geskied - iets wat moeilik versoenbaar sou wees met die verlening van groter regte aan die Kleurlinge.

Die groot rasionaal agter dr. Verwoerd se optrede was egter nie net beleidsoorweginge nie, maar 'n poging om sy eie mag en gesag te konsolideer. (40) Hy persoonlik wou die eksponent van beleid wees. In 1960 het hy nog nie sy eie mandaat van die kiesers in 'n algemene verkiesing verkry nie en kon hy allermins in die moeilike tyd wat die land destyds beleef het, bekostig dat daar tweedrag in sy party ontstaan. In dié opsig was Die Burger 'n maklike stok vir hom om te slaan. Hy het geweet dat die koerant nie baie geesdriftig was oor sy verkiesing tot premier nie. (41) en ook besef dat regstreekse verteenwoordiging as beleid nog nie veel ingang by die massa-lede van sy party gemaak het nie.

Dr. Verwoerd het blykbaar nooit 'n persoonlike vooroordeel teen Die Burger gehad nie en goeie, hoewel nie hartlike, bande met die destydse redakteur, mnr. Piet Cillié, behou. (42) Tydens die opstel van die besluit in Januarie 1961 deur die Federale Raad van die NP dat dit 'n beginsel van die party is dat Kleurlinge nie nou en ook nie in die toekoms deur Kleurlinge verteenwoordig sou word nie, wou sommige Nasionaliste verdere strafmaatreëls teen Die Burger toepas. Dr. Verwoerd het egter daarteen wal

gegooi en gesê dat Die Burger wel erken het dat die beginsel van regstreekse verteenwoordiging nie haalbaar was nie. (43) Dr. Verwoerd het gevoel dat die opstel van die beginsel van geen verteenwoordiging ook nie in die toekoms nie, Die Burger genoegsaam gedwing het om die fait accompli te aanvaar. Hy het ook nie mnr. Cillié na sy kantoor ontbied en persoonlike aanvalle op hom gedoen nie. Dr. Verwoerd het ook 'n persoonlike bewondering vir mnr. Cillié gehad en gesê dat niemand in die koerantwese die partybeleid van vryheid deur territoriale verdeling vir 'n Swart meerderheid beter stel nie. (44) Dit was egter duidelik dat as Die Burger hom direk ten gunste van regstreekse verteenwoordiging uitgespreek het en 'n veldtog daarvoor gevoer het, daar binnekort 'n nuwe redakteur sou wees. Die Burger het inderdaad op dun ys beweeg, en is gered deur sy versigtige bewoording dat sommige Nasionaliste die beginsel goedgesind was as 'n toekomstige beleidsmoontlikheid.

Vir die meeste Kleurlinge was die twis waarskynlik 'n storm in die gebruiklike teekoppie. Dit het op geen wyse gehandel oor die toekenning van legitieme en omvattende politieke regte aan hulle nie m.a.w. die twis was nie oor die toekenning van volle politieke regte aan Kleurlinge al dan nie. Die twis was binne die raamwerk van afsonderlike verteenwoordiging - m.a.w. die Kleurlinge se plek binne die raamwerk van apartheid. Aangesien Kleurlinge feitlik in toto apartheid verwerp het, het die twis hulle nie baie opgewonde gemaak nie. Die korttermyn-voordele van die toepassing van regstreekse verteenwoordiging kon wel in hul guns gewees het, maar daar was nie wydverspreide vertroue dat die Regering volle politieke regte aan hulle sou verleen nie.

In die jongste tyd is voorgehou dat dr. Verwoerd in sy hart ook vir regstreekse verteenwoordiging was en onder meer in 'n brief aan die Australiese premier, sir Robert Menzies, dit voorgehou het as 'n toekomstige moontlikheid. (45) Sy hele openbare optrede in dié tydperk was egter van so 'n aard dat hy regstreekse verteenwoordiging nou en in die toekoms verwerp het en 'n klaarblyklike private ondersteuning van regstreekse verteenwoordiging deur dr. Verwoerd kan nie te ernstig opgeneem word nie. Dit blyk egter dat dr. Verwoerd self paradoksaal ná sy onderdrukking van die gedagte van regstreekse verteenwoordiging die mening gehuldig het dat sy siening nie die finale antwoord was nie. Op 24 Januarie

het hy in die Parlement gesê: "Ek wil nie beweer dat die alfa en omega oor die Kleurlinge op die politieke terrein al gesê is nie." (46)

Die beginsel van regstreekse verteenwoordiging wat deur Die Burger geopper is, het ingehou die implikasie van die uitbouing van die politieke regte van die Kleurlinge. Deur daarna te berus in die verklaring van die Eerste Minister, het Die Burger se geloofwaardigheid 'n knou gekry deurdat gevoel is dat Die Burger nie bereid was om die gevolge en implikasies van sy voorstel te dra nie. In Januarie 1961 het die liberale maandblad The Forum kommentaar gelewer op Die Burger se siening dat dit nie NP-beleid is dat Kleurlinge nooit in die Parlement verteenwoordig sal word nie. "But it lacked one thing: a frank recognition by Die Burger that there was nothing to hope for from dr. Verwoerd. That would have been open revolt and Die Burger was not equal to such an act of defiance. It found another and more subtle way of getting the point across but in so doing weakenend its moral position very considerably." (47) Die Burger moes voorsien het dat selfs indien regstreekse verteenwoordiging ingestel is, dit net die begin sou wees van die toekenning van volle politieke regte aan die Kleurlinge. Die Burger sou ná 1960 nooit weer 'n deurslaggewende voorstel m.b.t. die Kleurlinge doen wat nie in die beleid van die NP voorsien is nie. Dit het meegebring dat die koerant alle toekomstige stappe deur die Regering teenoor die Kleurlinge, insluitende die afskaffing van die Kleurlingverteenwoordiging in 1968, gesteun het. Dit het bygedra tot 'n verdere knou in sy geloofwaardigheid en 'n vraagteken geplaas of Die Burger werklik ernstig was met sy voorstel van vergrote politieke regte vir die Kleurlinge.

(1) ''n Stukkie geskiedenis', <u>Die Burger</u>, 14 September, 1960.

(2) 'Nel oor politieke toekoms van Kleurlinge en Indiërs', <u>Die Burger</u>, 20 September, 1960.

(3) 'Dr. Du Plessis optimisties oor Kleurlinge', <u>Die Burger</u>, 21 September, 1960.

(4) 'Blankes en Kleurlinge onder een dak', <u>Die Burger</u>, 11 Oktober, 1960.

(5) 'Afrikanervolk moet hom aanpas vir sy toekomsrol', <u>Die Burger</u>, 11 Oktober, 1960.

(6) 'Suid-Afrika staan nou voor die grootste uitdaging', <u>Die Burger</u>, 12 Oktober, 1960.

(7) 'Prof. N.J.J. Olivier vra nuwe Kleur-toekoms', <u>Die Burger</u>, 12 Oktober, 1960.

(8) 'Prikkelende boek oor Kleurlinge', <u>Die Burger</u>, 24 Oktober, 1960.

(9) 'Nuwe visie ook vir Kleurlinge: Kabinet se spesiale komitee', <u>Die Burger</u>, 17 November, 1960.

(10) 'Regering beoog geen toegewings wat tot integrasie lei nie', <u>Die Burger</u>, 24 November, 1960.

(11) 'Die Kleurlinge se toekoms', <u>Die Burger</u>, 25 November, 1960.

(12) Sien in dié verband 'Min. Daan Nel doen aanval op Dawie', <u>Die Burger</u>, 28 November, 1960.

(13) 'Min. Nel se optrede', <u>Die Burger</u>, 30 November, 1960.

(14) C. Taylor, <u>If courage goes</u>, (Johannesburg, 1976), p. 167.

(15) 'Verwoerd verwag druk - selfs uit eie kamp', <u>Die Burger</u>, 1 Desember, 1960.

(16) G.D. Scholtz, <u>Dr. Hendrik Frensch Verwoerd 1901-1960</u>, deel 2, (Johannesburg 1974), p. 170.

(17) ''n Weg na eensgesindheid', <u>Die Burger</u>, 7 Desember, 1960.

(18) Sien in dié verband hoofartikel in <u>die Cape Times</u>, 24 Januarie, 1961

(19) 'Omvattende plan vir Kleurlinge', <u>Die Burger</u>, 8 Desember, 1960.

(20) ''n Kragtige program', <u>Die Burger</u>, 8 Desember, 1960.

(21) 'Twee verklarings', Die Burger, 8 Desember, 1960.

(22) ''n Woeste aanslag', Die Burger, 9 Desember, 1960.

(23) 'Dönges waarsku teen twis: kongres gee uitsluitsel oor beleid', Die Burger, 12 Desember, 1960.

(24) 'Raad aan Nasionaliste', Die Burger, 12 Desember, 1960.

(25) Kenney p. 216 en Scholtz, Verwoerd, deel 2, p. 169.

(26) D. en J. de Villiers, P.W., p. 71.

(27) 'Kleurlinge se posisie in die politiek', en 'Nasionale Party en die Kleurlinge', Die Burger, 23 Januarie, 1961.

(28) 'Die NP se Kleurlingbeleid', Die Burger, 23 Januarie, 1961.

(29) 'Coloured New Deal', die Cape Times, 19 November, 1960.

(30) Die Cape Times, 25 November, 1960.

(31) 'New Deal', die Cape Times, 8 Desember, 1960.

(32) 'The Deadly blow', die Cape Argus, 8 Desember, 1960.

(33) 'Revolution is crushed', die Cape Argus, 23 Januarie, 1961.

(34) R.E. van der Ross, 'Taking a look at the Whites', die Cape Times, 15 Desember, 1960.

(35) R.E. van der Ross, 'Verwoerd's No to Coloured', die Cape Times, 1 Desember, 1960.

(36) Op 24 Januarie 1961 het dr. Verwoerd in die Volksraad gesê: "If it were accepted that Coloured people and Whites had to be integrated politically how could any limitations on the Coloured people be morally justified?" Sien die Cape Argus, 25 Januarie, 1961 en Die Burger, 25 Januarie, 1961.

(37) Scholtz, Verwoerd, deel 2, p. 172.

(38) Kenney, p. 219.

(39) Sien R.E. van der Ross, 'Verwoerd's No to Coloured', die Cape Times, 1 Desember, 1960.

(40) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(41) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(42) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985.

(43) Volgens prof. Cillié was o.a. min. P.M.K. le Roux ten gunste van sterker optrede teen Die Burger. Onderhoud op 18 Oktober 1985.

(44) Brief van P.S. Marais, 'Gesprekke was histories', Die Burger, 5 Februarie, 1985.

(45) Sien in dié verband D. en J. de Villiers, P.W. p. 72: 'Gesprekke was histories', Die Burger, 5 Februarie, 1985 en 'Dr. Verwoerd het toe ook aan dié moontlikheid gedink', Die Burger, 30 Januarie, 1985.

(46) 'Rasseverhoudinge is baie beter onder NP-bewind', Die Burger, 25 Januarie, 1961.

(47) 'Cape criticism stops short of open defiance', The Forum, 9 (10), (Januarie 1961).

# HOOFSTUK 14

## WAARDEBEPALING

Die Burger se optrede tussen 1948 en 1961 het deur verskeie fasette gegaan en verskillende argumente is by verskillende tye gebruik. Algemeen gesien het die koerant se beleid en kommentaar in dié tydperk twee fases behels. Tussen 1948 en 1956 het die koerant die verwydering van die Kleurlingkiesers van die gemeenskaplike lys ondersteun en van 1956 tot 1961 het die koerant aktief gewerk vir die uitbouing van die positiewe 'nuwe bedeling' vir die Kleurlinge gegrond op die beleid van afsonderlikheid. In dié tydperk was daar egter verskeie sekondêre argumente.

In 1948 het die koerant gesê dat die Kleurlinge hulle heil in apartheid moet vind. Vir die verkiesings van 1948 en 1949 het Die Burger gesê dat die VP Kleurlinge op groot skaal geregistreer het om Nasionale kandidate te benadeel. Die Burger het hom sterk beywer vir die verwydering van die Kleurlingstem van die gemeenskaplike lys, maar het ontken dat die beleid van apartheid 'n onderdrukkende beleid is. Volgens die koerant sou die positiewe deel van apartheid tot uiting kom sodra aan Kleurlinge aparte verteenwoordiging gegee word. Tussen 1949 en 1952 het die koerant steeds volgehou dat die VP Kleurlinge op groot skaal registreer om NP-kandidate uit te stem. Kort voor die 1953-verkiesing het die koerant egter erken dat die VP nie Kleurlinge op groot skaal geregistreer het nie, maar gesê dat die party steeds die vermoë daartoe het en dit kon doen as hy wou. Ná die 1953-verkiesing het Die Burger gesê dat die Kleurlingstem nie in een kiesafdeling 'n invloed gehad het nie en dat al registreer die VP soveel Kleurlingkiesers soos hy wou die party nie kan hoop om die bewind by die NP oor te neem nie aangesien hy dienooreenkomstig blanke steun sou verloor. Tydens die provinsiale verkiesing van 1954 het Die Burger 'n reuseveldtog teen die Kleurlingstem gevoer en gesê dat die VP met die addisionele registrasie van slegs 18,000 Kleurlingkiesers die bewind by die NP sou kon oorneem.

Ná 1956 het Die Burger in die sg. 'nuwe bedeling' die Kleurlinge bestempel as 'n adjunk van die blankes en dat dit 'n kwessie is van aparte ontwikkeling tussen die blankes. Daar is ook sekere ontwikkelinge wat 'logies en geleidelik' uit die nuwe bedeling moes vloei. Daar is egter nie presies uitgespel wat dit is nie. In 1957 het Die Burger erken dat daar negatiewe aspekte verbonde is aan die apartheidsbeleid en dat om te slaag die beleid deur die grootste deel van die gekleurde bevolking aanvaar moet word. Daarom was die nuwe bedeling 'n proefneming. In die 1958-verkiesing het Die Burger die lae stempersentasies in die verkiesing van die vier blanke Kleurlingverteenwoordigers verwelkom as 'n aanduiding dat Kleurlingkiesers hulle nie meer as werktuie van die VP laat gebruik nie. Ná die 1958-verkiesing het Die Burger groeiende ongeduld getoon met die stadige toepassing van die nuwe Kleurlingbeleid en bedenkinge getoon of die beleid van parallelle ontwikkeling vir Kleurlinge gaan werk. Vir die sukses van die beleid het die koerant 'n dinamiese, konstruktiewe daad m.b.t. die Kleurlinge geëis. Die Burger het in dié tyd die Nasionale beleid gesien as 'n stelsel van goeie buurskap met behoorlike grenslyne maar ook een waar brûe tussen Afrikaners en Kleurlinge geskep moes word. Dawie se voorstel vir besinning oor die gedagte van regstreekse verteenwoordiging in Julie 1960 is in November 1960 deur dr. Verwoerd verwerp. Die Burger het egter hierop gesê dat dit nie Nasionale beleid is dat Kleurlinge nooit in die Parlement verteenwoordig sal word nie. Dié mening moes die koerant ook in Januarie 1961 laat vaar toe die Federale Raad van die NP besluit het dat dit 'n beginsel van die party is dat Kleurlinge nie nou nie en ook nie in die toekoms deur Kleurlinge in die Parlement verteenwoordig sal word nie.

Die Burger het hoofsaaklik tussen 1948 en 1956 'n veldtog van emosie teen die Kleurlingstem gevoer. Baie min van die argumente van die koerant was rasioneel verantwoordbaar. Die Kleurlingstem is as die gevaar gesien wat die swaar verworwe oorwinning van Afrikaner-Nasionalisme in 1948 ongedaan sou kon maak. Selfs toe die Kleurlingstem met duisende aan die daal was voor hul verwydering van die gemeenskaplike lys in 1956, het Die Burger voortgegaan met sy veldtogte teen die Kleurlingstem en bv. 'n

denkbeeldige argument gevolg dat die VP 'n 'blitskryg' van Kleurlingregistrasies beplan. Dié argument was net emosioneel verantwoordbaar en het geen rasionele gronde gehad nie. Seer sekerlik het die VP Kleurlinge as kiesers geregistreer om Nasionale kandidate uit te stem, maar aan hierdie optrede was niks sinisters soos Die Burger voorgehou het nie. Die Kleurlinge is wetlik gesien as 'n gevestigde deel van die kieserskorps en dit het tog enige party vrygestaan om hul stemme te werf. Selfs terwyl die VP voor die 1953-verkiesing minder Kleurlinge geregistreer het om nie meer gemoedere gaande te maak nie (1), het Die Burger en Nasionale leiers voortgegaan met die veldtogte teen die Kleurlingstem. Oorkoepelend gesien het Die Burger in die vyftigerjare argumente gebruik wat hy nie in 1986 sal gebruik nie. Dit op sigself is 'n aanduiding dat die tyd die NP se Kleurlingbeleid ingehaal het en dat in die vyftigerjare argumente gebruik is waarin die antwoord nie te vinde was nie.

Dit is egter interessant om die gebeure tussen 1948 en 1961 te vergelyk met latere gebeure. Die botsing tussen Die Burger en die Nasionale Regering met dr. Verwoerd vooraan het nie met die aanvaarding van die Federale Raad se mosie in Januarie 1961 geëindig nie. In Junie 1961 het die Adjunk-minister van Binnelandse Sake, mnr. P.W. Botha, tydens 'n konferensie van partyampsdraers 'n aanval gedoen op diegene wat die beleid van regstreekse verteenwoordiging verkondig het. Die Burger het daarop min aandag aan sy toespraak gegee wat gelei het tot 'n hewige botsing tussen mnr. Botha en die destydse redakteur van Die Burger, mnr. Piet Cillié (2). Die beleidsverklaring deur dr. Verwoerd op 7 Desember 1960 kan gesien word as die beginfase van die beleid van parallelisme of soos dit deur dr. Verwoerd genoem is 'parallel-stroomontwikkeling' t.o.v. Kleurlinge. (3) In 'n toespraak op 10 April 1961 het dr. Verwoerd in die Volksraad uitgespel wat presies hiermee bedoel word. In wese het dit daarop neergekom dat binne die blanke staatsgebied daar 'n instelling geskep of 'n metode gevind moet word om aan die Kleurlinge verdere selfbestuursregte oor hul eie landwye belange te gee. (4) In Augustus 1961 is 'n volwaardige Departement van Kleurlingsake ingestel met mnr. P.W. Botha as Minister.

In Desember 1961 het dr. Verwoerd bekend gemaak dat die Uniale

Raad vir Kleurlingsake uitgebrei gaan word tot 'n parlementêre instelling met beperkte wetgewende en uitvoerende magte. In 1964 is 'n wet aangeneem waarvolgens voorsiening gemaak is vir 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad (VKR) bestaande uit 30 verkose en 16 benoemde lede. In 1965 het kandidate van die Progressiewe Party die verkiesing gewen vir die twee (blanke) Kleurlingverteenwoordigers in die Kaapse Provinsiale Raad. Nasionale teenkanting teen dié verwikkeling het gelei tot die indiening van die Wetsontwerp op die Verbod op Onbehoorlike Inmenging in 1966 waarvolgens dit verbode vir een bevolkingsgroep sou wees om hom met die politiek van 'n ander te bemoei. Die wetsontwerp is na 'n gekose komitee verwys wat aanbeveel het dat die 1964-wetgewing wat vir die stigting van 'n VKR voorsiening gemaak het, uitgebrei moes word en dat die bestaande verteenwoordiging van Kleurlinge in die Parlement en die Provinsiale Raad van Kaapland beëindig moet word.

In 1968 is 'n wet aanvaar wat voorsiening gemaak het vir die stigting van 'n Verteenwoordigende Kleurlingraad wat sou bestaan uit 40 verkose en 20 benoemde lede met 'n Uitvoerende Bestuur. Die VKR het bevoegdhede gehad oor Kleurling-onderwys, welsyn, landelike gebiede, ens. maar sy vernaamste funksie was om 'n jaarlikse begroting van uitgawes goed te keur. In die eerste verkiesing vir die VKR op 24 September 1969 het die Federale Party van mnr. Tom Swarts, wat die Regering goedgesind was, die verkiesing teen die Arbeidersparty verloor, maar 'n werkende meerderheid in die VKR verkry deurdat die meeste benoemde lede lede van die Federale Party was. Daar was spoedig ontevredenheid oor die beperkte bevoegdhede van die Raad en die Arbeidersparty het die verkiesing van 1975 gewen. Mnr. Sonny Leon is as voorsitter van die Uitvoerende Bestuur aangestel, maar het bedank voordat die begroting goedgekeur is. In Junie 1976 het die lang verwagte Theron-kommissie sy verslag ingedien en o.m. aanbeveel dat die bestaande Westminster-stelsel verander moet word om by die omstandighede van Suid-Afrika met sy plurale bevolking aan te pas. Later in die jaar is 'n kabinetskomitee onder die voorsitterskap van mnr. P.W. Botha aangewys om die aanbevelinge van die Theron-kommissie in dié verband te ondersoek. Dit het uitgeloop op die 1977-voorstelle vir grondwetlike hervorming wat

wesenlik dieselfde was as wat in 1983 deur blanke kiesers in die referendum goedgekeur is nl. die instelling van die driekamer-parlement vir Kleurlinge, Asiërs en blankes; die instelling van 'n Presidentsraad met adviserende magte en die afskaffing van die Senaat. Die situasie in 1986 was dus dat daar in die praktyk nie regstreekse verteenwoordiging was in die vorm wat dit waarskynlik deur Die Burger in 1960 gesien is nie, maar wel 'n geval waar Kleurlingleiers in sommige gevalle in die blanke Volksraad optree tydens gesamentlike sittings - d.w.s. steeds parallelisme maar wat al nader beweeg aan gesamentlikheid.

Het Die Burger se voorstel van regstreekse verteenwoordiging in 1960 dus ná 25 jaar 'n realiteit geword? Sommige meen dat daar al meer in die rigting van sy voorstel beweeg word, terwyl ander meen dat dit nog nie gerealiseer het nie. Munger sê in dié verband: "It is in die implementation of ideas that the Burger seems to have failed." (5) Vir baie jare het dit inderdaad geblyk asof Die Burger se voorstel in 1960 totaal in die kiem gesmoor is en was daar selfs aanduidings dat die koerant self sy sieninge van 1960 verwerp het. Die Burger het ook ná 1961 nie voorsien dat regstreekse verteenwoordiging ooit deur die Nasionale regering toegepas sou word nie. Op 17 Julie 1971 het Dawie in 'n indringende terugblik op die Kleurling-politiek gesê:

> "In die laat jare vyftig en vroeë jare sestig is geprobeer om sin te maak van afsonderlike verteenwoordiging vir die Kleurlinge in die Volksraad. Dit word teenswoordig ook 'politieke integrasie' genoem, hoewel dit die NP was wat dit ingestel het as antwoord op die politieke integrasie van die gesamentlike kieserslys. Eintlik is die doodvonnis oor hierdie proef in die begin van 1961 gevel, toe die NP se hoogste liggame besluit het teen die gedagterigting dat die afsonderlike verteenwoordiging moet ontwikkel in regstreekse verteenwoordiging d.w.s. Kleurlinge deur Kleurlinge. Dit het die element van groei en ontwikkeling uit die verteenwoordiging geneem,

wat dit 'n politieke blindederm gemaak het ... Wesenlik belangriker as die kleur van aparte Kleurlingverteenwoordigers was natuurlik die kwessie van hul getalle. 'n Groot en ontwikkelende minderheid kan tog nie vir altyd vasgepen word tot vier lede in 'n Volksraad van oor die honderd-en-vyftig nie, en die vooruitsig wat dan sou open, was 'n groeiende blok van Kleurlingverteenwoordigers binne in 'n blanke tweepartystelsel: 'n nuwe 'bruin mag', nou nie langer op kiesafdelingsvlak nie, maar op parlementêre vlak ... Bowenal moet gewaak word teen die herstel of skepping van 'n 'bruin mag' wat so ontwrigtend en rampspoedig kan werk ..."

Hoewel Die Burger in 1971 gesê het dat aparte Kleurlingverteenwoordiging deur blankes sonder die moontlikheid van regstreekse verteenwoordiging dus gedoem was, was die koerant se mening dat regstreekse verteenwoordiging die gevaar ingehou het van 'n nuwe 'bruin mag' in die blanke Parlement met die moontlike insinuasie dat die NP-partyleiding reg opgetree het deur dit in die kiem te smoor.

Wat in wese met die NP se Kleurlingbeleid gebeur het sedert 1948 was die uitskakeling van die sg. 'bruin mag' uit die blankes se Parlement en die verplasing daarvan na die buite-parlementêre vlak. Die uitskakeling van die 'bruin mag' uit die blanke parlement sou egter nie veroorsaak dat dit verdwyn nie, maar slegs dat dit op 'n ander vlak sou bly voortbestaan. In dié opsig was die Nasionale Kleurlingbeleid en Die Burger se sieninge kortsigtig deurdat nie besef is dat op een of ander stadium daar tot 'n vergelyk met die 'bruin mag' gekom moes word nie. In wese het die Nasionale Kleurlingbeleid net die vergelyk uitgestel, met die kumulatiewe gevaar dat enige toekomstige vergelyk nie meer op goedgunstige terme vir Afrikaner-Nasionalisme besleg sou word nie.

Die siening dat Die Burger met sy kommentaar oor die NP se Kleurlingbeleid die Nasionale Regering maar min beïnvloed het met die praktiese realisering van 'n vooruitstrewende beleid, word nie

deur prof. Piet Cillié, redakteur van die koerant van 1954 tot 1977, gedeel nie. Volgens prof. Cillié het Die Burger in 1960 'n meer 'verligte' siening teenoor die Kleurlinge gepropageer - 'n siening wat volgens hom vandag deur die meeste van die koerant se lesers gehuldig word. Die Burger het gepleit vir 'n houdingsverandering en dan 'n beleidsverandering. Die beleidsverandering ontstaan nou in 1986 met die Regering se hervormingsbeleid, maar is gebou op die houdingsverandering wat in 1960 deur die koerant voorgestaan is. (6) Prof. Cillié is waarskynlik korrek dat Die Burger 'n invloed op die Regering uitgeoefen het om 'n meer positiewe beleid jeens die Kleurlinge te volg, maar dan is 25 jaar ook 'n taamlike lang tyd vir 'n positiewe beleid om gestalte te begin kry en moet erken word dat vrugbare tyd in die verlede verkwis is. Die Regering se hervormingsbeleid jeens die Kleurlinge is ook in hierdie stadium geensins 'n gewaarborgde sukses nie en loop juis gevaar om te misluk omdat te laat met 'n positiewe beleid begin is. In dié opsig spreek mnr. P.W. Botha se kommentaar op die vraag wat die grootste fout was wat die NP sedert 1948 gemaak het van besondere waarheid:

> "Ek sal u sê ek dink een van die grootste foute wat ons gemaak het, was dat ons nie vinnig genoeg positiewe beslag aan ons standpunte gegee het nie. Ons het te veel tyd laat verbygaan... Wyle dr. Malan het eenmaal by 'n volksfees gesê dat Suid-Afrika se grootste probleem nie die probleme is wat ons elke dag om ons heen sien nie, maar dat daar oor sy geskiedenis twee woorde geskryf staan: Te laat! Dat daar soveel dinge is wat te laat aangepak is, en dat te veel gepraat is wanneer daar tot dade oorgegaan moes word." (7)

Prof. Cillié het by nog twee geleenthede uitsprake gemaak m.b.t. die verwydering van die Kleurlingstem in die vyftigerjare waarin hy nie veel positiefs kon sien in dié optrede nie.

> "In hierdie jare het 'n denkwyse oor die verhoudinge tussen blank en Nie-blank binne die Nasionale Party ontwikkel wat vandag, by die herlees van ou toesprake en pamflette, sterk negatief aandoen. Een van die

grondoorsake het gelê in die toenemende belangrikheid as magsfaktor van die Kleurlingstemreg in Kaapland ... In Malan se denke was die uitskakeling van 'n beslissende Nie-blanke faktor uit die blanke politiek 'n logiese en lewensbelangrike noodsaaklikheid: die Nasionale Afrikanerdom, gegee sy historiese lotsbestemming as leier in die proses van nasiewording téén die verset van die imperiaalgesindes, mog nie toelaat dat hy deur laasgenoemdes gedwarsboom word met die inspanning van Nie-blanke kragte nie. So het die Nasionale beskouing van die jare twintig dat die Kleurling politiek en ekonomies in één kamp met die witman tuis hoort, in die jare dertig en veertig verander onder die druk van harde magsfaktore. Dit was nie 'n staatkunde wat, soos die republikeinse onafhanklikheidstrewe en genl. Hertzog se Swartman-politiek, uitgegaan het van deurdagte grondbeginsels wat deur diep prinsipiële denke in die wordingsjare van die Nasionalisme vasgestel was nie. Dit is grootliks gedikteer deur omstandighede, en dit bly een van die Nasionale Party se onsekerste en potensieel gevaarlikste erfenisse uit die Malan-tyd." (8)

In 1985 het prof. Cillié gesê:

"Wat vir my vandag uitstaan in daardie radikale operasie (die verwydering van die Kleurlingstem van die gemeenskaplike lys) is nie die skade wat dit aangerig het in vergelyking met die een of ander onbeproefde en onbeproefbare alternatief nie; wel die beperkte omvang van die skade in vergelyking met dié in plofbare etniese situasies elders op aarde." (9)

Dit is dan waarskynlik die bede van elke jong Suid-Afrikaner dat die 'beperkte' skade wat in die vyftigerjare in die Kleurlingpolitiek deur die Nasionale regering aangerig is, nie verswarend sal inwerk op die realisering van 'n toekomstige, blywende oplossing ten goede van almal nie.

(1) Onderhoud met sir De Villiers Graaff op 30 April 1986.

(2) D. en J. de Villiers, P.W., p. 71-72 en J.J. van Rooyen, P.W. Botha - 40 jaar, p. 81.

(3) RP 38/1976 p. 340.

(4) RP 38/1976 p. 340.

(5) Munger, Afrikaner and African Nationalism, p. 47.

(6) Onderhoud met prof. P.J. Cillié op 25 Maart 1986.

(7) D. en J. de Villiers, P.W., p. 91.

(8) Cillié, Tydgenote, p. 44-45.

(9) P.J. Cillié, 'Wat is (was?) Apartheid', Die Suid-Afrikaan, nr. 5, Lente en Vroeg-somer 1985, p. 19.

# BIBLIOGRAFIE

## GEPUBLISEERDE BRONNE


(1) Barlow, A., Almost in confidence, Kaapstad en Johannesburg: Juta, 1952.

(2) Barnard, S.L. en Marais, A.H., Die Verenigde Party - die groot eksperiment, Durban en Pretoria: Butterworth, 1982.

(3) Botha, D.P., Die opkoms van ons derde stand, Kaapstad: Human en Rousseau, 1960.

(4) Brits, J.P., Tielman Roos - sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek 1907 - 1935, Pretoria: Promedia, 1979.

(5) Carter, G.M., The politics of inequality: South Africa since 1948, Londen: Thames en Hudson, 1962.

(6) Cilliê, P.J., Tydgenote, Kaapstad: Tafelberg, 1980.

(7) Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell, Kaapstad: Balkema, s.j.

(8) Davenport, T.R.H., The Afrikaner Bond: the history of a South African political party, Kaapstad: Oxford University Press, 1966.

(9) De Beer, A.S. (red), Joernalistiek Vandag, Kaapstad: Tafelberg, 1982.

(10) De Crespigny, A., en Schrire, R. (reds), The government and politics of South Africa, Kaapstad: Juta, 1978.

(11) De Villiers, D. en J., Paul Sauer, Kaapstad: Tafelberg, 1977.

(12) De Villiers, D. en J., PW, Kaapstad: Tafelberg, 1984.

(13) Duvenage, G.D.J., Imperialisme en Nasionalisme - Kerngeskiedenis van Suid-Afirka, Johannesburg: McGraw-Hill, 1978.

(14) Forsyth, C., In danger for their talents; a study of the Appellate division of the Supreme Court of South Africa 1950-1980, Kaapstad: Juta, 1985.

(15) Friedman, B., Smuts - a reappraisal, Johannesburg: Hugh Keartland, 1975.

(16) Geyser, D. en Marais, A.H. (reds), Die Nasionale Party - agtergrond, stigting en konsolidasie, deel 1, Bloemfontein: INEG, 1983.

(17) Hancock, W.K., Smuts: The fields of force 1919-1950, Cambridge: University Press, 1968.

(18) Hatting, J.L. en Bredekamp, H.C. (reds), Coloured viewpoint: a series of articles in the Cape Times 1958-1965 by R.E. van der Ross, Bellville: Western Cape Institute for historical research (IHR), s.j.

(19) Hellmann E. (red), Handbook on race relations in South Africa, Kaapstad: Oxford University Press, 1949.

(20) Heard, K.A., General elections in South Africa 1943-1970, Londen: Oxford University Press, 1974.

(21) Hugo, P., Quislings or Realists? A documentary study of 'Coloured' politics in South Africa, Johannesburg: Ravan Press, 1978.

(22) Hugo, P. en Kotzé, H., Suid-Afrika: oorlewing in politieke perspektief, Johannesburg: Jonathan Ball, tweede uitgawe, 1983.

(23) Joubert, D., Die Kaapse stemreg: verteenwoordiging vir Swart en Bruin in 1936, (Brandpunte 5), Kaapstad: Tafelberg, 1973.

(24) Kenney, H., Architect of Apartheid: H.F. Verwoerd - an appraisal, Johannesburg: Jonathan Ball, 1980.

(25) Krüger, D.W., South African parties and policies 1910-1960: a select source book, Kaapstad: Human en Rousseau, 1960.

(26) Krüger, D.W., The making of a nation: a history of the Union of South Africa 1910-1961, Johannesburg: MacMillan, 1971.

(27) Lawrence, J., Harry Lawrence, Kaapstad: David Philip, 1978.

(28) Le Roux, J.H., en Coetzer, P.W., Die Nasionale Party - die eerste bewindsjare 1924-1934, deel 2 en 3, Bloemfontein: INEG, 1980 en 1982.

(29) Le Roux, N.J., W.A. Hofmeyr - sy werk en waarde, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1953.

(30) Long, B.K., In Smuts's Camp, Londen: Oxford University Press, 1945.

(31) Loock, J., Van die preekstoel na die Parlement (en terug), Robertson: A.L. de Jong drukpers, s.j.

(32) Louw, L. (red), Dawie 1946-1964, Kaapstad: Tafelberg, 1965.

(33) Louw, N.P. van Wyk, Liberale Nasionalisme: gedagtes oor die nasionalisme, liberalisme en tradisie vir Suid-Afrikaners met 'n kulturele nadrup, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1958.

(34) Malan, D.F., Die Groot Vlug; 'n Nabetragting van die Arm-blanke kongres, 1923, en van die Offisiële Sensusopgawe, Kaapstad: Nasionale Pers, 1923.

(35) Malan, D.F., Afrikaner-Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1959.

(36) Malan, M.P.A., Die Nasionale Party van Suid-Afrika 1914-1964: sy stryd en sy prestasies, Kaapstad: Nasionale Handelsdrukkery, 1964.

(37) Malherbe, E.G., Never a dull moment, Kaapstad: Howard Timmins, 1981.

(38) Marais, J.S., The Cape Coloured people 1652-1937, Johannesburg: Longmans, 1957.

(39) Marquard, L. The peoples and policies of South Africa, Londen: Oxford University Press, vierde uitgawe 1969.

(40) Meiring, P., Jan Smuts die Afrikaner, Kaapstad: Tafelberg, 1974.

(41) Müller, C.F.J. (red), 500 jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, Kaapstad: Academica, 1975.

(42) Munger, E.S., Afrikaner and African nationalism: South African parallels and parameters, Oxford: Oxford University Press, 1967.

(43) Munger, E.S. (red), The Afrikaners, Kaapstad: Tafelberg, 1979.

(44) Neame, L.E., The history of apartheid: the story of the colour war in South Africa, Londen: Pall Mall Press, 1962.

(45) O'Meara, D., Volkskapitalisme: Class, capital and ideology in the development of Afrikaner Nationalism 1934-1948, Johannesburg: Ravan Press, 1983.

(46) Paton, A., Hofmeyr, Kaapstad: Oxford University Press, verkorte weergawe 1971.

(47) Pirow, O., James Barry Munnik Hertzog, Kaapstad: Timmins, 1957.

(48) Pretorius, G.D., Man van die daad; 'n biografie van Bruckner de Villiers, Kaapstad en Pretoria: HAUM, 1959.

(49) Rhoodie, N.J. en Venter, H.J., Apartheid: a socio-historical exposition of the origin and development of the apartheid idea, Kaapstad: HAUM, 1960.

((50) Rhoodie, N.J. (red), South African dialogue: contrasts in South African thinking on basic race issues, Johannesburg: McGraw-Hill, 1972.

(51) Richard, D., Moedswillig die Uwe - perspersoonlikhede van die Noorde, Johannesburg: Perskor, 1985.

(52) Roux, E., Time longer than rope: a history of the black man's struggle for freedom in South Africa, Madison: University of Wisconsin Press, 1972.

(53) Scannell, J.P. (red), Keeromstraat 30, Kaapstad: Nasionale Boekhandel, 1965.

(54) Schrire, R. (red), South Africa: Public policy perspectives, Kaapstad: Juta, 1982.

(55) Schoeman, B., My lewe in die politiek, Johannesburg: Perskor, 1978.

(56) Schoeman, B.M., Van Malan tot Verwoerd, Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau, 1973.

(57) Schoeman, B.M., Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976, Pretoria: Aktuele Publikasies, 1977.

(58) Scholtz, G.D., Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, (deel 6), Johannesburg: Perskor, 1979.

(59) Scholtz, G.D. Dr. Hendrik Frensch Verwoerd, (deel 2), Johannesburg: Voortrekkerpers, 1974.

(60) Serfontein, J.H.P., Die verkrampte aanslag, Kaapstad en Pretoria: Human en Rousseau, 1970.

(61) Slabbert, F. van Z. en Welsh, D., South Africa's options: strategies for sharing power, Kaapstad: David Philip, 1979.

(62) Steyn, J.C., Tuiste in eie taal: die inhoud en bestaan van Afrikaans, Kaapstad: Tafelberg, 1980.

(63) Stultz, N.M., Afrikaner politics in South Africa 1934-1948, Los Angeles: University of California Press, 1974.

(64) Taylor, C., If courage goes: my twenty years in South African politics, Johannesburg: MacMillan, 1976.

(65) Thom, H.B., D.F. Malan, Kaapstad: Tafelberg, 1980.

(66) Thompson, L.M., The Cape Coloured Franchise, Johannesburg: SA Institute of Race Relations, 1949.

(67) Thompson, L.M., The unification of South Africa 1902-1910, Oxford: Clarendon Press, 1960.

(68) Thompson, L.M. en Butler, J., Change in contemporary South Africa, Los Angeles: California University Press, 1975.

(69) Thompson, L.M., en Prior, A., South African Politics, Kaapstad: David Philip, 1982.

(70) United South African National Party (Verenigde Party), The Cape Coloured Vote: a common roll or political apartheid?, Kaapstad: Juta, 1954.

(71) Van der Byl, P., The shadows lengthen, Kaapstad: Timmins, 1973.

(72) Van Jaarsveld, F.A., 100 basiese dokumente by die studie van die Suid-Afrikaanse geskiedenis 1648-1961, Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery (Nasou), 1980.

(73) Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Krüger, D.W. (reds), Geskiedenis van Suid-Afrika, Kaapstad: Nasionale Opvoedkundige Uitgewery (Nasou), s.j.

(74) Van Rooyen, J.J., Die Nasionale Party: sy opkoms en oorwinning - Kaapland se aandeel, Kaapstad: Nasionale Party, 1956.

(75) Van Rooyen, J.J., P.W. Botha - 40 jaar, Kaapstad: Kaaplandse Nasionale Party, 1976.

(76) Van Wyk, A., Die Keeromstraatkliek: Die Burger en die politiek van koalisie en samesmelting 1932-1934, Kaapstad: Tafelberg, 1983.

(77) Vosloo, T. (red), Schalk Pienaar: 10 jaar politieke kommentaar, Kaapstad: Tafelberg, 1975.

(78) Walton, E.H., Inner history of the National Convention, Londen: Longmans Green, 1912.

(79) Worrall, D. (red), South Africa: government and politics, Pretoria: J.L. van Schaik, tweede uitgawe 1975.

## KOERANT- EN TYDSKRIFARTIKELS


(1) 'An exasperating fallacy', The Forum, 4 (3), Junie, 1955.

(2) 'Apartheid onder Nie-blankes: Kleurlinge se getuienis oor rassehaat', Die Burger, 22 April, 1954.

(3) 'Baie blankes is Kleurlinge: sommige gesinne verdeeld op kieserslys', Die Burger, 26 April, 1954.

(4) Botha, P.W., 'Eerste besluit al in 1922 geneem: aparte verteenwoordiging vir Kleurlinge', Die Burger, 5 Februarie, 1951.

(5) Brookes, E., 'Doing violence to history', The Forum, 13 (45), 23 Maart, 1951.

(6) 'Cape criticism stops short of open defiance', The Forum, 9 (10), Januarie, 1961.

(7) Cillié, P.J., 'Colour in South Africa is incidental to nationality', The Forum, 1 (10), Januarie, 1953.

(8) Cillié, P.J., 'Prof. Keet oor rassebeleid', Die Burger, 26 Januarie, 1956.

(9) Cillié, P.J., 'Wat is (was?) Apartheid?', Die Suid-Afrikaan, nr. 5 Lente en Vroeg-Somer 1985.

(10) Cillié, P.J., 'Apartheid oorlewingsdrang: stryd oor bruin stemreg', Die Burger, 19 Desember, 1985.

(11) De Villiers, D.C., 'Die ou Burger is glad nie so 'n slegte koerant nie!', Die Burger, 24 Julie, 1965.

(12) 'Die Burger - puzzling paradox of rebellious loyalty', News Check, 2 (18), 13 Maart, 1964.

(13) 'Dr. Verwoerd het toe ook aan dié moontlikheid gedink', Die Burger, 30 Januarie, 1985.

(14) 'Fez joke was on the Nats', The Forum, 14 (1), 18 Mei, 1951.

(15) 'Fork in the road', The Forum, 3 (6), September, 1954.

(16) 'Geen steun vir VP se beleid: houding van Kleurlinge oor stemreg', Die Burger, 15 April, 1954.

(17) 'General Hertzog's memory misused on Coloured issue', The Forum, 13 (40), 16 Februarie, 1951.

(18) Hepple, A., 'Four ripe plums', The Forum, 6 (11), Februarie, 1958.

(19) 'Historiese logboek', Die Suid-Afrikaan, Lente 1984.

(20) Jerling, J.D., 'How will the Hertzogites vote?', The Forum, 1 (11), Februarie, 1953.

(21) Karovsky, L., 'Analysis of United Front failure', The Forum, 2 (2), Mei, 1953.

(22) 'Kiesbeampte met hof gedreig: bedrog by registrasie van kiesers', Die Burger, 16 April, 1954.

(23) 'Kleurlinge soek leiers: niemand kan namens hulle praat nie', Die Burger, 20 April, 1954.

(24) 'Kleurlinge stel min belang: bekommer hulle nie veel oor stemreg nie', Die Burger, 21 April, 1954.

(25) 'Kleurlinge word vinnig meer: politieke seggenskap van blanke bedreig', Die Burger, 27 April, 1954.

(26) Lewin, J., 'The Cape Coloured Franchise', Common Sense, 11 (2), Februarie, 1950.

(27) Lewin, J., 'Political logic and Coloured voters', The Forum, 3 (5), Augustus, 1954.

(28) Lewin, J., 'In these days - personal notes', The Forum, 9 (5), Augustus, 1960.

(29) 'Magte van die Parlement kom in spel', Die Burger, 8 Desember, 1955.

(30) 'Many problems are troubling loyal Nats', The Forum, 8 (11), Februarie, 1960.

(31) 'Nie-Blankes vra apartheid: huidige stemreg gesien as geen voorreg', Die Burger, 19 April, 1954.

(32) 'Nie-Blanke deelname was kwessie: Kleurlinge verloor 'n groot geleentheid', Die Burger, 19 April, 1952.

(33) 'NP veg lank vir aparte Kleurlinglys', Die Burger, 6 Desember, 1955.

(34) 'Our twenty-first anniversary: congratulations to The Forum', The Forum, 8 (6), September, 1959.

(35) Pienaar, S., 'Mnr. P.W. Botha in 'n sleutelrol', In die Parlement, Die Burger, 13 April, 1960.

(36) 'Planne van Regering het misluk', Die Burger, 9 Desember, 1955.

(37) 'Prikkelende boek oor Kleurlinge', Die Burger, 24 Oktober, 1960.

(38) 'Regering en VP se moontlike stappe', Die Burger, 19 Desember, 1955.

(39) Scholtz, J.J.J., 'Apartheid - verhaal van verydelde idealisme', Die Burger, 18 November, 1985.

(40) Scholtz, J.J.J., 'Apartheid nie sommer 'n klein tiertjie nie', Die Burger, 19 November, 1985.

(41) Scholtz, J.J.J., 'Niks anders as sabotasie van die beleid nie', Die Burger, 21 November, 1985.

(42) Slabber, C., 'Moedswillige prof. diep 'n mej. O op', Rapport, 27 April, 1986.

(43) Sussens, A., 'UP and Nationalists have much in common', The Forum, 7 (5), Augustus, 1958.

(44) 'That two-thirds majority', The Forum, 3 (2), Mei 1954.

(45) Trollip, T., 'The Cape Coloured Franchise', Common Sense, 11 (12), Desember, 1950.

(46) 'UP stalwarts are facing odds on the platteland', die Cape Argus, 4 Augustus, 1954.

(47) Van der Ross, R.E., 'Republic and Non-Whites', die Cape Times, 30 Junie, 1960.

(48) Van der Ross, R.E., 'Coloured people not ready?', die Cape Times, 26 April, 1964.

(49) Van der Ross, R.E., 'Coloured unity efforts', die Cape Times, 9 Maart, 1961.

(50) Van der Ross, R.E., 'Poor exhibition before Dag', die Cape Times, 12 Januarie, 1961.

(51) Van der Ross, R.E., 'Leper actions by officialdom', die Cape Times, 19 November, 1959.

(52) Van der Ross, R.E., 'Republic and myth of democracy', die Cape Times, 24 Maart, 1960.

(53) Van der Ross, R.E. 'Taking a look at the Whites', <u>die Cape Times</u>, 15 Desember, 1960.

(54) Van der Ross, R.E., 'Verwoerd's No to Coloured', <u>die Cape Times</u>, 1 Desember, 1960.

(55) Van Schoor, M., 'Hoe 'n joernalis mens word', <u>De Kat</u>, November, 1985.

(56) Van Reenen, R., 'Die Burger onder 'n kritiese vergrootglas beskou', Van Alle Kante, <u>Die Burger</u>, 14 Maart, 1964.

(57) 'Vyandskap teen blankes: Kleurlinge se getuienis oor rassehaat', <u>Die Burger</u>, 23 April, 1954.

(58) 'Word vinnig meer voor verkiesing: sporadiese registrasie van Kleurlinge', Die Burger, 17 April, 1954.

(59) 'Wetgewing oor aparte kieserslyste', <u>Die Burger</u>, 7 Desember, 1955.

(60) Wollheim, O., 'Cape Coloured people adjust to urban life', <u>The Forum</u>, 3 (11), Februarie, 1955.

(61) 'Wat is hierdie politieke integrasie eintlik?' Dawie, <u>Die Burger</u>, 17 Julie, 1971

## STAATSPUBLIKASIES

(1) <u>Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking</u>, UG no. 54/1937, (Staatsdrukker, Pretoria).

(2) <u>Verslag van die Kommissie om ondersoek in te stel na die onderwerp van die Wetsontwerp op bekragtiging en wysiging van die wet op Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers</u>, UG no. 20/1954, (Staatsdrukker, Pretoria).

(3) <u>Verslag van die Kommissie van Ondersoek na aangeleenthede rakende die Kleurlingbevolkingsgroep</u>, RP 38/1976, (Staatsdrukker, Pretoria).

(4) <u>Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoeteland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland</u>, nrs. 23-29, (Staatsdrukker, Pretoria).

## GEPUBLISEERDE REFERATE


(1) Cillié, P.J., 'Konstitusionele verandering in Suid-Afrika: Regeringstandpunt(e),' referaat gelewer op seminaarbyeenkoms van die Instituut vir Suid-Afrikaanse politiek van PU vir CHO op 1 Junie 1977, ISAP Aktualiteitsreeks nr. 13, September, 1977.

(2) Cillié, P.J., 'Van Wyk Louw se rol in die vrymaking van die Afrikaner', NP Van Wyk Louw-gedenklesing gelewer by Randse Afrikaanse Universiteit, 5 Oktober, 1981, Publikasiereeks van RAU A135.


## KOERANTE


(1) Die Burger, 27 November, 1947 tot 2 Februarie, 1961 en diverse uitgawes.

(2) Die Cape Times 1948-1961 en diverse uitgawes.

(3) Die Cape Argus 1948-1961 en diverse uitgawes.

(4) Die Beeld - 1968

(5) Dagbreek en Sondagnuus 1948-1956, 1960-1961

(6) The Sun 1949-1954.

(7) The Cape Standard 1938.

(8) Die Rand Daily Mail 1955-1956.

(9) Die Kruithoring 1948-1950, 1953-1954.

(10) De Zuid-Afrikaan 1882.

(11) Die Vaderland 1949, 1955-1956.

(12) Die Transvaler 1953, 1960.

(13) Rapport 1986.

## TYDSKRIFTE EN/OF PERIODIEKE PUBLIKASIES


(1) News Check - 1964.

(2) De Kat 1985-1986.

(3) The Forum 1951, 1952-1961.

(4) Common Sense 1950.

(5) Die Suid-Afrikaan 1984-1986.


## ONGEPUBLISEERDE WERKE


(1) Cillié, P.J., Pers en Politiek, ongepubliseerde referaat gelewer te Universiteit van Stellenbosch, 22 Maart 1968. (Die Burger-biblioteek).

(2) Scher, D.M., The disenfranchisement of the Coloured voters 1948-1956, ongepubliseerde tesis vir die graad D. Litt et Phil. (Unisa 1983).

(3) Van der Ross, R.E., A political and social history of the Coloured people 1880-1970, 3 volumes, ongepubliseerde manuskrip vir die Centre for Intergroup Studies, Universiteit van Kaapstad, s.j.


## ONDERHOUDE GEVOER MET:

(1) Prof. P.J. Cillié op 18 Oktober 1985 en 25 Maart 1986.

(2) Mnr. Gerald Gordon op 9 April 1986.

(3) Mnr. Bill Horak op 10 April 1986.

(4) Mnr. Japie Basson op 17 April 1986.

(5) Prof. R.E. van der Ross op 17 April 1986.

(6) Sir De Villiers Graaff op 30 April 1986.

9 JAN 1987